STUDIA COMPOSITA 1
UNISA 1987

# BELYDE-
# niſſe des ghe-
# looſs.

Ghemaeckt met een ghemeyn accoort
door de gheloouighe, die in de Ne-
derlanden ouer al verſtroyt zijn, de
welcke na de ſuyuerheyt des heyli-
ghen Euangeliums ons Heeren
Ieſu Chriſti begheeren
te leuen.

1. Petri iij.

Sijt altijts bereydt ter verantwoordin-
ghe eenen yeghelicken die daer
rekenſchap begheert van
der hope die in
v is.

Ghedruckt inden Iaer ons Heeren
Ieſu Chriſti: M. D.
ende Lxij.

# Die Nederlandse Geloofsbelydenis — Ontstaan, Skrifgebruik en Gebruik

'n Projek van die Instituut vir Teologiese Navorsing
uitgevoer deur

H L Bosman
J W Hofmeyr
E H Scheffler
I J van Eeden
E van Niekerk

UNIVERSITEIT VAN SUID-AFRIKA
PRETORIA

© 1987 Universiteit van Suid-Afrika
Alle regte voorbehou

**ISBN 0 86981 518 0**

Gedruk deur
Aurora Drukpers, Pretoria-Wes

Uitgegee deur die
Universiteit van Suid-Afrika
Muckleneuk, Pretoria

# LYS VAN MEDEWERKERS

PROF J W HOFMEYR
Departement Kerkgeskiedenis, Unisa.

DR E VAN NIEKERK
Departement Sistematiese Teologie en Teologiese Etiek, Unisa.

PROF H L BOSMAN
Departement Ou Testament, Unisa.

MNR E H SCHEFFLER
Departement Ou Testament, Unisa.

PROF I J VAN EEDEN
Departement Sosiologie, Universiteit van Pretoria.

# Inhoud

Voorwoord ..... ix

HOOFSTUK 1
Die Nederlandse Geloofsbelydenis: Konteks en teks. **J W Hofmeyr en E van Niekerk** 1

HOOFSTUK 2
Die hermeneutiese sleutel van die Nederlandse Geloofsbelydenis. **E van Niekerk** ..... 14

HOOFSTUK 3
Die historiese wortels van die Skrifgebruik in die Nederlandse Geloofsbelydenis.
**H L Bosman** ..... 29

HOOFSTUK 4
Die gebruik van die Ou Testament in die Nederlandse Geloofsbelydenis. **H L Bosman** 53

HOOFSTUK 5
Die gebruik van die Nuwe Testament in die Nederlandse Geloofsbelydenis. **E H Scheffler** 70

HOOFSTUK 6
Empiriese patrone met betrekking tot die houdings, opinies en standpunte van predikante rakende belydenisskrifte. **I J van Eeden** ..... 89

HOOFSTUK 7
Empiriese patrone met betrekking tot die houdings, opinies en standpunte van belydende lidmate rakende die Nederlandse Geloofsbelydenis. **I J van Eeden** ..... 144

Slotwoord ..... 203

BYLAAG A ..... 207
BYLAAG B ..... 226
BYLAAG C ..... 231

# Voorwoord

Die gedagte om die *Skrifgebruik in die Nederlandse Geloofsbelydenis* (NGB) te ondersoek het reeds in 1981 ontstaan. Dit het voortgevloei uit die behoefte om teologiese navorsing meer interdissiplinêr te bedryf en om 'n bydrae te lewer tot die besinning rondom belydenisskrifte in kerke wat op gereformeerde grondslag berus.

Aanvanklik is daar besluit om die tema vanuit kerkhistoriese, dogmatologiese en bibliologiese perspektiewe te ondersoek. Nadat die projek deur die Instituut vir Teologiese Navorsing aanvaar is, is in 1983 die verdere moontlikheid oorweeg om 'n empiriese ondersoek na die huidige verstaan en gebruik van die NGB in Suid-Afrika te loods. Oorleg met lede van die Departemente Sosiologie en Sielkunde van Unisa het aan die lig gebring dat so 'n empiriese ondersoek wel uitvoerbaar is en die Navorsings- en beursekomitee van Unisa het daarna fondse bewillig om die ondersoek moontlik te maak.

Die ondersoek na die Skrifgebruik in die NGB het die volgende doelwitte nagestreef:

1. Die beskrywing van die politieke, kerk- en dogmahistoriese omstandighede waarbinne die NGB ontstaan het (hoofstuk 1).
2. 'n Wordingsgeskiedenis van die NGB se teks vanaf die eerste uitgawe in 1561 tot die aanvaarding van die 'outentieke' teks tydens die sinode van Dordt (1619) — vergelyk hoofstuk 1.
3. Die bepaling van die NGB se teologiese voorveronderstellings (hoofstuk 2).
4. 'n Oorsig van die oorsprong van die beginsels en metodes van Skrifuitleg wat ten tye van die NGB se ontstaan in die sestiende eeu gegeld het (hoofstuk 3).
5. Die bespreking van hoe die NGB die Ou en Nuwe Testament gebruik om dogmatiese leerstellinge te verduidelik en te motiveer (hoofstukke 4 en 5).
6. 'n Empiriese ondersoek na die houding teenoor die kennis en gebruik van die NGB; met spesifieke verwysing na die verstaan en hantering van die Skrifgebruik in die NGB deur predikante en gewone lidmate (hoofstukke 6 en 7).

Die uitgangspunt van hierdie ondersoek is dat die NGB nie net funksioneer as 'n 'stok om mee te slaan' nie, maar dat dit ook gebruik word as 'n 'staf om mee te gaan'. Daarom moet die ondersoek na die Skrifgebruik in die NGB gesien word as 'n teologiese bydrae tot die besinning oor hoe die reformatoriese kerke in Suid-Afrika hulle belydenis konkreet en aktueel moet vergestalt.

Die hieropvolgende hoofstukke moet nie saam as die produk van een skrywer gelees word nie. Hoewel al die hoofstukke op die NGB betrekking het, behandel dit verskillende en

uiteenlopende aspekte van die NGB. Daarom moet die hoofstukke met die voorafgaande ses doelwitte in verband gebring word en as verskillende, ten dele samehangende, bydraes tot die besinning rondom die Skrifgebruik in die NGB gesien word.

Ten slotte 'n woord van besondere dank aan die kerkkantore vir die beskikbaarstelling van die jongste gegewens aangaande predikante en gemeentes, en aan al die predikante en lidmate wie se samewerking die empiriese ondersoek moontlik gemaak het.

Die skrywers

# 1

# Die Nederlandse Geloofsbelydenis: Konteks en teks

## 1. INLEIDING

Soos die geval met elke ander belydenisskrif het ook die Nederlandse Geloofsbelydenis (NGB) oftewel *Confessio Belgica* 'n eie ontstaans- en ontwikkelingsgeskiedenis gehad. In die onderhawige oorsig stel ons onsself ten doel om die lig te werp allereers op die kerk- en algemeen historiese konteks waarin die NGB sy ontstaan gehad het, en vervolgens op die teksgeskiedenis van die NGB. Aandag sal daarna aan die dogmahistoriese agtergrond en die gesag van die NGB gegee word en ten slotte sal kursories aandag gewy word aan enkele aktuele kwessies rakende die kerk en sy belydenisskrifte, onder andere ook met verwysing na die familie van Gereformeerde kerke in Suid-Afrika.

## 2. DIE KONTEKS VAN DIE NGB

Die NGB is die oudste van die sg drie Formuliere van Enigheid. Die opsteller daarvan was waarskynlik Guido (Guy) de Brès (1522-1567) wat destyds as predikant werksaam was in die suidelike Nederlande (die huidige België). Hierdie geloofsbelydenis van hom was nie 'n geheel oorspronklike poging nie. Dit is naamlik gebaseer op 'n geskrif wat mede deur Calvyn reeds in 1559 vir Hendrik II opgestel is, en wel ter verdediging van sy Franse geloofsgenote teen verdagmakery. So het dit die benaming van die Franse of Galliese geloofsbelydenis verkry.

Om die NGB egter in sy hele wese en wording te verstaan en te beoordeel is dit eerstens van belang om na die kerk- en algemeen historiese konteks te gaan kyk waarin dit tot stand gekom het.

Teen die middel van die sestiende eeu was die Reformasie in Duitsland en Switserland reeds goed op gang. Hierdie gebeure het ook sy duidelike weerklank in die Nederlande gekry. In 'n stad soos Antwerpen het die hervormingsgedagte byvoorbeeld vinnig versprei en die eerste Antwerpse martelare van die Reformasie te wete Johannes van Essen en Hendrik Vos is van hier na Brussel weggevoer om daar ter wille van hulle oortuiging verbrand te word. Intussen het daar teen die dertigerjare van die sestiende eeu ook 'n ander godsdienstige beweging in die Nederlande op die voorgrond getree, naamlik dié van die Wederdopers. Alhoewel dit ook in 'n sekere sin 'n hervormingsbeweging was, was dit meer spiritualisties van karakter èn het dit meer waarde geheg aan die sogenaamde inwendige lig as aan die Skrif en aan die kerklike sakramente.

In 1555 het keiser Karel V van sy troon afstand gedoen ten gunste van sy seun Filips II wat toe die absolute regeerder van die Nederlande geword het. Die Nederlande het deel uitgemaak van die groot ryk van Karel V. In baie opsigte was Filips II 'n agterdogtige mens wat sy tyd nie verstaan het nie - hy het stelselmatig probeer om die verspreiding van die reformatoriese gedagte teen te werk.

Met medewete van die pous het Filips II 'n reorganisasieplan van die Rooms-Katolieke Kerk in die Nederlande ingevoer. Daar sou voortaan vanaf 1559 drie aartsbisdomme en vyftien bisdomme sou wees. Hierdie maatreëls en die verskerpte Inkwisisiemaatreëls stuit op verset van die volk. Al hierdie maatreëls lei tot groter geloofsvervolging van die Nederlanders en daarom het talle hervormingsgesindes veiligheid buite die landsgrense gaan soek. Teen hierdie agtergrond moet 'n mens die verskyning van die Calvinistiese predikers in die suidelike Nederlande beskou. En op hierdie manier kom dáár 'n verskeidenheid van gereformeerde gemeentes tot stand wat in die behoeftes van die reformasiegesindes voorsien het.

Die belangrikste probleem wat egter die NGB ten grondslag lê, is die kwessie rondom die Wederdopers of Anabaptiste. In Suid-Nederland en Noord-Frankryk het dit byvoorbeeld gewemel van Dopers. Reeds in sy jeugjare het iemand soos Calvyn met hulle daar te doene gekry en alhoewel hy begrip gehad het vir dit wat hulle hulself ten doel gestel het, het hy tog teen hulle gewaarsku. In die voorrede tot sy Institusie neem Calvyn afskeid van hulle en stel hy teenoor koning Frans I van Frankryk dat dit ongegrond is om hierdie revolusionêre sekte met die vreedsame hervormings-gesindes te verwar. Dit skyn asof hierdie verweer nog steeds in 1561 sy aktualiteit behou het. Dit is juis die duidelike anti-doperse instelling van die NGB wat hom van alle ander gereformeerde belydenisse onderskei. Interessant is dit dat juis

Guido de Brès wat die opsteller van die NGB was, ook in 1565 'n afsonderlike werk teen die Dopers die lig laat sien het naamlik 'Wortel, bron en grondslag van die Wederdopers' (Van der Linde 1976:78).

Dit was juis in hierdie tyd dat De Brès in die geheim in Doornik in die suidelike Nederlande as predikant opgetree het. Doornik het van ongeveer 1200 tot 1513 onder Franse gesag gestaan, hierna vir 'n kort periode onder Engelse gesag en sedert 1521 is dit saam met aanliggende dele deur Karel V verower en by die suidelike Nederlande gevoeg. Teen 1561 was ongeveer die helfte van Doornik se bevolking hervormingsgesind. Vanweë die gesag wat De Brès ingeboesem het, is na hom opgesien as die leidinggewende figuur in die suidelike Nederlande. Gebukgaande onder voortdurende vervolginge het baie hervormingsgesindes gevoel dat daar tot ernstige optrede oorgegaan moet word. De Brès daarenteen het hieroor 'n afwysende standpunt gehandhaaf. Intussen het De Brès waarskynlik reeds die eerste eksemplare van die *Confession de Foy* (NGB) versprei met die doel dat beide die owerheid en die Rooms-Katolieke deel van die bevolking kennis kon neem van die anti-revolusionêre karakter van die Calvinistiese beweging.

Op 7 Oktober 1561 stel die landvoogdes 'n kommissie aan om die spanninge tussen die Protestante en die Rooms-Katolieke in Doornik te ondersoek. Die wens van die landvoogdes was dat die kommissarisse deur haar aangestel, streng sou optree om verdere spanninge so gou as moontlik in die kiem te smoor. Die belydenis waarvan voorlopige kopieë reeds in omloop was, sou meer as die helfte van die inwoners se steun geniet. In 'n skrywe van De Brès (wat steeds teen drastiese optrede gekant was) gerig aan die owerheid wat hul vervolging van die Protestante voortgesit het, druk hy homself duidelik uit: 'Nooit is (de kracht van) het evangelie afgenomen door vervolgingen. Het dient allerminst tot blussing van het vuur er hout op te werpen, daardoor gaat het alleen maar harder branden. Houdt daarom met uw geweldplegingen op en dwingt ons niet langer om dingen te doen, die tegen ons geweten ingaan. Wij kunnen het volk niet langer onder de tucht van het geduld houden, sodat het niet opstandig wordt ...' (Bakhuizen van den Brink 1976:5).

In die vroeë oggendure van 2 November 1561 is 'n verseëlde pakket in die voorportaal van die kasteel te Doornik gegooi. Dit is juis hier waar die kommissarisse bymekaar was om te besluit hoe om die Protestante wat as onrusstokers beskou is, op te spoor. In die pakket was 'n hartroerende brief ter verdediging van die saak van die Protestante en 'n geloofsbelydenis waarin duidelik gestel word wat hulle eintlik glo. Aanvanklik was De Brès slegs van voorneme om dit teenoor die *Hoë Owerheid* as 'n verweerskrif te laat dien om diegene verder in te lig oor die geloof van sy ver-

volgde onderdane. Verder wou hy dit baie duidelik stel dat hulle hoegenaamd nie op dieselfde vlak as die Wederdopers beweeg met al hulle eienaardighede nie.

Gou nadat hierdie pakket in die voorportaal van die genoemde kasteel gegooi is, is vasgestel dat De Brès daarvoor verantwoordelik was. Die stad is omsingel en teen Januarie 1562 het die kommissarisse van die landvoogdes die stad verlaat met die hervormde gemeente byna geheel ontmantel. Soos reeds gestel, gee De Brès in 1565 'n publikasie uit teen die Wederdopers waarna hy in Valenciennes gaan werk. In 1567 neem die Spanjaarde die stad in en De Brès word saam met heelwat ander predikante gekerker. Op 31 Mei 1567 sterf De Brès as martelaar aan die galg.

Dit is vervolgens ook belangrik om die vraag na die outeurskap van die NGB na behore op te klaar. Tradisioneel staan dit onder die naam van De Brès, maar die vraag ontstaan of dit 'n gegronde afleiding is. In Doornik self was niemand byvoorbeeld bewus van sy outeurskap nie en selfs tydens die verhoor van De Brès voor sy marteldood word daarvan geen melding gemaak nie.

Verskeie gronde vir De Brès se outeurskap kan egter aangevoer word. Twintig jaar na die verskyning van die NGB word in korrespondensie tussen Thomas van Tielt, predikant van die Vlaamse gemeente te Antwerpen en Arent Cornelisz, predikant te Delft, daarvan gewag gemaak dat in gesprekke tussen Van Tielt en Jean Taffin, hofprediker van die Prins van Oranje en boorling van Doornik, De Brès spesifiek as outeur van die NGB uitgewys is. Op 13 April 1612 skryf Saravia weer in 'n brief aan Wtenbogaert dat die *Confession de Foy* 'eerst in het Frans is geschreven door de dienaar van Christus en martelaar Guido de Brès. Doch vóór ze gepubliceerd zou worden, maakte hij haar bekend aan de dienaren van Gods Woord, die hij bereiken kon en stelde (hen) voor te wijzigen indien iets niet behaagde, toe te voegen (of) weg te laten, omdat ze niet als het werk van één man beschouwd mocht worden' (Bakhuizen van den Brink 1976:8). Verder bring 'n vergelyking van die handskrifte in die begeleidende brief tot die NGB en ander dokumente van De Brès ook aan die lig dat De Brès waarskynlik die skrywer van die brief was en daarom minstens medepligtig aan die publikasie van die belydenis self.

Alhoewel die bogenoemde redelike sterk getuienis bied om die outeurskap van De Brès te aanvaar, sou 'n mens tog graag nog sterker gronde wou gehad het om dit te staaf. Merkwaardig bly steeds die feit dat De Brès in sy werk oor die Dopers nie melding maak van die NGB nie en selfs nie in enige ander geskrif nie. Ook tydens die hofsaak teen De Brès in Valenciennes is daar nie sprake van De Brès se outeurskap van die NGB nie. 'n Moontlike verdere grond om De Brès se outeurskap te steun sou egter verkry

kan word deur De Brès se vroeëre *Le baston de la Foy* (1555) en sy werk oor die Dopers met die NGB te vergelyk met betrekking tot verskille van gedagtegang en woordkeuse. In hierdie verband kan bygevoeg word dat alhoewel De Brès heelwat van die lyne in die Franse Belydenis van Calvyn nagevolg het, hy tog 'n baie besliste eie stempel op die NGB afgedruk het. Moontlike medewerkers van De Brès was Saravia en Hermanus Modedus.

Om die NGB nog beter te kan verstaan, sou dit ook die moeite loon om iets meer van die mens waarskynlik betrokke by die opstel daarvan, naamlik Guido de Brès, te wete te kom. Hy is in 1522 te Mons (Bergen in Henegouwen, Suidelike Nederlande) gebore. Sy vader was 'n 'blauschilder' aldaar en sy moeder 'n besonder toegewyde Rooms-Katoliek. Nadat De Brès deur Skrifstudie en kontak met die leer van Luther en Calvyn daartoe oortuig geraak het, gaan hy in 1547 op 25-jarige ouderdom, oor na die Hervorming. Tussen die jare 1548 en 1552 was hy as deel van 'n vlugtelinggemeente in Engeland woonagtig. Hier het hy met bekende figure soos a´Lasco, Bucer, Micron en Datheen in aanraking gekom. Vanaf 1552 tot 1556 was hy as rondreisende predikant in die suidelike deel van Nederland werksaam. 'n Bloeiende gemeente ontstaan rondom Rijssel, die fokuspunt van sy werk in hierdie streek. Intussen bly De Brès met studies besig en in 1555 gee hy te Lyon 'n publikasie *Le Baston de la Foy Chrestienne* (Die staf van die Christelike geloof) uit. Hierdie publikasie wat blyke gee van breë belesenheid bevat 'n aantal sitate uit die Skrif en die Kerkvaders waarmee die Reformasie as kerklike en teologiese beweging veral teenoor die Roomse leer en die Wederdopers verdedig word. Intussen moes De Brès in 1556 weer vlug en by hierdie geleentheid kom hy onder andere ook in Genève tereg waar hy ook deur Calvyn en Beza onderrig is. In 1559 is hy weer terug in die suidelike Nederlande en hy dien nou as predikant in Doornik. Dit was soos reeds gestel juis hier waar hy die Nederlandse Geloofsbelydenis opgestel het.

Ten slotte kan saamgevat word deur te stel dat die NGB teen laat 1561 en vroeg 1562 op 'n viervoudige wyse bekend geword het: allereers deur die verskyning van die *chanteries* op straat in September 1561 waarvolgens 'er kleine boekjes zijn gevonden, hun confessie bevattend, vol van alle dwalingen en de verkeerde leer van Calvijn...'; tweedens deur die vonds van 'n eksemplaar in die huis van Jean du Mortier op 15 Oktober 1561; vervolgens deur die aflewering van die pakkie wat die belydenis bevat het in die voorportaal van die kasteel van Doornik en ten slotte deur die vonds van 200 eksemplare in die huis van De Brès op 10 Januarie 1562 (Bakhuizen van den Brink 1976:7).

## 3. DIE TEKS VAN DIE NGB

Die eerste uitgawe van die NGB verskyn in 1561 en wel in Frans *(Confession de Foy)*. In dieselfde jaar sou daar nog 'n verdere uitgawe van die belydenis verskyn, hoofsaaklik aangesien daar by die leiers en belanghebbendes van die Hervorming groot aandrang daarvoor was. Ook in 1562 verskyn twee Franse uitgawes en weer eens een in 1565 (bekend as die Antwerpse revisie) asook een in 1566. 'n Volgende druk van die *Confession de Foy* verskyn in 1611 wat as basis gebruik is by die vaslegging van die outentieke teks in 1619.

Die vroegste Nederlandse vertaling van die NGB aan ons bekend is dié van 1562 waarvan die Koninklijke Bibliotheek te Den Haag 'n eksemplaar besit. Hierdie Nederlandse vertaling is verskeie kere hierna weer herdruk.

Die eerste Latynse vertaling van die NGB bekend as die *Confessio Belgica* is van die hersiene Franse teks van 1566 gemaak (waarskynlik deur Beza) en dit het in die *Harmonia Confessionum* van 1581 verskyn. Die Franse teks van 1566 is ook in die *Harmonia Confessionum* van 1581 opgeneem. In 1581 is daar 'n offisiële vertaling van hierdie teks in Nederlands deur Cornelissen gemaak en wel op las van die Sinode van Middelburg (1581). In 1610 het die Sinode van Veere tot 'n korrekte uitgawe besluit, wat in Middelburg in 1611 verskyn met die Nederlandse en Franse teks naas mekaar.

Die outentieke teks van die NGB is ten tye van die Nasionale Sinode van Dordrecht (1618-1619) vasgelê. 'n Kommissie vir revisie van die belydenis in Frans, Nederlands en Latyn is by dié geleentheid aangewys om 'n drievoudige outentieke teks vas te stel. Lede van hierdie kommissie was Auth Thysius, Herm Faukelius, Dan Colonius, Festus Hommius en Udemannus. Blykens die *acta* van die sinode is gedurende die 144e tot die 146e sitting, 29 en 30 April 1619 oor die belydenis gehandel. Verder is aan die versoek van die State Generaal gehoor gegee naamlik dat die artikels van die belydenis ooreenkomstig die gewoonte van die nasionale sinodes in die teenwoordigheid van die buitelandse teoloë voorgelees en ondersoek moes word. Elke lid van die sinode moes duidelik verklaar of hy iets in die belydenis op te merk het in soverre as wat dit die substansie van die leer of die leerkwessies self raak.

Op hierdie wyse is die belydenis in die Latynse taal vasgestel aangesien dit ook die voertaal was terwyl die buitelandse afgevaardigdes nog teenwoordig was. Kort nadat hierdie taak afgehandel is, het die buitelandse teoloë vertrek en die Dordtse Sinode het verder Nederlands as sy medium gebruik. Die

bogenoemde kommissie moes intussen dus die taak van revisie van die Franse, Nederlandse en Latynse tale voortsit. Op aandrang van Gomarus is die verdaging van die sinode egter uitgestel sodat die werk van dié kommissie deur die sinode self goedgekeur kon word. Die Nederlandse en Franse tekste is daarom op 24 Mei 1619 tydens die 173e sitting 'zoo ghebetert, gheapprobeert' en onderteken. Hommius is die taak opgedra om die Latynse teks te voltooi wat deur die kommissie goedgekeur en geteken moes word. Met die druk van die *acta* in 1620 het Hommius wat juis een van die scriba's van die sinode was, hierdie Latynse teks net na die notule van die 146e sessie van die sinode ingevoeg, sodat die indruk gewek is dat dit dié Latynse teks was wat deur die sinode gebruik is toe die artikel nagegaan is. Heeltemal korrek is dit egter nie, alhoewel die vertaling van Hommius wel baie goed was.

Outentiek is dus eintlik net die Nederlandse en Franse uitgawes, terwyl die Latynse teks slegs deur die kommissie goedgekeur was. Hierdie laasgenoemde teks kan dus nie op een lyn geplaas word met die ander twee tekste nie.

Die inhoud van die NGB kan kortliks soos volg saamgevat word: Artikel 1-11: God en die middele waardeur Hy geken word; artikel 12-15: skepping, voorsienigheid, die sondeval en die gevolge; artikel 16-17: die verkiesing en die weeroprigting van die gevalle mens; artikel 18-21: Christus; artikel 22-26: die heilsweldade; artikel 27-35: die kerk en die genademiddels; en artikel 36-37: die owerheid en die laaste dinge. Soos reeds gestel is daar aan die begin van die 37 artikels 'n brief aan Filips II afgedruk. Daarin word daarop gewys dat die Gereformeerdes ander beginsels as die Anabaptiste het en dat hulle bereid is om vir daardie beginsels te sterwe.

## 4. DOGMA-HISTORIESE AGTERGROND VAN DIE NGB

Vervolgens is dit belangrik om na enkele dogmahistoriese aspekte rakende die NGB te kyk.

'n Belydenisskrif was teen 1561 nie meer 'n totale nuwe verskynsel nie. Uit die kring van Luther en Zwingli het talle al te voorskyn getree waarvan die Augsburgse konfessie die belangrikste was. By die Rooms-Katolieke was dit minder bekend, alhoewel hulle juis miskien rede gehad het om vir hulleself rekenskap te gee van hulle geloofsgronde, veral ook aangesien hulle besonder apologeties ingestel was. Die besluite van die Konsilie van Trente sou desnoods as so 'n stuk selfbesinning beskou kon word. Die Rooms-Katolieke Kerk bly egter huiwerig om aan 'n belydenis wat van 'n belydende gemeente uitgaan, voorkeur te gee bo die ensiklieke wat van bo af, dit wil sê, van die pous uitgaan.

Guido de Brès het nie die NGB asof uit niks geskep nie, 'n feit wat juis deur die gereformeerde tendense in hierdie belydenisskrif bevestig word. Alhoewel 'n mens rondom die helfte van die sestiende eeu nog nie spesifiek kon praat van 'n duidelik uitgekristalliseerde gereformeerde tradisie nie - daarvoor was dié tyd sosio-polities te woelig en verder is Calvyn, die vader van die gereformeerde tradisie eers in 1564 oorlede - word in die NGB basiese uitgangspunte na vore gebring wat die ganse gereformeerde wêreld vandag nog besig hou. Die wyse waarop byvoorbeeld vandag nog probleme in die Wêreldbond van Gereformeerde Kerke, die Gereformeerde Ekumeniese Sinode en verskillende Gereformeerde kerke geformuleer en aangepak word, kan teruggevoer word na die geloofsraamwerk wat in die NGB al ter sprake was. Hoewel 'n groot gedeelte van die huidige gereformeerde wêreld in sekere opsigte met die formuleringe van De Brès sou verskil, dui die verwysingspunte waarbinne hy sy belydenis opgestel het, nog altyd die grense aan waarbinne 'n ortodoksgereformeerde gelowige sy geloof verwoord. Ons bedoel konkreet daarmee dat die tweevoudige wyse waarop God geken kan word in die skriftuur en die natuur (art 2 en 3), die dubbele manier van predestinasie, dit wil sê dat sommige mense verkies word tot God se ryk en ander in hulle eie verworpenheid gelaat word (art 16), dat Jesus Christus as God persoon is en dat Hy as mens onpersoonlik is (artt 18 en 19) en dat die kerk God se eintlike ruimte is, waar Hy in die geskiedenis werk teenoor die wêreld waar God ook, maar op 'n mindere en indirekte wyse werk (art 36).

Die wêreld waarin De Brès en sy onmiddellike navolgers geleef het, was eweneens medebepalend vir die manier waarop die dokument geformuleer is, asook vir die wyse waarop die dokument gesag en invloed op latere geslagte gehad het en vandag nog het. De Brès se wêreld was oorheers deur die gesag wat kerklike dogmas op die individu en die staat gehad het. Daarom moes De Brès op die duur met sy lewe boet want sy beskouinge - om dit sag te sê - was polities gevaarlik in sy tyd. Die andersheid tussen kerklike geloofstukke en die politieke implikasies wat dit gehad het, is duideliker onder oë geneem as wat ons dit vandag doen. Kerklike gesag en vorstelike regering was veelmeer een werklikheid vir die individu van destyds. Die mens wat homself aangetrokke gevoel het tot die Reformasie - die tyd van Luther en Calvyn en strekkende van omstreeks 1520 tot 1570 - het op die breukvlak gelewe van 'n tyd waarin die kerk nie meer die ganse samelewing kon bepaal nie. Juis deur die Reformasie kom nuwe velde van belewing na vore wat voorheen net op 'n implisiete wyse ter sprake was. Dit beteken dat terwyl die kerk in die Middeleeuse kerklike eenheidskultuur die 'morele baas' was oor die samelewing, het die Reformasie as kultuurbeweging - miskien bewustelik of

onbewustelik - ter sprake gebring wat 'n eeu of twee daarvoor reeds op die kultuurhistoriese agenda relevant was.

Enersyds beteken dit nie so 'n groot breuk as wat gewoonlik aangeneem word tussen Protestante en Rooms-Katolieke nie. Reeds 'n eeu of meer voor die Reformasie word tendense waargeneem in die Rooms-Katolieke kerk wat later grondliggend was vir Protestante in hulle dispuut met Rome. Andersyds beteken die Reformasie van Luther en Calvyn 'n bewuste breuk met die hiërargiese en ongedifferensieerde samelewingsbeskouing van die Rooms-Katolieke kerklike belewing en ervaring van die Middeleeue. Die Protestantse breuk met die Roomse hiërargies beteken dat die Protestantse gelowige in 'n groot mate vir sy eie geloof verantwoordelik was. Die lidmaat binne die Rooms-Katolieke Middeleeuse denke was iemand aan die onderste punt van die kerklike leer. Daarin bring die Reformasie 'n verandering, omdat die lidmaat deur die ampte van leraar en ouderling op dieselfde vlak as die pous gebring word. In die verband het die Nederlandse teoloog O Noordmans êrens geskryf dat Calvyn die ouderling na vore gebring het om die pous te skaakmat. Dit beteken eenvoudig dat lidmaat, diaken, ouderling en predikant veronderstel is om op dieselfde vlak te funksioneer, alhoewel elkeen nog 'n ander funksie binne die kerklike raamwerk beklee. Hierdie Protestantse verskuiwing beteken egter ook 'n duideliker onderskeiding van samelewingstrukture. Die kerk word met ander woorde duideliker afgegrens van die staat. Dit bring op sy beurt die gesagswydte van die Roomse dogma in gedrang.

## 5. DIE GESAG VAN DIE NGB

Die belydenis soos deur De Brès opgestel, is in die vroeë dekades deur die Nederlandse Gereformeerde Kerk in daardie vorm onder andere as verweerskrif gehandhaaf. Die konvent van Wezel van 1568 het dan ook in opvolging van vroeëre provinsiale sinodes bepaal dat die bedienaars van die Woord terwille van die goeie orde voor hul bevestiging instemming moes betuig met die leer van die kerk volgens dié geloofsbelydenis. Die eerste sinode van die Nederlandse kerke te Emden (1571) het besluit om die belydenis te onderteken om voortaan so die eendrag ten opsigte van die leer in die Nederlandse kerke te bewys. Toe die Remonstrante hulle anti-konfessionele opvattinge verdedig het met die bewering dat die teks en die kerklike gesag van die belydenis nie vasgestaan het nie, het die Sinode van Veere besluit op 'n hernude uitgawe wat in 1611 verskyn het. Die Dordtse Sinode van 1618-1619 het die Remonstrante gedwing tot die skriftelike indien van hulle besware teen dié belydenis. Alhoewel dit van beperkte belang was, het die Sinode tog enkele klein verbeteringe aangebring.

Die teks van die ondertekeningsformulier soos opgestel deur die Sinode van Dordtrecht het basies daarop neergekom dat elkeen wat dit onderteken, dit sonder enige voorbehoud moet doen en met sy ondertekening verklaar dat hy van harte glo en oortuig is dat die leerstellige uitsprake vervat in die NGB ooreenkom met Gods Woord. In die oorspronklike was dit soos volg geformuleer: 'Wij verklaren dat wij van harte gevoelen en gelooven dat alle artikelen en stukken der leer in de Belijdenis ... in alles met Gods Woord overeenkomen ...' (Van Rooyen 1948:5).

Die Sinode van 1816 van die Nederlandse Hervormde Kerk (wat sterk onder die invloed van die Rasionalisme en Deïsme uit die agtiende eeu gestaan het) het onder andere ook aan die vraag aandag gegee hoe aan die sterk binding van die Dordtse ondertekeningsformulier insake die NGB ontkom kon word. 'n Wysiging wat vatbaar was vir meerdere interpretasies is aangebring en dit het soos volg gelui: 'De leer, welke overeenkomstig Gods heilige woord, in de aangenome formulieren van Enigheid der Nederlandsche Hervormde Kerk is vervat ter goedertrou aan te nemen en hartelijk te gelooven' (Van Rooyen 1948:7). Hieroor het daar 'n heftige stryd ontstaan en wel oor die vraag of iemand volgens die nuwe ondertekeningsformulier moet verklaar dat hy die leer in die Belydenisskrif saamgevat, aanneem en glo 'omdat' *(quia)* of slegs 'insoverre' *(quatenus)* as wat dit met Gods Woord ooreenkom. Hierdie nuwe ondertekeningsformulier in Nederland het dan inderdaad ook die weg gebaan tot meerdere interpretasies.

Die patroon soos dit in Nederland ontwikkel het, het in breë trekke volgens parallelle lyne in Suid-Afrika ontwikkel. Tot diep in die eerste deel van die negentiende eeu het die Kaapse predikante hulle opleiding en legitimering in Nederland onder die vleuels van die Nederlandse Hervormde Kerk ontvang, en dieselfde reëling het dus ten opsigte van die ondertekeningsformulier in Nederland en in Suid-Afrika gegeld. Alhoewel die Kaapse Kerk vanaf 1804 met die Kerkorde van De Mist rekening moes hou, was daarin niks direk bepaal aangaande die gees waarin 'n evangeliedienaar die Belydenis moes onderteken nie. Na 1816 egter het die nuwe ondertekeningsformulier in Nederland ook sy invloed in Suid-Afrika laat deurwerk. Dit blyk byvoorbeeld duidelik uit die algemene reglement wat die Kaapse Kerk op sy eerste sinode van 1824 ontwerp het. Artikel 35, wat alhoewel dit meer bepaald op godsdiensonderwysers van toepassing was, se bewoording naamlik '... de leer, welke overeenkomstig Gods Heilige Woord ... hartelijk te omhelzen ...' het feitlik woordeliks ooreengekom met die Nederlandse ondertekeningsformulier van 1816 (Van Rooyen 1948:9).

In 1837 het die Sinode van die (Nederduitse) Gereformeerde Kerk aan die Kaap wat die ondertekeningsformulier aanbetref, teruggekeer na 'n punt waarin die *quia*-standpunt weer eens

gehandhaaf sou word. Die besluit in dié verband het gelui 'dat de ondertekenaar door zijn ondertekening verklaart en te kennen geeft, dat hij de leer die in de formulieren van Enigheid vervat is, gelooft overeenkomstig Gods Woord te zijn'. In 1843 is die bekende Formuliere van Enigheid per staatsordonnansie vasgelê as die amptelike leer van die genoemde kerk. Hierdie selfde standpunt is in 1859 ook deur die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika ingeneem.

Ten slotte moet nog bygevoeg word dat na aanleiding van 'n gravamen by die 1905-sinode van die Nederlandse Gereformeerde Kerke deur dié kerk besluit is om enkele woorde van artikel 36 van die NGB nie langer te handhaaf nie naamlik 'om te weren en uit te roeien alle afgoderij en valse godsdienst en het rijk van de antichrist te gronde te werpen'.

## 6. SLOTBESKOUING

Die bogaande kerk-, teks- en dogmahistoriese oorsig bied inderdaad interessante en ook insiggewende perspektiewe. Die groot vraag is egter nou of hierdie belydenisskrif saam met vele ander ook vandag nog dieselfde betekenis en waarde vir ons inhou. In hierdie verband moet duidelikheid verkry word of 'n geloofsdokument van 'n kerk soos byvoorbeeld die NGB die status het van 'n dogma, 'n belydenisskrif of slegs van 'n oriëntasiepunt van mense se gemeenskaplike geloof.

Ook in ons tyd in Suid-Afrika en by name ook in die geledere van die drie Afrikaanssprekende kerke van gereformeerde grondslag is daar 'n voortgesette worsteling rondom vrae soos die ware gesag van 'n geloofsbelydenis, die vraag of nuwe dogmas of belydenisskrifte geformuleer kan word en die behoefte aan 'n nuwe ekumeniese geloofsbelydenis. Sonder om uitvoerig daarop in te gaan, kan alleen maar op enkele momente in hierdie worsteling gewys word.

Reeds in 1974 stel W D Jonker dit soos volg: 'Hoe meer die kerk oortuig is van sy eie belydenis, hoe groter sal sy vrymoedigheid wees om sy belydenis aan die kritiese toetsing deur die teologie te onderwerp' (Jonker & Heyns 1974:204). Hy stel ook verder: 'Volgens gereformeerde standpunt is die belydenisse nie bedoel as norme wat náás die Heilige Skrif opgerig word en waaraan die uitleg van die Heilige Skrif gebind word nie. Belydenisskrifte mag daarom nooit 'n selfstandige betekenis kry en aan die kontrole deur die Heilige Skrif onttrek word nie' (Jonker & Heyns 1974:213). In 'Die Kerkbode' van 28/9/1983 handel W van Huyssteen, B du Toit, F Swanepoel & J Rousseau oor die ware gesag van 'n geloofsbelydenis. Hulle maak dan onder andere die

volgende stellings: '... daar bestaan nie so iets soos 'n tydlose, objektiewe, onhistoriese of altyd geldige waarheid oor wat die begrip "belydenisgesag" beteken nie; ook belydenisskrifte moet ... herme-neuties vir ons tyd geïnterpreteer word, en het daarom 'n geestelike gesag omdat dit heenwys na die Bybel self, en beslis geen letterlike, onreformatoriese, konfessionalistiese gesag nie' (Van Huyssteen 1983:7).

L F Schulze stel in 1978 dat 'dit prinsipieel moontlik (is) dat die (Protestantse) kerk ook in die toekoms, in gegewe situasies, nuwe belydenisse kan formuleer, soos in die sestiende eeu gebeur het. Tog het daar sedert die Reformasie nog geen werklike nuwe konfessie ontstaan nie. In die Protestantse kerke het daar die afgelope aantal jare heelwat opinies, "verklarings", "getuienisse" en deklarasies die lig gesien. Geeneen van hulle dra egter die karakter van 'n nuwe belydenis nie ... (As) tye sodanig is dat die geloof weer op 'n akute wyse bedreig word, dan kan die kerk geroep word om opnuut teen die gevare en dwalinge in die geloof te bely en te formuleer ...' (1978:18-19).

In 'Die Hervormer' stel B J Engelbrecht dat 'indien dit na wetenskaplik-verantwoorde Skrifstudie blyk dat sekere aksente anders gelê moet word en sekere dinge anders gesê moet word, dan sal ons Kerk die taak van 'n nuwe belydenis in verantwoordelikheid aan die Skrif moet aanpak, sonder om die historiese erfgoed sonder meer te verwaarloos of af te skryf' (1981:16).

Wanneer dit alles uitgespel is, staan 'n mens prakties voor vier alternatiewe. Die een standpunt sou wees om die sestiende eeuse belydenisskrif as die finale afsluiting van alle belydenisvorming te beskou, dit wil sê iets van 'n vaste en afgeslote leersisteem. 'n Tweede standpunt sou wees om die belydeniskarakter van die gereformeerde kerk te bly handhaaf onder andere met behulp van die bestaande belydenisskrifte maar om ook ruimte te laat vir die ontwikkeling van 'n nuwe belydenis. 'n Derde standpunt sou wees om die klem te verskuif van belydeniskerk te wees teenoor belydende kerk te word. Langs hierdie weg sal die kerk hom nog veel meer moet oopstel vir die vrae van ons dag. 'n Laaste standpunt sou wees om te stel dat die sestiende eeuse belydenisskrifte geheel uitgedien is en dat deure oopgelaat moet word vir die spontane ontwikkeling van 'n eie belydenis.

In dit alles moet saam met Van Huyssteen herbevestig word dat geloofsbelydenisse nie eindpunte nie, maar wel vertrekpunte is: rigtingwysers na die Bybel wat die enigste toegangspoort tot Jesus Christus is. Geloofsbelydenisse het daarom ook 'n gesag wat ondergeskik is aan dié van die Bybel. Aan die anderkant mag belydenisskrifte nie deur ons tot struikelblokke gemaak word ten

opsigte van pogings om die aard en gesag van die Bybel beter te verstaan nie. Respek vir die gesag van 'n belydenisskrif impliseer dus 'n voortdurende kritiese kyk na sy inhoud en die aard van die Skrifgebruik (Van Huyssteen 1983:7).

## BRONNE GERAADPLEEG


Bakhuizen van den Brink, J N 1976. *De Nederlandse Belijdenisgeschriften in authentieke teksten met inleiding en tekstvergelijkingen*. Amsterdam: Bolland.

Braekman, E M 1960. *Guy de Brès. Premiere Partie: sa vie*. Bruxelles: Librairie des Eclaireurs Unionistes.

Engelbrecht, B J 1981. 'n Nuwe ekumeniese geloofsbelydenis. *Die Hervormer*, Augustus, p 12.

Jonker, W D & J A Heyns, 1974. *Op weg met die teologie*. Pretoria: NG Kerkboekhandel.

Pont, A D 1982. Die Belydenis in historiese verband. *HTS 38, 1-29*.

Schulze, L F 1978. *Geloof deur die Eeue*. Pretoria: NG Kerkboekhandel.

Stanford Reid, W 1982. *John Calvin. His influence in the Western World*. Grand Rapids: Zondervan.

Van der Linde, S 1976. *Opgang en voortgang der Formatie. Een keuze uit Lezingen en artikelen van prof dr S van der Linde*. Amsterdam: Bolland.

Van der Waal, C 1980. Kerk en owerhede in die drie Formuliere van Enigheid. *Studia Historiae Ecclesiasticae* VI, 124-144.

Van Huyssteen, J W et al 1983. Die ware gesag van 'n geloofsbelydenis. *Die Kerkbode*, 28 September, pp 6-7.

Van Langeraad, L A 1984. *Guido de Bray. Zijn leven en werken*. Zierikzee: Ochtman.

Van Rooyen, E E 1948. *Die Nederlandse Geloofsbelydenis*. Stellenbosch: Pro Ecclesia.

# 2

# Die hermeneutiese sleutel van die Nederlandse Geloofsbelydenis

## 1. INLEIDING

Belydenisskrifte vertoon die spore van die tyd en die konteks waarin hulle opgestel word. Die vraag is of mens nie met só 'n stelling vandag 'n inbraak deur 'n oop deur pleeg nie, juis omdat dit amper gemeensaak geword het om te beweer dat teologie en geloofservaring in 'n groot mate deur die konteks waarin mense leef, bepaal word. So belangrik is die gedagte van die konteks in die Bevrydings, Feministiese en Swart Teologie dat beweer word dat wie konteksloos probeer dink, abstrak en daarmee onmenslik dink.

In die hermeneutiese ontsluiting van die NGB wat hier volg word die kontekstuele kant van dié teks wel in ag geneem. Goed deurgedink, is die modebenaming Kontekstuele Teologie ietwat misplaas omdat alle teologie in 'n bepaalde samelewingskonteks beoefen word. Geen teoloog is konteksloos nie. Daar is egter ook 'n universele kant aan teologiese uitsprake en stellinge. Was dit nie so nie, sou teoloë uit verskillende kontekse mekaar nie eers naastenby kon begryp nie. Nog meer presies gesê: kontekstualiteit en universaliteit is twee kante van dieselfde teologiese munt, ook met betrekking tot die NGB.

'n Tweede veronderstelling waarmee ek werk, is om die teks van die NGB binne die raamwerk te plaas van dit wat as 'tipiese' kenmerke van die klassieke gereformeerde tradisie beskou is. Soos in die geval van die Lutherse en Rooms-Katolieke tradisies mag mens van bepaalde kenmerke praat wat hierdie tradisies algaande gestempel het, byvoorbeeld die bekende 'twee-ryke-leer' van die Lutheranisme en die sakramentalisme van die Rooms-Katolisisme.

Ek neem wel in ag dat daar talle Lutherane en Rooms-Katolieke is wat nie met hierdie tipering sal saamstem nie. In die NGB wil ek die basiese gereformeerde uitgangspunt, wat in verskillende artikels na vore kom, probeer aandui aan die hand van 'n paar temas, naamlik die kennis van God, die verkiesingsleer, die leer oor die Drie-eenheid in samehang met die leer oor Christus, die mensbeeld en die samelewingsbeskouing. Die temas word geplaas binne die verband tussen *Skrif* en *Belydenisskrif* wat die onderliggende tema van die hele boek is.

## 1.1 Die kennis van God

In die NGB word daarop gewys dat God op twee maniere geken kan word: eerstens deur die 'mooi boek' van die skepping, onderhouding en regering van die hele wêreld waarin God se 'ewige krag en goddelikheid' gesien word (art 2). Tweedens word God geken deur sy nog duideliker en meer volkome 'heilige en goddelike Woord' (art 2) wat op bevel van God op skrif gestel is (art 3). Volgens die NGB is die heilige en goddelike Woord wat God in die geskiedenis gespreek het, gelyk aan die heilige en goddelike Skrif. Dié stelling van die NGB kom saaklik ooreen met die gedagte wat by die Kerkvader Augustinus en by die twintigste eeuse Protestantse teoloog Karl Barth na vore kom, naamlik die feit dat Christus self die Woord van God is en as daad 'n woord aan ons is.

Hoe mens ookal oordeel oor die woord wat God in die geskiedenis gespreek het: wat hier van belang is, is die wyse waarop die 'mooi boek' van die skepping in verband staan tot die 'heilige en goddelike Skrif' (art 3). As daar iets by uitstek tiperend in die gereformeerde tradisie is, is dit die konkrete voorstelling van 'n woord wat uit God se mond uitgegaan het in verhouding met die indirekte woord wat in die 'mooi boek' van die skeppir gestalte gevind het. Die boek van die skepping is bloot moo. Hoewel dit God se ewige krag en goddelikheid duidelik laat sien, is dit self nie heilig en goddelik nie. Daarenteen is die Skrif, as die op-skrif-gestelde-woord, heilig en goddelik. Die onderskeid tussen 'n minder heilige en minder-goddelike 'mooi boek' (skepping) en 'n 'heilige en goddelike Skrif' dui die vertrekpunt van die NGB aan en dus daarmee die denkraamwerk van die latere gereformeerde wêreld. Dié onderskeid kom ook in ander kerklike tradisies soos die Rooms-Katolieke en Lutherse voor in terme van die bekende verhouding van *natuur* en *genade*. Die wyse waarop die onderskeid egter in die NGB funksioneer, vertoon die tipiese trekke van die Gereformeerde kerklike en teologiese tradisie. Kortliks beteken dit dat, eerstens, die relatiewe reg van die dimensie van die algemene (die mooi boek van die

skepping) en die besondere (die heilige Skrif) naasmekaar erken word, en tweedens, 'n beweging van die algemene na die besondere voltrek word waarin dinge, woorde, strukture, gedagtes, ensovoorts uit die eersgenoemde deur die laasgenoemde geheilig en in diens geneem word, byvoorbeeld die 'gewone' dinge soos water, wyn en brood word heilige tekens (sakramente) in die 'heilige doop' en in die 'heilige nagmaal' (artt 34 en 35). Die omgekeerde beweging is blykbaar nie moontlik nie, naamlik wat eenmaal die status van 'heilig' verwerf het kan nie weer as 'gewone ding' binne die ligkring van die algemene funksioneer nie. Wanneer die sakramente dus as 'gewone goed' hanteer en gebruik word, word hulle ontheilig. Die veelvuldige gebruik van die term 'heilig' as aanduiding van kerklike sake en dinge in die NGB wys daarop dat iets daarteenoor gestel word. Omdat 'heilig' gewoonlik teenoor 'onheilig' as teenstelling in die gewone spreektaal gestel word, mag iets daarvan in die NGB verwag word. Dit is egter nie die geval nie want 'heilige en goddelike Skrif' word nie teenoor 'onheilige en ongoddelike Skrif' gebruik nie, maar teenoor die 'mooi boek' van die skepping wat 'n tweede 'minder heilige' manier aandui waarop God geken kan word. 'Minder heilig' beteken doodgewoon 'n minder gekonsentreerde wyse as waarop God sy woord in die heilige en goddelike Skrif gespreek het.

## 1.2 Die verkiesingsleer

Die uitverkiesingsleer in die NGB (art 16) vertoon 'n verbasende logiese soepelheid. Diegene wat verkies is tot God se Ryk en raad, is nie noodwendig deur God verwerp tot die verdoemenis nie. By die latere Sinode van Dordt (1618-1619) wat deur vele as een van die grondpeilers van die gereformeerde tradisie beskou word, word beide verkiesing en verwerping as God se daad beskou (Dortse Leerreëls, hoofstuk 1, 1-17). In die NGB word, in lyn met die sagte tweevoudigheid van die kennis van God, gehandhaaf dat wie nie deur God se uitverkiesing verkies word nie, deur mense se val en verderf verwerp is. In die raamwerk van die NGB gaan dit nie om 'n intellektualistiese verkiesing en verwerpingsbeslissing nie. In terme van artikel 16 verkies God diegene uit sy vrye wil en laat hy ander vry in hul val en verderf waarin hul hulself gewerp het (Weber 1967:29 e v ). Tussen die goddelike woord en die mooi woord van die skepping, tussen die goddelike verkiesing van sommige mense en die laat bly in hulle eie verwerping van ander bestaan 'n noue verhouding. Deur die sonde van die eerste mens (Adam) is die eerste mens in die verderf en ondergang gestort (art 16). Teenoor die algemene toestand waarin die mensdom verkeer, word God se besondere daad van uitverkiesing gestel.

### 1.3 Die leer oor Christus en die Drie-eenheid

Die NGB volg die *anhypostatiese* en *enhypostatiese* tendense van die groot konsilies uit die eerste eeue na Christus na. Wat beteken dit? Die terme moet teen die agtergrond van die stelling verstaan word dat Jesus Christus 'n goddelike natuur en 'n menslike natuur het wat in 'n goddelike persoon (art 19) verenig is. *Anhypostasie* beteken dat die menslike natuur van Jesus Christus onpersoonlik was, dit wil sê, hy het geen eie menslike persoon of hypostase gehad nie. Die term *enhypostasie*, wat met die vorige saamhang, beteken juis in-persoonlik, dit wil sê, dat die menslike natuur sy persoon alleen in dié van die goddelike persoon het. Juis in dié onderskeid lê die probleem want 'n mens wat nie 'n menslike persoon is of persoonlikheid het nie, is nie menslik nie. En vir die NGB is dit van die grootste belang om die volle en egte menslikheid van Jesus te beklemtoon: God se eniggebore en ewige Seun het die menslike natuur na liggaam en siel aangeneem om altwee te red aangesien beide verlore was (art 18). Met die stelling dat Jesus Christus goddelike persoon was maar nie menslike persoon nie, terwyl hy terself-dertyd ten volle God en ten volle mens was, word die onderskeiding van die eerste paar artikels oor die algemene (mooi boek) en besondere (heilige en goddelike Woord) wyse waarop God geken kan word, net op 'n ander manier herhaal. Hier, soos daar, is die goddelike, as die besondere die eintlike vertrekpunt terwyl die menslike (die geskapene wat in sonde geval het) as die algemene, die sekondêre vertrekpunt is. Die menslike as geskape menslikheid kan deur die goddelike in diens geneem word. Die omgekeerde is blykbaar nie moontlik nie. In terme van die NGB sou dit neerkom op 'n menslike uitdinksel of dwaling.

Op iets anders moet die aandag egter ook gevestig word en dit is dat die goddelike, die menslike natuur na siel en liggaam aangeneem het om altwee te red aangesien beide verlore was (art 18). Gesien teen die dualistiese mensbeeld van die sestiende eeu waarvolgens daar 'n onderskeid gemaak is tussen die onsterflike siel en sterflike liggaam kan die siel verstaan word as persoon. Die vraag is of die NGB dan tog nie beweer dat Jesus Christus volle menslike persoon was nie. Myns insiens sou dit in teenspraak wees met artikel 19 wat beweer dat 'die Persoon van die Seun onafskeidelik met die menslike natuur verenig en verbind is; dat daar dus nie twee seuns van God of twee persone is nie, maar twee nature in een Persoon verenig, terwyl elke natuur nogtans sy onderskeie eienskappe behou'. Die formulering in artikel 18 dat die menslike natuur na siel en liggaam aangeneem is moet onpersoonlik (anhypostaties) verstaan word.

Die probleem wat in die Christologie (die leer oor Christus) in die NGB na vore kom, word verskerp deur die leer oor die Drie-

eenheid wat in artikels 8 en 9 beskryf word, dit wil sê dat die drie goddelike persone Vader, Seun en Heilige Gees een God by homself is. As dit byvoorbaat aanvaar word dat die eniggebore en ewige Seun van God (die tweede persoon in die goddelike Drie-eenheid), God is, kan die stelling nie versag word om plek te maak vir 'n mens wat ten volle persoon is in die leer oor Christus nie. Die weg wat ingeslaan is, moet voluit geloop word. Anders gestel, daar kan nie twee Seuns van God of twee persone wees nie omdat 'persoon' byvoorbaat as goddelik verstaan word. Al wat oorbly, is om die menslike natuur (volle menslikheid) van Jesus Christus as onpersoonlik te verstaan. Die vraag bly egter of 'n onpersoonlike mens werklik volle mens is.

## 1.4 Mensbeeld

Die NGB beskryf in artikel 18 dat die siel sowel as die liggaam van 'n mens verlore was. Beide is egter tot heil vir die mense (saligheid) aangeneem in die menswording van Christus. Deurdat die mens vanuit homself as totaal verlore en sy heil as totaal vanuit God beskou word, kon mens die afleiding maak dat die NGB, ten minste wat die primêre bedoeling betref, nie met die tradisionele teenstelling tussen 'n onsterflike siel en 'n sterflike liggaam wou werk nie. Tog blyk dit uit die begronding van die heilige nagmaal dat die wat weergebore is, 'n tweërlei lewe in hulle het:

> '... die een liggaamlik en tydelik, wat hulle van hulle eerste geboorte saamgebring het en wat alle mense besit; die ander geestelik en hemels, wat aan hulle gegee word in die tweede geboorte, wat deur die Woord van die evangelie in die gemeenskap van die liggaam van Christus plaasvind. Almal deel nie in hierdie lewe nie, maar slegs die uitverkorenes van God.
>
> So het God tot instandhouding van die liggaamlike en aardse lewe vir ons aardse en gewone brood voorsien; dit dien die lewe en behoort, soos die lewe self, aan almal. Maar om die geestelike en hemelse lewe wat die gelowiges besit, in stand te hou, het Hy vir hulle 'n lewende brood gestuur wat uit die hemel neergedaal het, naamlik Jesus Christus; Hy voed en onderhou die geestelike lewe van die gelowiges wanneer Hy geëet, dit wil sê deur die geloof geestelik toegeeïen en ontvang word (art 35).

Uit dié lang aanhaling blyk dat die gelowige deel het aan 'n algemene (gewone aardse lewe) en 'n besondere (geestelike lewe)

dimensie. Gewone brood word in die heilige nagmaal 'n sakrament, dit wil sê 'n afbeelding van die geestelike en hemelse brood. Die ganse inleidende argument vir die heilige nagmaal skarnier op die vergelyking tussen gewone aardse brood en geestelik-hemelse brood. In die gang van die argument word terloops vermeld dat wyn 'n sakrament van Christus se bloed is. Tog voer die skrywer van die NGB nie die pleit vir gewone aardse bloed teenoor geestelike hemelse bloed nie. Waarom nie? Blykbaar omdat wyn die gewoon aardse verteenwoordig en die bloed van Christus die geestelik-hemelse. Tog is bloed ook aards - om in die taal van die NGB te praat. Die kritiese punt waaroor dit gaan, is dat wanneer mens die weg opgaan om met onderskeidinge soos gewoon-aards teenoor geestelik-hemels binne dieselfde belewenis wêreld te werk, word die sluise van so 'n beleweniswêreld sodanig op 'n dubbel manier geopen dat die deurmekaar gebruik van metafore nie meer logies saak maak nie. Dit maak alleen sin en is slegs logies vir diegene wat dieselfde uitgangspunt deel.

In artikel 34 oor die heilige doop word gewone water ook in 'n algemene (aards uiterlike) en besondere (geestelik-innerlike) raamwerk geplaas:

> '.. soos water die vuilheid van die liggaam afwas as dit oor ons gegiet word, en soos die water op die liggaam van die dopeling gesien word wanneer dit daarop gesprinkel word, so bewerkstellig die bloed van Christus deur die Heilige Gees dieselfde inwendig in die siel: dit besprinkel die siel en reinig dit van sy sondes en laat ons wat kinders van die toorn is, as kinders van God weergebore word.
>
> Dit gebeur nie deur die uitwendige water nie, maar wel deur die besprinkeling met die kosbare bloed van die Seun van God (art 34).

Gewone water wat die liggaam reinig, is 'n uiterlike afbeelding deur die doop van die innerlike reiniging van die siel deur die bloed van Christus. Die bloed van Christus is dus die geestelik-innerlike 'water' wat die siel reinig.

Uit die aanhalinge uit artikels 34 en 35 blyk die dualistiese raamwerk waarin die mens geplaas word. Dit is in teenstelling met die bewering wat baie keer in gereformeerde kringe gemaak word dat 'n tipies gereformeerde beskouing daaraan gekenmerk kan word dat die mens so wyd en so diep as moontlik in sy lewe begenadig word omdat hy totaal en radikaal in die sonde geval het deur sy oervader Adam. Gereformeerdes sê gewoonlik God moet in alle fasette van die lewe gedien word omdat Christus koning is

ook alles waarin die mens betrokke is. In die NGB word die koningskap van Christus egter uiteengeruk na twee vlakke, 'n algemeen-gewone-aardse-liggaamlike bestaan en 'n besonder-buitengewone-geestelike-sielsbestaan of -sfeer. Die NGB beweer dus dat die gewone (natuur) en die buitengewone (genade) *naas* mekaar bestaan as afsonderlike gegewenhede en dat die gewone dinge *in diens* staan van die buitengewone. In die taal van die NGB bestaan die gewone alleen in diens van die buitengewone, die mooi boek in diens van die heilige boek (Skrif) en die minder heilige dimensie in diens van die heilige dimensie. Beide momente vloei tegelykertyd uit God se voorsienigheid. Reeds in Calvyn se uitgawe van sy Institusie van 1559 speel die onderskeid tussen God se algemene voorsienigheid en Sy besondere voorsienigheid (uitverkiesing) 'n beslissende rol. Die vraag is wat die term voorsienigheid in hierdie verband beteken. Binne die gereformeerde tradisie sê dit eenvoudig dat God in die radikale sin van die woord die oer-inisiatief neem ten opsigte van die werklikheid, die geskiedenis, die mens en sy handelinge. God sien dus vooruit en voorsien, in die sin van bepaal, dus die werklikheid, die geskiedenis, die mens en sy handelinge. Wat die NGB betref, moet God se voorsienigheid tweërlei beskou word, naamlik op 'n algemene en 'n besondere wyse. Die vraag is hier van belang hoe die algemene en die besondere met mekaar in verband gebring word.

Die verbinding tussen die liggaamlik-materiële (die algemene) en die sielsmatig-geestelike (die besondere) dimensies word in die NGB tot stand gebring deur die rol wat die geloof speel. Die geloof is 'n derde dimensie wat in die gelowige se lewe 'n direkte en onmiddellike poort na God is. Geloof word deur die genade toegevoeg aan die onverganklike siel en verganklike liggaam. Geloof is die hand en die mond van die siel (art 35). In dieselfde artikel word ook gesê dat in die heilige nagmaal die liggaam en bloed van Christus nie met die gewone mond nie, maar met die gees deur die geloof genuttig word. By die onderskeid tussen liggaam (gewoon-aards) en siel (buitengewoon-hemels) word die geloof as 'n instrument van die genade gevoeg. Daarom word in artikel 22 gesê: 'die geloof is slegs die middel waardeur ons Christus, ons Geregtigheid omhels'. Juis die instrumentele karakter van die geloof dui daarop dat dit in die NGB die oop venster na die ewigheid is wat tussen hemel (siel) en aarde (liggaam) hang. Geloof is nie iets wat gewoon-natuurlik is nie. Dit is ook nie iets wat buitengewoon-bonatuurlik is nie. Geloof is die genadevolle *beweging* van die liggaam na die siel, van die gewone na die buitengewone, van die natuurlike na die bonatuurlike, van die gewone-aardse brood na die geestelike-hemelse brood in die heilige nagmaal. Daarmee het die geloof 'n voorrang bo enige ander faset van menswees, omdat dit die ganse bestaan van die gelowige mens omvat. Geloof is die verbindende goddelike

instrument wat die algemeen-menslike aan die besonder-goddelike verbind en omvat. Geloof beteken in die sestiende eeuse gereformeerde sin van die woord die radikale indiensneming van die geskape kante van die mens se bestaan deur die genade. God neem dus sy eie algemene skeppingswerk deur sy besondere verlossingswerk in diens.

Binne die raamwerk van die NGB is die liggaamlike bestaan uiterlik gewoon en die siel innerlik-buitengewoon. As verbindende perspektief funksioneer die geloof van buite af as 'n dimensie wat siel en liggaam enersyds omvat en andersyds elkeen sy plek gee. Om dit op 'n ander manier te sê: geloof bewaar tegelyk die onderskeid tussen die aardse en die hemelse as God se werksterreine en stel die aardse in diens van die hemelse.

## 1.5 Samelewingsbeskouing

In die NGB beteken die onderskeiding tussen kerk en wêreld dat 'n heilige teenoor 'n minder heilige sfeer in die samelewing gestel word. Dit blyk uit artikel 36 dat die burgerlike owerheid nie net deur God die swaard in die hand gegee is om die kwaaddoeners te straf en die vromes te beskerm nie, maar ook die taak gegee word om die heilige Woordbediening in stand te hou. Die onderskeiding van 'n heilige vergadering (of heilige kerk) van almal wat waarlik in Christus glo (artt 27 en 28) waarin die heilige Woord bedien word (art 36) en 'die eerbaarheid (sedelike orde) wat God onder die mense ingestel het' (art 36) moet op voetspoor van die teenstelling wat ons tot dusver in die NGB ontsluit het, verstaan word. Die sedelike orde of die eerbaarheid wat God onder die mense ingestel het, waaronder die staat as tipiese verteenwoordiger ingesluit word, omvat al die nie-kerklike fasette van die skrywer van die NGB se samelewingsbeskouing. Hierdie nie-kerklike fasette van die samelewing moet nie as onheilig maar as minder heilig beskou word. Daarom word daar in artikel 36 beweer dat die onderdanigheid en gehoorsaamheid aan die owerheid in tipiese burgerlike sake *net nie in stryd* met die Woord van God hoef te wees nie. Daar word dus 'n negatiewe formulering gebruik om mense se verantwoordelikheid in burgerlike sake uit te druk wat nie vir die kerk geld nie. Alles wat egter kerklik begrond word volgens die NGB moet in ooreenstemming met die heilige en goddelike Woord wees. Wie dus nie die kerklike leer, die orde in die kerk en die sakramente positief in ooreenstemming met die heilige en goddelike Woord beskou nie, is besig met ontheiliging en dus met brousels of verwerplike menslike uitdinksels (artt 32 en 35). Die gedagte dat nie-kerklike sake nie in stryd en dat kerklike sake in ooreenstemming met die heilige en goddelike Woord beskou

behoort te word, is 'n uitdrukking van die hermeneutiese sleutel wat in die NGB funksioneer, naamlik tussen God se algemene en dus minder heilige werkterrein én sy heilige besondere sfeer van handelinge.

Die eerbaarheid wat God onder die mense ingestel het, daarmee dus ook die staat, vloei voort uit die 'mooi boek' van God se skepping. Die kerk daarenteen uit die 'heilige en goddelike Woord' wat die eintlike kern van God se handelinge in die geskiedenis is. Om hierdie rede staan die owerhede in diens van die besondere heilige saak wat eintlik die kerk s'n is, naamlik die bevordering van die Koninkryk van Jesus Christus en die prediking van die evangelie (art 36). Die omgekeerde, dit wil sê dat die saak van die kerk in diens van die staat staan, word nêrens in die NGB beweer nie.

Wat in die NGB na vore kom, is 'n uitdrukking van 'n tendens wat dwarsdeur die gereformeerde tradisie en geskiedenis 'n rol gespeel het. By Calvyn het die gedagte dat die Godservaring van mense veel breër as die kerk is, reeds sterk na vore gekom. Kerk en staat moet in vrede lewe en saamwerk in gehoorsaamheid aan die wil en die woord van God. Elkeen moet sy eie jurisdiksie hê. Die staat het die gesag in burgerlike sake en die kerk in geestelike sake. Calvyn het die 'voordeel van die *clerici*'-klousule uit die Kanonieke Wet afgeskaf en hom en sy predikantekollegas in Genéve in alle burgerlike sake aan die magistrate onderwerp. Die magistrate moes op hulle beurt hulle in geestelike sake onder die jurisdiksie van die kerkraad plaas. Calvyn het die staat met sy owerheid en burgers beskou as 'n instelling wat uit Christene bestaan.

Die staat is volgens Calvyn deur God ingestel weens die sonde en bestaan as 'n instelling van God se 'algemene genade'. (Met die aanhalingstekens wil ek sê dat hoewel die idee daarvan by Calvyn aanwesig is, die frase algemene genade nie noodwendig by Calvyn voorkom nie). Die 'algemene genade' by Calvyn is iets waardeur God nie die mens van binne nuut maak nie, maar waardeur die nie-kerklike (wêreldse) bestaan in stand gehou word. Hoewel baie gereformeerdes Calvyn interpreteer as sou die burgerpligte in die staat op dieselfde vlak staan as die diens in die kerk, is daar tog 'n fyn nuanse-verskil: in die kerk word die gewete onderrig tot vroomheid en tot die diens van God, en in die staat word die mens onderrig in die werke van vriendelikheid en burgerplig (1559:III, 10, 15). Daarom is die kerk ook belangriker en sal dit op kardinale punte aan die owerheid en burgers voorgaan. Volgens die beskouing van Calvyn is die kerk dus die siel van die staat en oefen dit 'n bepalende invloed uit op die wette wat geformuleer word.

Ondanks kritiek op Calvyn sou tog met H Richard Niebuhr saamgestem kon word:

> Calvyn's more dynamic conception of the vocation of men as activities in which they may express their faith and love and may glorify God in their calling, his closer association of church and state, and his insistence that the State is God's minister not only in a negative fashion as a restrainer of evil but positively in the promotion of welfare ... above all his emphasis on the actuality of God's sovereignty - all these lead to the thought that what the Gospel promises and makes possible as divine possibility is the transformation of mankind in all its nature and culture into a kingdom of God in which the laws of the kingdom have been written upon the inward parts (1951:217 ev).

In die negentiende eeu het die gedagte dat daar geen neutrale terrein vir Christene in die samelewing is nie weer na vore gekom by Nederlanders soos Groen van Prinsterer, Abraham Kuyper, ensovoorts. Die woorde van Kuyper wat intussen al bekend geword het uit sy werk *Souvereiniteit in eigen Kring* kan as spreuk van hierdie negentiende-eeuse beweging gesien word, naamlik 'Geen duimbreed is er op heel't erf van ons menschelijk leven, waarvan Christus, die aller Souverein is, niet roept: "Mijn!"' (1880:35). Naas die Gereformeerde kerk wat teen die einde van die 19de eeu ontstaan het, ontstaan daar ook 'n universiteit, die Vrije Universiteit, op 'n Christelike grondslag te Amsterdam. In die woelige negentiende-eeuse Nederland ontstaan politieke partye, vakbondorganisasies, skoolverenigings, ensovoorts op Christelike grondslag.

In sekere mate is die organisasies wat soos paddastoele opgespring het, langs kerklike weë opgerig, sodat Gereformeerdes, Hervormdes en Rooms-Katolieke elkeen hul eie reeks organisasies gehad het. Daar is uitsonderingsgevalle waar saamgewerk is. Daarteenoor het daar nog 'n reeks sosialistiese organisasies ontstaan wat ook op ideologiese basis gefunksioneer het. Omdat die kerk, gewild of ongewild, so 'n belangrike rol in hierdie proses gespeel het, het die teenstelling tussen besondere en algemene genade nog altyd gegeld. Die besondere genade slaan op die direkte Gods- en heilservaring binne die kerklike sfeer en die algemene genade dui daarop dat God alles buite die kerk deur sy algemene sorg in stand hou. Die Gods- en heilservaring is in groot mate indirek op die vlak van die algemene genade te ervaar. 'n Mens sou dit só kon uitdruk dat die egte lig van die besondere genade deur die vensters van die kerk na buite die samelewing moet binnestraal.

Ook by die gereformeerde denker H Bavinck word dieselfde tendens gevind. Die Heilige Skrif is die *viva vox dei*, dit wil sê die lewende Woord van God. Die heilige Skrif is 'de altijd voortgaande spreke Gods tot ons' (1967 (I):336). Daarnaas beskou Bavinck die natuur of die wêreld as 'n gegewendheid 'waarvan alle bladzijden door Gods almachtige hand zijn geschreven' (1967 (II):458). Die stryd tussen die twee ontstaan alleen volgens Bavinck wanneer die teks van die boek van die Skriftuur en die van die natuur sleg gelees en verstaan word. Ook by Bavinck vind die beweging van die algemene na die besondere plaas, terwyl die algemene naas die besondere sy eie selfstandigheid het.

Dit is eers in die teologie van G C Berkouwer waarin die beweging omgedraai word. By Berkouwer word gedeeltelik onder die invloed van Karl Barth, die bekende twintigste eeuse Protestantse teoloog, die algemene volledig vanuit die besondere gelees en verstaan. Geloof is 'n luisterhouding wat geen kreatiewe, eie funksie het teenoor die openbaring nie. Die geloof is direk gerig op die geheimenis, op die sentrum van die Skrif, naamlik Christus (1966:133). Berkouwer noem hierdie sentrum van die Skrif ook die skopus van die Skrif (1967:95 ev). Geloof het te make met die heilshistorie én die menslike rede, mag en reg het te make met die historie dit wil sê met die openbaring in die Skepping. Berkouwer se metode is: Vanuit die besondere openbaring weet ons wat algemene openbaring is (1951:252, 254). Vanuit die geloof kan ons verstaan wat werklik rede, mag en reg in ons menslike bestaan is en vanuit die geloof sien ons die kreatuurlike grense van die rede, mag en reg. Die vraag aan Berkouwer is of geloof ook 'n kreatuurlike kant het. Aan die begin van sy teologiese loopbaan het hy dit bevestigend beantwoord, maar later word sy beskouing hieroor meer swewend. Wat wel uit sy verhaal afgelei kan word, is dat deur God se partikuliere handelinge in die heilsgeskiedenis (besondere openbaring), God se universele handelinge in die historie (algemene openbaring) verstaan word.

Die manier waarop God dus in 'n samelewing werk, het volgens die gereformeerde tradisie verskillend sy beslag gekry: óf soos in die NGB op die tweevoudige wyse van 'n algemene en 'n besondere werkswyse met die duidelike beginpunt by die algemene; óf soos in die latere gereformeerde denke wat die tweevoudigheid van die algemene en die besondere bly handhaaf, maar die beginpunt van God se handelinge besonderlik verstaan. Somtyds wil dit lyk asof die dilemma tussen die algemene en die besondere werkswyse van God die 'lot' van die gereformeerde tradisie is. 'n Uitweg uit hierdie dilemma is om die genade breër en dieper in die samelewing in te bou, byvoorbeeld deur die kerk, die staat, die

bedryfslewe, die skool, die huwelik en gesin, ensovoorts krities (op gelyke vlak) op die gedagte van die koninkryk van God te betrek.

## 2. DOGMA, BELYDENISSKRIF OF GELOOFS-ORIëNTASIE?

Die vraag is of 'n geloofsdokument van 'n kerk die status het van 'n *dogma*, van 'n *belydenisskrif* of van 'n *oriëntasiepunt* van mense se gemeenskaplike geloof.

Die term *dogma* het binne die Rooms-Katolieke tradisie die betekenis van die waarheids- en heilskriterium vir die kerk. Daarmee is die dogma 'n verobjektivering van die katolieke geloof. Om hierdie rede is die geloof van die ganse kerk, soos uitgedruk in sy geloofstukke, naamlik sy dogmas ryker en gedifferensieerder as die geloof van die enkeling (Rahner 1982:69).

Onder *belydenisskrif* word in die Protestantse sin van die woord gewoonlik 'een regel des geloof' van 'n bepaalde kerk wat met die Bybel ooreenkom, verstaan (Bavinck 1967 (IV):401). Dit wil sê sy gesag is ondergeskik aan die van die Bybel. Juis oor die gesag van die belydenisskrifte ontstaan in die negentiende eeuse Nederland 'n stryd oor die vraag of die leer wat in die formuliere van enigheid tot uitdrukking kom in die kerk aanvaar moet word, 'omdat' (*quia*) of 'insoverre' (*quatenus*) dit met die Bybel ooreenkom (Nauta 1969). Tot vandag toe word van predikante verwag dat 'n ortodokse gereformeerde altyd behoort te beweer dat die *quia*-standpunt die korrekte is.

Hoe langer hoe meer word die vraag gestel of 'n kerklike geloofsdokument nie net as die *gemeenskaplike oriëntasiepunt* van mense se geloof binne 'n kerk beskou moet word nie. 'n Belydenisskrif is hiervolgens 'n verwysingspunt op die weg waarlangs 'n bepaalde kerklike gemeenskap beweeg het. Die weg waarlangs (of die kerklike tradisie) beweeg word, beteken so beskou, 'n weg vol heenwysings (belydenisskrifte) na mense se geloof in bepaalde tye en situasies en is nie kanonieke kerklike gesagsdokumente nie.

Die basiese argument vir die laasgenoemde standpunt is dat binne die tydshorison van 'n vyftig jaar nadat 'n geloofsdokument soos die NGB uitgekristalliseer het, funksioneer dit nog met 'n soort dinamiese gesag onder die aanhangers daarvan. Met ander woorde die gesag vir die dokument appélleer op die beleweniswêreld waarin dit ontstaan het. Later gaan dit die weg op van alle dokumente waarvan die gesag gehandhaaf moet word: die deurleefde respek vir die dokument word geformaliseer tot 'n gesag waaronder

elke gelowige, selfs tot in die fynere detail, behoort te buig. En nog later wanneer die dokument nie meer gesagvol op die breë lae van 'n kerk funksioneer nie, word dit histories in kerklike versterkwater geplaas en net uitgehaal wanneer na die oordeel van een of ander kerklike ampsdraer die waarheid in gedrang is.

Die probleem met die NGB en ander belydenisskrifte is dat hulle veronderstel is om gesagvol te funksioneer in 'n heelwat later tyd en konteks as waarin dit ontstaan het. Die gesag word dus geformaliseer in plaas daarvan dat die gesag gesoek word in die geloofsmatige verwysing na die plek en die rol wat 'n belydenisskrif in 'n bepaalde kerklike tradisie toekom. Gewoonlik word een van twee moontlikhede gevolg: (1) óf 'n belydenisskrif word later deur 'n ander so geherinterpreteer dat die vorige se betekenis breër word. Insigte in latere belydenisskrifte word potensieel in vroeëre ingebou om die ouder- en byderwetsheid van 'n tradisie te beklemtoon (Rooms-Katoliek) (2) óf die moontlikheid word oorweeg om 'n belydenisskrif later krities by te werk en op datum te hou (Protestants). In albei gevalle beteken dit 'n modifikasie. Om hierdie rede is ek teen enige veranderinge aan belydenisskrifte. Laat 'n belydenisskrif vir wat dit is, naamlik 'n oriëntasiepunt van mense se geloof uit die verlede vir mense in die hede. Eerstens moet daar dus nie aan die teks getorring word nie en tweedens het dit 'n padwyserfunksie waarlangs die weg van die geloof gevolg *kan* word sonder om as Kanonieke dogma beskou te word.

## 3. SAMEVATTING

Die teenstelling van 'n 'mooi boek' en die 'heilige Skrif', van die algemene verdorwenheid van die menslike geslag en die besondere verkiesing van sommiges in Jesus Christus, van Christus se onpersoonlike menslike natuur en sy persoonlike goddelike natuur, van die mens se sterflike liggaam en onsterflike siel en van 'n sedelike orde en 'n heilige kerk, is die uitdrukking van die grondliggende teenstelling tussen minder heilig en heilig of gewoon gereformeerd uitgedruk tussen algemene en besondere genade.

Die probleem met dié werkswyse wat tussen die heilige en die minder heilige onderskei, is dat dit 'n dualisme in die werklikheid indra wat die radikaliteit, van die genade bevraagteken. Vanuit so 'n uitgangspunt is dit moontlik om rasse apartheid te handhaaf binne en buite die kerk. Omdat die kerk met sy stralekrans van heiligheid nie onder dieselfde eise as ander samelewingstrukture val nie word die tafel gedek vir ideologieë wat buite die kerk ontstaan om hulle stempel op die

kerk af te druk. So het ras- en volksgekwalifiseerde kerke, kerke waarin alleen mans ampte mag beklee, ensovoorts ontstaan. Daarmee is nie in ag geneem dat die breedte en die diepte van die genade deur 'n ganse samelewing sny nie. Die koninkryk van God is op die ganse bestaan van die mens gerig. Daarom is die kerk 'n samelewingstruktuur waarin mense van alle rasse, volke, geslagte en klasse hulle geloof gemeenskaplik beleef en bely.

Voorstanders en teenstanders van aparte kerke vir verskillende rasse en volke, werk somtyds met dieselfde beginsel wat hierbo ten opsigte van die NGB uitgewys is dat die kerk heiliger as ander samelewingstrukture is. Daarom reken ek dat die wyse waarop kerklike apartheid baie keer bestry word juis die apartheidsargument bevestig en nie genoegsaam ondergrawe nie. Met ander woorde, as die kerk meer heilig en by uitstek God se versoeningsinstrument op aarde is, word die deur nog altyd oop gelaat vir nie-kerklike ideologieë om die kerk se struktuur te bepaal. Wanneer die kerk as 'n bonatuurlike samelewingstruktuur beskou word, het ons met 'n ideologie te maak wat kerksentrisme genoem kan word. Kerksentrisme beteken dat alle ander samelewingstrukture nie op gelyke vlak direkte toegang tot die idee van die koninkryk van God het nie, maar eers deur die kerk hulle sin en betekenis ontvang. Die kerk is dan as't ware die tregter waardeur die goddelike heil en sin na die samelewing vloei.

As die kerk egter as 'n samelewingstruktuur soos en naas ander beskou word, waarin dit kerklik spesifiek om die organisering van mense se gemeenskaplike geloof en belydenis gaan, word 'n sterker argument gevoer teen ras-, volks-, seks- en klasbepaalde kerklike stylvorme.

Vanuit 'n ander kyk op sake kan die dualistiese mensbeeld van 'n onsterflike (heilige) siel en sterflike (minder heilige) liggaam as voorbeeld geneem word. Somtyds word beweer dat solank mense wat hulle onsterflik-geestelike siele een is, dit nie 'n fisies-liggaamlike geloofseenheid hoef te beteken nie. Van hieruit word apartheid (kerklik en nie-kerklik) nie net verdedig nie, maar word ook onregverdige lone, die onthouding van stemreg van sommige mense, ensovoorts geregverdig omdat dit maar net met die sogenaamd liggaamlik-wêreldse te maak het.

Die hermeneutiese sleutel van die NGB is juis daarin interessant dat die tweeheid van algemeen (minder) en besonder (meer) voluit deur die hele teks gehandhaaf word, terwyl terselfdertyd die denkbeweging van die algemene na die besondere so voltrek word dat die algemene in diens van die besondere staan.

## BRONNE GERAADPLEEG


Bavinck, H 1967. *Gereformeerde Dogmatiek*, Vol I, II en IV (4de onveranderde druk). Kampen: Kok.

Berkouwer, G C 1951. *De algemene openbaring*. Kampen: Kok.

Berkouwer, G C 1966. *De heilige schrift*, Vol I. Kampen: Kok.

Berkouwer, G C 1967. *De heilige schrift*, Vol II. Kampen: Kok.

Calvyn, J 1559 (1980). *Institutes of the Christian Religion. The Library of Christian Classics*, Vol 20, F L Battles, Philadelphia: Westminster.

Kuyper, A 1880. *Sovereiniteit in eigen Kring*. Amsterdam: Kruyt.

Nauta, D 1969. *De verbindende kracht van de belijdenisschriften Verhandeling over de formulierkwestie in de negentiende eeuw in Nederland*. Kampen: Kok.

Niebuhr, H R 1951. *Christ and culture*. New York: Harper & Row.

Rahner, K 1982. *Fides qua-fides quae*, in Hultsch, E & Luthi, K (Hrsg), *Bekennendes Bekenntnis*, 63-71. Gütersloh: Mohn.

Weber, O 1967. Die Lehre der Erwählung und die Verkündigung, in *Die Treue Gottes und die Kontinuität der menschlichen Existenz*. Gesammelte Aufsätze I. Neukirchen: Neukirchener Verlag.

# 3

# Die historiese wortels van die Skrifgebruik in die Nederlandse Geloofsbelydenis

## 1. INLEIDING

Die Skrifgebruik in die Nederlandse Geloofsbelydenis (NGB) het nie in isolasie geskied nie en kan beter verstaan word as dit met die voorafgaande tydperke in die geskiedenis van die interpretasie van die Bybel in verband gebring word. Dit word reeds algemeen aanvaar dat die Skrifgebruik gedurende die Hervorming veral aansluiting vind met die teologiese interpretasie van die Kerkvaders, die klem op die letterlike betekenis deur Middeleeuse Joodse eksegete en die Humaniste se belangstelling in die Bybel se grondtale. Besondere aandag word verleen aan kenmerke van die NGB se Skrifgebruik soos die gebruik van allegorie en tipologie, die interpretasie van die Ou Testament in die lig van die Nuwe Testament, die Christologiese uitleg van die Ou Testament en die vrye aanhaling van Skrifgedeeltes deur die NGB.

Die onmiddellike hermeneutiese konteks van die opsteller van die NGB, Guido de Brès, kom duideliker in fokus as daar gelet word op die Hervormers wie se boeke in sy biblioteek was ten tye van die formulering van die NGB. Talle van hierdie Hervormers het De Brès persoonlike kontak mee gehad of het hy mee gekorrespondeer. Hoewel dit ook insiggewend sou wees om ondersoek in te stel na die Skrifgebruik van persone wie De Brès vermeld in die voorwoord van sy eerste boek '*Le baston de la foy chrestienne*' (Die staf van die christelike geloof), wat enkele jare voor die opstelling van die NGB in 1555 verskyn het, is dit prakties in ons Suid-Afrikaanse situasie onuitvoerbaar omdat daar nie genoeg bronne beskikbaar is nie.

Daar moet ook in gedagte gehou word dat die NGB na die aanvanklike opstelling in 1561 eers tydens die Sinode van Dordt (1618-19) finaal as belydenisskrif deur die reformatoriese kerke in die Nederlande aanvaar is. Derhalwe moet die Skrifgebruik in die NGB ook teen die agtergrond van die vroeë Ortodoksie in die Nederlande verstaan word.

Die hieropvolgende oorsig van die Skrifuitleg voor en tydens die Hervorming dien as agtergrond om De Brès as eksegeet beter te verstaan.

## 2. SKRIFUITLEG VOOR DIE HERVORMING

### 2.1 Vroeë Joodse en Christelike tydvak

Die *vroeë Joodse uitleg* het 'n onderskeid tussen die letterlike betekenis van die Ou Testament (*peshat*) en die toepassing van die rabbi's se mondelinge tradisie in verband met die uitleg van die Ou Testament (*midrash*) getref. Hierdie onderskeid moet egter uiters versigtig hanteer word omdat selfs die letterlike uitleg ook in verband gestaan het met die tradisionele uitleg wat deur die Joodse gemeenskap as gesaghebbend aanvaar was (Childs 1977:80-81).

Die brug tussen die vroeë Joodse en Christelike Skrifuitleg en die Kerkvaders word veral deur *Philo* van Alexandrië geslaan. Volgens Plato kon 'n idee nooit volledig deur 'n enkele woord omskryf word nie en moes verskillende woorde gebruik word om reg aan 'n idee te laat geskied. Philo het onder invloed van die Platonisme Ou-Testamentiese tekste aan omvattende allegorisering onderwerp. Hiervolgens verwys 'n woord nie bloot na 'n objek in die werklikheid nie en is 'n woord veel eerder 'n simbool wat nie in isolasie verstaan kan word nie. Daarom word daar na 'n woord se 'geestelike' of 'dieper' betekenis gesoek deur van allegoriserende assosiasies en vergelykings gebruik te maak. Tog handhaaf Philo steeds die letterlike betekenis van 'n woord. Die letterlike en die geestelike betekenis word met die verhouding tussen liggaam en siel vergelyk. Sodoende word die letterlike verstaan gerelativeer tot die blote draer van betekenis wat tot volle ontplooiing met die allegoriserende of geestelike verstaan kom (De Knijff 1980:13-14).

Die eksegete van die *Qumrangemeenskap* beklee 'n besondere posisie in die vroeë Joodse uitleg. Heilsprofesieë van veral die Ou-Testamentiese profete word op die Qumrangemeenskap self betrek omdat hulle die eerste eeu vC as die eindtyd beskou (Bruce 1979:411). Aangesien die heil wat voorspel is met die totstandkoming van dié gemeenskap in vervulling tree, kan daar van 'n

beloftevervulling skema sprake wees wat as grondslag vir hulle eksegese dien. Die eksegese van die *vroeë christene* in die eerste eeu nC kom in breë trekke met die vroeë Joodse verklaringsmetodes ooreen. Met letterlike, allegoriese en tipologiese uitleg word noue aansluiting met die Ou Testament gevind en die Hebreërbrief is veral deurspek met voorbeelde hiervan. Verklaarders het in hierdie tydvak probeer om 'in alles in die Ou Testament 'n aanduiding en aankondiging van Christus' te probeer vind (Helberg 1983:12). Die Christologiese interpretasie van die Ou Testament veronderstel waarskynlik 'n beloftevervulling skema wat met behulp van heersende verklaringsmetodes die samehang tussen Christus en die Ou Testament wou uitwys (Hay 1976:443).

## 2.2 Die Kerkvaders

Die Kerkvaders in *Alexandrië* het die Bybel op letterlike, morele en allegoriese wyse geïnterpreteer. Al het *Origenes* (185-254) die letterlike betekenis erken, lê hy klem op die allegoriese betekenis as die 'eintlike' betekenis. Moeilik verstaanbare Skrifgedeeltes het daartoe aanleiding gegee dat Origenes die allegories bepaalde geestelike of figuurlike betekenis bo die letterlike verkies. Daarmee word die interpretasie van teenstrydige historiese gegewens en aanstootlike moraliteit moontlik gemaak. Die allegories bepaalde geestelike betekenis van die Bybel is volgens Origenes deur God geïnspireer en bevat geen teenstrydigheid nie (Schäfer 1980:42-44). Allegoriese uitleg het dit moontlik gemaak om teologiese oortuigings in die Bybel 'in te lees' en daarmee word die Bybel aan die eksegeet se veronderstellings uitgelewer. Waar die letterlike betekenis met die eksegeet se teologiese veronderstellings bots, word daar van allegorie gebruik gemaak om dit met die eksegeet se teologiese beskouing te laat klop.

Die Skrifuitleggers van *Antiochië* (Sirië) het op hulle beurt die letterlike, historiese en tipologiese verklaring van die Bybel bepleit. Hiermee word die Bybel aan 'n historiese ondersoek onderwerp wat die letterlike betekenis as uitgangspunt neem en die allegoriese interpretasie as spekulasie verwerp. Sodoende ontstaan daar 'n historiese verhouding tussen Ou en Nuwe Testament waarvolgens historiese gebeurtenisse mekaar opvolg en 'n klimaks met die koms van Christus bereik (De Knijff 1980:18-21). *Theodorus van Mopsuestia* (†429) pas 'n histories-letterlike verklaring van die Bybel toe omdat dit aanleiding gee tot 'n 'unified record of God's redemptive work in time' (Fuller 1980:865). Die histories-letterlike uitleg veronderstel dat die Bybel se letterlike betekenis genoeg van die verskillende teksgedeeltes se historiese ontstaanswerklikheid reflekteer om as die 'eintlike' betekenis van 'n teksgedeelte beskou te word. Waar die letterlike

betekenis egter nie sin uitgemaak het in die opeenvolging van historiese gebeure nie is daar van tipologiese uitleg gebruik gemaak. Ou-Testamentiese figure, gebeurtenisse, profesieë en gebooie word as tipes beskou wat in die Nuwe Testament, veral in Christus, in vervulling tree (De Knijff 1980:20). Daarmee word die verhouding tussen Ou en Nuwe Testament ingrypend deur die tipologiese interpretasie beïnvloed aangesien talle Ou-Testamentiese figure en gebeure tipologies met Christus as Messias in verband gebring word. Die onderskeid tussen allegorie en tipologie is nie so waterdig as wat aanvanklik vermoed is nie!

*Augustinus* (†430) probeer om die letterlike en allegoriese interpretasie van die Bybel te kombineer deur tussen 'teken' (*signum*) en 'saak' (*res*) te onderskei. Onder indruk van die skeppings- en sakramentsleer en as gevolg van die invloed van die Neoplatonisme kom Augustinus tot die gevolgtrekking dat die geskape werklikheid 'n verwysende karakter het - elke 'teken' verwys na 'n dieperliggende 'saak' (De Knijff 1980:23-24). In 'n tyd van heftige leerstellige kontrovers stel Augustinus egter die voorbehoud dat die uitleg van die Bybel met die tradisionele leer van die kerk moet ooreenstem en dat dit moet klop met die norme van liefde vir God en liefde vir die naaste (Frör 1967:22; Helberg 1983:14). *Cassianus* (†435) brei Augustinus se tweeledige interpretasie uit en ontwikkel 'n vierledige uitleg van die Bybel: die letterlike (wat gebeur het), die allegoriese (wat jy moet glo), die morele (wat jy moet doen) en die anagogiese (wat jy moet nastreef).

## 2. 3 Die Middeleeue

Die vierledige uitleg van die Bybel word gedurende die Middeleeue gehandhaaf en die tradisie van die Kerkvaders se uitleg en die leerstellige uitsprake van konsilies was van deurslaggewende belang vir die interpretasie van die Bybel. *Thomas Aquinas* (†1274) dring, in 'n tydperk waarin die allegoriese interpretasie hoogty vier, daarop aan dat die letterlike betekenis (*sensus literalis*) prioriteit moet geniet (Benrath 1971:36). Hy beskou die letterlike betekenis as die enigste betekenis van die Bybel, wat op sy beurt deur die bedoeling van die Bybelskrywer bepaal word en in finale instansie met die bedoeling van God gelykgestel word (Childs 1977:84-85). Hiermee word gepoog om die letterlike betekenis van die Bybel 'n teologies normatiewe rol te laat speel (Preus 1969:3).

Onder invloed van *Joodse geleerdes* soos Rashi en Abraham ibn Esra het *Nicholas van Lyra* (†1349) die histories-letterlike betekenis beklemtoon en nie net die Vulgata nie maar ook die Hebreeuse teks van die Ou Testament bestudeer (Schäfer 1980:84). Hy is veral bekend vir sy teorie oor die 'dubbele letterlike betekenis'

(*duplex sensus literalis*). Hiervolgens voer hy aan dat die Nuwe Testament se interpretasie van die Ou Testament ook so letterlik verstaan moet word (Childs 1977:85). Te midde van 'n klem op die letterlike betekenis word die Ou Testament steeds deur die bril van die Nuwe Testament gelees en verstaan. Sy invloed kan later so duidelik by Luther bespeur word dat daar 'n 'rympie' ontstaan het: 'as Nicholaas nie op sy lier gespeel het nie, sou Luther nie gedans het nie' (Fuller 1982:865).

Dit blyk dus dat die Middeleeue op eksegetiese gebied nie so 'donker' was as wat dikwels aanvaar word nie. Die wortels van die Hervorming se vernuwing hou onweerlegbaar verband met tendense in Skrifuitleg wat reeds in die Middeleeue na vore getree het.

## 2.4 Die Humanisme

Gedurende die laat vyftiende eeu ontstaan daar verset teen die Middeleeuse Skolastiek en veral teen die eksklusiewe posisie van die *Vulgata* (Latynse vertaling van die Bybel). Die Humanisme se slagspreuk 'terug na die bronne' (*ad fontes*) is kenmerkend van die hernude belangstelling in die Hebreeuse en Griekse manuskripte van die Bybel wat die grondslag van hulle Skrifondersoek vorm (Hayes & Holladay 1983:22). In samehang met die belangstelling in die klassieke letterkunde tree daar by hulle 'n sterker historiese bewussyn na vore. *Erasmus* van Rotterdam (1469-1536) het daarom die letterlike betekenis en die historiese konteks van die Bybel as belangrik beskou (Deist & Burden 1980: 84-85). Tog het Erasmus ook waardering vir Origenes as eksegeet gehad en het hy self nie geskroom om te allegoriseer nie (Schäfer 1980:88-89). Allegorisering bly in hierdie tydvak steeds die gebruiklike metode om die 'geestelike' betekenis vanuit die letterlike betekenis af te lei, wat op sy beurt in noue verband met die uitlegger se teologiese standpunt staan (Liebing 1961:1528). Hoewel Erasmus se interpretasie van die Bybel sterk etiese trekke vertoon, kan sy teologiese standpunt oor die algemeen as 'n *doctrina Christi* getipeer word (Stierle 1971:60). Erasmus se beklemtoning van die Griekse teks van die Nuwe Testament gee aanleiding tot sy samestelling van die *textus receptus*, wat later as grondslag vir die Hervormers se Bybelvertalings dien.

*Johannes Reuchlin* lewer 'n besondere bydrae tot die studie van die Ou Testament. Sy Hebreeuse grammatika vergemaklik die grammatieshistoriese interpretasie van die Ou Testament en word later met groot vrug deur die Hervormers gebruik.

*Faber Stapulensis* het naas sy filologiese bydrae tot die verbetering van die Vulgatateks ook die rol van die Heilige Gees in die

eksegese na vore gebring. Hy verwerp die historiese verstaan van die Bybel en besluit dat die Bybel, slegs deur die inwerking van die Heilige Gees op die eksegeet, letterlik as profeties-christologies verstaan kan word. Sy tipologiese uitleg van die Ou Testament in die lig van die Nuwe Testament vervlugtig die afgrensing van die twee Testamente en Faber het 'n betekenisvolle invloed op Luther uitgeoefen (Stierle 1971:60-61).

## 3. SKRIFUITLEG GEDURENDE DIE HERVORMING

Nadat Guido de Brès sy geloofsbelydenis (*Confession de foy*) gedurende die nag van 1 en 2 November 1561 oor die kasteelmuur van Doornik se landvoog 'afgelewer' het, word 'n soektog na De Brès se skuilplek van stapel gestuur. Eers op 10 Januarie 1562 word die tuinhuisie ontdek waar De Brès werksaam was en word daar op sy boekery, briewe en dagboeke beslag gelê. Volgens 'n brief aan die landvoogdes van die kommissarisse wat die soektog onderneem het, word die volgende Hervormers se boeke gevind: 'CALVIN, LUTHER, MELANCHTON, OCOLAMPADIUS, ZWINGLIUS, BUCERUS, BULLINGERUS, BRENTIUS ...' (Langeraad 1884:46). Die fokus op die Skrifuitleg gedurende die Hervorming word bepaal deur die boeke en geskrifte waartoe De Brès toegang gehad het ten tye van die opstelling van die NGB.

### 3.1 Johannes Oecolampadius (1482-1531)

Na Oecolampadius sy studie in die klassieke tale en teologie aan die universiteit van Heidelberg voltooi, is hy behulpsaam met die druk van Erasmus se Nuwe Testament in Grieks en word hy deur die Humanisme beïnvloed. Tydens sy verblyf in Augsburg (1520-22) kom hy onder Luther se invloed en skaar hy homself by die Hervorming (Greschat 1981:118-122). Hy verhuis in 1522 na Basel om sy vertaling van Chrusostomos, die beroemde prediker van die Antiocheense skool van Skrifuit-leggers, te laat druk en kom sodoende met Zwingli in aanraking (Jedin 1967:176).

Vanuit sy talle Bybelkommentare is dit duidelik dat die Ou en Nuwe Testament as wet en evangelie geen teenstelling vorm nie en dat hy, soos Zwingli, geen dubbele uitverkiesing aanvaar nie. In sy gesprek met Basel se Wederdopers dra die argumente van die Kerkvaders, naas die Bybel, groot gewig (Neuser 1980:200-201).

As lid van Zwingli se afvaardiging neem hy deel aan die gesprek met Luther oor die nagmaal te Marburg in 1529. Nadat Oecolampadius en Zwingli naas Skrifbewyse ook rasionele argumente ten gunste van 'n simboliese beskouing van die nagmaal aanvoer, roep Luther uit: 'Rede, filosofie en wiskunde hoort nie hier nie ...'

(Oberman 1981:163). Dit bly 'n ope vraag of die rasionele tendens in die argumentvoering die resultaat van 'n Humanistiese opvoeding was.

In 1530 stel Oecolampadius 'n geloofsbelydenis op wat in die daaropvolgende jaar vir sinodale goedkeuring in Basel voorgelê word. Na sy dood aan die pes in 1531, werk Muconius die belydenis van Basel breër uit met Skrifbewyse wat veral teen die Rooms-Katolieke en die Wederdopers gerig is (Doekes 1979:42). Dit is opvallend dat hierdie belydenis, wat tot in 1872 deur Basel onderskryf word, ooreenstemmende polemiese trekke met die NGB vertoon.

### 3.2 Martin Luther (1483-1546)

Luther benadruk die letterlike interpretasie van die Skrif in noue samehang met 'n teologiese verstaan daarvan en beweeg daarmee van die bestaande viervoudige Skrifsin weg (Childs 1977:86). As deel van die letterlike verstaan lê Luther klem op die grammatikale ondersoek en die historiese sin van die Bybel wat sterk Christologies bepaal is. Sodoende behels die letterlike sin filologiese, historiese en 'heilshistoriese' aspekte (De Knijff 1980:41). Allegorie word wel toegelaat in soverre die Nuwe Testament dit ten opsigte van die Ou Testament gebruik - Galasiërs 4 is 'n goeie voorbeeld daarvan. Daarom het Luther se gebruik van allegorie gewoonlik 'n Christologiese en 'n 'heilshistoriese' grondslag (Kooiman 1977:164). Dit blyk dus dat die letterlike interpretasie telkens 'n Skrifgedeelte se verband met Christus in ag neem en dat dit op 'n kombinasie van die *sensus literalis* as *sensus grammaticus* en die *sensus propheticus* neerkom. Onder invloed van Faber Stapulensis het Luther 'in die gees van die profete' die letterlike betekenis op Christus van toepassing gemaak (Bornkamm 1948:75).

Hoewel Christus die kern van Luther se letterlike interpretasie was, het hy die geestelike sin van die Bybel tropologies of moreel verstaan en dit op die bestaan van die christen van toepassing gemaak. Hiermee word die letterlike verstaan van die Skrif se konsekwente samehang met Christus 'n dinamiese of aktiewe werklikheid in die lewe van die eksegeet (De Knijff 1980:41). Daarom speel die ervaring van die eksegeet 'n belangrike rol in Luther se verstaan van die Bybel. Hierdie ervaring weerspieël die konkrete konteks van die eksegeet en moet deur die Heilige Gees 'verhelder' word (Hendrix 1983:234-35).

Luther se basiese hermeneutiese grondbeginsels was: sy klem op die Skrif alleen (*sola scriptura*), sy aanvaarding dat die Skrif helder en verstaanbaar is (*claritas scripturae*) en sy metode om 'n

Skrifgedeelte in die lig van ander Skrifgedeeltes te verstaan (*scriptura sui ipsius interpres*) (Feld 1977:102). Die beginsel van 'Skrif alleen' (*sola scriptura*) is egter afhanklik van 'n meer grondliggende veronderstelling naamlik 'Christus alleen' (*solus Christus*). Aangesien die samehang met Christus die saaklike kern van die kanon vir Luther vorm, lei dit tot kritiese vrae rondom die kanonisiteit van Bybelboeke soos Ester en Jakobus, waar daar vir hom onsekerheid oor hulle Christologiese aard bestaan het.

Ebeling (1964) voer samevattend aan dat Luther se teologie eintlik eksegese is en dat sy hermeneutiek gekenmerk word deur Christus as die algemene skopus van die Skrif en die eksegeet se persoonlike betrokkenheid by die verstaan van die Skrif (Stierle 1971:64-65, De Knijff 1980:45).

### 3.3 Huldrych Zwingli (1484-1531)

Zwingli het as student in Wenen en Basel met die Humanisme in aanraking gekom en is veral deur sy persoonlike kontak met Erasmus beïnvloed. Tog kan Zwingli beswaarlik 'n Humanis genoem word omdat sy beklemtoning en interpretasie van die Bybel se grondtale (*ad fontes!*) sterk deur Augustinus beïnvloed was. Sy ontmoeting met Luther in 1519 laat hom reeds vanaf 1520 op hervormings in Zürich aandring (Berkhof & De Jong 1973:154). Vanuit die samestelling van Zwingli se biblioteek en sy kantaantekeninge is dit duidelik dat hy enduit 'n Humanistiese ondertoon gehad het (Locher 1981:211). Hierdie ondertoon word gereflekteer deur sy teologiese klem op die antropologie en die soteriologie.

Sy kommentare vertoon 'n histories-filologiese benadering tot Skrifuitleg met 'n besondere belangstelling vir die retorika. Hy onderskei verder tussen die Bybel se letterlike, morele en mistieke betekenis (*sensus literalis*, *sensus moralis* en *sensus mysticus*). Zwingli se gebruik van die allegorie vertoon beïnvloeding deur Origenes en word metodies begrens deur die *analogia fidei* en ooreenstemmende Skrifgedeeltes (Stierle 1971:80-82). Daar bestaan vir hom 'n besondere verhouding tussen Gees en Woord en vergelyk dit met 'n perdekar. Volgens die beeld is die Gees soos die perd en die letters van die Skrif soos die tuie van die perd wat moet saamwerk om die perdekar te trek (Neuser 1980:179).

In 1523 organiseer Zwingli 'n openbare dispuut in Zürich oor die korrekte prediking van die evangelie en sy '67 artikels' word deur die aanwesiges aanvaar. Hoewel die '67 artikels' nooit amptelik as belydenisskrif aanvaar is nie, het dit tog 'n belangrike samevatting van die vroeë Hervorming se leerstellings in Switserland gevorm. Naas die kritiek op die Roomse siening van

die mis en die vagevuur het dit veral die Bybel, as Woord van God, as beslissend vir die kerk se leer en lewe beskou (Doekes 1979:33-34).

Nadat Zwingli nie met Luther tot 'n vergelyk oor die nagmaal kon kom nie en die *Confessio Augustana* in 1530 deur die Lutherane aanvaar word, skryf hy sy *Fidei Ratio* ('Geloofsverklaring'). Hierin polemiseer hy nie net teen die Rooms-Katolieke kerk nie maar ook teen die Lutherane en die Wederdopers (Doekes 1979:38-41). Opvallend is sy siening van die erfsonde as 'n 'siekte' en sy sinnebeeldige beskouing van die nagmaal, wat beide 'n sterk rasionele inslag vertoon.

Zwingli se nasionaal-politieke simpatie laat hom as veldprediker meedoen aan die gewapende stryd tussen die hervormingsgesinde en roomse Switsers en sneuwel tydens die slag van Kappel in 1531 (Berkhof & De Jong 1973:157).

## 3.4 Martin Bucer (1491-1551)

Bucer, die hervormer van Straatsburg, weerspieël in sy teologie die invloed van Erasmus en Luther en dien as wegbereider vir Calvyn (Hägglund 1983:201). Hy dien as skakel tussen die Lutherse en Zwingliaanse hervorming en sy gedagtes oor uitverkiesing en regverdiging, geloof en werke, kerkorde en sakramente vind later by Calvyn weerklank (Berkhof & De Jong 1973:168).

Bucer se teologie word as 'Skrifteologie' getipeer omdat hy telkens die Bybelteks as uitgangspunt neem sonder om hom aan 'n wettiese afhanklikheid van die Skrif skuldig te maak (Stupperich 1981:265). Sy Skrifuitleg word gekenmerk deur 'n streng verbondenheid aan die teks en veronderstel 'n vryheid wat alleen deur die Heilige Gees aan die eksegeet verleen word. Christus vorm nie die skopus van die Skrif nie, soos by Luther die geval is, maar wel die verordening tot geloof en liefde (*nucleus pietatis*). Hy gebruik 'tropologiese' eksegese om die etiese aanspraak van die Skrif op die mens na vore te bring. Die Ou Testament word Christologies verstaan en vorm deel van 'n heilshistoriese skema van belofte en vervulling. Bucer se Humanistiese agtergrond gee aanleiding tot 'n miskenning van die Bybel se historiese ontstaansomstandighede en lei tot 'n beklemtoning van die Bybel as die bron van 'geestelike waarhede' (Stierle 1971:82-84).

Sy sosiaal en eties gerigte teologie lei in 1545 tot die stigting van 'n 'christelike gemeenskap' waarvan die lede volgens die evangelie se eise van naasteliefde moes lewe. Dit bring hom in onguns by Straatsburg se owerheid en hy vlug in 1549 na Engeland, waar hy in 1551 as professor aan Cambridge sterwe (Greschat

1981:25-26). Dit kan terloops opgemerk word dat Guido de Brès tydens sy verblyf as vlugteling in Engeland persoonlik met Bucer in aanraking was.

## 3.5 Philipp Melanchthon (1497-1560)

Melanchthon, 'n familielid van Johannes Reuchlin, word na 'n Humanisties georiënteerde opleiding in Heidelberg en Tübingen aangestel as professor in Grieks aan die universiteit te Wittenberg in 1520 (Scheible 1981:76-77).

Volgens Hansjörg Sick (1959:7-144) kan sy Ou-Testamentiese hermeneutiek in drie fases verdeel word. Die eerste fase geskied in navolging van Luther, sy kollega te Wittenberg. Hy vermy die allegorie en lei van 'n letterlike interpretasie van die Bybel 'n Christologiese uitleg van die Ou Testament af. Na 1525 begin 'n tweede fase met die sterker beklemtoning van die Humanistiese retoriek. Melanchthon maak nou meer van tipologie in sy eksemplariese uitleg van die Ou Testament gebruik. Gedurende die derde fase konsentreer hy op die toepassing van die Skrif in die konkrete situasie van die Kerk. Onder invloed van die retorika en dialektiek word die interpretasie van die Skrif meer rasioneel van aard en ontwikkel hy 'n heilshistoriese teologie wat swaar op 'n tipologiese en eksemplariese eksegese steun.

Melanchthon se Skrifgebruik lei tot 'n logies geordende sisteem van Skrifgegewens wat as basiese uitgangspunte of teses in die teologie gebruik kan word (Schäfer 1980:102). Sy *Loci communes* van 1521 kan as die eerste omvattende sistematiese werk van die Hervorming beskou word. Hierdie benadering om die 'kern' van die Bybel se boodskap sistematies weer te gee het 'n belangrike invloed op die daaropvolgende Lutherse teologiese refleksie uitgeoefen. Dit is daarom belangrik om daarop te let dat Melanchthon die skrywer van die belangrikste Lutherse belydenisskrif tydens die Hervorming, die *Confessio Augustana*, was (Lohse 1980:74-75). Hiermee word Luther se eksegetiese insigte deur Melanchthon gesistematiseer om as verweer teen die heftige kritiek van die Rooms-Katolieke kerk te dien.

## 3.6 Johannes Brenz (1499-1570)

Brenz, die hervormer van Schwäbe, ontvang ook 'n Humanistiese opvoeding en was in sy jongdae met Oecolampadius en Bucer bevriend. Eersgenoemde het hom Grieks geleer en later was hy laasgenoemde se Griekse leermeester (Lohse 1980:131). Sy werk toon egter weinig Humanistiese beïnvloeding en selfs die retorika vind bykans geen neerslag by hom nie.

Brenz se Skrifbeskouing word deur die klem op die Woord en die Gees bepaal. In sy vroeë kommentare is dit veral die Woord wat die kloof tussen God en mens oorbrug, terwyl die latere kommentare Christus as die Middelaar tussen God en mens benadruk. Sy siening van die werk en invloed van die Gees verhinder dat hy die kenmerkende Lutherse onderskeid tussen wet en evangelie op die spits dryf (Stierle 1971:84).

Die prediking vorm die bron waaruit Brenz se eksegetiese arbeid voortspruit en sy preke word deur hulle aktualiteit gekenmerk. Hoewel Brenz 'n getroue navolger van Luther was, lê hy minder klem op die onderskeid tussen wet en evangelie. Beide die ortodoksie en die piëtisme het later by sy teologiese besinning aansluiting gevind (Brecht 1981:173-174).

Brenz verwerf ook bekendheid as skrywer van die *Confessio Virtembergica* in 1551. Hiermee wou hy aantoon dat die Augsburgse belydenisskrif met die leer van die apostels en die vroeë katolieke kerk ooreenstem (Doekes 1979:81).

### 3.7 Heinrich Bullinger (1504-1575)

Bullinger word tydens sy skoolopleiding aan die '*devotio moderna*' blootgestel en op die universiteit van Keulen kom hy in aanraking met die Thomisme, Humanisme (Erasmus) en die Hervorming (Luther en Melanchthon). Na sy terugkeer na Switzerland ontmoet hy vir Zwingli in 1523 en word nie net deur hom beïnvloed nie, maar tree ook in 1531 as Zwingli se opvolger in Zürich na vore. Hy oefen 'n wye invloed uit met sy deelname aan die opstelling van verskeie belydenisskrifte waarvan die *Helvetica prior* (1536) en *Helvetica posterior* (1566) die belangrikste is (Doekes 1979:44,49).

Met sy praktiese en pastorale belangstelling vervul Bullinger 'n belangrike funksie in die Switserse hervorming van die sestiende eeu. Hy het, al was dit nie doelbewus nie, 'n bemiddelende rol tussen Lutherane en Calviniste gespeel en was selfs bereid om die Rooms-Katolieke en Wederdopers as kerk van Jesus Christus in eie reg te erken - 'n buitengewoon ireniese standpunt vir sy tyd (Gäbler 1981:208).

Bullinger se Skrifbeskouing word gekenmerk deur 'n rasionele en pneumatiese motivering van die Skrifgesag, wat by die latere Ortodoksie aansluiting vind (Neuser 1980:226-227). Die Skrif word nou die bron van wysheid, vroomheid, kerkleiding en kerkleer en is nie maar net 'evangelie' nie. So word dit moontlik geag om die sin van die Skrif vir alle lewensterreine rasioneel te ontsluit (Büsser 1981:379). Bullinger se etiese klem in sy Skrifuitleg hou met die Humanisme en sy belangstelling in die

klassieke verband (Büsser 1985:6). Sy uitleg van die Skrif konsentreer op die letterlike betekenis van die teks en op die verklaring van 'n moeilike teksgedeelte aan die hand van 'n meer duidelike teksgedeelte (*scriptura ipsius interpres*). Hy aanvaar dat die apokriewe boeke wel aan die gemeente voorgelees kan word maar weier dat dit as selfstandige bewys vir leerstellige argumente gebruik word.

Dit is belangrik om in gedagte te hou dat Bullinger 'n onmiskenbare invloed op die hervorming in die Suid-Nederlande gehad het (Rutgers 1980:31-32).

### 3.8 Johannes Calvyn (1509-1564)

Calvyn verwerp die 'geestelike' (*sensus spiritualis*) en die 'mistiese' betekenis (*sensus mysticus*) van die Bybel en hy beklemtoon die grammaties-historiese konteks van 'n Skrifgedeelte waarbinne die letterlike betekenis (*sensus literalis*) bepaal moet word. Enige verskil tussen 'n Skrifgedeelte se letterlike en geestelike betekenis word verwerp omdat die letterlike betekenis volgens Calvyn reeds die geestelike betekenis inkorporeer (Childs 1977:87). In navolging van Chrusostomos moet eksegese volgens Calvyn die teks self aan die woord stel (Ganoczy 1980:617). Volgens H-J Kraus (1968:329-341) het Calvyn die volgende eksegetiese beginsels gehad: die helder en bondige uitleg van die Skrif, die sensitiwiteit vir die bedoeling en konteks van die Bybelskrywer, die respek vir die grammatiese aspekte van die Bybel se teks en die aanvaarding dat Christus die skopus van die Skrif vorm.

Calvyn se siening van inspirasie lei tot die beskouing dat alles in die Bybel vir hom Woord van God is en dat die verstaan van die Woord slegs deur die Gees se verligting moontlik gemaak word. In teenstelling met die Wederdopers word die 'innerlike' werk van die Gees (*testimonium spiritus sancti internum*) aan die Skrif gekoppel en is daar nie van onafhanklike werk deur die Gees sprake nie. Teenoor die Rooms-Katolieke klem op die kerk se leerstellige outoriteit handhaaf Calvyn die standpunt dat die Skrif vir alle gelowiges toeganklik is en dat die Bybel homself verklaar. As bewyse word die innerlike werk van die Gees en die uiterlike eienskappe van die Skrif soos onder andere die feit dat God in die Skrif aan die woord kom en die hoë ouderdom van die Bybel genoem (Neuser 1980:243-244). Hierdie siening lei nie tot 'n onhanteerbare diversiteit van interpretasies nie omdat Calvyn steeds die eenheid van die Skrif vind in die feit dat dit alles Woord van God is en dat daar een Gees is wat interpretasie moontlik maak (De Knijff 1980:49-50).

Hy spreek skerp kritiek uit teenoor 'n allegoriserende Christologiese interpretasie van veral die Ou Testament. Enersyds word die eenheid van die Ou en Nuwe Testament gehandhaaf en die onderskeid tussen wet en evangelie nie op die spits gedryf nie, andersyds word daar tog 'n relatiewe verskil tussen die Testamente getref (Wendel 1963:208-212). Daarom onderskei Calvyn wel tussen die Ou Testament se 'duisterheid' en die Nuwe Testament se 'klaarheid' (Mooi 1965:42). Die Ou Testament het vir Calvyn primêr 'n opvoedende funksie (*paedagogia Dei*) wat heilshistories verstaan moet word. Beide Testamente het dieselfde inhoud (*substantia*), maar verskil ten opsigte van die bediening (*administratio*) daarvan (De Knijff 1980:50). Die Hebreërbrief se tipologiese verstaan van die Ou Testament het 'n belangrike invloed op Calvyn se interpretasie van die Ou Testament uitgeoefen (Kraeling 1969:32).

Hoewel Calvyn van Luther se Christosentriese kanonkritiek verskil, is dit tog opvallend dat hy Josua en Samuel se outeurskap van die betrokke Bybelboeke bevraagteken en dat hy die vokalisering van die hebreeuse (masoretiese) teks van die Ou Testament as 'laat' aanvaar. Soos Hieronimus beskou hy die apokriewe boeke as nuttig tot stigting van die gelowiges, maar nie as geskik vir leerstellige gevolgtrekkings nie (Mooi 1965:114).

Dit is nie altyd maklik om die bronne waarna Calvyn verwys te identifiseer nie want hy het die gewoonte gehad om op 'n vae en algemene manier na boeke en skrywers te verwys (Verhoef 1980:57). Dit is ook dikwels van sy aanhaling van Skrifgedeeltes waar.

Ten slotte kan daar opgemerk word dat Calvyn se werke, soos sy bekende Institusie, in die Suid-Nederlande gelees is; dat De Brès in 1556 waarskynlik vir Calvyn in Frankfurt ontmoet het en dat hy daarna aan Calvyn se akademie in Geneve gestudeer het (Van Itterzon 1983:98).

### 3.9 Theodorus Beza (1519-1605)

Beza se jeugjare word deur sterk Humanistiese beïnvloeding gekenmerk. Vanaf 1528 woon hy vir sewe jaar by die bekende Humanis Melchior Volmar en nadat hy die regslisensiaat in 1539 verwerf, vertrek hy na Parys om hom voltyds op Humanistiese studies toe te spits. Die reformatoriese oortuiging van Volmar en die teologiese invloed van Bullinger laat hom in 1548 na Geneve reis. In die tyd word hy vir tien jaar as professor in Grieks aan die akademie te Lausanne aangestel (Raitt 1980:765).

Calvyn stig omstreeks 1559 'n akademie in Geneve en stel Beza as rektor aan. Hierdie akademie, waar De Brès ook opleiding ontvang

het, was 'n kombinasie van 'n gimnasium en 'n teologiese fakulteit en het die Humanistiese vorm van skoling met 'n sterk teokratiese inhoud gevul (Berkhof & De Jong 1973:173). Na Calvyn se afsterwe op 27 Mei 1564 word Beza die leierfiguur in Geneve vir sowat veertig jaar.

Die moderne beoordeling van Beza se teologiese werke wissel van die afmaak as blote herhaling van Calvyn tot die kritiek dat hy die wegbereider van die Calvinistiese ortodoksie van die sewentiende eeu was. Hoewel Beza die meeste van sy teologiese werk na die formulering van die NGB skryf, moet daar in gedagte gehou word dat sy 'Belydenis van die christelike geloof' (*Confession de la foy chrestienne*) reeds in 1559 gepubliseer is en 'n goeie samevatting van sy teologie bied.

Beza toon reeds vroeër sy teologiese belangstelling en vermoëns wanneer hy in 1555-56 die 'Tabel van die uitverkiesing' publiseer. Die uitverkiesing deur God word hierin grafies as 'n proses voorgestel en verduidelik. Dit word benadruk dat die mens se heil nie uit die mens se geloof voortspruit nie maar wel uit God se raadsbesluit. Hiermee wou Beza 'n logiese sintese van God se openbaring en 'n skematiese samevatting van die uitverkiesing bied. Hoewel Beza gebruik maak van Aristoteles se logika en metafisiese begrippe, staan dit egter in diens van sy uiteindelike doel om die gelowige se sekerheid in verband met sy uitverkiesing te versterk (Fatio 1981:258-260).

Beza se 'Belydenis van die christelike geloof' (1559) is aanvanklik geskryf om vir sy eie vader te bewys dat hy nóg 'n ketter, nóg 'n goddelose mens was. Ten spyte van die werk se persoonlike aard het dit wye aanklank gevind en is dit voor die einde van die sestiende eeu vyf-en-dertig maal herdruk (Fatio 1981:263-264). In sy geloofsbelydenis behandel Beza God, die Drie-eenheid, Christus, die kerk, die sakramente en die 'laaste dinge'. Hy beklemtoon die werk van die Heilige Gees wat deur die geloof, prediking en sakramente lei tot 'n begrip van die evangelie en gemeenskap met Christus bewerkstellig.

Die moderne evaluering van Beza se teologiese werk is uiteenlopend. Bizer (1963) benadruk Beza se poging om Calvyn se leerstellinge rasioneel te bewys. Hy sluit daarmee by H.E. Weber aan wat wou aantoon dat die wortels van die 'Verligting' se rasionalisme reeds in die sestiende eeu by Beza nagespeur kon word. Kickel (1967), 'n student van Bizer, se navorsing oor die verhouding tussen rede en openbaring in Beza se teologie kom tot die slotsom dat Beza se implementering van Aristoteles se filosofie in sy teologie die oorgang na die gereformeerde ortodoksie van die sewentiende eeu moontlik maak.

Armstrong (1969), Raitt (1972), Bray (1975) en Fatio (1981) kritiseer Bizer en Kickel omdat hulle van mening is dat die skolastiese elemente in Beza se teologie oorbeklemtoon word. Die gebruik van Aristoteliese logika en sillogismes was algemeen onder gereformeerde akademici in die sestiende eeu en nie net tot Beza beperk gewees nie.

Dit blyk dus dat Beza se invloed op die oorgang tussen die Hervorming in die sestiende eeu en die Ortodoksie van die sewentiende eeu nog lank nie finaal uitgepluis is nie. Hierdie oorgang tot die Ortodoksie is van besondere belang by die bestudering van die voor-kritiese Skrifgebruik in die NGB, wat finaal tydens die Sinode van Dordt (1618-19) as belydenisskrif aanvaar is.

## 4. DIE NGB EN VOORKRITIESE SKRIFUITLEG

### 4.1 Tipering van voorkritiese Skrifuitleg

Enige poging om alle Skrifuitleg voor die 'Verligting' (agtiende eeu) ongekwalifiseerd as pre- of voorkrities te bestempel, sal seker met reg as 'n growwe en onnoukeurige veralgemening verwerp kan word. As dit egter met bepaalde voorbehoude gedoen word, moet daar besin word oor wat 'kritiese' Skrifuitleg behels.

In 'n sekere sin was die bestudering van die Bybel nog altyd krities van aard gewees. Deur die eeue heen was daar voortdurend eerlike intellektuele besinning oor hoe die Bybel verstaan moet word. Spore van tekskritiek en selfs kanonkritiek kom byvoorbeeld alreeds in die vroeë christelike Skrifuitleg voor.

Wat was die 'kritiese' wending dan wat die Skrifuitleg gedurende die 'Verligting' ondergaan het? Gedurende die agtiende eeu ontstaan daar die 'open-ended quest for truth' wat met die voorafgaande 'quest for truth limited by acceptance of an orthodoxy' gekontrasteer kan word (Rogerson 1983:18). Hiermee word daar nie ontken dat daar talle voorbeelde van vernuwing in die geskiedenis van Skrifuitleg voor die 'Verligting' was nie. Die Hervorming is 'n sprekende voorbeeld van hoe daar teenoor die heersende wyse van Skrifuitleg standpunt ingeneem is. Tog het die kritiese ingesteldheid teenoor die eksegeet se eie veronderstellings wat sy Skrifuitleg bepaal, ontbreek. Skrifuitleg voor die 'Verligting' word konsekwent deur die eksegeet se 'geloofsreëls' (*regula fidei*) bepaal en begrens.

As die Skrifuitleg voor die agtiende eeu dan as 'voorkrities' getipeer word, moet dit nie as 'n negatiewe verwerping daarvan gesien word nie. Dit is wel die identifisering van 'n 'voor-

kritiese' ingesteldheid ten opsigte van die rol wat veronderstellings in die proses van Skrifuitleg speel.

Sedert Plato word kuns as nabootsing (*mimesis*) beskou en letterkunde word daarmee die weerkaatsing van die werklikheid (Barton 1984:21). Die Skrifuitleg voor die agtiende eeu kan oor die algemeen as voorkrities en as mimeties van aard bestempel word. 'Mimetic criticism views the literary work as an imitation, or reflection, or representation of the world and human life, and the primary criterion applied to a work is that of the "truth" of its representation to the objects it represents, or should represent' (Abrams 1981:36). Hiervolgens is die teks van die Bybel 'n spieël van historiese gebeure en teologiese oortuigings en die eksegeet kan daarom historiese feite en teologiese waarhede vanuit die teks aflees. Aangesien teks en werklikheid in onmiddellike verband staan, verleen die teks van die Bybel aan die eksegeet direkte toegang tot die werklikheid waarbinne dit aanvanklik geformuleer is (Barton 1984:23-24).

Die teks van die Bybel kan ook as weerkaatsing van die eksegeet se werklikheid, byvoorbeeld van sy leerstellige beskouing, optree. 'The early phase of biblical interpretation was characterized by the assumption that the faith and practices of the communities were identical with, a reflection of, or a logical consequence of biblical materials. The faith and practices of the communities were considered divinely ordained. Similarly, the Bible was considered divinely given' (Hayes & Holladay 1983:19). Sodoende funksioneer die teks van die Bybel nie net as 'n weerkaatsing van sy aanvanklike ontstaanswerklikheid nie, maar kan dit ook die historiese omstandighede en teologiese oortuigings van die latere eksegeet weerspieël.

Die voorafgaande historiese oorsig het getoon dat die 'voorkritiese' Skrifuitleg deur 'n klem op die letterlike of op die figuurlike betekenis van die Bybel gekenmerk word. Dit blyk dat die letterlike interpretasie (byvoorbeeld die klem op die *sensus literalis*) die teks hoofsaaklik as 'n spieëlbeeld van sy ontstaanswerklikheid gesien het, terwyl die figuurlike interpretasie (byvoorbeeld die gebruik van allegorie en tipologie) die teologiese denke van die eksegeet in die teks laat weerkaats. Selfs in gevalle waar net die letterlike betekenis van die Bybel beklemtoon is, het die eksegeet se *regula fidei* nog 'n bepalende rol gespeel (Deist 1978:47).

Die Skrifuitleg na die 'Verligting' het toenemend kennis geneem van die gaping of verskil tussen die weergawe van die Bybel en die werklike gebeure waarna die Bybel verwys. Daarom het daar 'n kritiese houding ontwikkel teenoor die siening dat die ontstaans-

werklikheid van die Bybel bloot in die teks weerspieël word. Verder het die Skrifuitleg vanaf die agtiende eeu ook toenemend onder die indruk gekom van die gaping tussen die teks van die Bybel en die omstandighede van die moderne eksegeet. Derhalwe het daar ook 'n kritiese ingesteldheid ontwikkel teenoor die tendens onder eksegete om onkrities hulle eie oortuigings en voorveronderstellings telkens in die Bybel terug te vind (Runia 1984:148-149).

## 4.2 Guido de Brès as voorkritiese teoloog

Aangesien die NGB se Skrifgebruik in hoofstukke vier en vyf in besonderhede bespreek word, word hier slegs enkele aspekte aangeraak om De Brès se Skrifbeskouing in samehang met die reformatoriese teologie van die sestiende eeu te sien.

De Brès (1522-1567) moes in sy jeug as opgeleide glasskilder voortdurend met die voorstelling van Bybelse gebeure besig wees. Sy persoonlike bestudering van die Bybel laat hom voor 1547 by die Protestantisme aansluit en in 1548 word hy deur godsdiensvervolging verplig om na Engeland te vlug (Van Itterzon 1983:97).

Gedurende sy verblyf van vier jaar in London kom De Brès in aanraking met Johannes á Lasco en Martin Micron. Die aanname dat hy deur hulle teologies beïnvloed was, word gestaaf deur die feit dat hy hulle by name vermeld in die voorwoord van sy latere publikasies (Augustijn 1981:182). Johannes á Lasco stel in 1550 die *Confessio Londinensis* op en hoewel hy daarmee as 'n geesverwant van Calvyn na vore tree, vertoon sy beskouing van die nagmaal en die uitverkiesing duidelike beïnvloeding deur Bullinger (Nijenhuis 1976:36). Martin Micron, 'n student van Bullinger, skryf in 1552 'De kleyne cathechismus oft kinderleere' en in 1553 'Een corte undersouckinghe des gheloofs'. Hierdie geskrifte is die resultaat van die samevloeing van Zwinglianisme en Calvinisme omdat dit die nagmaal oorwegend simbolies interpreteer en terughoudend ten opsigte van die uitverkiesingsleer staan. Micron se Skrifuitleg word as 'voorkritisch, maar intellegent' bestempel en hy was goed vertroud met die werk van die Kerkvaders en die middeleeuse teoloë (Dankbaar 1983:330).

Na De Brès se terugkeer in die Nederlande skryf hy in 1555 'Die staf van die christelike geloof' as protes teen die Rooms-katolisisme en die Wederdopers. Sy wye belesenheid blyk duidelik uit hierdie versameling van aanhalings vanuit die Kerkvaders en kerklike konsilies. Die doel van die boek was om aan te toon dat die Reformatore die ware navolgers van die apostels en die Kerkvaders was (Augustijn 1981:182).

In 1556 moet De Brès weer vlug en kom vanweë sy teologiese studie in Lausanne en Geneve onder invloed van Calvyn en Beza. Na sy terugkeer in die Nederlande gaan hy oor tot die opstel van die NGB wat in 1561 die eerste keer gedruk word.

Die ooglopende ooreenkoms tussen die NGB en die 'Franse geloofsbelydenis' (*Confessio Gallicana*) impliseer nie dat De Brès bloot 'n slaafse navolger daarvan was nie (Langeraad 1884:118). Indien daar in gedagte gehou word dat Calvyn 'n konsep verskaf het aan die hand waarvan die *Confessio Gallicana* opgestel is, kan 'n insiggewende vergelyking getref word tussen die Skrifbeskouings van Calvyn, die *Confessio Gallicana* en die *Confessio Belgica* (NGB). Hierdie vergelyking moet in samehang met die bespreking van die NGB se dogma-historiese agtergrond in hoofstuk een gelees word.

Calvyn lei die outoriteit of gesag van die Skrif vanuit sy inhoud af. Die inhoud van die Skrif word getipeer as die openbaring van God en as die getuienis van God se 'heilswil'. Die sekerheid aangaande die Skrif se goddelike herkoms is 'n geloofsekerheid, wat vanuit die Heilige Gees se innerlike oortuiging voortspruit (Neuser 1980:296).

Die *Confessio Gallicana* vertoon 'n meer instrumentele begronding van die Skrifgesag. Naas God se openbaring deur die skeppingswerke en die onderhouding van die mens is daar die duideliker openbaring deur die Woord. Die bespreking van die Skrif se inhoud volg eers na die begronding van die Skrifgesag (Neuser 1980:296-297). Die NGB brei die instrumentele begronding van die Skrifgesag sodanig uit dat dit 'n meer rasionele karakter verkry. So word daar in artikel twee na Romeine 1:20 verwys om aan te toon dat God se openbaring in die natuur geen mens die verontskuldiging van 'n gebrek aan Godskennis toelaat nie. Aangesien daar hier geen melding van die Gees se oortuigingswerk gemaak word nie, is die implikasie dat die mens rasioneel daarvan bewus kan word. Dieselfde rasionele tendens word met die bespreking van die apokriewe boeke se gesag in artikel ses bespeur. Slegs in soverre as wat die apokriewe met die kanonieke boeke ooreenstem, kan hulle vir leerstellige bewysvoering gebruik word. Ook hier is daar nie van die Gees se getuienis sprake nie en word dit by implikasie aan die mens se rasionele vermoëns oorgelaat om die ooreenkoms te bepaal (Neuser 1980:297). Ten slotte kan daar verder op gelet word dat De Brès die uitverkiesingsleer minder as Calvyn en die 'Franse geloofsbelydenis' beklemtoon. Hy verwys net na die uitverkiesing in Christus, sonder om melding van 'n 'raadsbesluit' deur God tot die verdoemenis van sekere mense te maak. Dit is ook opvallend dat artikel 37 van die NGB nie by die *Confessio Gallicana* voorkom nie. Die behandeling van die laaste oordeel, die opstanding en die ewige lewe kan waarskynlik as 'n

troosvolle toevoeging te midde van heftige vervolging beskou word (Van Itterzon 1983:98).

Sonder om enige afbreuk aan die uitgesproke Calvinistiese karakter van De Brès se werk te doen, is dit tog duidelik dat hy ook aansluiting gevind het by 'n variasie van reformatoriese beskouinge. De Brès het met die NGB bewys gelewer dat hy selfstandig teologiese besluite kon neem en het 'n blywende stempel op die Nederlandse Calvinisme afgedruk.

### 4.3 Die NGB en die Ortodoksie

Die basiese vraag wat hier beantwoord moet word is: wat het tussen Doornik (1561) en Dordt (1519) plaasgevind? Hoekom het die NGB van 'n 'verweerskrif' na 'n 'formulier van enigheid' ontwikkel? Die antwoord kan gesoek word in die Rooms-Katolieke konsilie van Trente en die ontwikkeling van die Ortodoksie se Skrifbeskouing.

Met die konsilie van Trente (1545-1563) het die Rooms-Katolieke hulle eie leerstellige standpunt herbevestig en sleutelelemente van die Hervorming van die hand gewys (Helberg 1983:17). Op 8 April 1546 besluit Trente dat die Bybel die onfeilbare Woord van God is, maar dat die Skrifuitleg oor geloof en morele sake met die kerklike leertradisie moet ooreenstem. Die kerklike tradisie bepaal hiermee die Skrifuitleg en dit staan in skrille kontras met die reformatoriese standpunt dat die kerklike tradisie steeds aan die Skrif getoets moet word (Schäfer 1980:105).

Trente besluit verder om die Ou-Testamentiese apokriewe as gesaghebbend te aanvaar en konkludeer ook dat die Latynse vertaling van die Bybel, die Vulgata, die enigste outentieke vertaling is. Hierdie besluite vind duidelik weerklank in die reformatoriese belydenisskrifte van die sestiende eeu. Die kanon word vasgestel en die apokriewe word slegs deur die hervormers gebruik in soverre dit met die kanon ooreengestem het (Kraeling 1969:33-35). Teenoor die leerstellige gesaghebbendheid van die Vulgata handhaaf die Protestantisme die Hebreeuse en Griekse grondtekste van die Bybel as normatief (Bakhuizen van den Brink 1976:51).

Die heftige kritiek van Trente op die reformatoriese leerstellinge dwing die voorstanders van die Hervorming om hulle leerstellige standpunt te verdedig. Hierdie leerstellige konflik vind plaas teen die agtergrond van 'n ingrypende verandering van die wêreldbeeld en die opkoms van die rasionalisme.

'In defending themselves against the Roman Catholic Church, and against each other, the Protestant Churches developed rigid

doctrinal positions, in which the Bible played the subordinate role of supplying proof texts in order to justify Lutheran or Calvinistic or other Protestant positions' (Rogerson 1983:14). Die Ortodoksie brei in die Nederlande Calvyn se inspirasieleer uit om hulle Skrifbeskouing teen die kritiek te vrywaar en ontwikkel 'n verbale of meganiese inspirasieleer. So word die Bybel 'n tydlose leersisteem wat as arsenaal vir bewysplase (*dicta probantia*) in diens van die dogmatiese konflik optree. In teenstelling met die Rooms-Katolieke kwalifikasie dat die Bybel aan die hand van die kerklike tradisie verstaan moet word, handhaaf die Ortodoksie die volkome helderheid en genoegsaamheid van die Skrif as die verbaal- en meganies-geïnspireerde Woord van God (Schäfer 1980:108). Deuteronomium 12:32 en Openbaring 22:18-19 word daarom deur die Ortodoksie gebruik om aan te toon dat daar 'n verbod bestaan om iets by die Bybel te voeg of weg te neem (Doekes 1979:211). Sodoende word die gesag van die Bybel rasioneel begrond en word die Skrif 'n 'bonatuurlike' gegewene (Kraus 1982:32). Die historiese ontstaansomstandighede van die Bybel en die invloed wat die Bybelskrywers op die formulering van die Skrif gehad het, word hiermee volledig uitgeskakel (Helberg 1983:17).

Copernicus se ontdekking dat die aarde nie die sentrum van die heelal vorm nie gee aanleiding tot 'n nuwe wêreldbeeld wat moeilik met die tradisionele christelike siening daarvan gerym kan word. De Knijff (1980:58) merk tereg op: 'de protestanse bijbeluitlegging is een voortdurende worsteling met en een zich afgezetten tegen het nieuwe weten en de consekwenties daarvan'. Die ontstaan van 'n nuwe wêreldbeeld open die deur vir toenemende rasionele refleksie en stimuleer op sy beurt die rasioneel begronde reaksie van die Ortodoksie om die gesag van die Bybel bo alle kritiese twyfel te stel. Daarom word die Skrif as die onaantasbare 'oorkonde' van God se openbaring deur die Ortodoksie gepropageer en sodoende word die Bybel rasioneel teen enige kritiek verskans (Frör 1967:26).

Met die Ortodoksie bereik die voorkritiese of mimetiese manier van Skrifuitleg 'n 'hoogtepunt'. Die Bybel word die helder, genoegsame, gesaghebbende en volmaakte weergawe van sy ontstaanswerklikheid; waarbinne die eksegeet al sy dogmatiese veronderstellings weerspieël vind. Skrifuitleg word bykans oorbodig omdat die Bybel tot 'n onproblematiese weerkaatsing van die werklikheid gereduseer word.

Hoewel die NGB aanvanklik as 'n 'verweerskrif' teenoor die Rooms-Katolieke owerhede bedoel was, het dit gou as 'n kort samevatting van die Calvinistiese interpretasie van die Skrif gefunksioneer - met ander woorde as 'n gesaghebbende *repetitio scripturae sacrae* ('herhaling van die Heilige Skrif'). Nieteenstaande die feit dat

die NGB nooit 'n 'tweede bybel' wou wees of as sulks beskou is nie, het die Ortodokse Skrifbeskouing tog bygedra tot die aanvaarding van die NGB as 'formulier van enigheid'. Die feit dat die NGB oor meer as vier eeue slegs geringe wysigings ondergaan het, weerspieël iets van die samehang tussen 'n volkome verstaanbare Skrif en 'n gesaghebbende samevatting van die Skrif wat gedurende die Ortodoksie sy beslag gekry het.

## BRONNE GERAADPLEEG


Abrams, M H 1981. *A glossary of literary terms.* New York: Holt-Saunders.

Armstrong, B G 1969. *Calvinism and the Armyraut heresy.* Madison: Wisconsin University Press.

Augustijn, C 1981. Brès, Guido de (ca 1522-1567). *TRE* 7, 181-183.

Bakhuizen van den Brink, J N 1976. *De Nederlandse Belÿdenisgeschriften in authentieke teksten met inleiding en tekstvergelijkingen.* Amsterdam: Bolland.

Barton, J 1984. Classifying Biblical Criticism. *JSOT* 29, 19-35.

Benrath, G A 1971. Neue Arbeiten zur mittelalterlichen Schriftauslegung. *VuF* 16, 25-55.

Berkhof, H & De Jong, O J 1973. *Geschiedenis der Kerk.* Nijkerk: Callenbach.

Bizer, E 1963. *Frühorthodoxie und Rationalismus.* Zürich: EVZ.

Bornkamm, H 1948. *Luther und das Alte Testament.* Tübingen: Mohr.

Bray, J S 1975. *Theodore Beza's Doctrine of Predestination.* Nieuwkoop: De Graaf.

Brecht, M 1981. Johannes Brenz, in Greschat, M (Hrsg), *Die Reformationszeit* II, 103-117. Stuttgart: Kohlhammer.

Bruce, F F 1979. Theology and interpretation, in Anderson, G W (ed), *Tradition and interpretation.* Oxford: Blackwell.

Büsser, F 1981. Bullinger, Heinrich (1504-1575). *TRE* 7, 375-387.

Büsser, F 1985. Renaissance and Humanism in Zürich in the 16th Century. *NGTT* 26, 2-13.

Childs, B S 1977. The sensus literalis of Scripture: an ancient and modern problem, in Donner, H. (Hrsg), *Beiträge zur alttestamentlichen Theologie. Festschrift für Walther Zimmerli zum 70. Geburtstag.* Göttingen: Vandenhoeck & Ruprecht.

Dankbaar, W F 1983. Micron (Mikron, Micronius) Marten, in Nauta, D (red), *Biografisch Lexicon voor de Geschiedenis van het Nederlandse Protestantisme.* Deel 2. Kampen: Kok.

Deist, F E 1978. The Bible - the Word of God, in Vorster, W S (ed), *Scripture and the use of Scripture.* Pretoria: Unisa.

Deist, F E & Burden, J J 1980. *'n ABC van Bybeluitleg.* Pretoria: Van Schaik.

De Knijff, H W 1980. *Sleutel en Slot. Beknopte geschiedenis van de bijbelse hermeneutiek.* Kampen: Kok.

Doekes, L 1979. *Credo. Handboek voor de gereformeerde symboliek.* Amsterdam: Bolland.

Ebeling, G 1964. *Luther. Einführung in sein Denken.* Tübingen: Mohr.

Fatio, O 1981. Theodor Beza, in Greschat, M (Hrsg), *Die Reformationszeit* III, 255-276. Stuttgart: Kohlhammer.

Feld, H 1977. *Die Anfänge der Modernen Biblischen Hermeneutik in der spätmittelalterlichen Theologie.* Wiesbaden: Steiner.

Frör, K 1967. *Biblische Hermeneutik.* 3.Aufl. München: Kaiser.

Fuller, D P 1982. sv *'History of Interpretation'.* ISBE 2.

Ganoczy, A 1980. Hermeneutische Korrelationen bei Calvin, in Läumer, R (Hrsg) *Reformatio Ecclesiae,* 615-627. Paderborn: Schöningh.

Gäbler, W 1981. Heinrich Bullinger, in Greschat, M (Hrsg), *Die Reformationszeit* II, 197-209. Stuttgart: Kohlhammer.

Greschat, M 1981. Martin Bucer, in Greschat, M (Hrsg), *Die Reformationszeit* II, 7-28. Stuttgart: Kohlhammer.

Hägglund, B 1983. *Geschichte der Theologie.* München: Kaiser.

Hay, D 1976. sv 'Interpretation, History of.C. NT Interpretation of the OT'. *IDB Suppl.*

Hayes, J H & Holladay, C R 1983. *Biblical Exegesis. A beginner's Handbook.* London: SCM.

Helberg, J L 1983. *Verklaring en prediking van die Ou Testament.* Potchefstroom: PTP.

Hendrix, S H 1983. Luther against the background of the history of biblical interpretation. *Int* 37, 229-239.

Jedin, H (Hrsg) 1967. *Handbuch der Kirchengeschichte.* Band IV. Freiburg: Herder.

Kickel, W 1967. *Vernunft und Offenbarung bei Theodor Beza. Zum Problem des Verhältnisses von Theologie, Philosophie und Staat.* Neukirchen: Neukirchener Verlag.

Kooiman, W J 1977. *Luther en de Bijbel.* Baarn: Ten Have.

Kraeling, E G 1969. *The Old Testament since the Reformation.* New York: Schocken.

Kraus, H-J 1968. Calvins exegetische Prinzipien. *ZKG* 79, 329-341.

Kraus, H-J 1982. *Geschichte der historisch-kritischen Erforschung des Alten Testaments.* 3.Aufl. Neukirchen: Neukirchener Verlag.

Langeraad, L A 1884. *Guido de Bray. Zijn leven en werken.* Zierikzee: Ochtman.

Liebing, H 1961. sv 'Schrifauslegung IV B. Humanismus, Reformation und Neuzeit'. *RGG* 3.Aufl.

Lohse, B 1980. Dogma und Bekenntnis in der Reformation: Von Luther bis zum Konkordienbuch, in Andresen, C (Hrsg), *Handbuch der Dogmen- und Theologiegeschichte.* 2.Band. Göttingen: Vandenhoeck & Ruprecht.

Mooi, R J 1965. *Het Kerk- en Dogmahistorisch element in de werken van Johannes Calvijn.* Wageningen: Veenman.

Neuser, W 1980. Dogma und Bekenntnis in der Reformation: Von Zwingli und Calvin bis zur Synode von Westminster, in Andresen, C (Hrsg), *Handbuch der Dogmen- und Theologiegeschichte.* 2 Band. Göttingen: Vandenhoeck & Ruprecht.

Nijenhuis, W 1976. Varianten binnen het Nederlandse Calvinisme in de zestiende eeuw. *Tijdschrift voor Geschiedenis* 89, 358-372.

Nijenhuis, W 1980. *Adrianus Saravia (c. 1532-1613).* Leiden: Brill.

Oberman, H A 1981. *Die Kirche im Zeitalter der Reformation. Kirchen- und Theologiegeschichte in Quellen.* Band III. Neukirchen: Neukirchener Verlag.

Preus, J S 1969. *From shadow to promise.* Cambridge: Harvard University Press.

Raitt, J 1972. *The Eucharistic Theology of Theodore Beza.* Chambersburg: AAR.

Raitt, J 1980. Beza, Theodor (1519-1605), *TRE* 5, 765- 774.

Rogerson, J 1983. *Beginning Old Testament Study.* London: SPCK.

Runia, K 1984. The hermeneutics of the Reformers, *CThJ* 19, 121-152.

Rutgers, F L 1980. *Calvijns invloed op de Reformatie in de Nederlanden.* Leeuwaarden: De Tille.

Schäfer, R 1980. *Die Bibelauslegung in der Geschichte der Kirche.* Gütersloh: Mohn.

Scheible, H 1981. Philipp Melanchthon, in Greschat, M(Hrsg), *Die Reformationszeit* II, 75-101. Stuttgart: Kohlhammer.

Sick, H 1959. *Melanchthon als Ausleger des Alten Testaments.* Tübingen: Mohr.

Stierle, B 1971. Schriftauslegung der Reformationszeit. *VuF* 16, 55-88.

Stupperich, R 1981. Bucer, M (1491-1551). *TRE* 7, 258-270.

Van Itterzon, G P 1983. Brès, Guido de (Guy de Bray), in Nauta, D (red), *Biografisch Lexicon voor de Geschidenis van het Nederlandse Protestantisme.* Deel 2. Kampen: Kok.

Verhoef, P A 1980. Luther's and Calvin's exegetical library. *NGTT* 21, 53-65.

Wendel, F 1963. *Calvin.* London: Collins.

# 4

# Die gebruik van die Ou Testament in die Nederlandse Geloofsbelydenis

## 1. INLEIDING

Nadat die teks, oorspronklike konteks, hermeneutiese sleutels en historiese wortels van die Nederlandse Geloofsbelydenis (NGB) ondersoek is, kan die fokus nou val op die besondere wyse waarop die NGB die Skrif gebruik het om die reformatoriese leerstellings te verduidelik en te motiveer.

Hoewel 'n belydenisskrif gewoonlik as 'n 'herhaling van die Heilige Skrif' (*repetitio Sacrae Scripturae*) beskou word, word daar tog in die NGB telkens na bepaalde Skrifgedeeltes verwys en is dit nie bloot die samevatting van sogenaamde algemene Skrif- of geloofswaarhede nie. Die belydenisskrif as herhaling van en heenwysiging na die Skrif berus noodwendig op 'n bepaalde interpretasie van die Skrif. 'n Studie van die Skrifgebruik in die NGB kom dus neer op 'n ondersoek na hoe die Skrif deur die opsteller van die NGB verstaan is.

Dit is belangrik om in gedagte te hou dat die aantal verwysings na die Skrif in die verskillende uitgawes van die NGB gewissel het en dat daar ook op verskillende maniere na die Skrif verwys is. Die oorspronklike Franse uitgawe van 1561 plaas die Skrifverwysings hoofsaaklik aan die einde van elke artikel, terwyl daar in die artikels self meer algemeen na Skrifgedeeltes verwys word. Hoewel die outentieke Nederlandse uitgawe van Dordt (1619) die Skrifverwysings weglaat, was dit oorspronklik in ooreenstemming met die eerste Franse uitgawe se Skrifverwysings in die kantlyn van die NGB aangebring.

Daar moet ook 'n onderskeid tussen implisiete en eksplisiete Skrifverwysings getref word. Die klem van hierdie ondersoek val

op die Skrifgedeeltes wat in die outentieke Nederlandse teks uitdruklik aangehaal of pertinent na verwys word en wat met verwysings in die outentieke Franse teks ooreenstem. Lesers van die NGB se Afrikaanse vertaling sal dit maklik kan volg omdat die vertaling op die outentieke Nederlandse teks van die NGB gebaseer is. Daarom word die Skrifverwysings wat aan die einde van elke artikel in die outentieke Franse uitgawe verstrek word nie afsonderlik behandel nie omdat daar 'n groot mate van oorvleueling bestaan tussen die verwysing na die Bybel in die artikels en die lys van Skrifverwysings na elke artikel. Dit is verder nie altyd duidelik na watter spesifieke element van 'n artikel die Skrifverwysings aan die einde van die artikel verwys nie. Derhalwe is daar besluit om op die uitdruklike Skrifverwysings en -aanhalings in die artikels van die NGB te konsentreer wat genoeg voorbeelde bied om die Skrifgebruik van die NGB se opsteller te bestudeer (Bakhuizen van den Brink 1976:54-56).

'n Belangrike saak wat uitgepluis moet word is watter Bybelvertalings as bron vir die Skrifverwysings in die NGB gebruik was. Daar word reeds in 1556 te Emden 'n Nederlandse vertaling van die 'Zwinglibybel' uitgegee. Godfried van Wingen en Johannes Dyrkinus verwerk onderskeidelik Luther se vertaling van die Ou Testament en Jan Utenhove se letterlike vertaling van die Nuwe Testament. Die samevoeging van die verwerkte vertalings word in 1561-1562 uitgegee en staan as die 'Deux-aes Bybel' bekend wat gou geliefd onder die Calviniste geraak het (De Jong 1972:111). Hierdie vertaling is die belangrikste bron vir die Skrifaanhalings in die Nederlandse vertaling van die NGB. Dit kan terloops opgemerk word dat die Afrikaanse vertaling van die NGB nie die oorspronklike Skrifaanhalings vertaal het nie maar van die Afrikaanse Bybelvertalings gebruik gemaak het. Daar is egter 'n aantal Skrifaanhalings en -verwysings in die outentieke teks van die NGB wat eenvoudig uit Duitse of Franse Bybelvertalings oorgeneem is en ander wat skynbaar vrye aanhalings vanuit die geheue van die opsteller was (Bakhuizen van den Brink 1976:52).

Die ondersoek na die interpretasie van die Ou Testament in die NGB maak van die nuwe Afrikaanse vertaling van die NGB (1982), in samehang met die outentieke Franse en Nederlandse uitgawes, gebruik (Bakhuizen van den Brink 1976:70-146). Telkens word die verband tussen 'n aangehaalde Skrifgedeelte en die leerstelling onder bespreking in die NGB met die historiese en literêre konteks van die aanhaling in die Ou Testament vergelyk. Hier moet daar in gedagte gehou word dat die bepaling van 'n aanhaling se Ou-Testamentiese historiese en literêre konteks noodwendig die gevolgtrekkings van moderne Skrifuitleg reflekteer. Daarom lei die vergelyking tussen 'n Skrifverwysing of -aanhaling se NGB-konteks met sy Skrifkonteks nie net tot die tipering van die aard

van die NGB se Skrifgebruik nie, maar word die NGB se Skrifgebruik ook met moderne Skrifuitleg in verband gebring.

## 2. OU-TESTAMENTIESE AANHALINGS OF VERWYSINGS IN DIE NGB

### 2.1 Artikel 4: Die kanonieke boeke van die Heilige Skrif

Die NGB se verklaring dat die Ou Testament deel is van die kanonieke boeke 'waarteen niks ingebring kan word nie', is 'n verweer teen die Wederdopers van die sestiende eeu se neiging om die Ou Testament gering te skat (Polman [sa]a:201). In teenstelling met die Rooms-Katolieke inkorporering van apokriewe boeke by die kanon en die afwesigheid van 'n kanonlys by Lutherse belydenisskrifte, vermeld die NGB by name die ses-en-sestig boeke wat as kanoniek beskou word.

Die opsteller van die NGB huldig 'n tradisionele voorkritiese siening van die Ou-Testamentiese boeke se outeurskap. Hiervolgens is Moses die skrywer van die Pentateug, Dawid van die Psalms en Salomo die outeur van Spreuke, Prediker en Hooglied. So 'n standpunt kan in die lig van moderne Skrifuitleg minstens as 'n onnoukeurige veralgemening bestempel word. Dit is opvallend dat Daniël as een van die 'vier groot profete' aangedui word terwyl moderne Skrifuitleg dit nie as deel van die Profete nie maar wel as een van die Geskrifte beskou (Childs 1983:622).

Daar is ook 'n interessante verwysing na die Septuaginta se benaming, *Paralipomenon*, vir die Kroniekboeke. Die benaming veronderstel die standpunt dat Kronieke die boeke van Samuel en Konings aanvul en gegewens bied wat in hulle 'oorgeslaan' of 'weggelaat' is (Weiser 1969:323). Vandag word Kronieke as 'n selfstandige bron van historiese herinterpretasie na die ballingskap gesien en nie bloot as aanvulling nie.

### 2.2 Artikel 6: Onderskeid tussen die kanonieke en apokriewe boeke

Die onderskeid wat die NGB tussen die kanonieke boeke as 'heilige boeke' en die apokriewe boeke tref, is in reaksie op die Rooms-Katolieke besluit in 1546 om kanonieke gesag aan sekere apokriewe toe te ken.

Dit is opvallend dat slegs Ou-Testamentiese apokriewe genoem word en dat die NGB geen Nuwe-Testamentiese apokriewe vermeld nie. Die rede hiervoor is die feit dat Ou-Testamentiese apokriewe wel in die Septuaginta opgeneem was en dat die Septuaginta (die Griekse vertaling van die Ou Testament) veel meer as die Hebreeuse Ou Testament in die vroeë kerk gebruik was (Polman

[sa] a:239). Nuwe-Testamentiese apokriewe het nooit dieselfde gewildheid geniet nie en word totaal buite rekening gelaat.

Daar het 'n interessante ontwikkeling in die gebruik van die Ou-Testamentiese apokriewe plaasgevind. Waar Guido de Brès nog die moontlikheid laat dat die apokriewe in die erediens gelees kan word, het die Sinode van Dordt aanbeveel dat dit net deur lidmate gelees kan word (Vink 1967:10). Hierdie verskillende interpretasies is moontlik gemaak deur die NGB se vae formulering dat die 'kerk mag hierdie boeke wel lees', sonder enige nadere kwalifikasie. Hoewel die apokriewe boeke nog in die Statevertaling vervat was, is dit in latere gereformeerde uitgawes van die Bybel weggelaat. Ten spyte van die NGB se gekwalifiseerde gebruik van die Ou-Testamentiese apokriewe het dit later in gereformeerde geledere bykans in totale onbruik verval.

## 2.3 Artikel 7: Die volkomenheid van die heilige Skrif

Die NGB veronderstel dat 'n verbod om iets by die Bybel te voeg of daarvan weg te laat impliseer dat die Skrif volmaak en volkome is:

> En aangesien dit verbode is om iets by die Woord van God by te voeg of daarvan weg te laat (Dt 12:32), blyk dit duidelik dat die leer daarvan heeltemal volmaak en in alle opsigte volkome is.
> (Ons glo ... 1982)

Deuteronomium 12 bestaan uit 'n reeks voorskrifte in verband met die sentrale heiligdom in Jerusalem waaraan die volk gehoorsaam moes wees. Hierdie reeks voorskrifte word volgens die ou Afrikaanse Bybelvertaling (OAB) in Deuteronomium 12:32 afgesluit met die woorde:

> Alles wat ek julle beveel, dit moet julle sorgvuldig hou; jy mag daar niks byvoeg en daar niks van weglaat nie.

Die sogenaamde kanoniese formule 'jy mag daar niks byvoeg en daar niks van weglaat nie' verwys in Deuteronomium 12 na die voorskrifte oor die sentrale heiligdom en nie na die Ou Testament of die Bybel as geheel nie (Craigie 1976:130). Dit stem ooreen met die ou Nabye Oosterse oortuiging dat regsbepalings onveranderlik is. Soortgelyke oproepe word in Babiloniese, Assiriese en Egiptiese regskodekse gevind (Phillips 1973:32).

Die 'kanoniese formule' word ook in ander dele van die Ou Testament gevind. In Deuteronomium 4:2 het dit op die gehoor-

saamheid aan God se gebooie betrekking, terwyl Prediker 3:14 dit met die genoegsaamheid van God se skepping in verband bring. (Jr 26:2 en Spr 30:6 maak van 'n korter vorm van die 'kanoniese formule' gebruik). Die NGB veralgemeen dus hierdie formule wat retories in uiteenlopende vermanings gebruik word en maak dit op die volkomenheid van die Bybel as geheel van toepassing.

In skerp kontras met die Bybel as 'Goddelike Skrif' stel die NGB die 'geskrifte van mense' wat nie met 'die waarheid van God' gelykgestel kan word nie. Hiermee neem die NGB sterk standpunt teen die Rooms-Katolieke waardering vir die kerklike tradisie in. As bewys vir die onvolkomenheid van alle menslike geskrifte en besluite word 'n vrye aanhaling van Psalm 62:10 gegee: 'Alle mense is immers uit hulleself leuenaars en nietiger as die nietigheid self!'

Die OAB vertaal Psalm 62:10 soos volg:

> Ja, nietigheid is die mensekinders, leuens is die
> aansienlikes; in die weegskaal moet hulle opgaan,
> almal saam is hulle minder as nietigheid.

Psalm 62:10 verwys na die leuenagtigheid van 'aansienlikes' en die nietigheid van alle mense, wat in die psalm as geheel gekontrasteer word met die rotsvastheid van God. In verse 10-11 word 'n waarskuwing teen die vertroue op materiële besit gerig as kontras met vers 8, waarin die uitsluitlike vertroue op God bepleit word (Rogerson & McKay 1977a:63). Daarom word die onbetroubaarheid en nietigheid van 'aansienlikes' in Psalm 62:10 beklemtoon in teenstelling met God op wie die mens alleen kan vertrou.

Daar is dus geen uitdruklike verwysing in Psalm 62 na die onbetroubaarheid van menslike geskrifte nie. Die implikasie is egter dat die NGB alle mense as leuenagtig beskou en dat menslike geskrifte dus as onbetroubaar aanvaar moet word.

Hierdie radikale veralgemening van die mens se leuenagtigheid laat die vraag ontstaan na wat met die NGB as menslike geskrif van dieselfde onbetroubaarheid vrywaar. Die antwoord is geleë in die NGB se oortuiging dat die belydenisskrif se leer met die Skrif ooreenstem en dat alles verwerp word 'wat nie met hierdie onfeilbare reël ooreenkom nie'.

## 2.4 Artikel 9: Skrifgetuienis oor die Drie-eenheid

Aangesien hierdie artikel by die Franse geloofsbelydenis ontbreek, kan gelet word hoe De Brès selfstandig die Ou Testament

gebruik om die Drie-eenheid te verduidelik. De Brès sluit met sy Ou-Testamentiese aanhalings ten nouste by Cyrillus van Alexandrië, Gregorius van Nyssa en Augustinus se argumentasie in verband met die Drie-eenheid aan (Polman [sa] a:304-305). Waarskynlik neem De Brès hiermee standpunt in teen 'de meeste geestdrijvers en dooperschen' van die sestiende eeu (Polman [sa] a:315).

Die opsteller van die NGB aanvaar dat die Ou Testament op talle plekke ons leer om in die Drie-eenheid te glo. De Brès kies 'onderskeidend en oordeelkundig' die volgende teksgedeeltes:

> En God het gesê: Laat ons mense maak na ons
> beeld, na ons gelykenis ... (Gn 1:26).
>
> Toe sê die HERE God: Nou het die mens geword
> soos een van Ons ... (Gn 3:22).

Die NGB aanvaar dat die 'Ons' in beide teksgedeeltes op meer as een Persoon van God dui. Professor E E van Rooyen (1948:76) erken dat die teksgedeeltes opsigself nie die Drie-eenheid bewys nie maar voer aan dat dit 'ten minste 'n spoor van die Drieëenheid bevat'.

Calvyn (1970:43) aanvaar in sy kommentaar op Genesis dat die meervoud 'ons' na die Drie-eenheid verwys. Hy kritiseer beide Rashi se beskouing dat die meervoud na die engele verwys en die voorstel dat die meervoud as 'n *pluralis majestatus* verstaan kan word.

Moderne eksegete kon nog nie eenstemmigheid oor die interpretasie van die meervoudsvorm bereik nie. Von Rad (1972:58-59) aanvaar dat die Ou Testament hier Jahwe as omring deur hemelwesens sien en dat die meervoudsvorm op die verberging van Jahwe dui. Volgens Van Selms (1967:34-35) verwys die meervoud na die selfberaad van God en al is dit geen regstreekse bewys vir die Drie-eenheid nie is dit wel 'n *vestigium trinitatis*. Westermann (1974:200) vermoed dat die meervoud na 'n hemelse 'hofhouding' verwys wat ook in talle ander gedeeltes van die Ou Testament veronderstel word (1 Kon 22:19; Job 1:6v, 2:1v, 38:7). Hy en Brueggemann (1982:34) stel ook voor dat die meervoudsvorm ten opsigte van God gebruik word omdat God nie met mense vergelyk kan word nie.

Te midde van uiteenlopende interpretasies is die moderne eksegese tog eens dat daar nie in Genesis 1:26 en 3:22 van 'n regstreekse of onomwonde bewys van die Drie-eenheid sprake is nie.

## 2.5 Artikel 10: Die Godheid van Jesus Christus

De Brès se omskrywing van Jesus Christus se Godheid vertoon talle trekke van ooreenkoms met die geloofsbelydenis van Nicéa en Athanasius (Polman [sa]b:15).

Die NGB se formulering 'Moses sê dat God die wêreld geskape het' verwys waarskynlik na Genesis 1:1: 'In die begin het God die hemel en die aarde geskape'. Hoewel Genesis se eerste vers geen uitdruklike verwysing na enige Persoon van die Drie-eenheid het nie, word dit tog in die lig van die Nuwe Testament op Jesus Christus van toepassing gemaak om Sy Godheid en pre-eksistensie te bewys.

Dit is interessant om daarop te let dat Calvyn (1970:27-28) dit as vergesog beskou om die teksgedeelte op Christus van toepassing te maak. Hy ontken dat daar enige verwysing na die Drie-eenheid in die gedeelte bestaan.

As verdere bewys vir Jesus Christus se pre-eksistensie, wat die NGB as 'n belangrike faset van Sy Godheid beskou, word daar na Miga 5:1 verwys:

> En jy, Bethlehem Efrata, klein om te wees onder die geslagte van Juda, uit jou sal daar vir My uitgaan een wat 'n Heerser in Israel sal wees; en sy uitgange is uit die voortyd, uit die dae van die ewigheid. (OAB)

Die NGB sluit by die Nuwe Testament (Mt 2:5vv) se toepassing van die vers op die geboorte van Christus aan en interpreteer 'die voortyd, uit die dae van die ewigheid' as 'n verwysing na die pre-eksistensie van Christus.

In die nuwe Afrikaanse Bybelvertaling (NAB) word Miga 5:1 egter nie as 'n Messiaanse voorspelling verstaan nie:

> Maar jy, Bethlehem-Efrata, jy is klein onder die families in Juda, maar uit jou sal daar iemand kom wat aan My behoort en hy sal in Israel regeer. Sy begin lê ver terug, in die gryse verlede!

Die profesie verwys na 'n heerser oor Israel en die feit dat hy uit Bethlehem kom, suggereer dat hy uit die huis van Dawid stam. Beide die tydsaanduidings, 'ver terug' en 'gryse verlede', val nog binne die profeet se konsepsie van die wêreldgeskiedenis en het op die tyd van Dawid betrekking wat toe alreeds sowat drie

eeue verby was (Van der Woude 1977:167-168). Dit gaan dus nie hier om 'n 'supernatural figure' of selfs 'any ideal ruler' nie maar om 'n heerser uit die huis van Dawid (McKeating 1971:177).

## 2.6 Artikel 17: Die Verlosser deur God beloof

In hierdie artikel word God se wysheid en goedheid geprys 'waarin Hij Zich over den gevallen mensch heeft ontfermd en hem getroost heeft door de belofte van de zending van Zijn Zoon als Zaligmaker' (Polman sa b:237). Die NGB sluit by die vroeë christelike kerk se eksegese aan wat vanaf Irenaeus Genesis 3:15 as 'n belofte van Christus as Verlosser verstaan het.

Dit is insiggewend om in hierdie geval die twee Afrikaanse Bybelvertalings met mekaar te vergelyk:

> En Ek sal vyandskap stel tussen jou en die vrou, en tussen jou saad en haar saad. Hý sal jou die kop vermorsel, en jý sal hom in die hakskeen byt. (OAB)

> Ek stel vyandskap tussen jou en die vrou, tussen jou nageslag en haar nageslag. Haar nageslag sal jou kop vermorsel en jy sal hom in die hakskeen byt. (NAB)

Dit is duidelik dat die OAB 'n Messiaanse interpretasie van Genesis 3:15 veronderstel terwyl die NAB nie noodwendig die Messiaanse veronderstelling deel nie. Die vertalingsverskille wat die bewering staaf is 'saad' en 'nageslag', so wel as 'Hý' en 'Haar nageslag'.

Genesis 3:15 se *crux interpretum* is die interpretasie van die Hebreeuse woord wat deur die OAB letterlik met 'saad' vertaal word. Die NGB verstaan dit persoonlik en beskou dit daarom as 'n verwysing na Christus. Hierdie Messiaanse interpretasie het Genesis 3:15 as 'n *protevangelium* getipeer wat ook as die 'moederbelofte' bekend gestaan het.

Westermann (1974:353-354) bied 'n goeie samevatting van die moderne interpretasie van Genesis 3:15. 'Saad' word kollektief met 'nageslag' vertaal en dit gaan om die vervloeking van die slang en nie om 'n belofte van heil aan die mens nie. So ook het Calvyn (1970:109) die persoonlike interpretasie van Genesis 3:15 deur die Rooms-Katolieke gekritiseer en stel hy dit onomwonde dat dit hier om 'n versamelnaam gaan wat op die nakomelinge van die eerste mensepaar dui.

Die NGB se interpretasie van Genesis 3:15 is 'n goeie voorbeeld van voorkritiese gereformeerde eksegese. Hierdie Skrifgebruik word gekenmerk deur die verstaan van die Ou Testament vanuit die Nuwe Testament, die gepaardgaande Christologiese interpretasie van die Ou Testament, die aansluiting by die Kerkvaders se Skrifuitleg, die vrye aanhaling van Skrifgedeeltes en 'n gebrekkige aandag vir die literêre en historiese konteks van die aangehaalde Skrifgedeelte.

## 2.7 Artikel 18: Die menswording van Jesus Christus

Hierdie artikel dien as 'n verweer teen die sestiende-eeuse 'kettery van die Wederdopers, wat ontken dat Christus die menslike vlees uit sy moeder aangeneem het'. Wederdopers soos Menno Simons het geleer dat Christus se menslike liggaam vanuit die hemel afkomstig was (Vink 1972:4).

De Brès se weerlegging van die Wederdopers se geringskatting van Jesus Christus se menswording sluit ten nouste by Calvyn, Bullinger, à Lasco en Micron aan. Om te bewys dat Jesus Christus volledig 'n menslike natuur aangeneem het, beklemtoon De Brès dat die menswording 'n vervulling van God se beloftes is (Polman [sa]b:246-253). Die Skrifgedeeltes wat teenoor die Wederdopers aangehaal word, bevat telkens verwysings na Jesus se menslike voorsate; byvoorbeeld Abraham, Juda, Isai en Dawid.

Die NGB aanvaar dat die belofte van die Messias reeds deur die Ou-Testamentiese profete uitgespreek is en dat dit op Jesus Christus van toepassing gemaak kan word:

> Ons bely dat God die belofte wat Hy aan die vaders deur die mond van sy heilige profete gemaak het, inderdaad vervul het deur sy eie eniggebore en ewige Seun in die wêreld te stuur op die tyd deur Hom bepaal.

Die twee aanhalings vanuit die Ou Testament veronderstel dus 'n Messiaanse interpretasie ten einde dit op Jesus Christus te betrek. Hierdie Messiaanse veronderstelling word deur die OAB gedeel maar deur die NAB tersyde gelaat.

Die NGB haal baie vry uit Jeremia 33:15 aan, naamlik ''n spruit van Dawid'. Dit klop egter nie met die volledige teks van Jeremia 33:15 nie.

> In die dae en in dié tyd sal Ek vir Dawid 'n Spruit van geregtigheid laat uitspruit, en Hy sal reg en geregtigheid doen in die land. (OAB)

> In daardie dae, in daardie tyd, sal Ek vir Dawid 'n wettige afstammeling gebore laat word en hy sal in die land reg laat geskied en reg doen. (NAB)

Hoewel die vrye aanhaling 'spruit van Dawid' nie heeltemal met die letterlike vertaling 'Spruit van geregtigheid' (OAB) ooreenkom nie, stem dit wel ten opsigte van die Messiaanse interpretasie ooreen.

Jeremia 33:15 bevat 'n belofte van die Suidryk (Juda) se herstel, sonder om uitdruklik na die Messias te verwys. In die lig van Jeremia 33:17 dui die belofte nie net op 'n enkele koning nie maar sluit dit die hele dinastie van Dawid in (Bright 1965:296). Jeremia 33:14-26 ontbreek in die Septuaginta en bestaan uit 'n reeks beloftes oor die Dawidiese dinastie wat na die ballingskap bygevoeg is (Thiel 1981:37).

Die tweede verwysing na die Ou Testament (Jes 11:1) lui in die oorspronklike Nederlandse uitgawe van die NGB 'een scheut uyt de wortel Jesse' en in die Afrikaanse vertaling ''n loot uit die wortels van Isai'. Beide die OAB en die NAB vertaal dit as 'n 'takkie' wat 'uitspruit uit die stomp van Isai'. Daar bestaan dus 'n verskil tussen die Nederlandse en Afrikaanse tekste van die NGB ten opsigte van 'wortel' en 'wortels', sowel as 'n verskil tussen die aanhaling van die NGB en die Afrikaanse Bybelvertalings ten opsigte van 'wortel(s)' en 'stam'. Van groter belang is die Messiaanse interpretasie wat in die OAB se opskrif van Jesaja 11 ('Die voorspoedige regering van die Messias') gereflekteer word en die ontbreking van 'n uitdruklike Messiaanse interpretasie in die NAB.

Isai word genoem as oervader van die dinastie van Dawid en die 'loot/takkie' dui op 'n afstammeling van Dawid wat in die toekoms sal regeer (Wildberger 1980:439-447). Die uitbeelding van Isai met 'n 'stomp' veronderstel dat Dawid se dinastie swaarkry en die 'loot' verwys na 'n nakomeling van Dawid wat die troon na die swaarkry sal herower (Clements 1980:122).

Romeine 15:12 verstaan Jesaja 11:10, en implisiet Jesaja 11:1, as 'n heenwysing na Jesus Christus en die NGB sluit by hierdie interpretasie aan. Soos die NAB dit egter ook aangevoel het, is daar niks in die oorspronklike historiese en literêre konteks van Jesaja 11:1 wat 'n Messiaanse interpretasie noodsaak nie. Nog minder is daar sprake van enige gegewens wat die menswording van Jesus Christus nader omskryf.

## 2.8 Artikel 21: Die versoening deur Christus

Artikel 21 bespreek die versoening vanuit die perspektief van Jesus Christus se hoëpriesterlike werk en sluit daarmee nou by Calvyn aan (Polman [sa] b:329). Die NGB se twee aanhalings vanuit die Ou Testament dien as motivering vir die standpunt dat Jesus Christus Homself as 'n offer ter versoening van die mens se sondes gebring het en dat Hy as die Onskuldige die skuld van alle sondaars gedra het.

Sekere aspekte en eienskappe van die sogenaamde 'Kneg van die Here' word vanuit die vierde 'Servant song' (Jes 52:13-53:12) aangehaal (Herbert 1975:108). Soos die Nuwe Testament dit in talle teksgedeeltes doen, maak die NGB dit op Jesus Christus van toepassing:

Jes 53:5 - Rm 4:25; 1 Kor 15:3; 1 Pt 2:24, 3:18.

Jes 53:9 - Mt 27:57-60; Mk 15:42-46; Lk 23:50-56; Jh 19:38-42; 1 Pt 2:22 en 1 Jh 3:5.

Jes 53:12 - Mk 14:24; Lk 22:37 en 1 Pt 1:10-12, 2:22-25.

Die NGB se aanhalings vanuit Jesaja 53:5,9 en 12 is weer eens baie vry en die toepassing 'op die Seun van God' vorm 'n integrale deel van die aanhaling, sonder om te reflekteer dat daar geen uitdruklike toepassing op Christus in Jesaja 53 gevind kan word nie.

Daarom ontstaan die vraag na wie 'die kneg van die Here' verwys. Melugin (1976:169) beklemtoon die feit dat die 'kneg' nie telkens in Jesaja 40-55 geïdentifiseer word nie. Hy sien die 'kneg' as Israel, vergelyk die identifikasie in Jesaja 41:8, wat vir ander se sondes moes swaarkry. Childs (1983:334-336) stem met die identifisering van die 'kneg' met Israel saam maar verwys ook na die spanning tussen die kollektiewe en die individuele trekke van die 'kneg' se uitbeelding'

> Collective Israel is pictured as blind and deaf, unable to understand, a people robbed and plundered (42.18ff), whereas the other servant is described as alert and sensitive to the word of God (50.4ff). Collective Israel is guilty of her punishment; the other servant is innocent. Collective Israel suffers from the abuse of the nations, whereas the other servant is rejected by his own people. (Childs 1983:334)

Hoewel Jesaja 53 geen uitdruklike Messiaanse verwysing bevat nie, soos die NAB dit ook vertaal het, reflekteer dit tog hoe plaasvervangende lyding versoening kan bewerkstellig. In hierdie opsig het die NGB die teksgedeelte ten regte met 'n bespreking van versoening in verband gebring.

Die tweede Ou-Testamentiese aanhaling wat die NGB in die bespreking van Christus se versoening gebruik, is Psalm 69:5b:

> My vyande dwing my
> met valse beskuldigings
> om af te gee wat ek
> nie geroof het nie. (NAB)

Hierdie vers vorm deel van 'n individuele klaagpsalm wat volgens die sesde vers, waarin die psalmdigter sy sonde bely, nie regstreeks as Messiaans beskou kan word nie. Tog het die Nuwe Testament (Jh 15:25) dit op tipologiese wyse as Messiaans verstaan en die NGB sluit by hierdie interpretasie aan. Sodoende word Psalm 69:5 as voorbeeld van Christus se versoening gebruik omdat Hy 'as Regverdige vir onregverdiges' moes ly.

Seybold (1973:133-134) beskou Psalm 69 as die gebed van 'n siek mens wat hom in vers 5 teen 'n ongegronde aanklag moet verweer. Hoewel daar onsekerheid bestaan oor die presiese omstandighede waarbinne die klaagpsalm geskryf is, val die klem in vers 5 op die valsheid van die aanklag en verwys dit waarskynlik na 'n spreekwoord wat op 'injured innocence' dui (Rogerson & McKay 1977a:95).

Daar is in Psalm 69 as geheel geen verwysing na Christus of versoening nie en die NGB se verstaan van Psalm 69:5 berus uitsluitlik op die Nuwe-Testamentiese herinterpretasie daarvan in Johannes 15:25.

## 2.9 Artikel 23: Ons geregtigheid voor God

Die Afrikaanse vertaling van die NGB verwys na Psalm 32:2 omdat dit gedeeltelik in Romeine 4:6-8 aangehaal word. Aangesien die NGB aanvaar dat 'Dawid en Paulus' dieselfde leer, moet die Ou-Testamentiese konteks van Psalm 32:2 ondersoek word.

Psalm 32:2 vorm deel van die tweede sogenaamde 'boetepsalm' waarin God se vergewing van sondeskuld beklemtoon word. Dit is opvallend dat die drie Hebreeuse woorde vir sonde almal in Psalm 32:1-2 gebruik word en dat aldrie telkens vergewe word (Ridderbos 1972:234). Skuldvergiffenis hou in Psalm 32 nie uitdruklik met

die nakoming van die wet of die doen van goeie werke verband nie, want volgens Psalm 32:5 volg die vergewing van skuld op die belydenis van sonde.

Die konteks waarbinne die NGB na Psalm 32:2 verwys is volgens die Nederlandse outentieke teks 'dat God hem de gerechtichtheyt sonder de wercken toerekent' en volgens die nuwe Afrikaanse vertaling 'dat God hom die geregtigheid buite die wetsonderhouding ons toereken'. Daarom blyk dit dat die NGB hier teen die Rooms-Katolieke beskouing van 'goeie werke' kapsie maak en Calvyn se forensiese geregtigheid ('rechtvaardiging') aanvaar (Polman [sa]c:78-80).

Hoewel Psalm 32 nog na 'wetsonderhouding' of 'goeie werke' verwys, sluit die NGB ten nouste by die Nuwe-Testamentiese herinterpretasie daarvan in Romeine 4:6-8 aan.

As bewys vir die argument dat die mens se geregtigheid voor God onverdiend is, haal die NGB Psalm 143:2 volledig aan die einde van artikel 23 aan. Die nuwe Afrikaanse vertaling van die NGB maak in hierdie geval wel van die NAB gebruik maar behou die OAB se vertaling van 'regverdig' waar die NAB met 'onskuldig' vertaal.

Die skuldbesef in vers 2 het aanleiding gegee dat Psalm 143 as die sewende en laaste boetepsalm beskou is. Psalm 143 is 'n gebed waarin daar 'n beroep op God se genade gemaak word omdat die psalmdigter sy eie skuld besef (Rogerson & McKay 1977b:168-169).

Daar kan wel gevra word of Psalm 143:2 se verwysing na die mens se gebrek aan onskuld met die argument in verband met die mens se onverdiende geregtigheid ooreenstem. Met inagneming van 'n klaarblyklike element van veralgemening kan daar tog verklaar word dat die NGB se verwysing na Psalm 142:2 reg aan sy Ou-Testamentiese konteks laat geskied.

## 2.10 Artikel 34: Die heilige doop

De Brès maak in artikel 36 van 'n tipologiese sinspeling op Ou-Testamentiese gebeure gebruik om die doop te verduidelik:

> Dit gebeur nie deur die uitwendige water nie, maar wel deur die besprinkeling met die kosbare bloed van die Seun van God, ons Rooi See waardeur ons moet trek om aan die slawerny van Farao, dit wil sê die duiwel, te ontkom, en om in die geestelike land Kanaän in te gaan.
>
> (Ons glo ...1982)

Hiermee word daar standpunt teen die Rooms-Katolieke doopbegrip ingeneem wat nie voldoende onderskeid tussen die doop as teken en as saak tref nie. Polman ([sa]d:193) verklaar, in navolging van Calvyn, dat die Rooms-Katolieke siening te veel klem op die uitwendige element van die doop plaas.

Die NGB se sinspeling op Christus as 'ons Rooi See' vind aansluiting by 1 Korintiërs 10:2:

> Omdat hulle almal vir Moses gevolg het, is hulle almal in die wolk en in die see gedoop. (NAB)

Pop (1974:197) beskou die wolk en die see in 1 Korintiërs 10:2 as 'een tupos ... van de christelijke doop'. Calvyn se omskrywing van die doop in sy Institusie (IV XV 9) stem bykans woordeliks met die NGB ooreen:

> De doding is afgebeeld, toen de Here hen uit de land en de wrede dienstbaarheid van Farao verloste en de weg voor hen baande door de Rode Zee, en Farao zelf en de Egyptische vijanden, die hen van achteren volgden ... verdrenken. Want op deze wijze belooft Hij ons ook in de Doop ... dat wij uit de gevangenschap van Egipte, dat is uit de dienstbaarheid der zonde, door zijn kracht uitgevoerd en verlost zijn; dat onze Farao, dat is de duiwel verdrenken is ...
> (Sizoo ([sa]:354)

Dit blyk dus dat artikel 34 se tipologiese en allegoriese gebruik van Ou-Testamentiese gegewens geskied op voetspoor van die Nuwe Testament en dat die invloed van Calvyn onmiskenbaar is.

## 3. GEVOLGTREKKING

Die voorafgaande bespreking van die NGB se gebruik van die Ou Testament kan aan die hand van die volgende kenmerke opgesom word:

(i) Die NGB se gebruik van die Ou Testament vertoon geen uitstaande voorliefde vir 'n spesifieke boek of soort literatuur nie. Daar word vyf aanhalings uit die Pentateug, vier uit die Psalms en vier uit die profetiese boeke gemaak.

(ii) Die NGB verwys gewoonlik teksgewys na die Ou Testament en die aanhalings is dikwels vry en fragmentaries van aard.

(iii) Die NGB maak op 'n voorkritiese manier van die Ou Testament gebruik. Daar bestaan geen erkenning in die NGB vir die feit dat Skrifaanhaling of -verwysing noodwendig op Skrifinterpretasie berus en dat dit nie bloot as 'n herhaling van die Skrif beskou kan word nie. Hoewel die letterlike betekenis van die Ou Testament voorkeur geniet, funksioneer die Ou Testament dikwels as 'n spieël waarin sestiende-eeuse gereformeerde dogmatiek weerkaats word.

(iv) Die NGB vertoon gebrekkige aandag vir die Ou Testament se oorspronklike literêre en historiese konteks. Ou-Testamentiese aanhalings word dikwels met behulp van 'n proses van veralgemening binne 'n vooropgestelde leerstellige oortuiging ingepas, sonder voldoende inagneming van die aanhaling se betekenis in sy oorspronklike literêre en historiese konteks.

(v) Die NGB se verstaan van die Ou Testament word deur die sestiende-eeuse gereformeerde teologie bepaal. Hierdie invloed word gereflekteer deur die aansluiting met die Kerkvaders en die Hervormers se eksegese, die klem op die Nuwe-Testamentiese verstaan van die Ou Testament en die gepaardgaande Christologiese en tipologiese interpretasie van die Ou Testament.

(vi) Die NGB se gebruik van die Ou Testament vertoon sekere vroeg-Ortodokse trekke. Sodanige bewering word gestaaf deur die a-historiese interpretasie van Ou-Testamentiese tekste en die rasionele aard van bewysvoering. Die gebruik van die 'kanoniese formule' om die volkomenheid van die Skrif te bewys kan as 'n tipiese voorbeeld van hierdie tendens aangevoer word.

Ten slotte moet daar 'n enkele opmerking oor die gebruik van Ou-Testamentiese aanhalings in die nuwe Afrikaanse vertaling van die NGB gemaak word. Die gebruik van die OAB en die NAB as bron vir die NGB se Ou-Testamentiese aanhalings moet vermy word. Beide moderne Afrikaanse Bybelvertalings, en veral die NAB, veronderstel 'n Skrifgebruik wat op bepaalde punte van die NGB se Skrifgebruik verskil - vergelyk die NAB se vertaling van 'Messiaanse' gedeeltes. Daarom moet daar ernstig aan gedink word om die NGB se Ou-Testamentiese aanhalings vanuit die outentieke tekste van die NGB te vertaal. Sodoende sal die moderne leser 'n beter en meer getroue insig in die NGB se Skrifgebruik verkry.

## BRONNE GERAADPLEEG

Bakhuizen van den Brink, J N 1976. *De Nederlandse Belijdenisgeschriften in authentieke teksten met inleiding en tekstvergelijkingen*. Amsterdam: Bolland.

Bright, J 1965. *Jeremiah.* Garden City: Doubleday. (AB)

Brueggemann, W 1982. *Genesis.* Atlanta: Knox. (Interp)

Calvyn, J 1970. *Genesis 1.* Goudriaan: De Groot.

Calvyn, J [sa]. *Institutie of onderwijzing in de christelijke godsdiens III*, vertaal deur A Sizoo. Delft: Minerva.

Childs, B S 1979. *Introduction to the Old Testament as Scripture.* London: SCM.

Clements, R E 1980. *Isaiah 1-39.* Grand Rapids: Eerdmans. (NCB)

Craigie, P C 1976. *The book of Deuteronomy.* Grand Rapids: Eerdmans. (NICOT)

De Jong, O J 1972. *Nederlandse Kerkgeschiedenis.* Nijkerk: Callenbach.

Herbert, A S 1973. *The book of the prophet Isaiah.* Cambridge: Cambridge University Press. (CBC)

McKeating, H 1971. *Amos, Hosea and Micah.* Cambridge: Cambridge University Press. (CBC)

Melugin, R F 1976. *The formation of Isaiah 40-45.* Berlyn: De Gruyter. (BZAW 141)

*Ons glo ... Die drie formuliere van eenheid en ekumeniese belydenisse.* 1982. Kaapstad: NG Kerk-Uitgewers.

Phillips, A 1973. *Deuteronomy.* Cambridge: Cambridge University Press. (CBC)

Polman, A D R [sa]a. *Onze Nederlandsche Geloofsbelijdenis* I. Franeker: Wever.

Polman, A D R [sa]b. *Onze Nederlandsche Geloofsbelijdenis* II. Franeker: Wever.

Polman, A D R [sa]c. *Onze Nederlandsche Geloofsbelijdenis* III. Franeker: Wever.

Polman, A D R [sa]d. *Onze Nederlandsche Geloofsbelijdenis* IV. Franeker: Wever.

Pop, F J 1974. *De eerste brief van Paulus aan de Corinthiërs.* Nijkerk: Callenbach. (PNT)

Rogerson, J W & McKay, J W 1977a. *Psalms 51-100.* Cambridge: Cambridge University Press. (CBC)

Rogerson, J W & McKay, J W 1977b. *Psalms 101-150.* Cambridge: Cambridge University Press. (CBC)

Seybold, K 1973. *Das Gebet des Kranken im Alten Testament.* Stuttgart: Kohlhammer. (BWANT 99)

Thiel, W 1981. *Die deuteronomistische Redaktion von Jeremia 26-45.* Neukirchen: Neukirchener Verlag. (WMANT45)

Van der Woude, A S 1977. *Micha.* Nijkerk: Callenbach. (POT)

Van Rooyen, E E 1948. *Die Nederlandse Geloofsbelydenis.* Stellenbosch: Pro Ecclesia.

Van Selms, A 1967. *Genesis I.* Nijkerk: Callenbach. (POT)

Vink, J A 1967. *We Believe. Outlines on the Belgic Confession.* Part 1. London: Interleague Publication Board.

Vink, J A 1972. *We Believe. Outlines on the Belgic Confession.* Part 2. London: Interleague Publication Board.

Von Rad, G 1972. *Genesis.* Rev ed. London: SCM. (OTL)

Weiser, A 1969. *Introduction to the Old Testament.* London: Darton, Longman & Todd.

Westermann, C 1974. *Genesis* 1. Neukirchen: Neukirchener Verlag. (BKAT)

Wildberger, H 1980. *Jesaja* 1. Neukirchen: Neukirchener Verlag. (BKAT)

# 5

# Die gebruik van die Nuwe Testament in die Nederlandse Geloofsbelydenis

## 1. INLEIDING

In hierdie ondersoek na die gebruik van die Nuwe Testament in die Nederlandse Geloofsbelydenis (NGB) word allereers nagegaan hoe die NGB die Nuwe Testament aanhaal en met watter doel.

Sistematies word deur die NGB gewerk en aanhalings uit die Nuwe Testament nagegaan. 'n Vergelyking word getref tussen die saak waarvoor die NGB teksplase aanhaal en die saak waarna die teksplaas in die Nuwe Testament self verwys. Die konteks van die NGB en die konteks van die Nuwe-Testamentiese literatuur wat telkens aangehaal word (histories sowel as tekstueel) word teen mekaar afgeweeg. Ten einde ruimte te bespaar en die onderwerp dus te beperk sal slegs direkte aanhalings onder die loep kom en talle implisiete verwysings na die Nuwe Testament nie in berekening gebring word nie. Artikels van die NGB waarin daar dus nie eksplisiete aanhalings voorkom nie, sal dus vir die doel van die ondersoek oor die hoof gesien word.

Ten slotte sal gevolgtrekkings gemaak word oor die gebruik van die Nuwe Testament in die NGB oor die algemeen. Daar sal gevra word in hoeverre die NGB die Nuwe Testament as geheel weerspieël en vir watter geskrifte van die Nuwe Testament die NGB 'n voorliefde openbaar. Daar sal ook gepoog word om die NGB in tydshistoriese perspektief te plaas ten opsigte van sy Skrifgebruik. Dit behels onder andere 'n vergelyking van die NGB se gebruik van die Nuwe Testament met die telkens gangbare wyse van Skrifgebruik gedurende die tydperk wat strek vanaf die begin van die Reformasie (± 1500) tot die Protestantse ortodoksie en

die Verligting (+ 1650). Dit is juis in hierdie tydperk dat die NGB ontstaan (1561) en as outentiek aanvaar is (1619).

Ter wille van geredeliker verstaanbaarheid word in verwysings na die NGB gebruik gemaak van die nuwe Afrikaanse vertaling wat onlangs gepubliseer is (*Ons glo ... Die drie formuliere van eenheid en ekumeniese belydenisse* 1982). Indien nodig sal wel na die ou vertaling (*Die drie formulier van enigheid*: [sa]= OV) verwys word asook na die 'outentieke' Nederlandse vertaling (Bakhuizen van den Brink 1976 = NV). Alhoewel die opskrifte van die artikels teruggaan op die Latynse vertaling en dus nie outentiek is in terme van die sinodebesluite van Dordt nie (Bakhuizen van den Brink 1976:26-27), word dit in die bespreking wat volg ook behou (tussen hakies) ter wille van verstaanbaarheid. Aanhalings uit die Bybel kom gewoonlik uit die Ou Afrikaanse Bybelvertaling (OAB) en indien anders vermeld uit die nuwe (NAB).

## 2. AANHALINGS IN DIE NGB UIT DIE NUWE TESTAMENT

### 2.1 Artikel 2: Die middele waardeur ons God ken

Romeine 1:20 word aangehaal om die 'openbaring' van God in die natuur te onderstreep. Waar die hooftema by Paulus in Romeine 1:18-23 die toorn van God is en die feit dat geen mens verontskuldiging het nie, is die NGB se tema die openbaringsmiddele. Die NGB stem met Paulus wel ooreen dat mens uit die skepping of natuur kan aflei dat God daar is, maar wat by Paulus 'n ondersteunende argument is vorm in die NGB deel van die hoofargument. Belangrik by die NGB is egter die tweede middel, naamlik die Woord waarin God hom 'nog duideliker' bekend maak, terwyl Paulus nêrens die Bybel (met sy boeke soos uiteengesit in artikel 4) as 'n middel beskou waaruit mens God kan ken nie. Hoe sentraal die 'Woord' vir die NGB is as openbaringsmiddel word onderstreep deur die feit dat die NGB die openbaring in die natuur ook as 'n 'boek' beskryf. Hierdie klem op die 'woord' (wat verder onderstreep word deurdat die volgende vyf artikels (3-7) ook daaraan gewy word) moet verstaan word in die lig van die reformatoriese polemiek met die Roomse kerk waar naas die Bybel ook die tradisie as gesagsvol beskou is en verder ook nog die apokriewe boeke (artikel 4).

### 2.2 Artikel 3: Die geskrewe Woord van God

Met 'geskrewe Woord van God' word in die NGB-konteks die boeke van die Ou en Nuwe Testament bedoel soos uiteengesit in artikel 4. Die teks uit 2 Petrus 1:21 word (tesame met 'n verwysing na die Tien gebooie) aangehaal om aan te toon dat dit 'heilige en Goddelike Skrif' is. Dit gaan in die NGB-konteks om die bewys van

veral die geïnspireerdheid van die Protestantse Bybel, en dan spesifiek ook afgegrens teenoor die Roomse Bybel wat die apokriewe boeke insluit. Dit kan duidelik gesien word in artikel 6 waar dit spesifiek gaan om die onderskeid tussen 'kanonieke' en 'apokriewe' boeke (sonder dat 'n teksplaas aangehaal word!) In 2 Petrus 1:21 word egter nie gepraat van die 'Woord van God' wat nie voortgebring is deur die wil van die mens nie, maar van 'geen profesie'. Wat deur 'geen profesie' binne die konteks van die Petrusbrief bedoel word is duidelik uit die voorafgaande vers (2 Pt 1:20) as daar gepraat word van 'profesie van die Skrif'. Afgesien daarvan dat die Petrusbriefskrywer dus sy uitspraak van toepassing maak slegs op *profesieë* van die Skrif en nie die Skrif as geheel nie, kan die Petrusbriefskrywer tog onmoontlik nie met 'Skrif' bedoel die Protestantse kanon nie, bloot omdat sy eie geskrif deel is van die Protestantse kanon (artikel 4) en hy nie binne die brief na sy eie geskrif (wat eers na sy skrywe daarvan as kanonies erken kon word) verwys nie. Verder kan hy ook nie verwys na die res van die Nuwe Testament nie omdat die Nuwe Testament ten tyde van die opskrifstelling van die tweede Petrusbrief nog nie eens 'n versameling boeke was nie, wat nog te sê van as kanon erken is. Die Petrusbriefskrywer verwys dus hoogstens na die Ou Testament, maar dan nie na die Protestantse Ou Testament (wat op die Hebreeuse Bybel berus) nie maar na die Griekse Ou Testament of Septuaginta wat die Bybel van die vroeë Christendom was. Die Septuaginta het egter ook die apokriewe boeke bevat. Dit blyk dus dat die NGB nie die historiese omstandighede rondom die kanonisering van die Ou en die Nuwe Testament in die vierde eeu genoegsaam verdiskonteer nie en dus anachronisties te werk gaan deur die leer oor die 'Woord van God' af te lei uit die Nuwe Testament (en met name die tweede Petrusbrief).

### 2.3 Artikel 5: Die gesag van die heilige Skrif

Hierdie artikel bevat nie 'n direkte aanhaling uit die Bybel nie. Op voetspoor van die voorafgaande bespreekte teks (2 Pt 1:21) sou die NGB egter inherent konsekwent gewees het deur weer 'n teksplaas aan te haal (soos bv 2 Pt 1:21 of 2 Tm 3:16) sodat die Skrif self die bewys van sy gesag kon gee. Die taal van Romeine 8:16 word egter gepraat as gesê word dat 'die Heilige Gees in ons hart getuig dat hulle (*die Protestantse kanon*) van God is'. Uit die laaste sinsnede van die artikel ('aangesien selfs die blindes kan tas dat die dinge wat daarin voorspel is, plaasvind') blyk ook baie van die NGB se Skrifbeskouing. Dit veronderstel minstens dat die NGB die Bybel beskou as 'n boek met voorspellings wat 'uitkom' in die tyd waarin die NGB opgestel is. Juis daarom is dit betroubaar en 'van God'. 'n Aspek van die manier waarop die Bybel deur die NGB hanteer word, kom hier aan die lig: Die Nuwe Testament word nie gelees teen sy historiese agtergrond of binne

sy historiese konteks nie maar hanteer asof dit direk spreek vir die mens wat vandag leef. Wie hierdie hedendaagse mens is, is ook problematies: verwys die voorspelde dinge wat plaasvind na die tyd van die opstelling van die NGB (1561) of die 'outentisering' daarvan (1619). Hierdie werkswyse om die Skrif te lees as direk toepaslik op kontemporêre gebeure laat onwillekeurig dink aan die *pesher*-eksegese van die voor-Christelike Qumrangemeenskap waar die tekste van die Ou Testament ook gelees is al sou dit direk verwys na die historiese omstandighede van die gemeenskap (Lohse 1971 : 227 vv).

## 2.4 Artikel 7: Die volkomenheid van die heilige Skrif

Die formule 'soos die apostel Paulus sê' dui aan dat ons weer hier met 'n direkte aanhaling uit die Nuwe Testament te doen het, te wete Galasiërs 1:8. Weer word die teks op die heilige Skrif (= die Protestantse kanon soos vasgestel in artikel 4) van toepassing gemaak. By Paulus gaan dit egter nie om die 'heilige Skrif' wat teen ander leringe afgegrens moet word nie, maar om die evangelie soos deur hom verkondig (Gl 1:8-11). Hierdie evangelie van Paulus het die 'genade van Christus' (Gl 1:6) as inhoud en nie die leer oor die volkomenheid en eksklusiwiteit van die Skrif nie.

Die 'anathema-gedeelte' (laaste paragraaf) van die artikel haal twee tekste aan:

> 'Ondersoek elkeen, ondersoek of sy gees van God afkomstig is' (1 Jh 4:1 - Nuwe Afrikaanse Bybelvertaling = NAB)

> 'As iemand na julle kom en hierdie leer nie bring nie, ontvang hom nie in die huis nie ...' (2 Jh 1:10 - Ou Afrikaanse Bybelvertaling = OAB).

Alhoewel 1 Johannes 4:1 as 'n algemene uitspraak beskou kan word, word die kriterium vir wanneer 'n gees dan van God afkomstig is in die daaropvolgende vers gegee, naamlik 'elke gees wat bely dat Jesus Christus in die vlees gekom het' (1 Jh 4:2 - OAB). Die moontlik anti-dosetiese tendens van die eerste Johannesbrief het dus die valse profete op die oog wat nie wil bely dat Jesus in die volle sin van die woord mens geword het nie (1 Jh 4:3). Die 'valse profete' van die NGB is egter diegene wat nie die 'onfeilbare reël' aangaande die volkomenheid en ekslusiwiteit van die heilige Skrif wil aanvaar nie. Die 'hierdie leer' van 2 Johannes 1:10 verwys ook spesifiek na die 'leer van Christus' (2 Jh 1:9), naamlik dat hy 'in die vlees gekom het' (2 Jh 1:7) en nie na die Skrif nie.

## 2.5 Artikel 9: Skrifgetuienis oor die Drie-eenheid

Artikel 8 stel die klassieke leer oor die Drie-eenheid en artikel 9 lewer die bewys. Die NGB stel dit dus onomwonde dat die Drie-eenheidsleer uit die Bybel gesubstansieer kan word. Verskeie tekste word ook uit die Nuwe Testament aangehaal om dit 'wat vir ons in die Ou Testament enigsins duister is' (vgl die artikel oor die Ou-Testamentiese Skrifgebruik in hierdie bundel) 'baie duidelik' te maak.

Hierdie aangehaalde tekste is gewoonlik waarin die Vader, Seun en Gees gelyktydig vermeld word. Wat in artikel 8 beredeneer word (nl drie persone in een goddelike wese) word egter nie in hierdie tekste so beredeneer nie. Meesal steun die NGB se argument bloot op die feit dat die drie name saam in een teksvers genoem word. Dit geld van die volgende aangehaalde tekste (outeur se kursivering):

> 'Doop al die nasies in die naam van die *Vader* en die *Seun* en die *Heilige Gees*' (Mt 28:19).
>
> 'Die *Heilige Gees* sal oor jou kom en die krag van die *Allerhoogste* sal jou oorskadu. Daarom ook sal die Heilige wat gebore word, *Seun van God* genoem word.' (Lk 1:35).
>
> 'Die genade van die *Here Jesus Christus* en die liefde van *God* en die gemeenskap van die *Heilige Gees* sy met julle almal.' (2 Kor 13:13).

Dieselfde geld ook van die beskrywing van Jesus se doop (Mk 1:9 vv): die Seun, die Gees en die Vader (= die stem uit die hemel) word almal in die perikoop vermeld, maar oor die goddelikheid of gelykheid van hulle drie persone in een wese word niks gesê nie. Dat die klassieke leer oor die Drie-eenheid dogmahistories ontwikkel het uit die lees van bogenoemde tekste en daarop steun is egter wel waarskynlik. Of hierdie tekste dit in feite sê is egter 'n ander saak.

Die enigste teksvers wat die NGB aanhaal wat enigsins artikel 8 sou kon ondersteun, is die bekende *Comma Johanneum* (Deist 1984:31) van 1 Johannes 5:7:

> 'Daar is drie wat getuig in die hemel: die Vader, die Woord en die Heilige Gees, en hierdie drie is een'.

Hierdie vers is egter 'n sestiende eeuse invoeging deur 'n Fransiskaanse monnik, ene Froy (of Roy) en het dus sy ontstaan te danke aan die Drie-eenheidsleer eerder as wat dit aan die leer ten grondslag sou lê (Metzger 1968:101). Die nuwe Afrikaanse Bybelvertaling laat dan ook hierdie vers weg.

## 2.6 Artikel 10: Die Godheid van Jesus Christus

Verskeie tekste word aangehaal om aan te dui dat die skepping deur Christus plaasgevind het en dat hy daarom pre-eksistent en dus God is (Jh 1:1-3; Heb 1:2; Kol 1:16 of Ef 3:9). Die sinsnede 'hy is sonder begin van dae of lewenseinde' word egter in Hebreërs 7:1-3 primêr van Melgisedek gesê wat aan die Seun van God gelykgestel word' (vers 3). Die NGB konkludeer dus van 'pre-eksistensie' na 'goddelikheid' wat bevraagteken moet word aangesien vir dieselfde argument Melgisedek (wat volgens Heb 7:3 sonder begin van dae of lewenseinde was) dan ook God moet wees. Johannes 1:1 noem Jesus (of die logos) wel God en dit blyk die enigste teks te wees wat die godheid van Jesus ondersteun mits dit nie alternatiewelik as 'goddelik' gelees moet word nie (volgens verskeie kommentatore) waar 'goddelik' dan nie sou beteken dat Jesus eenswesens met die Vader is of gelyk aan hom (= 'die ware, ewige God, die Almagtige') nie.

## 2.7 Artikel 11: Die Godheid van die Heilige Gees

Die NGB bely dat die Heilige Gees 'in orde die derde Persoon in die Drie-eenheid is ... dat Hy inderdaad ware (*sic*) en ewig God is, soos die heilige Skrif ons leer!' Geen teksplaas word aangevoer nie wat daarop dui dat die NGB hom ook in die algemeen beroep op die 'heilige Skrif' sonder enige nadere aanduiding.

## 2.8 Artikel 13: Die voorsienigheid van God

In Matteus 10:29:31 gebruik Jesus in sy uitsendingsrede aan die dissipels 'n tipiese *a minore ad maius* (van die minder belangrike na die meer belangrike) argument om hulle vrees hok te slaan. Hy wil sê dat indien die Vader tot in die besonderhede toe bewus is van mossies (wat mens kan koop teen twee vir 'n stuiwer) en 'n mens se hare, hoeveel te meer is hy dan nie bewus van die lotgevalle van die dissipels op hulle sendingreis nie? Dat die NGB die *a minore ad maius* argument en die metafoor wat Jesus wou gebruik, miskyk, blyk duidelik uit die feit dat Matteus 10:31 in die NGB-aanhaling ontbreek:

'Wees dan nie bevrees nie: julle is meer werd as baie mossies!'

Die NGB lees dus Jesus se metafoor letterlik en gebruik dit om die leer oor die voorbeskikking van alle dinge deur God te ondersteun. Die wysigings wat die NGB aan die aangehaalde teks maak, kan ook goed verstaan word binne die raamwerk van die NGB se interpretasie daarvan: In die NGB word gepraat van hare wat (net soos die mossies) op die grond val terwyl Matteus 10:30 slegs vermeld dat die hare van 'n mens se hoof almal getel is. Die assimilasie van 'hare' aan 'mossies' geskied moontlik omdat die teks gebruik word om aan te toon dat niks per toeval oor mens kom nie. Dit gaan dus in die NGB om 'n *gebeure* wat deur God voorbeskik word en die blote getelwees van mens se hare kom nie daarvoor in aanmerking nie. Wat met mossies gebeur, is aan die anderkant nie 'menslik' genoeg nie, derhalwe haal die NGB die teks so aan dat dit lyk asof met 'n mens se hare dieselfde gebeur as wat met die mossies *gebeur*. Opmerklik is ook in die NGB die lesing 'sonder die wil van *ons* Vader' in plaas van 'sonder julle Vader' (Mt 10:29). Dit gaan juis in artikel 13 oor God se 'heilige wil', nie net met betrekking tot die mossies in Jesus se metafoor nie, maar ook toegepas op diegene wat die NGB bely.

In hierdie artikel vind ons dus 'n betreklik vrye aanhaling uit die Matteusevangelie en daar word in die aanhalingsproses aan die oorspronklike teks gewysig met die oog op die doel warvoor dit aangehaal is.

## 2.9 Artikel 14: Die skepping van die mens en die sondeval, en die gevolge daarvan

Dat die NGB korrek is in sy interpretasie van Johannes 1:5 in soverre dat dit daarop wys dat 'duisternis' op 'mense' slaan, blyk veral uit die res van die perikoop, veral Johannes 1:9-11. Johannes 1:5 dui egter nie daarop dat 'al die lig wat in ons is immers in duisternis verander het', met die doel om sodoende die leer oor die sondeval te onderskryf nie. Veeleer reflekteer die teks oor Christus se koms en sy verwerping. Die NGB knoop egter die mens se 'duisterniswees' met sy verslawing aan die sonde en daarmee die afwesigheid van 'n vrye wil by die mens. Verskeie tekste word dan uit die Johannesevangelie en Pauliniese briewe aangehaal om aan te toon dat die mens geen vrye wil het nie en nie uit homself iets goeds kan doen nie. In die konteks van Johannes 3:27 gaan dit egter nie in die eerste plek om die mens en sy vermoëns nie, maar om Jesus wat doop. In Johannes 6:44 is die onderwerp van bespreking ook nie die mens se vrye wil nie maar die teks wil slegs sê dat die mens nie sonder die Vader se toedoen na Christus kan kom nie (Jh 6:45). Johannes 15:5 ('Sonder

my kan julle niks doen nie!') moet ook verstaan word binne die konteks van die beeld oor die wynstok en die lote. Primêr gaan dit om die gelowige se verbondenheid aan Christus van wie hy juis sy krag ontvang om vrug te dra (vers 4). Die NGB se terugredenering na die onvermoë van die mens en die afwesigheid van 'n vrye wil, weerspreek as sodanig nie die teks nie, maar interpreteer dit nie binne die raamwerk van die teks se eie hooffokus nie.

Wat die Pauliniese tekste betref moet ten opsigte van Romeine 8:7 opgemerk word dat die 'sondige natuur' dui op die mens wat die Gees van Christus nie het nie (vers 9). In soverre dat die mens onmagtig is tot die goeie sonder Christus, en dus nie 'n vrye wil het om sonder die Gees van Christus die goeie te doen nie, is die strekking van die NGB in ooreenstemming met Paulus se bedoeling. Dieselfde geld van 1 Korintiërs 2:13 ('die natuurlike mens neem die dinge van God nie aan nie - OAB). Daarmee is egter niks gesê oor die onvermoë en vrye wil van die mens as sodanig nie. Romeine 8:10 en 1 Korintiërs 2:15 wil juis sê dat die mens wat in Christus is, en sy Gees het, in staat is om (uit vrye wil?) die goeie te doen. Alhoewel 2 Korintiërs 3:5 in die eerste plek op Paulus dui en nie op die mens in die algemeen nie, word dieselfde gedagte daar meegedeel as in die vorige aangehaalde tekste, behalwe dat daar nie sprake is van Paulus se sondige natuur nie maar alleen van sy onbekwaamheid sonder God. Ten opsigte van die aanhaling van Filippense 2:13 is dit interessant om in die lig van Filippense 2:12 (wat deel vorm van dieselfde sin) op te merk dat God se werk in die mens nie sy vrye wil uitsluit nie ('werk julle eie heil uit met vrees en bewing' - OAB).

Dit blyk dus uit artikel 14 dat die NGB die aangehaalde tekste moontlik verstaan en interpreteer binne 'n anti-Pelagiaanse raamwerk.

## 2.10 Artikel 18: Die menswording van Jesus Christus

Verskeie tekste of dele van tekste word (soms vry - vgl die artikel oor die Ou Testamentiese Skrifgebruik) uit verskillende Bybelboeke binne een argument aanmekaar gekoppel om te bewys dat die dosetisme van die Wederdopers verkeerd is (Heb 2:14; Hd 2:30; Rm 1:3; Gl 4:4; Rm 15:12; Heb 7:14 en Mt 1:23). Hierdie tekste se kontekste weerspreek dan ook nie die gebruik daarvan in die NGB nie behalwe dat dit nie telkens (soos in die NGB) gaan om 'n anti-dosetiese polemiek nie. Opvallend is die byvoeging ('maar sonder sonde') in die teks van Hebreërs 2:17 ('daarom moes hy in alle opsigte aan sy broeders gelyk word'). In laasgenoemde teks gaan dit ook nie allereers om die vleeswording van Christus nie maar om die feit dat Christus 'deurdat hyself onder versoeking gely het, die kan help wat versoek word' (Heb 2:18).

## 2.11 Artikel 21: Die versoening van Christus

Verskeie tekste word weereens aanmekaargekoppel om te bewys dat Christus onskuldig vir ons sondes gely het en dat hy deur sy offer aan die kruis die enigste versoeningsmiddel bewerkstellig het. Die aangehaalde tekste en sinsnedes van tekste word so aanmekaargekoppel dat die belydenis en die bewysplase daarvoor as't ware ineenvloei. Dat Christus onskuldig gely het, word 'bewys' met 'n saamgestelde aanhaling van frases uit Psalm 69:5 en 1 Petrus 3:18:

> 'Hy het teruggegee wat Hy nie geroof het nie;
> Hy het na liggaam en siel as Regverdige vir onregverdiges gely.'

Afgesien daarvan dat die bewoording in die NGB van die oorspronklike teks in beide gevalle afwyk, moet ook wat 1 Petrus 3:18 betref, opgemerk word dat die 'regverdigheid' van Christus waarvan die Petrusbrief praat nie verwys na die feit (soos wat dit moontlik uit die NGB-konteks blyk) dat Pontius Pilatus hom onskuldig verklaar het nie.

Lukas 22:44 ('sy sweet het geword soos bloeddruppels wat op die grond val') en Markus 15:34 ('My God, my God waarom het u my verlaat?') funksioneer wel binne Lukas en Markus se lydensberigte om Jesus se lyding te onderstreep, maar die duiding daarvan as 'die verskriklike straf wat ons sondes verdien', funksioneer nie binne die berigte van die evangelies nie.

Ten opsigte van die sentraliteit van Jesus se kruisiging sluit die NGB aan by Paulus in 1 Korintiërs 2:2: 'want ek het my voorgeneem om niks anders onder julle te wees nie as Jesus Christus, en Hom as gekruisigde.' Letterlik lui die aanhaling in die NGB: 'dat wy niet anders en weten dan Christum ende dien gecruyst' (NV). Die weglating van 'onder julle' dui daarop dat die NGB Paulus se uitspraak wat hy spesifiek tot die Korintiërs rig te midde van partyskappe rondom sekere name (1 Kor 1:12) veralgemeen. In Filippense 3:8 gaan dit ook om die sentraliteit van Christus as sodanig en is sy plaasvervangende lyding, kruisdood en versoening nie spesifiek ter sprake nie. Dit blyk dus dat die NGB in sy aanhaling van Nuwe Testamentiese tekste sommige spesifieke uitsprake veralgemeen (bv 1 Kor 2:2) en sommige algemene uitsprake verbesonder (bv Flp 3:8).

Hebreërs 10:14 ('Want deur een offer het Hy vir altyd volmaak die wat geheilig word') funksioneer binne die NGB konteks moontlik as polemiek teen gebruike in die Roomse kerk (bv misoffer, aflaatgelde) terwyl dit in die Hebreërbrief teenoor die herhaaldelike offer van 'stiere en bokke' (vers 4, 11) gestel

word. Waar dit in die NGB konteks gaan om die eksklusiwiteit van Christus se versoening in polemiese sin, gaan dit in die Hebreërbrief om die verhewenheid van sy offer en is die toon apologeties (Heb 10:11).

Die konteks van die aanhaling uit Matteus 1:23 waarmee die artikel afsluit, is in ooreenstemming met die punt wat die NGB wil tuisbring, naamlik dat Jesus Verlosser van sondes is. In Matteus 1:23 word egter nog nie gesê op watter wyse dit sal geskied nie. Gelees in die lig van Matteus 8:17 kan die verlossing onder andere moontlik dui op die genesing an siektes (vgl die aanhaling van Jes 53:4 aldaar). Dat Jesus verlosser is deur sy 'offer aan die kruis' is meer prominent in die briewe van die Nuwe Testament (veral Hebreërs) as in die evangelies. Dit blyk dus dat die NGB kragtens die reformatoriese beginsel van *sacra scriptura sui ipsius interpretes* (= die heilige Skrif verklaar homself) betekenisse van tekste vanuit verskillende boeke van die Nuwe Testament opmekaar oordra. Hierdie saaklike of 'dogmatiese' benadering veroorsaak dat tekste hulle historiese konteks inboet.

## 2.12 Artikel 22: Ons regverdigheid deur die geloof

In hierdie artikel wil die NGB twee sake onderstreep, naamlik dat die Christen deur die geloof *alleen* regverdig word (niks buite Christus nie) en dat die geloof self eintlik nie die regverdiging bewerkstellig nie maar slegs die middel is waardeur Christus se 'geregtigheid' omhels word. Die NGB haal weer vry aan (Rm 3:28) en 'sonder die werke van die wet' word 'sonder werke'. Die konteks van die Pauliniese teks waar dit spesifiek gaan om die posisie van die Jode (Rm 3:1,22) en die wet dus spesifiek vermeld word, word dus veralgemeen en die teks word moontlik polemies teen die Roomse leer van 'goeie werke' toegepas. Paulus maak ook in Romeine 3 nie 'n spesifieke saak uit dat geloof slegs 'n *middel* tot regverdiging is nie. Interessant ten opsigte van die aangehaalde teks is die vertaling van die NAB waar 'sonder die werke van die wet' vertaal word met 'nie omdat hy die wet onderhou nie'. Die NAB maak dus die NGB se aanhaling van die teks onmoontlik - derhalwe val die nuwe vertaling van die NGB terug op die ou Afrikaanse vertaling (Ons glo ... 1982:17).

## 2.13 Artikel 23: Ons geregtigheid voor God

Alhoewel die artikel na Dawid en Paulus verwys, is dit egter Romeine 4:6 wat aangehaal word en nie Psalm 32:2 nie. Paulus haal egter wel in Romeine 4:7-8 Psalm 32:1-2 aan en sy interpretasie van Psalm 32:1-2 word in vers 6 aangekondig:

> 'Soos Dawid ook die mens salig spreek aan
> wie God geregtigheid toereken sonder werke'.

Die NGB neem dus Paulus se interpretasie van Psalm 32:2 onkrities oor. In Psalm 32:1-2 word egter nie gesê dat vergifnis 'n mens se deel word sonder werke nie. Inteendeel, Psalm 32:2 word in Romeine 4:8 slegs gedeeltelik aangehaal en die versreël wat Paulus (en die NGB) weglaat, spreek juis teen Paulus se interpretasie:

> 'Welgeluksalig is die mens aan wie die
> Here die ongeregtigheid nie toereken nie
> *en in wie se gees geen bedrog is nie.*

Die laaste reël ('in wie se gees geen bedrog is nie') ontbreek by Paulus en die NGB, maar is juis 'n werk van die wet (Eks 20:16)!

Die NGB-artikel reflekteer oor die mens se geluksaligheid (= 'geregtigheid') en waarin dit bestaan. Dit is egter 'n vraag of Romeine 3 sowel as Psalm 32 'geluksaligheid' so sien as 'n substansie soos wat dit in die NGB voorkom. In die Paulusteks is die hoofklem steeds dat die mens sonder wetsonderhouding - dit wil sê uit genade - geregverdig word. Die twispunt rondom die plek van die Joodse wet vorm in die Paulusteks steeds die agtergrond van sy uitsprake. In die NGB gaan dit egter steeds om die eksklusiwiteit of 'genoegsaamheid' van Christus (vgl die uitdrukkings 'die gekruisigde Christus *alleen*' en 'op onsself of enige ander skepsel').

## 2.14 Artikel 24: Ons heiligmaking en goeie werke

Hierdie artikel beklemtoon die goeie werke wat die geregverdigde moet doen, maar wat die gevolg is van sy geloof. In Galasiërs 5:6 kwalifiseer Paulus die geloof wat die besnydenis onnodig maak as 'n 'geloof wat deur die liefde werk'. Die NGB (Ons glo ... 1982) neem die NAB se vertaling oor ('n geloof wat deur die liefde tot dade oorgaan') wat meer die idee beklemtoon dat dade op geloof volg. Die agtergrond of konteks van Paulus se uitspraak, naamlik die twis rondom die besnydenis (5:1-3) figureer nie binne die konteks van die NGB nie. Ons kry die volgende twee skemas:

| | | | |
|---|---|---|---|
| Paulus: | Besnydenis (wet) | --- | geloof, vryheid. |
| NGB: | Geloof | --- | werke. |

By Paulus bestaan daar nie 'n onderskeid tussen geloof en werke nie en is geloof en die daarmee gepaardgaande 'liefdeswerke' eintlik een begrip en word die twee nie naasmekaar gestel asof

die een op die ander kan volg nie (Schlier 1971:235). Die NAB is moontlik in sy vertaling deur die NGB beïnvloed, of minstens deur die algemeen gereformeerde opvatting dat dade op die geloof volg.

Indien Galasiërs 5:6 binne die NGB-skema gelees word, sou dit immers die implikasie hê dat volgens Paulus 'n opregte geloof deur die besnydenis en volkome nakoming van die Mosaïese wet opgevolg behoort te word.

Die NAB se vertaling van Filippense 2:13 blyk ook meer in die lig te staan van die NGB as wat die NGB die konteks van Paulus se paranese in Filippense 2 in ag neem. Paulus vermaan die Filippense om in die lig van sy afwesigheid (Flp 2:12) nou hulle eie heil uit te werk omdat God dit in hulle kan bewerkstellig. Die NAB vertaal 'eie heil uitwerk' met 'as verloste mense lewe' en 'God wat in julle werk om te wil sowel as om te werk na sy welbehae' met 'God wat julle gewillig en bekwaam maak om sy wil uit te voer'. In beide die NAB en die NGB word Filippense 2:13 weergegee binne die skema van goeie werke wat op geloof volg terwyl dit nie by Paulus aan die orde is nie.

In Lukas 17:10 vemaan Jesus sy dissipels dat hulle soos slawe moet handel wat niks verdien nie. Jesus moedig sy dissipels juis aan dat hulle sonder om iets terug te verwag (soos slawe) goeie dade te doen asof hulle daartoe verplig is. Al het 'n broeder byvoorbeeld sewe maal op 'n dag gesondig teen iemand moet hy deur daardie persoon vergewe word (Lk 17:4). Juis hierdie groot eise wat Jesus aan sy dissipels stel laat hulle sê: 'Gee ons meer geloof' (Lk 17:5). Die etiek wat Jesus hier aan sy dissipels voorhou, is dus nie (soos in die geval van die NGB) binne 'n skema van geloof - goeie werke nie. Die geloof waarna Lukas 17:6 verwys, is ook eerder 'n geloof wat "berge kan versit" (dws mens in staat stel om korrek op te tree) as 'n regverdigmakende geloof in die Pauliniese of NGB-sin van die woord.

## 2.15 Artikel 26: Christus ons Voorspraak

In hierdie artikel word Christus nie net as Voorspraak behandel nie, maar word veral beklemtoon dat hy ons enigste Middelaar en Voorspraak is. Die NGB polemiseer hier ongetwyfeld teen die Roomse verering van heiliges wat volgens die NGB daardeur eerder 'onteer in plaas van vereer' word. Verskeie tekste uit verskeie Nuwe-Testamentiese geskrifte (sinoptiese evangelies, Pauliniese briewe, die Johannesevangelie en veral die Hebreërbrief) word aangehaal en aanmekaargekoppel om die NGB se standpunt te onder-steun. Die meeste van hierdie tekste beklemtoon wel Christus as Middelaar en Versoener van ons sondes (Heb2:17; Rm 5:10; Heb 4:14-16; Heb 10:19,22; Heb 7: 24,25; Jh 14:6) sodat ons ook in

sy naam tot die Vader kan bid (Jh 16:23). Vermeende besware teen die opvatting dat Christus 'n direkte Voorspraak kan wees ondervang die NGB deur die aanhaling van tekste soos Filippense 2:6 en Hebreërs 2:17 (teen die beswaar dat Hy te verhewe sou wees om ons Voorspraak te kan wees) en Matteus 28:18 (om te bewys dat Hy genoeg mag en aansien het om dit te kan wees). Die verskil tussen die konteks van die NGB en die kontekste van die aangehaalde Nuwe-Testamentiese tekste is dat die probleem rondom die verering van heiliges nog nie in die tyd waarin die Nuwe-Testamentiese geskrifte ontstaan het, bestaan het nie. Die Nuwe-Testamentiese tekste maak wel melding van Christus as Voorspraak, Versoener en Middelaar, maar beklemtoon nog nie so pertinent soos die NGB dat net Christus alleen dit is of kan wees nie.

## 2.16 Artikel 34: Die heilige doop

Paulus sê in Romeine 10:4 dat Christus die einde van die wet is. Wat Paulus daarmee bedoel is duidelik uit die konteks as hy die geregtigheid wat uit die wet is stel teenoor die geregtigheid wat uit die geloof is. Die vraag wat Paulus wil beantwoord is: hoe word 'n mens gered, waardeur sal hy lewe? Die geregtigheid van die wet sê:

> 'Die mens wat doen wat die wet beveel sal daardeur lewe' (Rm 10:5 - NAB, vgl ook Lv 18:5).

Die geregtigheid uit die geloof sê:

> 'As jy met jou mond die Here Jesus bely en met jou hart glo dat God Hom uit die dode opgewek het, sal jy gered word' (Rm 10:9, vgl ook Rm 10:6-8).

Paulus speel dus die wet van Moses en die geloof in Christus hier teen mekaar af binne soteriologiese konteks. Omdat die geloof in Christus, volgens Paulus, die redding teweegbring en nie die wet nie, is Christus die einde van die wet. Die NGB haal egter Romeine 10:4 aan om aan te toon dat, deurdat Christus die einde van die wet is, die besnydenis (wat geld as deel van die wet en met bloedvergieting gepaardgegaan het) afgeskaf is en in die plek daarvan die sakrament van die doop gekom het. By Paulus is die tema 'geloof in Christus wat die wet vervang' en in die NGB is die tema 'doop wat die besnydenis vervang'.

Die NGB haal vervolgens die middelste sinsnede van Matteus 28:19 ('doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees') aan en vervolg dan:

> 'Hy toon ons daarmee dat, soos water die vuilheid van die liggaam afwas as dit oor ons gegiet word, en soos die water op die liggaam van die dopeling gesien word wanneer dit daarop gesprinkel word, so bewerkstellig die bloed van Christus deur die Heilige Gees dieselfde inwendig in die siel...'

Die doop, wat so gesien word as teken of simbool vir die reiniging deur die bloed van Christus, word egter nie as sodanig beskryf in Matteus 28:19 nie. Jesus praat daar slegs van die doop binne die konteks van die maak van dissipels en die onderrig wat daarop volg. Konsepte wat die NGB moontlik elders uit die Nuwe Testament kry, word dus so gekoppel aan Matteus 28:19.

In die laaste deel van die artikel word (in polemiek teen die Wederdopers wat by name genoem word) die kinderdoop bespreek. Daar word geargumenteer dat 'die doop aan ons kindertjies dieselfde doen as wat die besnydenis aan die Joodse volk gedoen het'. Die NGB sê dan dat Paulus die doop 'die besnydenis van Christus' (OV) noem. Volgens die NGB het die doop in die plek van die besnydenis gekom, en aangesien kindertjies ook besny is, kan hulle dus ook gedoop word. Volgens die argument van die Kolossensebrief het die 'besnydenis van Christus' ('wat bestaan in die wegneem van die sondige natuur van die mens, vgl Kol 2:11 - NAB) egter in die plek van die fisiese besnydenis gekom. Hierdie 'besnydenis van Christus' (= die aflê van die sondige natuur) het wel volgens Kolossense 2:12 by die doop gebeur. Die 'besnydenis van Christus' is dus nie soos die NGB sê dieselfde as die doop nie, maar het by die doop plaasgevind. Ons kry dus die volgende verskillende skemas:

Kolossensebrief: fisiese besnydenis --> aflê van sondige natuur (besnydenis van Christus)

NGB: fisiese besnydenis --> doop

Die meriete van die kinderdoop as sodanig is in Kolossense 2 glad nie aan die orde nie.

### 2.17 Artikel 36: Die burgerlike owerheid

Volgens die NGB het die owerheid die 'swaard in die hand' 'sodat die losbandigheid van die mense in bedwang gehou kan word en alles onder die mense ordelik kon verloop'. Romeine 13:4 word gedeeltelik en vry aangehaal en daar is ook 'n byvoeging tot die Paulusteks. Die owerheid het nie alleen die swaard in die hand om die kwaaddoeners te straf nie, maar volgens die NGB ook om die

'vromes te beskerm'. Wat die beskerming van die vromes betref, word dan verder in die artikel uitgespel dat die owerheid onder andere 'n hand moet hou 'aan die heilige Kerkdiens, om te weer en uit te roei alle afgodery en valse godsdiens - (en) die woord van die evangelie orals te laat preek'. Hieruit blyk duidelik die verskil in siening van die verhouding kerk en staat in Rome in Paulus se tyd aan die een kant en die sestiende eeu waarin die NGB tot stand gekom het aan die ander kant. Tydens die skrywe van Paulus se brief aan die Romeine was die Romeinse staat - alhoewel Paulus hulle dienaars van God noem - nie Christelik nie en Paulus gee nog minder blyke daarvan dat die owerheid 'n regulerende funksie ten opsigte van die kerk vervul. Sedert die vierde eeu is die kerk en staat egter nie beskou as bestaande in aparte kompartemente nie en in die sestiende eeu 'still the accepted idea was that in each country Church and State were one commonwealth' (Vidler 1971:58). Dit is dus nie onverstaanbaar dat 'n belydenisskrif hom uitspreek oor die Christelike funksies van die staat nie, veral indien dit (soos die NGB) eintlik 'n apologetiese geskrif is wat tot die staat gerig is soos blyk uit die begeleidende brief wat die belydenis voorafgaan (Bakhuizen van den Brink 1976:63-69). Paulus sê egter in Romeine 13:4 dat die owerheid ''n dienaar van God *jou* ten goede' is. Paulus gee advies aan die individuele Christen of die Christelike gemeente binne die staat (vgl die 'julle' in Rm 13:6) ten opsigte van hulle korrekte of verkeerde optrede (veral wat die betaling van belastings betref) en hy verwys geensins na die 'beskerming van die vromes' soos uiteengesit in die NGB nie.

Ook die aanhaling van 1 Timoteus 2:2 word aangehaal binne die konteks van die 'ordelike verloop' en 'regsorde' wat die owerhede moet handhaaf. Die teks word egter nie volledig aangehaal nie sodat dit in die NGB artikel voorkom asof die 'rustige en stil lewe' alleen deur die optrede van die owerheid (vir wie gebid moet word) bewerkstellig word, in plaas van 'alle mense' (vgl 1 Tm 2:2). Ook hierdie spesifieke gebruik van die aangehaalde teks teen die 'Wederdopers en ander oproerige mense en in die algemeen almal wat die owerheidsgesag en regeerders wil verwerp en die regsorde omvêr wil stoot' kan verklaar word binne die historiese situasie van die totstandkoming van die NGB. Volgens die Wederdopers moes die gelowiges 'ijlings breken met kerk en staat' (Berkhof & De Jong 1973:195) maar daar was ook in die Calvinistiese beweging self oproerighede wat onder andere tot uiting gekom het in die 'chanteries' of psalmoptogte waartydens groot skares liedere snags gesing het (soms met opset voor die huise van katolieke amptenare). De Brès was teen die *chanteries* gekant en die NGB word juis as 'n apologie gerig aan die staat sodat die nie-rewolusionêre karakter van die Calvinistiese beweging kon blyk (Bakhuizen van den Brink 1976:2-5). Dit is dus duidelik dat

die NGB hom wou afgrens teen die Wederdopers en sodanige oproeriges. Derhalwe word die orde wat die staat moet handhaaf, bely en afgelei uit Romeine 13:4 en 1 Timoteus 2:2.

## 2.18 Artikel 37: Die laaste oordeel, die opstanding en die ewige lewe

Die NGB lê baie klem op die historiese (Polman: [sa]:320) wederkoms van Christus en interpreteer die 'net so' van Handelinge 11:1 as 'liggaamlike en sigbaar'. Verdere Nuwe-Testamentiese tekste en gedeeltes van tekste word dan aangehaal betreffende die oordeel wat die res van die artikel in beslag neem. Hierdie oordeel neem volgens die NGB die vorm aan van 'n regsgeding. Die 'stem van die aartsengel en die geklank van die basuin van God', wat volgens 1 Tessalonisense 4:16 gepaardgaan met die koms van Christus, 'dagvaar' volgens die NGB alle mense wat ooit geleef het. Volgens die NGB verskyn Christus ook spesifiek as Regter. Nog die begrip van Christus as 'Regter', nog die term 'dagvaar' kom egter in 1 Tessalonisense voor. Die 'boeke' in die apokaliptiese visioen van die oordeel volgens Openbaring 20:11-15 word ook deur die NGB allegories geïnterpreteer as spesifiek gesê word dat die 'boeke' die 'gewetens' is. Alhoewel Openbaring 20:12 wel sê dat die dode geoordeel sal word volgens hulle werke, koppel die NGB die frase uit Openbaring 20:12 wat hy aanhaal met 2 Korintiërs 5:10 ('volgens wat hy gedoen het, of dit goed is of kwaad'). Beide Openbaring 20:12 en 2 Korintiërs 5:10 en verder ook Matteus 12:36 en Matteus 25:41 skilder wel, soos die NGB, die oordeel in forensiese terme met Christus wat op die regterstoel sit. Of daar egter ten opsigte van die verdere tekste wat die NGB in hierdie artikel aanhaal van 'n regsgeding sprake is, is 'n ope vraag aangesien volgens hierdie tekste Christus die uitverkorenes voor *die Vader* bely (Mt 10:32; Op 3:5) en hier nie van die Vader as Regter gepraat word nie. Trouens, Openbaring 21:4 ('God sal al die trane van hulle oë afdroog') is geensins deel van 'n apokaliptiese visioen van oordeel nie, maar van die visioen van die nuwe hemel en die nuwe aarde.

Die feit dat die NGB die wederkoms van Christus so nou koppel aan 'n regsgeding kan moontlik uit die vervolging wat die aanvanklike belyers van die NGB gely het, verklaar word. Uit die begeleidende brief spreek hierdie vervolgingsituasie baie duidelik (Bakhuizen van den Brink 1976:61vv) en was daar selfs 'n inkwisisie deur koning Filips II van Spanje (Duke 1980:138-139). Volgens die NGB sal die wederkoms van Christus 'n regsgeding inhou waarin die vervolgde hervormers gelyk gegee sal word:

> 'dan sal dit bekend word dat hulle saak, wat tans deur baie regters en owerhede as ketters en goddeloos veroordeel word, die saak van die Seun van God is'.

## 3. GEVOLGTREKKINGS

Uit die voorafgaande kan die volgende afgelei word ten opsigte van die Nuwe-Testamentiese Skrifgebruik van die NGB:

1. Die NGB openbaar 'n *voorliefde* vir tekste wat eerder uit die briefliteratuur van die Nuwe Testament kom as uit die vier evangelies en Handelinge. Veral die brief aan die Hebreërs figureer baie prominent.

2. Die Nuwe Testament word eerder *teksgewys* as perikoopsgewys aangehaal. In die meeste gevalle word teksverse ook nie in hulle geheel aangehaal nie. Laasgenoemde is in 'n sekere sin ook te begrype aangesien die Bybel wat De Brès gebruik het moontlik nog nie die huidige versindeling gehad het nie. Dit is naamlik eers in 1551 (maar 10 jaar voor die opstelling van die NGB) deur die drukker Robert Stephanus gemaak (Schäfer 1980:90) wat ook verklaar hoekom die teksverwysings in die oorspronklike teks van die NGB ontbreek. Desnieteenstaande word meesal slegs frases of onderdele van sinne aangehaal en sonder om aan die eie aard van die onderskeie geskrifte van die Nuwe Testament reg te laat geskied, word hierdie frases binne een sin of stelling aanmekaar gekoppel. Soms word bloot 'logies' geargumenteer en tekste word vry aangehaal. Die aangehaalde frases vorm in die meeste gevalle deel van die formulering van die argument self as wat dit sou dien as 'n aparte 'bewys' van reeds geformuleerde argumente.

3. Juis as gevolg van bogenoemde wyse van Skrifgebruik kan die Skrifgebruik van die NGB as '*pre-ortodoks*' getipeer word. As gevolg van kerklike konflikte is in die NGB altyd 'n polemiese toon aanwesig en word na die Skrif gegryp vir bewyse dat die eie standpunt korrek is. Die NGB se Skrifgebruik is egter nog net 'n voorloper van die '*dicta probantia*'-metode wat so kenmerkend was van die protestantse ortodoksie in die sewentiende eeu, aangesien elke stelling wat gemaak word nie in die positiwistiese sin van die woord met 'n bewysplaas gestaaf word nie (Kraus 1969:31-38). Die NGB is aan die ander kant ook nie meer verteenwoordigend van die vroeëre Reformatore, byvoorbeeld Luther, se Skrifgebruik nie. Waar Luther nog die Ou en Nuwe Testamente teenoormekaar gestel het en as 'wet' en 'evangelie' uitgelê het, val die teenstelling by die NGB weg en word die Ou Testament meesal Christologies uitgelê. Die finale kanonisering van die Bybel en die verwerping van die tradisie in afgrensing teenoor Rome (die konsilie van Trente vind juis gedurende hierdie tyd plaas: 1545-1563) is ook 'n wegbeweeg van Luther vir wie kanonkritiek nog moontlik was. Waar Luther byvoorbeeld die Hebreërbrief (te same met die Jakobusbrief, Judasbrief en Openbaring) beskou as op die periferie van die Nuwe-Testamentiese kanon, lê die NGB baie klem op die Hebreërbrief. Die Bybel met sy kanoniese gesag neem alhoemeer 'n

sentrale plek in in die teologiese denke wat later op die ortodoksie uitloop en die NGB gee blyke daarvan. In 'n sekere sin is daar egter nog steeds 'n vryheid in die Bybelgebruik, vandaar die tipering 'pre-ortodoks'.

4. Die oorspronklike *historiese konteks* van die tekste wat aangehaal word, word deur die NGB oor die hoof gesien. Die NGB lê wat dit betref dus ook eerder op die lyn wat van die reformasie via die beginsel van *sola scriptura* op die ortodoksie uitloop as wat dit lê op die lyn wat via die verligting op die historiese kritiek uitloop. Die keersy van die miskenning van die oorspronklike historiese konteks van aangehaalde tekste is natuurlik dat die interpretasie wat aan sodanige tekste gegee word deur die historiese konteks van die NGB self bepaal blyk te wees. In hierdie verband speel die polemiek met Rome, die vervolginge deur Filip II, die stryd teen die Wederdopers en die anti-Pelagianisme 'n groot rol. Soos die Qumransekte van ouds haal die NGB die Nuwe Testament so aan asof dit direk in die sestiende eeuse historiese situasie spreek.

## BRONNE GERAADPLEEG


Bakhuizen van den Brink, J N 1976. *De Nederlandse Belydenisschriften in authentieke teksten met inleiding en tekstvergelijkingen.* Amsterdam: Bolland.

Berkhof, H & De Jong, O J 1973. *Geschiedenis der Kerk.* Nijkerk: Callenbach.

Deist, F 1984. *A concise dictionary of theological terms.* Pretoria: Van Schaik.

*Die drie formuliere van enigheid* sa . Kaapstad: N G Kerkuitgewers.

Duke, A 1980. Salvation by coercion: the controversy surrounding the 'inquisition' in the Low Countries on the eve of revolt, in Brooks, P N (ed), *Reformation principle and practice. Essays in honour of A.G. Dickens*, 135-156. London: Scholar Press.

Kraus, H J 1969. *Geschichte der historisch-kritischen Erforschung des Alten Testaments.* Neukirchen: Neukirchener Verlag.

Lohse, E 1971. *Die Texte aus Qumran.* München: Kösel.

Metzger, B M 1968. *The text of the New Testament. Its transmission, corruption, and restoration.* Oxford: Clarendon.

*Ons glo... Die drie formuliere van eenheid en ekumeniese belydenisse* 1982. Kaapstad: N G Kerk-Uitgewers.

Polman, A D R sa . *Woord en belijdenis. Eenvoudige verklaring van die Nederlandse Geloofsbelijdenis.* Francker: Wever.

Schäfer, R 1980. *Die Bibelauslegung in der Geschichte der Kirche.* Gütersloh: Gütersloher Verlagshaus.

Schlier, H. 1971. *Der Brief an die Galater.* Göttingen: Vandenhoeck & Ruprecht.

Vidler, A R 1971. Church and state, in Macquarrie, J M (ed), *A dictionary of Christian ethics*. London: SCM.

# 6

# Empiriese patrone met betrekking tot die houdings, opinies en standpunte van predikante rakende belydenisskrifte

## 1. INLEIDING

In die volgende twee hoofstukke word die resultate van die empiriese ondersoek wat onder sowel predikante as lidmate van stapel gestuur is, aan die orde gestel.

So vêr vasgestel kan word, is daar nog nie 'n empiriese ondersoek oor dié tema in Suid-Afrika van stapel gestuur nie. Wat hier aangebied word, is die resultate van 'n beperkte steekproefondersoek binne die sentrale probleemstelling, gefundeer in 'n Gereformeerde teologiese teorie, van die verband tussen *Skrif en belydenisskrif*. Die empiriese ondersoek vloei direk voort uit die opstelle wat hieraan voorafgaan. Die sentrale gedagtes wat na vore tree uit dié teologiese opstelle (kerkhistories, dogmaties-hermeneuties, bibliologies) is geoperasionaliseer soos wat dit verband hou met die genoemde probleemstelling en in soverre as wat dit empiries meetbaar is. Vanselfsprekend is die metodologiese beslissings wat geneem is van kardinale belang. Wat in hierdie hoofstukke en in die Bylaes aangebied word, gee na ons mening al die relevante inligting wat nodig is om die geldigheid van argumente, stellings en gevolgtrekkings te evalueer.

Dit is moeilik om te bepaal of hierdie ondersoek, wat deur wetenskaplikes vanuit verskillende dissiplines aangepak is, *inter*-dissiplinêr of *intra*-dissiplinêr van aard is. Dit is egter ten minste duidelik dat 'n poging hier aangewend is om aan die hand van so betroubaar moontlike metodologiese beslissings lig te werp op 'n kardinale vraagstuk waarmee kerke van die Reformasie in Suid-Afrika worstel.

## 2. NAVORSINGSONTWERP: PREDIKANTE

### 2.1 Probleemstelling

Die kerkorde van die Nederduits-Gereformeerde Kerk bepaal in sy eerste artikel dat dié kerk gegrond is 'op die Bybel as die heilige en onfeilbare Woord van God. Die leer wat die Kerk in ooreenstemming met Gods Woord bely, staan uitgedruk in die Formuliere van Enigheid soos vasgestel op die Sinode van Dordrecht in 1618-1619, naamlik die Sewe-en-dertig Artikels van die Nederlandse Geloofsbelydenis, die Heidelbergse Kategismus en die Vyf Dordtse Leerreëls'. Alvorens 'n leraar toegelaat kan word tot die bediening van die Woord, moet hy die Formuliere van Enigheid onderteken as sou dit *ooreenstem* met die Skrif.

Ander kerke van gereformeerde belydenis het tot onlangs naasteby dieselfde bepalings gehandhaaf. Heel onlangs het die NG Sendingkerk egter 'n *status confesionis* afgekondig wat tot ernstige polemiek tussen gereformeerde kerke in Suid-Afrika aanleiding gegee het. Dié ontwikkeling het egter nie as sodanig aanleiding gegee tot die feit dat hierdie ondersoek geloods is nie. Dit illustreer egter op besondere wyse die aktualiteit van die debat en besinning in gereformeerde kerke rondom die konfessies.

Teen hierdie agtergrond is besluit om 'n empiriese ondersoek van stapel te stuur rondom die standpunte, menings en houdings van predikante en lidmate van gereformeerde belydenis met betrekking tot die verband tussen die Skrif en belydenisskrifte, met spesifieke verwysing na die Nederlandse Geloofsbelydenis (NGB), binne die konteks van die plurale Suid-Afrikaanse samelewing. Die laaste been van die projek behels 'n empiriese studie van dié probleem. Sonder empiriese gegewens tot 'n mens se beskikking loop jy altyd die risiko om in oneindige spekulasies rondom teologiese en ander kwessies te verval. Sake wat mense se optredes, lewensbeskouings en gesindhede aangaan, kan nouliks anders verhelder word as om mense self daaroor uit te vra. Hoewel kerke met stellig groot gesag hulle kan uitlaat oor hoe lidmate hulle *behoort* te gedra en optree, is dit altyd 'n vraag of lidmate *inderdaad* optree in ooreenstemming met hierdie afgeleide normatiewe uitsprake. Of dit die geval is, kan slegs empiries besleg word wat aanleiding kan gee tot varser, nugterder en meer konteksrelevante teologiese en kerklike besinning, debat en standpuntstelling.

## 2.2 Teoretiese konstruksie en konsepsualisering

Hierdie empiriese ondersoek word onderlê deur 'n ekklesiologies-dogmatologiese teoretiese model in terme waarvan op skriftuurlike grondslae besluit word dat die Heilige Skrif die *norma normata* en *norma normans* vir sowel die kerklike as openbare leer en lewe is. Naas die Skrif bestaan daar egter kerklik-historiese dokumente (belydenisskrifte en apokriewe boeke). Tradisioneel-gereformeerd beskou, is die Skrif 'n afgeslote kanon en daarom is die apokriewe boeke nie deel van die kanon nie. Die gereformeerde belydenisskrifte (die Drie Formuliere van Enigheid) het tydens die Reformasie beslag gekry en word beskou as 'openlijk bekennen, publiek belijden, getuignis afleggen voor de rechter. Paulus verklaart, dat Christus Jezus de goede belijdenis voor Pontius Pilatus betuigd heeft (1 Tm 6:13).' (Polman [sa]: 7). Dit kom neer op 'n saamval van wat in die *hart* is en wat met die *mond* bely word. In teenstelling met die Lutherse kerke, stel gereformeerde kerke tradisioneel dat belydenisskrifte slegs outoriteit het *in soverre dit ooreenstem* met Gods Woord. Dit moet telkens getoets word aan die Skrif. 'En als zij in alles met die Heilige Schrift overeenstemt, dan verklaren we: Omdat zij ons Gods Woord doorgeeft, heeft zij als daaruit afgeleide norm en richtsnoer te gelden' (Polman [sa]: 15).

In terme van hierdie teologiese raamwerk is die probleemstelling gekonsepsualiseer, begripsmatig geformuleer en is 'n aantal navorsingshipoteses en -proposisies afgelei wat aan empiriese toetsing onderwerp gaan word.

## 2.3 Navorsingshipoteses en -proposisies

'n Hipotese is eenvoudig volgens Bailey (1983:41-2) '... a proposition that is stated in testable form and predicts a particular relationship between two (or more) variables.' Om rigting aan die ondersoek te gee, is die volgende hipoteses en proposisies geformuleer:

### 2.3.1 Navorsingsproposisies

In teenstelling met hipoteses behels navorsingsproposisies nie 'n *antesendent* en *konsekwent* nie.

(i) Al die predikante van Gereformeerde belydenis ken die belydenisskrifte grondig, vereenselwig hulle volledig daarmee, maak 'n deeglike studie daarvan en ag dit as belangrik vir hulle rol as predikant.

(ii) Die belydenisskrifte word deur predikante as uiters belangrik beskou vir amptelike kerklike werk, die verstaan van die Skrif, die behoud van die leer van die kerk en vir hul alledaagse lewe.

(iii) Terwyl predikante die belydenisskrifte se gesag tydens legitimasie moes onderskryf, kan verwag word dat hulle nie geneig of daarvoor vatbaar sal wees dat dit verander word nie.

(iv) Predikante van gereformeerde belydenis beskou belydenisskrifte as sou dit minder gesag as die Skrif hê.

### 2.3.2 Navorsingshipoteses

(i) Hoe ouer 'n predikant is en hoe langer hy in bediening is, hoe meer is hy daarvoor ten gunste dat die belydenisskrifte, meer spesifiek die NGB, verander moet word.

(ii) Daar is geen verskille tussen predikante van verskillende kerke, taalgroeperings en met verskillende opleidingsentra se vereenselwiging met, beskouing van die gesag van belydenisskrifte én aandrang tot verandering van die NGB nie.

(iii) Predikante met verskillende biografiese kenmerke en teologiese opleiding verskil nie van houding ten opsigte van die vervanging van belydenisskrifte met een enkele belydenisskrif nie.

In die gang van die ondersoek sal talle ander implisiete hipoteses ook getoets word wat nie hier eksplisiet uitgespel word nie. Die sentrale argument wat in dié verslag gevoer word, is dat predikante oorweldigend ten gunste daarvan is dat die NGB verander moet word sodat 'n belydenisskrif wat meer relevant is vir die unieke plurale samelewingskonteks van die Suid-Afrikaanse samelewing die lig kan sien. Of dit 'n empiries-geldige argument is om aan te voer, kan alleen aan die hand van die inligting tot beskikking besleg word.

## 2.4 Operasionalisering en kwantifisering; Betroubaarheid

Die vraag is of die ingewikkelde en abstrakte teologiese proposisies empiries geoperasionaliseer kan word. Om dié rede is besluit om grootliks gebruik te maak van semantiese differensiaalskale en die Likert-tegniek om houdings te meet.

Die teologies-teoretiese konstruk (raamwerk) wat geoperasionaliseer (empiries afgespesifiseer is sodat dit meetbaar is) is, behels kernaspekte rakende die Skrif (aard, gesag, Bybelskrywers, genoegsaamheid, verstaan en theopneustie, die apokriewe en belydenisskrifte (aard, ontstaanskonteks, funksie, veranderbaarheid). Twee gestruktureerde vraelyste is opgestel en op beperkte skaal in 'n loodsondersoek getoets en ontleed aan die hand waarvan die interne konsekwentheid (Cronbach se alpha) vir verskillende skale in die vraelyste vasgestel is. Dié oefening het daartoe gelei dat bepaalde items gewysig is waarmee die vraelyste (Bylaag A) gefinaliseer is.

Dit is nie die pretensie van hierdie verslae dat alle ter sake dimensies rondom die probleemstelling afdoende gekwantifiseer (gemeet) is nie. Wat gekwantifiseer kon word, is gekwantifiseer en aan betroubaarheidstoetse onderwerp. 'n Kwalitatiewe metodologie wat komplementêr met die onderhawige kwantitatiewe metodologie toegepas sou kon word, sou inderdaad belangrike nie-kwantifiseerbare dimensies na vore kon bring, maar is vir die doeleindes van hierdie studie daar gelaat.

## 2.5 Data-insameling en steekproeftrekking

Die sosiale opname prosedure is aan die hand van gestruktureerde posvraelyste benut om data in te samel.

Die steekproef van predikante is getrek uit 'n *universum* predikante uit Transvaal en Zimbabwe van die vier kerke uit die Nederduits Gereformeerde Kerkfamilie (Ned. Geref. Kerk, NGKA, NGSK en Reformed Church), die Gereformeerde Kerk en die Nederduitch Hervormde Kerk (Bylaag B).

### 2.5.1 Tegnieke

Die sogenaamde *kwota-tegniek* is toegepas om 'n gestratifieerde en ewekansige steekproef te versamel onder die respondente (kyk Bylaag B). Daar is besluit op 'n posvraelys, maar 'n betreklike swak terugresponsie is van gekleurde lidmate ontvang. Dit wil voorkom of daar meer verfyn moet word aan dié tegniek as inligting by veral Swartmense oor hierdie tema versamel wil word. Van die 400 lidmaat-vraelyste (kyk Bylaag B) wat na swart lidmate gestuur is, is slegs 1 terug ontvang. Gevolglik maak dié ondersoek nie aanspraak daarop dat enige van die patrone wat hier vasgestel is, verteenwoordigend is van die betrokke kerke se lidmate nie. Moontlik kan met kwalitatiewe tegnieke (diepte-onderhoude) geslaag word om in die toekoms oor die tema inligting te verkry.

## 2.5.2 Terugresponsie

ŉ Posvraelys is gebruik wat selde, indien ooit, ŉ 100 persent terugresponsie ontlok. Uiteindelik is 551 lidmate (32,4%) en 143 predikante se vraelyste terug ontvang wat ŉ terugresponsie van 40,9 persent beteken. Babbie (1983:226) meen dat ŉ 50 persent terugresponsie *geskik* is vir ontleding en rapportering terwyl ŉ responsie van ten minste 60 persent as *goed* en 70 persent as *baie goed* getipeer sou kon word. Hy skryf: ... overall *response rate* is one guide to the representativeness of the sample respondents. If a high response rate is achieved, there is less chance of significant response bias than if a low rate is achieved (Babbie, 1983:226). Lin (1976:241) sê egter van dié persentasies: 'However, these are simply rough guides formulated by past experiences dealing with questionaire surveys. Bailey (1983:177) sê weer: ... I would be somewhat more conservative than Babbie. A 'demonstrated lack of response bias' is almost by definition going to be much more difficult to secure with a low response rate, while a very high response rate will permit little response bias.

Dit hang volgens hom af of opvolging gedoen is, die grootte van die steekproef en dergelike meer.

Dit is dus duidelik dat metodoloë verskil van opinie in dié verband. Statistiese toetse van beduidendheid en parameter-skatting word in die verslae, wat handel oor die gegewens van sowel predikante as lidmate, toegepas. Patrone wat blootgelê word, geld dié van die betrokke respondente wat anoniem gere-spondeer het. Dit is nie die premisse van die ondersoek dat dit verteenwoordigend is van al die predikante en/of lidmate van die betrokke kerke nie. Navorsingstegniese voorsorg is getref om die resultate wat ingewin is, so wetenskaplik gefundeerd moontlik aan te bied. Vanweë die kontensieuse en netelige aard van die tema wil dit voorkom of nouliks hoër responsiekoerse verwag sou kon word.

## 2.6 Besluit

Dit is nie die kontensie dat die patrone wat na vore tree, ooreen sal stem met dié van die volle *universum* predikante of lidmate van die betrokke kerke nie. In ŉ sin is hierdie ondersoek uniek omdat dit die eerste keer is dat hierdie tema as empiriese navorsingsprojek ter tafel geneem word. Om hierdie rede is dit tot ŉ groot mate ŉ verkennende ondersoek waarin nie alleen bepaalde navorsingstellings en -hipoteses getoets word nie, maar waarin navorsingshipoteses ook gegenereer word wat in toekomstige studies op groter skaal grondiger ondersoek sou kon word.

# 3. UITSTAANDE KENMERKE VAN PREDIKANTE

In hierdie hoofstuk word kursories aandag gegee aan die uitstaande biografiese en professionele kenmerke van die 143 predikante wat hul vraelyste vir verwerkingsdoeleindes terug gestuur het.

Die vraag is egter of nie slegs diegene wat tevrede was met die navorsingstema en/of -probleem die vraelys terug gestuur het nie. Op 'n vraag oor hoe predikante voel oor die vraelys, het slegs 7 persent aangedui dat hulle 'ongelukkig' daaroor voel terwyl sowat 18 persent aangetoon het dat hulle 'twyfel' daaroor het. Altesaam 71,3 persent het aangedui dat hulle 'baie gelukkig' of 'gelukkig' voel oor die vraelys.

## 3.1 Biografiese kenmerke

Die jongste predikant wat betrek is, was 28 jaar oud terwyl die oudste 75 jaar in ouderdom was. Die gemiddelde ouderdom van die predikante is op 41,6 jaar bereken. (tabel 3.1).

TABEL 3.1
BIOGRAFIESE KENMERKE VAN PREDIKANTE

| | N | % |
|---|---|---|
| Ouderdom | | |
| Tot 30 jaar | 14 | 9,8 |
| 31-40 jaar | 67 | 46,9 |
| 41-50 jaar | 33 | 23,1 |
| 51-60 jaar | 21 | 14,7 |
| 61+ jaar | 8 | 5,6 |
| Gemiddeld ($\bar{X}$)* 41,6 jaar | | |
| Huistaal | | |
| Afrikaans | 129 | 90,2 |
| Suid-Sotho | 4 | 2,8 |
| Tswana | 2 | 1,4 |
| Venda | 2 | 1,4 |
| Zoeloe | 1 | 0,7 |
| Nie gerapporteer nie | 5 | 3,5 |
| Kerkverband | | |
| Ned Geref Kerk | 76 | 53,1 |
| Geref Kerk | 20 | 14,0 |
| Ned Herv Kerk | 25 | 17,5 |
| Ned Geref Sendingkerk/NGKA | 13 | 9,1 |
| Geref Kerk in Afrika | 6 | 4,2 |
| Nie vermeld nie | 3 | 2,1 |

* Die simbool $\bar{X}$ word gebruik om die rekenkundige gemiddelde voor te stel.

Die oorweldigende meerderheid van die predikante (90,2%) is Afrikaanssprekend terwyl die balans 'n Swarttaal in die huis besig.

Net meer as die helfte (53,1%) is leraars van die blanke Ned Geref Kerk terwyl ongeveer eweveel blanke leraars van die Gereformeerde Kerk (14,0%) en die Ned Herv Kerk (17,5%) betrek is. Die res van die predikante (13,3%) is Woordbedienaars van gekleurde lidmate (Swart en Kleurling ).

### 3.2 Professionele kenmerke

Die predikante wat in die ondersoek betrek is, is gemiddeld in 1942 *gedoop*, het gemiddeld in 1957 *belydenis van geloof afgelê*, is gemiddeld in 1965 *gelegitimeer* en gemiddeld in 1968 *georden*. Tydens die ondersoek was hulle gemiddeld 13,3 jaar in bediening gewees. Wat hul teologiese opleiding betref, het 85,4 persent tussen 3 en 8 jaar opleiding in teologie ondergaan (tabel 3.2).

TABEL 3.2
PROFESSIONELE KENMERKE VAN LERAARS

| | N | % |
|---|---|---|
| 1. Teologiese opleiding: aantal jare | | |
| Minder as 4 | 6 | 4,4 |
| 4-7 | 117 | 85,4 |
| 8+ | 14 | 10,2 |
| Gemiddeld ($\overline{X}$) 5,6 jaar | | |
| 2. Teologiese opleiding: plek | | |
| Binnelands | | |
| U. Stellenbosch | 27 | 18,9 |
| U. Pretoria | 74 | 51,7 |
| P.U. vir CHO | 16 | 11,2 |
| Hammanskraal Teologiese Skool | 6 | 4,2 |
| UWK | 2 | 1,4 |
| U. Fort Hare | 1 | 0,7 |
| UNISA | 1 | 0,7 |
| Stoffberg Teologiese skool | 1 | 0,7 |
| Wellington Sendinginstituut | 1 | 0,7 |
| Kombinasies van bostaande | 13 | 9,8 |
| Buitelands | | |
| Glad nie | 134 | 93,7 |
| VSA | 1 | 0,7 |
| Duitsland | 1 | 0,7 |
| Nederland,Engeland en VSA | 1 | 0,7 |

| | N | % |
|---|---|---|
| Nederland, Switserland | 1 | 0,7 |
| Nederland, Duitsland | 1 | 0,7 |
| Nederland | 4 | 2,8 |
| 3. <u>Teologiese opleiding: hoogste peil</u> | | |
| Lisensiaat | 15 | 10,5 |
| Drie-jarige diploma in Teologie | 20 | 14,0 |
| BD/BTh/ThB | 73 | 51,0 |
| M-graad | 3 | 2,1 |
| Doktorandus | 10 | 7,0 |
| D-graad | 13 | 9,1 |
| Ander | 9 | 6,3 |

Oud-studente van bykans al die teologiese opleidingsentra is by die ondersoek betrek. Slegs 6,3 persent het ook in die buiteland in teologie gestudeer. Sowat 'n kwart het slegs óf 'n lisensiaat óf 'n driejarige Diploma in Teologie verwerf terwyl die res gegradueerd is in die Teologie en bykans een tiende 'n doktorsgraad behaal het.

Wat hul voorgraadse opleiding betref, het 91.6 persent in 'Geesteswetenskappe' en 7,7 persent in 'Natuurwetenskappe' gestudeer voordat hulle Teologie aangepak het. Blykens tabel 3.3 het sowat een vyfde (21,1%) slegs hoërskoolopleiding as hoogste kwalifikasie in 'n nie-teologiese rigting, waarskynlik almal die gekleurde predikante. Sowat 10 persent het 'n magister of 'n doktorsgraad behaal in ander dissiplines.

Sodra die hoogste peil van kwalifikasies wat in *Teologie* behaal is, in verband gebring word met die hoogste peil van kwalifikasies wat in *ander* dissiplines behaal is, val dit op dat sowat 8 persent vir albei *nie-graadse kwalifikasies* het; ongeveer 'n vyfde (22,4%) vir albei 'n *Baccalaureusgraad* behaal het; slegs 1,4 persent in albei magister- of doktorsgrade behaal het; sowat 5,6 persent 'n B-graad in Teologie maar 'n magister- of doktorsgraad in 'n ander wetenskap behaal het; en 7,7 persent weer 'n B-graad in ander dissiplines dog 'n magister- of doktorsgraad in teologie verwerf het.

TABEL 3.3
STUDIE IN ANDER DISSIPLINES AS TEOLOGIE

| | N | % |
|---|---|---|
| Hoogste kwalifikasie in nie-teologiese dissiplines | | |
| Nie geantwoord | 11 | 7,7 |
| Slegs Hoërskoolopleiding | 30 | 21,1 |
| Diploma | 6 | 4,2 |
| B-graad | 64 | 44,8 |
| M-graad | 9 | 6,3 |
| D-graad | 5 | 3,5 |
| Ander | 18 | 12,4 |

Hierdie kenmerke van die predikante sal in ontledings wat hierna aangebied word voortdurend benut word om vas te stel of dit waarskynlik verband hou met houdings en beskouings van predikante met betrekking tot die Skrif, belydenisskrifte en die verband tussen die Skrif en belydenisskrifte.

Die vraag is egter tot welke mate die predikante tot die belydenisskrifte georiënteerd is.

### 3.3 Oriëntasies tot belydenisskrifte

'n Vraag is aan die predikante gestel of hulle tydens hulle teologiese opleiding 'n studie van die Drie Formuliere van Enigheid *moes* maak. Hierop het 80,4 persent bevestigend geantwoord met betrekking tot die Heidelbergse Kategismus; 79,7 persent met betrekking tot die Nederlandse Geloofsbelydenis; en slegs 74,1 persent met betrekking tot die Dordtse Leerreëls. Dit wil dus voorkom of tussen sowat 'n vyfde en 'n kwart van die predikante nie *formeel* verplig was om 'n studie van al drie dié formuliere te maak nie. Die vraag sou na aanleiding hiervan gevra kon word of van kerklike weë verwag kan word dat die predikante die Formuliere se gesag moet onderskryf as almal van hulle dit nie aan kritiese akademiese ondersoek tydens hul teologiese studie onderwerp het nie.

Terwyl bykans driekwart (73,4%) predikante al drie die Formuliere moes bestudeer het, moes een tiende (10.5%) minder as drie daarvan bestudeer terwyl van 16,1 persent predikante glad nie verwag is om dit te bestudeer nie.

Ses uit elke tien (58 %) predikante lug die mening dat al drie dié Formuliere vir hulle ewe belangrik is. Interessante patrone tree na vore as hulle uitgevra word welke Formulier deur hulle as die belangrikste, tweede belangrikste en derde belangrikste geag word (tabel 3.4).

TABEL 3.4
BEOORDELING VAN DIE BELANGRIKHEID VAN FORMULIERE
(%)

| | Belangrikste | Tweede belangrikste | Derde belangrikste |
|---|---|---|---|
| Nie van toepassing | 58,7 | 59,4 | 62,9 |
| NGB | 5,6 | 28,7 | 2,8 |
| Heidelbergse Katg(HK) | 34,3 | 5,6 | 0,7 |
| Dordt | 1,4 | 3,5 | 33,6 |
| NGB en HK | - | 2,1 | - |
| NGB en Dordt | - | 0,7 | - |

Van dié predikante wat tussen die drie Formuliere diskrimineer, blyk die patroon duidelik: die mees populêre formulier is die Heidelbergse Kategismus gevolg deur die Nederlandse Geloofsbelydenis terwyl die Dordtse Leerreëls as die minste belangrik deur die meerderheid geag word. Is dié patroon dalk bloot daaraan te wyte dat sommige van die kerke dit verpligtend maak dat 'n sekere aantal preke jaarliks uit die Kategismus gelewer moet word?

Die predikante het baie openhartig oor hulle studie en gebruik van die belydenisskrifte gerapporteer (tabel 3.5).

TABEL 3.5
LEES VAN EN PREEK N A V DIE BELYDENISSKRIFTE

| Belydenisskrifte gedurende afgelope jaar | Persentasie wat glad nie dit gedoen het nie | Gemiddelde kere oor afgelope jaar |
|---|---|---|
| 1. <u>Die N G B</u> | | |
| .... gelees | 18,2 | 9,88 |
| .... n a v gepreek | 50,3 | 3,01 |
| 2. <u>Die Heidelbergse Kategismus</u> | | |
| .... gelees | 10,5 | 21,15 |
| .... n a v gepreek | 13,3 | 11,70 |

| Belydenisskrifte gedurende afgelope jaar | Persentasie wat glad nie dit gedoen het nie | Gemiddelde kere oor afgelope jaar |
|---|---|---|
| 3. <u>Die Dordtse Leerreëls</u> | | |
| .... gelees | 36,4 | 7,04 |
| .... n a v gepreek | 68,5 | 2,01 |

Hieruit blyk dit weereens dat die Heidelbergse Kategismus die meeste aftrek kry. Predikante is veel meer geneig om dié formulier te lees ($\bar{X}$ = 21.15 keer p j) en na aanleiding van dit te preek ($\bar{X}$ = 11.70). Nogtans blyk dit dat ongeveer 'n tiende dit glad nie gedurende die voorafgaande jaar gelees (10,5%) of na aanleiding van dit gepreek (13,3%) het nie. Soos blyk uit die res van die gegewens, is die Dordtse Leerreëls weereens die ongewildste in dié verband. Sowat een derde predikante het dit glad nie oor die afgelope jaar gelees nie terwyl twee derdes glad nie na aanleiding daarvan gepreek het nie.

Watter praktiese betekenis het die belydenisskrifte egter volgens die mening van die predikante?

TABEL 3.6
TAKSERING VAN DIE BELANGRIKHEID VAN BELYDENISSKRIFTE
(%)

| Kerklik of lewensdomein | Uiters belangrik of belangrik | Heeltemal onbelangrik of onbelangrik |
|---|---|---|
| Prediking | 74,9 | 4,2 |
| Pastoraat | 49,0 | 9,8 |
| Doopkategese | 74,2 | 4,9 |
| Kinderkategese | 66,9 | 4,2 |
| Vir ouderlinge | 70,0 | 4,9 |
| Vir diakens | 61,6 | 5,6 |
| Skrifverstaan | 71,4 | 4,9 |
| Alledaagse lewe | 65,8 | 5,6 |
| Behoud van kerklike leer | 86,7 | 5,6 |

Dat predikante nie hieroor eenstemmigheid het nie, blyk duidelik uit tabel 3.6. Sowat driekwart predikante ag belydenisskrifte as belangrik of uiters belangrik vir hul *prediking* terwyl sowat sewe uit elke tien dit sodanig ag vir hul *verstaan van die Skrif*. Die belang daarvan vir die *pastoraat* (49,0%) en alledaagse lewe (65,8%) van predikante staan redelik laag op die lys. Die vraag

kan nou gestel word hoe predikante sélf hul kennis van die belydenisskrifte takseer. Die gegewens in tabel 3.7 gee hieroor uitsluitsel.

TABEL 3.7
KENNIS VAN BELYDENISSKRIFTE
(%)

| Belydenisskrif | Uitstekend of goed | Baie swak of swak |
|---|---|---|
| NGB | 41,3 | 4,9 |
| Dordt | 32,2 | 13,3 |
| Heidelberger | 77,0 | 0,0 |

Weereens tree die patroon na vore dat die predikante die beste ingelig is oor die Heidelbergse Kategismus. Net meer as driekwart takseer hul kennis daarvan as uitstekend of goed terwyl niemand hul kennis as swak beskou nie. Dieselfde geld nie die ander twee formuliere nie. Slegs sowat 'n derde (32,2%) oordeel dat hulle die Dordtse Leerreëls uitstekend of goed ken terwyl ongeveer vier uit elke tien (41,3%) predikante oordeel dat hulle die NGB sodanig ken.

Die kritiese vraag wat nou na vore tree, is tot welke mate die predikante hulle vereenselwig met alles wat in die drie belydenisskrifte opgeteken is. Weereens blyk dit dat die Heidelbergse Kategismus die sterkste steun en die Dordtse Leerreëls die minste steun geniet.

TABEL 3.8
VEREENSELWIGING MET DIE INHOUD VAN DIE BELYDENISSKRIFTE
(%)

| | Geheel en al of redelik sterk | Gladnie of nie juis nie |
|---|---|---|
| NGB | 84,6 | 0,0 |
| Dordt | 79,0 | 2,1 |
| Heidelberger | 91,6 | 0,7 |

Nogtans is dit merkwaardig dat bykans 80 persent en méér van die predikante hul tot 'n baie groot mate vereenselwig met alles wat in die drie belydenisskrifte vervat is. As dié gegewens egter saamgelees word met dié vervat in tabel 3.7 duik die vraag vanselfsprekend op of 'n mens nie met so 'n responsiepatroon met 'n mate van 'wenslikheidsresponsie' te make het nie. As die kennis van die belydenisskrifte, volgens predikante self, deur só min as

'uitstekend' of 'goed' getipeer sou kan word, is dit inderdaad 'n kritiese vraag om te beantwoord hoekom al drie dié Formuliere só 'n oorweldigende steun kry soos blyk uit die gegewens van tabel 3.8.

'n Telling is op grond van die reaksies van die predikante bereken en daarvolgens blyk dit dat sowat die helfte (55,9%) hulle *sterk vereenselwig* met al drie die formuliere terwyl ongeveer 'n kwart (23,8%) hulle *matig* vereenselwig en een vyfde (20,3%) hul swak daarmee assosieer.

## 3.4 Besluit

Dit is opvallend duidelik dat daar moontlik ernstige leemtes bestaan in die teologiese opleiding van die predikante rakende die belydenisskrifte omdat tussen 'n kwart en 'n vyfde predikante nie formeel verplig was om 'n studie van al drie die Formuliere te maak nie. Dat predikante klaarblyklik differensieer tussen die drie Formuliere met betrekking tot die belangrikheid, praktiese betekenis en vereenselwiging met die betrokke dokumente, blyk duidelik. Die vraag sou gevra kan word of voortgegaan moet word met 'n binding van die gewete van predikante deur die verpligte ondertekening daarvan teen die agtergrond van die patrone wat tot dusver geblyk het met betrekking tot die selfevaluasie van die kennis van en vereenselwiging met dié drie belydenisskrifte wat in 'n totaal ander sosiale konteks beslag gekry het.

Wat die steekproefsamestelling betref, is dit duidelik dat predikante met redelik diverse biografiese en professionele kenmerke betrek is by die ondersoek. Of die responsies wat deur hulle gegee is in die res van die vraelys verteenwoordigend is van dié van al die predikante van die betrokke kerke, is egter 'n vraag wat slegs deur 'n meer omvattende ondersoek beantwoord sou kon word.

# 4. SKRIFBESKOUINGS

Die gereformeerde beskouing van die Skrif is van fundamentele belang vir hierdie ondersoek. Terwyl die ondersoek ten doel het om verheldering te soek oor die verband tussen Skrif en belydenisskrifte binne die moderne Suid-Afrikaanse samelewingskonteks, is dit dus van belang dat in eerste instansie die siening van predikante met betrekking tot die Skrif empiries omlyn word.

Die klassieke gereformeerde Skrifbeskouing behels, kortom, dat die Skrif 'n geslote kanon is en in sigself gesag het deurdat God die Bybelskrywers geïnspireer het om *Sy* wil vir die mens vir alle tye op te teken. Die Skrif kan nie verander word nie. Die bely-

denisskrifte, aan die ander kant, kan wél verander omdat dit nie dieselfde gesag as die Skrif het nie en deur kerklike tradisie beslag gekry het om die boodskap van die Skrif duidelik uit te spel vir sosiale kontekste. Dit is daarom verstaanbaar dat 81,8 persent van die predikante nie daarteen gekant is nie dat bv die NGB verander mag word. Tog is daar sowat 14,7 persent predikante wat meen dat die NGB onder géén omstandighede verander mag word nie. Om die saak nog verder te voer: 30,1 persent van die predikante het daarmee saamgestem dat die bestaande drie belydenisskrifte vervang moet word deur *een enkele belydenisskrif* wat opgestel is deur teoloë van al die kerke van gereformeerde belydenis terwyl net meer as die helfte (55,3%) nie hiervoor te vinde was nie.

Die vraag is nou hoe dié polêre groepering van predikante se Skrifbeskouings van mekaar verskil. In hierdie afdeling sal dieper ingegaan word op dié tema.

## 4.1 Die aard van die Skrif

Hoewel daar bykans eenstemmigheid onder die predikante is dat die Skrif die Heilige en Goddelike Woord is, blyk dit uit tabel 4.1 dat 'n aantal predikante (13,3%) blykbaar die Barthiaanse Skrifbeskouing handhaaf, dit nie as 'n afgeslote kanon beskou nie (13,3%) en dit as die enigste bron beskou waaruit God geken kan word en nie die Natuur nie (27,3%). Wat laasgenoemde twee standpunte betref, is dit duidelik dat dit in stryd is met respektiewelik artikels 4 en 2 van die Nederlandse Geloofsbelydenis. Baie min predikante (3,5%) beskou nogtans die Bybel bloot as 'n boek soos ander boeke, maar heelwat meen dat die Skrif nie sigself verklaar nie en dat teologiese kennis dus nodig is (74,2%) vir Skrifverstaan terwyl bykans die helfte daaroor twyfel of verskil dat daar géén teenstrydighede in die Skrif is nie.

Hierdie stellings is ontleed * deur dié predikante wat moontlik daarvoor te vinde is dat die NGB verander word (altesaam 81,8%) te kontrasteer met dié wat moontlik nie daarvoor te vinde is nie. Dit het geblyk dat daar slegs in een opsig statisties beduidende verskille in dié verband na vore tree. Predikante wat nie vir verandering daarvan te vinde is nie, is meer geneig om te meen ($\overline{X}$ = 1,86; s = 1,17) dat daar geen teenstrydighede in die Skrif is nie terwyl dié wat wél ten gunste van verandering van die NGB is, óf daaraan twyfel dat dit nie verander nie, meer geneig is ($\overline{X}$ = 2,96; s = 1,57) om hiervan te verskil.

---

* Eenrigtingontleding van variansie (F-toets) op die 5-persent peil van beduidenheid op 'n 5-punt skaal. Hoe groter die gemiddelde, hoe meer verskil respondente en vice versa.

TABEL 4.1
DIE AARD VAN DIE SKRIF
(%)

| | Stem beslis saam | Stem saam | Onseker | Verskil | Verskil beslis |
|---|---|---|---|---|---|
| | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| Die Skrif is die Heilige Goddelike Woord waardeur ons God ken. ........... | 83,2 | 15,4 | 0,7 | - | - |
| Die Skrif is die Woord van God wat op sy bevel op skrif gestel is. .. | 66,4 | 23,1 | 3,5 | 5,6 | - |
| Die Skrif IS nie die Woord van God nie, maar kan dit WORD deur die werking van die Heilige Gees. ................. | 4,9 | 8,4 | 3,5 | 22,4 | 60,1 |
| Die Skrif is bloot 'n boek soos enige ander boek. ................. | 0,7 | 2,8 | - | 21,0 | 75,5 |
| Die Skrif is nie afgeslote en uitsluitlik kanoniek nie. Daar lê heel moontlik nog verborgenhede onder die sand van die Midde-Ooste wat moontlik bygevoeg kan word tot die Bybel. .. | 2,1 | 11,2 | 7,0 | 18,9 | 59,4 |
| Die Skrif verklaar homself en ek het geen teologiese kennis nodig om dit te verstaan nie. .. | 11,2 | 11,9 | 2,8 | 42,0 | 32,2 |
| Daar bestaan geen teenstrydighede in die Skrif nie. ................. | 30,1 | 21,7 | 2,1 | 28,0 | 17,5 |
| Ek kan God slegs deur die Skrif ken en nie in die Natuur ook nie. ... | 9,8 | 17,5 | 3,5 | 45,5 | 23,1 |

## 4.2 Skrifgesag

Oor die algemeen is die predikante ook eenstemmig oor die gesag van die Skrif.

TABEL 4.2
DIE GESAG VAN DIE SKRIF
(%)

| | Stem beslis saam | Stem saam | Onseker | Verskil | Verskil beslis |
|---|---|---|---|---|---|
| | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| Die Skrif het gesag omdat dit God se Woord is. ... | 76,2 | 19,6 | 2,1 | 2,1 | - |
| Die Heilige Gees oortuig my van die gesag van die Skrif. ................ | 70,6 | 27,3 | 0,7 | - | 1,4 |
| Die bewyse van die gesag van die Skrif vind ek in die Skrif self. ........ | 53,1 | 36,4 | 3,5 | 5,6 | - |
| 'n Gelowige kan sonder enige twyfel aan die Skrif glo. .................... | 70,6 | 20,3 | 3,5 | 4,9 | 0,7 |
| Die Skrif het gesag omdat die lidmate dit as gesaghebbend erken. .......... | 4,2 | 7,0 | 1,4 | 35,7 | 51,0 |
| Die Skrif het gesag omdat die kerk dit deur alle eeue as gesaghebbend aanvaar het. ............... | 7,7 | 18,9 | 4,2 | 32,9 | 36,4 |
| Die Bybel is slegs deur gewone mense geskrywe. .. | 28,7 | 28,0 | 1,4 | 20,3 | 18,9 |
| God het die gawes en talente van die Bybelskrywers gebruik om Sy Wil aan die mens bekend te maak. ............... | 69,2 | 28,7 | - | 2,1 | - |
| Daar is tekskritiese foute in die Skrif. .... | 38,5 | 48,3 | 5,6 | 4,9 | 0,7 |
| Daar is nie leerstellige teenstrydighede in die Skrif nie. ...... | 46,2 | 25,9 | 6,3 | 15,4 | 6,3 |

Dit val egter op (tabel 4.2) dat sowat 'n kwart van die predikante (26,6%) meen dat die Skrif sy gesag aan die aanvaarding daarvan deur die *kerk* deur alle eeue ontleen terwyl sowat een tiende (11,2%) meen dat die gesag van die Skrif te wyte is aan die erkenning van *lidmate* in dié verband. Terselfdertyd meen die oorweldigende meerderheid predikante (89,5%) dat hulle dié bewyse van die gesag van die Skrif in die Skrif self vind. Slegs 5,6

persent predikante is nie bereid om te sê dat daar tekskritiese foute in die Skrif bestaan nie en sowat een vyfde (21,7%) dat daar geen leerstellige teenstrydighede in die Skrif is nie.

Hoe verskil predikante wat wel ten gunste is van die verandering van die NGB van dié wat nie daarvoor te vinde is nie met betrekking tot aspekte rakende die gesag van die Skrif soos gemeet deur dié stellings? Daar is slegs 'n graadverskil met betrekking tot drie van die stellings. Diegene wat nie ten gunste van 'n verandering van die NGB is nie, stem ietwat sterker daarmee saam dat daar geen leerstellige teenstrydighede in die Skrif is nie ($\bar{X}$ = 1,54; s = 0,73); dat die Skrif gesag het omdat dit God se Woord is ($\bar{X}$ = 1,05; s = 0,21); en dat die Heilige Gees hul van die gesag van die Skrif oortuig ($\bar{X}$ = 1,09; s = 0,29) terwyl die sowat 84,6 persent predikante wat die NGB verander sou wou sien, oorheersend ook met dié stellings saam stem, dog in 'n ietwat geringer mate as die voorgenoemde kategorie predikante. Die respektiewelike statistieke vir laasgenoemde kategorie is as volg: $\bar{X}$ = 2,19, s = 1,36; $\bar{X}$ = 1,35, s = 0,65; $\bar{X}$ = 1,39, s = 0,68.

## 4.3 Bybelskrywers

Die predikante is verdeeld oor wie sekere boeke van die Bybel geskryf het soos omskrywe in artikel 4 van die NGB. Meer as die helfte (54,6%) meen nie dat Moses die Pentateug geskryf het nie.

TABEL 4.3
DIE BYBELSKRYWERS
(%)

| | Stem beslis saam<br>1 | Stem saam<br>2 | Onseker<br>3 | Verskil<br>4 | Verskil beslis<br>5 |
|---|---|---|---|---|---|
| Moses is die skrywer van die eerste vyf Bybelboeke. .......... | 18,2 | 17,5 | 9,1 | 25,2 | 29,4 |
| David is die skrywer van al die Psalms. ... | 1,4 | 1,4 | 1,4 | 32,2 | 62,9 |
| Salomo is die skrywer van Hooglied, Spreuke en Prediker... | 9,1 | 19,6 | 11,2 | 32,9 | 25,9 |
| Paulus is die skrywer van die Hebreër-brief. ............... | - | 4,9 | 22,4 | 36,4 | 36,4 |
| Paulus is die skrywer van die Pastorale briewe. ............. | 40,6 | 37,1 | 4,9 | 8,4 | 6,3 |

Net meer as 'n kwart (28,7%) is weer die mening toegedaan dat Salomo Hooglied, Spreuke en Prediker geskryf het, maar bykans 60 persent (58,8%) is nie dié mening toegedaan nie. Dit val verder op dat sowat 2,8 persent predikante meen David het al die Psalms geskrywe terwyl 14,7 persent Paulus nie as die outeur van die Pastorale briewe beskou nie.

Slegs ten opsigte van die stelling dat Salomo die skrywer van Hooglied, Prediker en Spreuke is, kan statisties beduidende verskille aangetref word tussen predikante wat nie die NGB verander wil hê nie teenoor diegene wat nie só daaroor oordeel nie. Eersgenoemde kategorie is meer geneig om saam te stem ($\overline{X}$ = 2,82; s = 1,53) dat Salomo die skrywer daarvan is terwyl laasgenoemde meer geneig is om daarvan te verskil ($\overline{X}$ = 3,53; s = 1,31).

## 4.4 Skrifgenoegsaamheid

Die oorweldigende meerderheid predikante (97.9%) steun die stelling dat die Skrif alles bevat wat nodig is vir hul saligheid.

TABEL 4.4
DIE GENOEGSAAMHEID VAN DIE SKRIF
(%)

| | Stem beslis saam | Stem saam | Onseker | Verskil | Verskil beslis |
|---|---|---|---|---|---|
| | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| Die Skrif bevat alles wat vir my saligheid nodig is. ............. | 85,3 | 12,6 | 0,7 | 1,4 | - |
| Ek is nie seker of die Skrif alles bevat oor die wyse waarop ek God moet dien nie. ........ | 1,4 | 9,8 | 8,4 | 23,8 | 45,5 |
| Daar hoef niks bygevoeg te word tot die Skrif nie. ............ | 74,1 | 18,9 | 3,5 | 3,5 | - |
| Die Skrif omsluit die volle leer van die Christendom. .......... | 54,5 | 31,5 | 4,2 | 7,0 | 0,7 |
| Die Skrif help my nie om 'n ware kerk van 'n valse kerk te onderskei nie. ............ | 3,5 | 2,8 | 2,1 | 35,0 | 56,6 |

| | Stem beslis saam | Stem saam | Onseker | Verskil | Verskil beslis |
|---|---|---|---|---|---|
| | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| Die Skrif is nie heeltemal duidelik oor wat 'n mens se houding teenoor die landsowerheid moet wees nie. ........ | 3,5 | 11,9 | 2,1 | 40,6 | 42,0 |

Tog meen sowat een tiende (11,2%) dat die Skrif nie alles bevat oor die wyse waarop hulle God moet dien nie. Vir 'n paar predikante (6,3%) help die Skrif nie om die 'ware' van die 'valse' kerk te onderskei nie terwyl volgens 15,4 persent die Skrif nie heeltemal duidelik is oor wat 'n mens se houding teenoor die landsowerheid moet wees nie. Geen statisties beduidende verskille tree na vore rondom die aspekte rakende die genoegsaamheid van die Skrif soos hier gemeet as die predikante wat nie ten gunste van die verandering van die NGB is nie vergelyk word met dié wat wél só daaroor voel.

## 4.5 Skrifverstaan

Hoe is Skrifverstaan moontlik? Deur die Skrif self, die erkenning van die gesag daarvan, deur geloof óf deur die Heilige Gees? Sowat 16,1 persent is die mening toegedaan dat die Skrif nie slegs in die lig van die Skrif sélf verstaan kan word nie. Vir 6,3 persent is die bril van die geloof en vir 4,9 persent die leiding van die Heilige Gees óók nie deurslaggewend nie. Die erkenning van die Goddelike gesag van die Skrif is vir 16,8 persent predikante ook nie die sleutel tot die verstaan van die Skrif nie.

TABEL 4.5
DIE VERSTAAN VAN DIE SKRIF
(%)

| | Stem beslis saam | Stem saam | Onseker | Verskil | Verskil beslis |
|---|---|---|---|---|---|
| | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| Die Skrif kan slegs in die lig van die Skrif self verstaan word. ... | 39,2 | 42,0 | 1,4 | 14,0 | 2,1 |
| Ek verstaan die Skrif alleen as dit deur die bril van die geloof gelees word. ........... | 52,4 | 37,1 | 3,5 | 4,2 | 2,1 |

| | Stem beslis saam | Stem saam | Onseker | Verskil | Verskil beslis |
|---|---|---|---|---|---|
| | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| Die leiding van die Heilige Gees is nie nodig as 'n mens die Skrif wil verstaan nie.................. | 2,8 | 2,1 | 2,1 | 25,2 | 67,8 |
| 'n Mens kan slegs die Skrif verstaan as jy die Goddelike gesag daarvan erken... | 51,0 | 27,3 | 4,2 | 15,4 | 1,4 |
| Die Ou Testament kan slegs verstaan word as ek dit letterlik vertolk................ | 0,7 | 6,3 | 2,8 | 50,3 | 39,2 |
| Die Ou Testament kan nie simbolies verstaan word nie. ....... | 7,0 | 15,4 | 7,7 | 42,0 | 25,2 |
| 'n Mens kan alleen die Ou Testament verstaan as jy aanvaar dat Christus die middelpunt daarvan is. .................... | 32,2 | 30,8 | 10,5 | 22,4 | 3,5 |
| 'n Skrifgedeelte moet altyd binne sy kultuurhistoriese konteks verstaan word. .................. | 52,4 | 41,3 | 0,7 | 4,9 | 0,7 |
| Die Ou Testament is nie vir my 'n belangrike deel van die Skrif nie. ............ | - | 0,7 | 0,7 | 17,5 | 79,7 |
| Ek kan die Ou Testament slegs analogies verstaan..... | 1,4 | 3,5 | 9,1 | 37,1 | 47,6 |
| Dit is nie nodig om 'n gedeelte van die Ou Testament vanuit die historiese omstandighede daarvan te verstaan nie. ...... | 2,1 | 2,8 | 2,1 | 42,0 | 50,3 |
| Die Ou Testament kan alleen vanuit die oogpunt van die Nuwe Testament verstaan word. ................ | 23,1 | 35,0 | 4,2 | 25,2 | 11,2 |

| | Stem beslis saam | Stem saam | Onseker | Verskil | Verskil beslis |
|---|---|---|---|---|---|
| | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| Die Ou Testament kan nie verstaan word in die lig van die Nuwe Testamentiese vervulling van die beloftes daarin nie.... | 3,5 | 7,0 | 3,5 | 44,8 | 41,3 |
| Ten einde die Skrif te verstaan, hoef 'n mens nie te erken dat die Skrif deur God geïnspireer is nie. ................ | 2,1 | 7,7 | 2,1 | 42,0 | 44,1 |

Dit is dus duidelik dat daar nie volkome eensgesindheid in dié verband onder die predikante heers nie. Bykans een tiende (9,8%) meen dat selfs nie die erkenning van die Goddelike inspirasie van die Skrif 'n voorvereiste in dié opsig is nie.

'n Letterlike vertolking en 'n analogiese of simboliese verstaan van die Ou Testament geniet die steun van die minste predikante terwyl 'n Christosentriese verstaan deur 63 persent en 'n Nuwe-Testamentiese verstaan deur 58,1 persent predikante onderskryf word. Verder meen slegs 5,6 persent predikante dat 'n Skrifgedeelte nie altyd in sy kultuur-historiese konteks verstaan moet word nie.

Dit val op dat daar geen statisties beduidende verskille na vore tree nie tussen predikante wat nie ten gunste is van die verandering van die NGB nie aan die een kant en diegene wat daaroor twyfel of wél ten gunste van die verandering is as dié stellings vir vergelykingsdoeleindes aangewend word.

Die Ou Testament se simboliese, Christosentriese, en Nuwe-Testamentiese vertolking is dus nie punte waaroor predikante eenstemmigheid het nie. Indringender ontledings waartydens dié standpunte in verband gebring is met die taksering van die *belang* van, die *vereenselwiging* met en die *kennis* van die belydenisskrifte, het aan die lig gebring dat diegene wat meen dat die Ou Testament in die lig van die Nuwe Testament vertolk moet word, slegs ten opsigte van hul *vereenselwiging* met die belydenisskrifte beduidend verskil van diegene wat die teenoorgestelde mening huldig. Laasgenoede vereenselwig hulle swakker met die belydenisskrifte as eersgenoemde.

TABEL 4.6

SKRIFVERSTAAN: DIE NUWE-TESTAMENTIESE VERTOLKING VAN DIE OU TESTAMENT (Gemiddeldes)

| | Aanvaarding dat OT ...in die lig van NT vertolk word | Aanvaarding dat OT ...nie in die lig van NT vertolk word nie |
|---|---|---|
| Vereenselwiging met** die belydenisskrifte | | |
| $\bar{X}$ = | 4,27 | 5,73 |
| F = 4,84; p = 0,009:* | | |

* Die F-toets is 'n eenrigting variansie-ontledingstegniek. Die F-statistiek word gerapporteer, en is

$$F = \frac{(\text{Korrekte variansie})}{(\text{Fout variansie})}$$

en die p-statisitiek wat die beduidenheid (onder 5%) aandui.

** Kyk bladsy 102 paragraaf 2 van voetnoot **) op bladsy 112.

Predikante wat meen die Ou Testament kan alleen verstaan word as aanvaar word dat Christus die middelpunt daarvan is, slaan die belang van die belydenisskrifte vir take van predikante hoër aan, vereenselwig hulle tot 'n sterker mate met die belydenisskrifte én ken die belydenisskrifte beter as diegene wat meen mens hoef nie te aanvaar dat Christus die middelpunt van die Ou Testament is nie ten einde dit te verstaan nie.

Die Christosentriese vertolking van die Ou Testament word die sterkste gesteun deur diegene wat hul teologiese opleiding aan die PU vir CHO en 'n Swart of Kleurling opleidingsentrum ondergaan het en word die minste gesteun deur Pretorianers - vergelyk Tabel 4.7. Wat kerkverband betref, blyk dit dat predikante van die Gereformeerde Kerk en 'n Swart kerk dan ook die Christosentriese vertolking die sterkste steun terwyl predikante van die Hervormde Kerk die minste geneig is om 'n dergelike vertolking te onderskryf.

Wat die ander standpunte met betrekking tot die vertolking van die Ou Testament betref, kon geen beduidende verskille met betrekking tot biografiese kenmerke aangetref word nie.

TABEL 4.7

CHRISTOSENTRIESE VERSTAAN VAN DIE OU TESTAMENT ONTLEED VOLGENS BIOGRAFIESE KENMERKE

(%)

| | Verstaan van die Ou Testament | |
|---|---|---|
| | Christus as middelpunt | Christus nie as middelpunt nie |
| Huistaal | | |
| Afrikaans | 60,5 | 39,5 |
| Swarttale | 100,0 | 0,0 |
| $\chi^2 = 6,28$; gvv = 1; p = 0,0432; C = 0,205 | | |
| Plek van teologiese opleiding | | |
| Swart/Kleurling opleidingsentra | 83,3 | 16,7 |
| Slegs Stellenbosch | 63,0 | 37,0 |
| Slegs Pretoria | 54,1 | 45,9 |
| Slegs PU vir CHO | 93,8 | 6,3 |
| Ander | 58,3 | 41,7 |
| $\chi^2 = 12,51$; gvv = 4; p = 0,028; C = 0,284 | | |
| Kerkverband | | |
| Ned Geref Kerk | 64,5 | 35,5 |
| Geref Kerk | 80,0 | 20,0 |
| Herv Kerk | 38,1 | 61,9 |
| Bruin + Swart kerke | 65,2 | 34,8 |
| $\chi^2 = 9,99$; gvv = 3; p = 0,041; C = 0,256 | | |
| Belangrikheid van die belydenisskrifte vir take van predikante* | | |
| $\bar{X}$ = | 17,0 | 25,0 |
| F = 23,13; p < 0,0000 | | |
| Vereenselwig met belydenis=skrifte** | | |
| $\bar{X}$ = | 3,96 | 6,35 |
| F = 30,44; p < 0,0000 | | |
| Kennis van belydenisskrifte*** | | |
| $\bar{X}$ = | 7,03 | 9,96 |
| F = 28,20; p < 0,0000 | | |

* ) Hoe laer die gemiddelde, hoe belangriker word belydenisskrifte geag (Maks = 63)

** ) Hoe laer die gemiddelde, hoe beter is die vereenselwiging met belydenisskrifte (Maks = 21)

***) Hoe laer die gemiddelde, hoe groter die kennis van belydenisskrifte (Maks 21)

Kyk Bylaag A (vrae 13, 14 en 15).

Hoe belangrik is dit dat 'n mens die Goddelike inspirasie van die Skrif moet erken ten einde die Skrif te verstaan en hoe vergelyk kategorieë predikante wat verskillende menings hieroor koester met mekaar? Soos reeds geblyk het, meen die oorweldigende meerderheid predikante (86%) dat die Goddelike inspirasie erken moet word. Hierdie standpunt vind die steun van die oorweldigende meerderheid predikante van die Gereformeerde en Ned Geref Kerke en die minste steun van leraars uit die Hervormde Kerk.

TABEL 4.8
ERKENNING VAN DIE GODDELIKE INSPIRASIE VAN DIE SKRIF MET DIE OOG OP SKRIFVERSTAAN (%)

| | Die Goddelike inspirasie... | |
|---|---|---|
| | ..hoef nie erken te word nie | ..moet erken word |
| Kerkverband | | |
| Ned Geref Kerk | 9,2 | 90,8 |
| Geref Kerk | 5,0 | 95,0 |
| Herv Kerk | 33,3 | 66,7 |
| Bruin & Swart kerke | 13,0 | 87,0 |
| $\chi^2$ = 16,26; gvv = 3; p = 0,0027; C = 0,3195* | | |
| Teologiese opleidingspeil | | |
| Nie-gegradueerd | 2,9 | 97,1 |
| B-graad | 12,3 | 87,7 |
| M-/D-graad | 34,6 | 65,4 |
| Ander | 11,1 | 88,9 |
| $\chi^2$ = 13,03; gvv = 3; p = 0,0046; C = 0,289 | | |
| Belangrikheid van die belydenisskrifte vir bepaalde take van predikante** | | |
| $\bar{X}$ = | 27,30 | 18,71 |
| F = 13,23; p < 0,0004 | | |

*) Die Chi-kwadraattoets se statistieke ($\chi^2$; grade van vryheid en beduidenheidspeil - onder 5%) word gerapporteer. Dit dui slegs aan of daar 'n *beduidende verband* tussen twee veranderlikes bestaan. Die C-koëffisiënt (gebeurlikheidskoëffisiënt) dui egter die *sterkte van die verband* aan.

**) Hoe laer die gemiddelde, hoe belangriker word belydenisskrifte geag (Maks = 63)

| | Die goddelike inspirasie... ..hoef nie erken te word nie | ..moet erken word |
|---|---|---|
| Kennis van belydenisskrifte*** | | |
| $\bar{X}$ = | 9,60 | 7,85 |
| F = 4,48; | | |
| p = 0,036 | | |
| Vereenselwiging met belydenisskrifte**** | | |
| $\bar{X}$ = | 8,05 | 4,30 |
| F = 41,44; | | |
| p < 0,0000 | | |

***) Hoe laer die gemiddelde, hoe beter is die kennis van belydenisskrifte (Maks = 21)

****) Hoe laer die gemiddelde, hoe groter die vereenselwiging met belydenisskrifte (Maks = 21)

Dit wil verder voorkom of namate die teologiese opleidingspeil van 'n predikant toeneem, die ondersteuning van dié standpunt afneem. Van predikante wat 'n M- of D-graad behaal het, onderskryf slegs sowat twee derdes dié standpunt. Verder blyk dit deurgaans dat predikante wat meen die erkenning van die goddelike inspirasie van die Skrif die sleutel is vir die verstaan van die Skrif, die belydenisskrifte se belangrikheid vir hulle take die hoogste aanslaan, 'n beter kennis het van die belydenisskrifte en hulle die sterkste vereenselwig met die belydenisskrifte in vergelyking met dié predikante wat nie die aanvaarding van die Goddelike inspirasie van die Skrif as hermeneutiese vereiste vir die verstaan van die Skrif ondersteun nie.

In die volgende afdeling word verder ingegaan op die kwessie van die Goddelike inspirasie van die Skrif.

## 4.6 Theopneustie

Die gegewens vervat in tabel 4.9 dui daarop dat die meerderheid predikante (95,8%) 'n *organiese inspirasieleer* van die Skrif onderskryf. Tog blyk dit dat elemente van die *meganistiese inspirasieleer* waarskynlik deur heelwat (45,5%) gekoester word. Dat daar in dié opsig ook verdeeldheid by die predikante aanwesig is, val nie te betwyfel nie.

TABEL 4.9
DIE INSPIRASIE VAN DIE SKRIF
(%)

| | Stem beslis saam | Stem saam | Onseker | Verskil | Verskil beslis |
|---|---|---|---|---|---|
| | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |
| Die Heilige Gees het die Skrif gedikteer.......... | 11,9 | 7,7 | 0,7 | 40,6 | 38,5 |
| Die Heilige Gees het die Bybelskrywers gelei om 'n betroubare gestalte aan die Woord van God te gee. | 52,4 | 43,4 | - | 2,8 | 1,4 |
| Die menslike skrywers van die Bybelboeke het *glad nie* die teks van die Skrif beïnvloed nie.. | 7,0 | 4,2 | 1,4 | 46,9 | 39,2 |
| Die menslike skrywers van die Skrif kon nie selfstandig daaroor skryf nie. | 20,3 | 25,2 | 5,6 | 37,8 | 10,5 |

In al vier opsigte verskil predikante wat nie die NGB veranderd sou wou sien nie statisties beduidend van diegene wat anders daaroor oordeel. Hoewel albei kategorieë oorwegend daarvan verskil dat die menslike skrywers van die Bybelboeke glad nie die teks van die Skrif beïnvloed het nie, is predikante wat twyfel daaroor of gekant is daarteen dat die NGB onveranderd bly, meer geneig om van dié stelling te verskil ($\overline{X}$ = 4,16; s = 1,04) as predikante wat die NGB onveranderd wil laat ($\overline{X}$ = 3,27; s = 1,67). Aan die anderkant stem albei kategorieë weer min of meer ooreen met betrekking tot die stelling dat die Heilige Gees die Bybelskrywers gelei het om 'n betroubare gestalte aan die Woord te gee. Dié wat die NGB onveranderd wil laat ($\overline{X}$ = 1,23; s = 0,42) is egter ietwat meer geneig om dit te onderskryf as diegene wat 'n ander mening hieroor huldig ($\overline{X}$ = 1,64; s = 0,80).

Skerper verskil tussen dié twee kategorieë predikante tree egter na vore met betrekking tot die ander twee stellings. Dat die menslike skrywers van die Skrif nie selfstandig daaroor kon skryf nie, is vir predikante wat die NGB onveranderd wil laat oorwegend aanvaarbaar ($\overline{X}$ = 2,36; s = 1,50) terwyl andersdenkendes meer geneig is om hieroor te twyfel ($\overline{X}$ = 3,01; s = 1,35), en selfs te verskil.

Oor die vraagstuk of die Heilige Gees die Skrif gedikteer het, tree bipolêre standpunte na vore. Diegene ten gunste van die behoud van die NGB soos dit is, is oorwegend geneig om hiermee

saam te stem of te twyfel daaroor ($\bar{X}$ = 2,91; s = 1,69) terwyl dié wat nie so geheg is aan die behoud van die NGB soos dit is nie redelik afwysend ($\bar{X}$ = 4,01; s = 1,23) daaroor staan.

Dit wil dus voorkom of predikante wat die behoud van die NGB soos dit is voorstaan, meer geneig is na 'n theopneustie-standpunt wat moontlik as *meganisties* getipeer sou kon word as predikante wat anders oor die NGB oordeel.

Verdere ontledings het aan die lig gebring dat predikante wat meen Bybelskrywers kon selfstandig skryf die belydenisskrifte se belang vir hul werk as meer belangrik ag, die belydenisskrifte die beste *ken* en hulle in 'n groter mate *vereenselwig* met die belydenisskrifte in vergelyking met predikante wat meen Bybelskrywers kon selfstandig skryf nie.

TABEL 4.10
BESKOUINGS VAN DIE SKRIFINSPIRASIE: DIE VRYHEID VAN BYBELSKRYWERS OM SELFSTANDIG TE SKRYF
(Gemiddeldes)

| | Bybelskrywers kon selfstandig skryf | Bybelskrywers kon nie selfstandig skryf |
|---|---|---|
| Belangrikheid van belydenisskrifte vir take van predikante | | |
| $\bar{X}$ = | 17,44 | 22,10 |
| F = 3,74; | | |
| p = 0,026 | | |
| Kennis van belydenisskrifte | | |
| $\bar{X}$ = | 7,20 | 8,96 |
| F = 4,58; | | |
| p = 0,012 | | |
| Vereenselwiging met belydenisskrifte | | |
| $\bar{X}$ = | 4,20 | 5,52 |
| F = 4,55; | | |
| p = 0,012 | | |

## 4.7 Besluit

Dat predikante in die Reformatoriese tradisie rondom Skrifbeskouing op bepaalde aspekte redelik van mekaar verskil, val nie te betwyfel nie. Terwyl die fokuspunt van hierdie verslag wentel

om die Nederlandse Geloofsbelydenis, is die menings van predikante rondom die behoud of verandering daarvan deurgaans in verband gebring met hulle Skrifbeskouings. Dit het duidelik geblyk uit die ontledings dat daar ten opsigte van min aspekte rakende Skrifbeskouing statisties beduidende verskille aangetref kon word tussen diegene wat die NGB onveranderd wil sien aan die eenkant en diegene wat anders daaroor oordeel. Slegs ten opsigte van die theopneustie van die Skrif tree verskille na vore. Samevattend wil dit voorkom of predikante wat ten gunste van die behoud van die NGB is soos dit tans daaruit sien, meer neig na 'n 'meganistiese inspirasieleer' terwyl diegene wat twyfel daaroor dat die NGB onveranderd bly óf meen dat dit verander moet word waarskynlik nie 'n meganistiese leerstelling ondersteun nie.

In die afdeling wat hierop volg, word ingegaan op die menings van predikante rakend die apokriewe geskrifte.

## 5. DIE APOKRIEWE BOEKE

Teenoor die Heilige Boeke wat, volgens klassieke gereformeerde tradisie, deel vorm van die Skrif as afgeslote kanon, staan die 'verborge' boeke wat vermeld word in artikel 6 van die Nederlandse Geloofsbelydenis. Vanselfsprekend word hier net gewag gemaak van die sogenaamde 'Ou-Testamentiese Apokriewe' en nie van die sogenaamde 'Nuwe-Testamentiese Apokriewe' nie. In hierdie afdeling word aandag gegee aan die mening van predikante met betrekking tot albei groeperings van die apokriewe geskrifte.

Die funksie van dié geskrifte is dat dit wél, volgens die genoemde artikel, deur lidmate gelees kan word. Dit kan selfs dien as kategetiese materiaal, maar slegs in soverre dit ooreenstem met die Skrif. Dit beklee dus minder gesag as die Skrif omdat die Skrif selfgenoegsaam is.

By die derde konsilie van Karthago (397 n C) het die Nuwe-Testamentiese gedeelte van die kanon beslag gekry en daar is toe besluit dat slegs sekere Nuwe-Testamentiese kanonieke boeke in die kerk (tydens eredienste) onder die naam van *heilige* Skrifte gelees mag word. Indien hierdie weergawe van dié klassieke besluit korrek is, sou dit vanselfsprekend nie beteken dat dit hoegenaamd nie in die kerk (tydens eredienste) gelees mag word nie. Dit mag net nie as Heilige Skrif getipeer word nie en ook nie aangedien word as deel van die kanon nie.

## 5.1 Die mening van die totale kategorie predikante

Wat is die standpunt van predikante rondom hierdie periferiese geskrifte? Volgens die gegewens vervat in tabel 5.1 meen baie min predikante (4,2%) dat die apokriewe boeke deur die Heilige Gees geïnspireer is. Dit val egter op dat nagenoeg een vyfde predikante hieroor twyfel het. Sowat driekwart (76,3%) predikante het egter helderheid daaroor dat dit nie deur die Heilige Gees geïnspireer is nie. Presies net soveel onderskryf die standpunt dat niks met betrekking tot die Christelike geloof óf godsdiens *slegs* aan die hand daarvan bewys mag word nie. Tog is bykans 'n kwart van die predikante (23,8%) skynbaar nie so seker hieroor nie.

TABEL 5.1
DIE APOKRIEWE BOEKE
(%)

| | Stem beslis saam<br>1 | Stem saam<br>2 | Onseker<br>3 | Verskil<br>4 | Verskil beslis<br>5 |
|---|---|---|---|---|---|
| Die apokriewe boeke mag nie in 'n erediens gelees word nie. ...................... | 31,5 | 28,7 | 9,1 | 25,2 | 5,6 |
| Die apokriewe boeke is deur die Heilige Gees geïnspireer. .................. | - | 4,2 | 19,6 | 44,8 | 31,5 |
| Niks wat die Christelike geloof of godsdiens aangaan mag slegs aan die hand van die apokriewe boeke bewys word nie. ................. | 46,9 | 29,4 | 7,0 | 13,3 | 3,5 |
| Slegs as 'n gedeelte van die apokriewe boeke ooreenstem met die Heilige Skrif mag dit gebruik word vir die leer van die kerk. ........ | 9,8 | 29,4 | 8,4 | 28,7 | 23,1 |
| 'n Mens kan die apokriewe boeke alleen gebruik as dit nie die gesag van die Skrif aantas nie. ......... | 25,9 | 44,1 | 9,8 | 12,6 | 6,3 |

Hoe aanvaarbaar is die gedagte dat dit gebruik kan word vir die leer van die kerk *mits* dit ooreenstem met die kanon? Sowat helfte (51,8%) van die predikante is nie hiervoor te vinde nie terwyl ongeveer veertig persent (39,2%) wél daarvoor te vinde is. Terwyl sewentig persent saamstem dat dit alleen gebruik kan word

as dit nie die gesag van die Skrif aantas nie, meen bykans een vyfde (18,9%) dat dit wél gebruik kan word al tas dit die gesag van die Skrif aan. Ongeveer een tiende twyfel egter hieroor.

Terwyl ses uit elke tien predikante die standpunt onderskryf dat die apokriewe boeke nie tydens 'n erediens gelees mag word nie, meen drie uit elke tien dat dit wél gedoen kan word.

Dit is dus duidelik dat die predikante in sommige opsigte skerp verdeeld is onder mekaar met betrekking tot die paar temas waarvoor inligting rondom die apokriewe boeke ingewin is. Die vraag is nou watter kenmerke predikante vertoon wat 'n besondere standpunt onderskryf of verwerp met betrekking tot die apokriewe boeke.

Ontledings is gedoen om vas te stel of predikante wat die NGB onveranderd gehou wil hê, beduidend verskil van predikante wat anders oordeel oor die verandering van die NGB met betrekking tot die apokriewe geskrifte. Geen statisties beduidende verskille het egter in dié verband na vore getree nie.

## 5.2 Die apokriewe boeke in die erediens

In die talle ontledings wat gedoen is om die predikante wat meen apokriewe boeke mag in die erediens gelees word te identifiseer, het dit geblyk dat dié kategorie predikante slegs in twee opsigte beduidend verskil van diegene wat meen dit nie in eredienste gelees mag word nie.

TABEL 5.2
VERGELYKING VAN KENMERKE VAN PREDIKANTE WAT MEEN APOKRIEWE BOEKE MAG IN EREDIENSTE GELEES WORD EN DIE WAT NIE SO MEEN NIE
(%)

| | Apokriewe boeke mag in eredienste... | | |
|---|---|---|---|
| | nie gelees word nie | gelees word | N |
| Totaal | 69,2 | 30,8 | 143 |
| Hoogste opleidingspeil in nie-teologiese rigting | | | |
| Nie-gegradueer | 72,3 | 27,7 | 47 |
| B-graad | 68,8 | 31,3 | 64 |
| M-/D-graad | 35,7 | 64,3 | 14 |
| Ander | 88,9 | 11,1 | 18 |

$\chi^2 = 10,87$; gvv = 3; p = 0,0125; C = 0,2658

| | Apokriewe boeke mag in eredienste... | | |
|---|---|---|---|
| | nie gelees word nie | gelees word | N |
| Hoogste gekombineerde opleiding: teologie eñ ander dissiplines | | | |
| Nie klassifiseerbaar | 81,0 | 19,0 | 79 |
| Albei nie-gegradueerd | 54,5 | 45,5 | 11 |
| Albei B-graad | 65,6 | 34,4 | 32 |
| Albei M-/D-graad | 50,0 | 50,0 | 2 |
| B-graad(teologie) en M/D-graad | 25,0 | 75,0 | 8 |
| B-graad(ander) en M/D-graad (teologie) | 45,5 | 54,5 | 11 |

$\chi^2 = 17,07$; gvv = 5; p = 0,0044; C = 0,3266

Uit tabel 5.2 blyk dit dat namate 'n predikant beter opgelei is, is hy toenemend minder gekant daarteen dat apokriewe boeke in eredienste gelees mag word. Diegene wat nie-gegradueerd is in teologie nie en wie 'n 'ander' tipe teologiese opleiding ondergaan het, is die minste ten gunste daarvan dat dit in eredienste gelees word. Word gekyk na die gekombineerde opleidingspeil (teologies en nie-teologies), tree daar nie baie duidelike patrone na vore nie omdat in sommige opsigte 'n baie klein getal respondente 'n bepaalde opleidingspeil verteenwoordig.

### 5. 3 Besluit

Dit is duidelik dat die apokriewe geskrifte tot 'n baie groot mate met omsigtigheid bejeën word deur die oorweldige meerderheid predikante.

Geen beduidende verskille kan aangetref word nie tussen die predikante wat meen dit kan gelees word in eredienste en dié wat die teenoorgestelde opinie huldig toe nagegaan is in welke mate dié twee kategorieë die *belangrikheid*, hul *kennis* van en *vereenselwiging* met die drie formuliere van enigheid takseer.

Die volgende tema wat nou onder die loep geneem sal word, is die belydenisskrifte as sodanig.

## 6. BELYDENISSKRIFTE

Daar is binne gereformeerde kringe redelike eenstemmigheid rondom wat presies belydenisskrifte is asook watter kerklik-historiese nalatenskappe, in terme van gereformeerde simboliek, aanvaarbaar

is as geloofsbelydenisse en welke nie. Hierdie beslissings se legitimiteit kan teruggevoer word na Dogmatiese, Ekklesiologiese en Bibliologiese argumente wat reeds die aandag geniet het in die voorafgaande hoofstukke.

Die vraag waarmee hier omgegaan sal word, is watter spesifieke menings en opinies 'n spesifieke kategorie predikante huldig rondom verskeie temas rakende die geloofsbelydenisse met spesifieke verwysing na die Nederlandse Geloofsbelydenis.

## 6.1 Die aard van belydenisskrifte

Dat die predikante wat by die ondersoek betrek is 'n noue verband tussen die Skrif en belydenisskrifte sien, blyk duidelik uit die reaksie wat in tabel 6.1 aangebied word. Tussen 86 persent en 94 persent van die predikante ondersteun die stelling dat belydenisskrifte 'n *formulering van die waarheid* is soos die kerk die Skrif hoor en verstaan; 'n *samevatting* is van die leer van die kerk wat aan die Skrif ontleen is en daarmee ooreenstem; en verder 'n *gesaghebbende* formulering van die kerk se leer is. Tog meen 16,8 persent predikante dat dit nie bindende gesag het nie en sowat 'n derde dat dit nie die *korrekte leer* van die kerk reflekteer nie. Op die oog af mag dit teenstrydig lyk maar dit is egter nie noodwendig die geval nie.

Indien nagegaan word hoe predikante wat byvoorbeeld die NGB onveranderd sou wou laat in dié verband verskil van diegene wat anders oordeel oor die NGB, word aangetref dat albei kategorieë in totaal geneig is om saam te stem met die stelling dat belydenisskrifte 'n *samevatting* is van die suiwer leer van die kerk wat aan die Skrif ontleen is en daarmee ooreenstem. Diegene ten gunste van die behoud van die NGB soos dit tans daaruit sien, is egter ietwat meer ($\overline{X}$ = 1,23; s = 0,43) daarvan oortuig as diegene wat anders voel oor die toekoms van die NGB ($\overline{X}$ = 1,81; s = 0,95).

TABEL 6.1
BESKOUINGS OOR DIE AARD VAN BELYDENISSKRIFTE
(%)

| | Stem beslis saam | Stem saam | Onseker | Verskil | Verskil beslis |
|---|---|---|---|---|---|
| 'n Belydenisskrif is 'n *formulering van die waarheid* soos die kerk dit uit die Woord van God hoor en verstaan. | 54,5 | 39,9 | 0,7 | 3,5 | - |

| | Stem beslis saam | Stem saam | Onseker | Verskil | Verskil beslis |
|---|---|---|---|---|---|
| 'n Belydenisskrif is 'n *samevatting* van die suiwere leer van die kerk wat aan die Skrif ontleen is en daarmee ooreenstem. | 50,3 | 36,4 | 4,2 | 9,1 | - |
| 'n Belydenisskrif is die *gesaghebbende* formulering van die kerk se leer. ....... | 47,6 | 39,2 | 2,8 | 8,4 | 1,4 |
| 'n Belydenisskrif is nie 'n dokument met bindende gesag nie.. | 2,1 | 14,7 | 4,9 | 46,2 | 31,5 |
| 'n Belydenisskrif bepaal die *korrekte leer* van die kerk. .............. | 30,8 | 27,3 | 7,0 | 25,9 | 8,4 |

Dieselfde patroon tree na vore ten opsigte van die stelling dat 'n belydenisskrif die *gesaghebbende* formulering is naamlik dat dié wat die NGB onveranderd sou wou sien meer neig om hiermee saam te stem ($\bar{X}$ = 1,27; s = 0,63) as diegene wat nie só voel oor die NGB nie ($\bar{X}$ = 1,83; s = 0,99).

Oor die kwessie of belydenisskrifte die *korrekte* leer van die kerk bepaal,is die afstand tussen dié twee kategorieë egter ietwat groter. Diegene ten gunste van die behoud van die NGB soos dit is, is redelik hiervan oortuig ($\bar{X}$ = 1,55; s = 1,05) terwyl diegene wat twyfel oor die behoud van die huidige NGB of dit veranderd sou wou sien veel minder entoesiasties ($\bar{X}$ = 2,69; s = 1,38) oor dié stelling is. Wat die ander stellings in dié verband betref, kon geen statisties beduidende verskille tussen dié kategorieë predikante blootgelê word nie.

## 6.2 Belydenisskrif en konteks

Hoewel die oorweldigende meerderheid predikante (90,9%) die omstandighede wat geheers het tydens die opstelling van die NGB daarin weerspieël vind, meen presies net soveel dat dit nie slegs 'n boodskap vir daardie tyd gehad het nie.

TABEL 6.2
BELYDENISSKRIFTE EN KONTEKS
(%)

| | Stem beslis saam | Stem saam | Onseker | Verskil | Verskil beslis |
|---|---|---|---|---|---|
| Die Nederlandse Geloofsbelydenis het slegs 'n boodskap vir sy eie tyd gehad. ................. | 0,7 | 3,5 | 4,9 | 59,4 | 31,5 |
| Die omstandighede wat geheers het tydens die opstelling van die Nederlandse Geloofsbelydenis word daarin weerspieël. ............ | 32,2 | 58,7 | 4,2 | 4,9 | - |
| Belydenisskrifte moet voortdurend hersien en aangepas word sodat dit altyd tot die lidmate spreek in hulle idioom vir hulle tydsgewrig. ................ | 1,4 | 23,1 | 46,9 | 4,9 | 18,2 |
| Die Nederlandse Geloofsbelydenis het vir my geen praktiese nut in my daaglikse doen en late nie. ................... | 0,7 | 4,9 | 4,9 | 55,9 | 33,6 |
| Die Nederlandse Geloofsbelydenis is 'n oud-modiese dokument en het niks meer te sê vir my in die twintigste eeu in Suid-Afrika nie. ............. | - | 4,2 | 4,2 | 46,9 | 44,8 |
| Die Nederlandse Geloofsbelydenis mag onder geen omstandighede verander word nie. ............... | 3,5 | 11,2 | 2,8 | 58,7 | 23,1 |

Ietwat meer (91,7%) huldig verder die mening dat die NGB hoegenaamd nie 'n oud-modiese dokument is nie wat niks meer vir hulle in die twintigste eeu in Suid-Afrika te sê het nie. Baie min (5,6%) predikante oordeel verder dat die NGB vir hulle géén praktiese nut in hul daaglikse doen en late het nie. Dit is dus duidelik dat daar 'n oorheersend positiewe gesindheid jeens die NGB by die predikante in swang is.

Tog tree die verrassende mening na vore dat 81,8 persent verskil van die stelling dat die NGB onder geen omstandighede verander mag word nie. Wat die belydenisskrifte oor die algemeen betref, val dit op dat bykans die helfte (46,9%) twyfel of dit voortdurend hersien en aangepas moet word sodat dit tot lidmate in hul eie idioom en tydsgewrig spreek. Slegs 'n kwart (24,5%) van die predikante steun egter dié standpunt.

Dit is dus duidelik dat 'n mens nie sonder meer kan praat van 'n starre houding wat getuig van inersie by predikante jeens belydenisskrifte as sodanig nie. Dit wil eerder voorkom of die patroon na vore tree dat daar 'n redelike openheid heers om die belydenisskrifte aan te pas en/of te verander, maar dat dit 'n gekwalifiseerde openheid is.

Slegs ten opsigte van die aanpassing en hersiening van die belydenisskrifte, sodat hul tot lidmate in hul eie idioom en tydsgewrig spreek, kon egter statisties beduidende verskille blootgelê word tussen predikante wat vir die behoud van die huidige NGB is en dié wat anders oordeel. Diegene ten gunste van die behoud van die NGB is geneig om hiervan te verskil of hieroor te twyfel ($\bar{X}$ = 3,09; s = 1,51). Predikante wat onseker is of die NGB nie mag verander nie of meen dat dit mag verander weer is meer geneig om saam te stem dat belydenisskrifte verander kan word sodat dit tot die lidmate in hul eie idioom en tydsgewrig spreek ($\bar{X}$ = 2,18; s = 1,10)

Die vraag is nou welke funksie die belydenisskrif nog vir die predikante vervul.

## 6. 3 Die funksie van belydenisskrifte

Dat belydenisskrifte talle funksies vervul, is vanselfsprekend. Volgens die gegewens in tabel 6.3, vind dit by die meeste leraars aanklank dat dit die bekendmaking van die *kerk se leer* is (93%), die kerk se *leerstellige grense* aandui (75,5%), 'n samebinding van die *kerk se getuienis* is (88,1%), 'n uitdrukking van *geloofseenheid* (89,5%) is 'n maatstaf vir standpunte met betrekking tot *ekumene* is (68,5%) én lidmate ondersteun om die 'regte' van die 'verkeerde' te onderskei (70,6%). Wat die NGB as sodanig betref, is dit vir sowat driekwart van die predikante 'n *samevatting van die leer van die Skrif*. Terwyl net meer as die helfte (55,3%) meen predikante moet meer uit die NGB preek, verskil ongeveer 'n kwart (27,3%) hiervan terwyl ongeveer 'n vyfde (17,5%) hieroor twyfel. Dit is dus duidelik dat daar skerp verskille in dié verband onder predikante bestaan.

Hoe verskil predikante wat waarskynlik ten gunste van die verandering van die NGB is van diegene wat daarteen gekant is met betrekking tot die funksie van belydenisskrifte? Diegene wat gekant is teen die verandering daarvan, is deurgaans meer positief oor die volgende funksies van belydenisskrifte: dat belydenisskrifte 'n uitdrukking van geloofseenheid is ($\overline{X}$ = 1,50; s = 0,51); lidmate help om tussen die 'regte' en 'verkeerde' te onderskei ($\overline{X}$ = 1,82; s = 1,10); as maatstaf dien vir standpunte met betrekking tot ekumene ($\overline{X}$ = 1,68; s = 0,72); die samebinding is van die kerk se getuienis ($\overline{X}$ = 1,59; s = 0,67); en les bes 'n aanduiding van die kerk se leerstellige grense is ($\overline{X}$ = 1,91; s = 1,02). Albei kategorieë is oorheersend twyfelagtig of daar meer uit die NGB gepreek moet word maar diegene wat die NGB veranderd sou wou hê, of twyfel daaroor, neig om meer gekant daarteen ($\overline{X}$ = 3,69; s = 1,31) te wees, terwyl diegene wat gekant is teen die verandering van die NGB oorwegend hieroor twyfel ($\overline{X}$ = 3,00; s = 1,09).

TABEL 6.3
DIE FUNKSIE VAN BELYDENISSKRIFTE
(%)

| | Stem beslis saam | Stem saam | Onseker | Verskil | Verskil beslis |
|---|---|---|---|---|---|
| 'n Belydenisskrif is die bekendmaking van die kerk se leer. ........... | 28,0 | 65,0 | 0,7 | 4,2 | 1,4 |
| 'n Belydenisskrif is die samebinding van die kerk se getuienis. ...... | 23,1 | 65,0 | 4,2 | 6,3 | 0,7 |
| 'n Belydenisskrif is 'n aanduiding van die kerk se leerstellige grense... | 21,7 | 53,8 | 9,1 | 11,2 | 3,5 |
| Die Nederlandse Geloofsbelydenis is 'n samevatting van die leer van die Skrif. ............. | 25,2 | 50,3 | 7,0 | 16,1 | - |
| Die belydenisskrifte is 'n uitdrukking van geloofseenheid. ............... | 33,6 | 55,9 | 5,6 | 4,2 | - |
| 'n Belydenisskrif is 'n bepaling vir lidmate van wat reg of verkeerd, waar of vals, ortodoks of ketters is in hul daaglikse lewe. ............. | 16,8 | 53,8 | 5,6 | 16,8 | 4,9 |

| | Stem beslis saam | Stem saam | Onseker | Verskil | Verskil beslis |
|---|---|---|---|---|---|
| 'n Belydenisskrif is 'n maatstaf vir my standpunt-bepaling met betrekking tot ekumeniese verhoudings. | 15,4 | 53,1 | 9,8 | 15,4 | 4,9 |
| Predikante moet meer uit die Nederlandse Geloofs-belydenis preek. ......... | 14,7 | 40,6 | 17,5 | 26,6 | 0,7 |

### 6.4 Vereenselwiging met belydenisskrifte

Die vraag duik nou op tot welke mate predikante hul met die belydenisskrifte vereenselwig. Soos bekend, moet predikante dié dokumente onderteken as die ware leer van die kerk.

In tabel 3.8 is reeds aangedui dat die Heidelbergse Kategismus en die NGB meer gewild is onder predikante as die Dordtse Leerreëls. Na aanleiding van 'n telling is bepaal dat sowat die helfte predikante (55,9%) hulle redelik sterk vereenselwig met die belydenisskrifte terwyl slegs een vyfde (20,3%) hulle 'swak' daarmee vereenselwig. Die mate waartoe predikante hulle met belydenisskrifte vereenselwig, is in verband gebring met 'n aantal basiese kenmerke van predikante. In talle opsigte kon geen beduidende verskille tussen die drie groeperings van peile van vereenselwiging met belydenisskrifte (swak, matig en sterk) aangetref word nie. Daar is egter wel binne grense van waarskynlikheid aangetref dat predikante wat in die buiteland gestudeer het hul moontlik swakker vereenselwig met die belydenisskrifte as diegene wat nie buitelandse teologiese studie ondergaan het nie.

TABEL 6.4
PEIL VAN VEREENSELWIGING MET DIE BELYDENISSKRIFTE
ONTLEED VOLGENS BEPAALDE KENMERKE
(%)

| | PEIL VAN VEREENSELWIGING | | | |
|---|---|---|---|---|
| | Sterk | Matig | Swak | N |
| Buitelandse teologiese opleiding | | | | |
| Wel | 33,3 | 11,1 | 55,6 | 9 |
| Geen | 57,5 | 24,6 | 17,9 | 134 |

$\chi^2 = 7,42$; gvv = 2; p = 0,0245; C = 0,222

| | PEIL VAN VEREENSELWIGING | | | |
|---|---|---|---|---|
| | Sterk | Matig | Swak | N |
| **Hoogste peil van Teologiese opleiding** | | | | |
| Diploma | 54,3 | 34,3 | 11,4 | 35 |
| B-graad | 61,6 | 23,3 | 15,1 | 73 |
| M-/D-graad | 42,3 | 11,5 | 46,2 | 26 |
| Ander | 55,6 | 22,2 | 22,2 | 9 |
| $\chi^2$ = 15,52; gvv = 6; p = 0,0166; C = 0,313 | | | | |
| **Hoogste opleiding in ander dissiplines** | | | | |
| Nie gegradueerd | 59,6 | 23,4 | 17,0 | 47 |
| B-graad | 59,4 | 23,4 | 17,2 | 64 |
| M-/D-graad | 50,0 | 42,9 | 7,1 | 14 |
| Ander | 38,9 | 11,1 | 50,0 | 18 |
| $\chi^2$ = 14,21; gvv = 6; p = 0,0273; C = 0,300 | | | | |
| **Hoogste opleidingspeil: teologie en ander dissiplines** | | | | |
| Nie bepaalbaar | 51,9 | 25,3 | 22,8 | 79 |
| Albei nie-gegradueerd | 63,6 | 27,3 | 9,1 | 11 |
| Albei B-graad | 71,9 | 21,9 | 6,3 | 32 |
| Albei M-/D.graad | 50,0 | 50,0 | 0,0 | 2 |
| B-graad(teologie) en M-/D-graad (ander) | 62,5 | 25,0 | 12,5 | 8 |
| B-graad (ander) en M-/D-graad (Teologie) | 27,3 | 9,1 | 63,6 | 11 |
| $\chi^2$ = 20,12; gvv = 10; p = 0,0281; C = 0,351 | | | | |
| **Standpunte m b t die verband van belydenisskrifte en skrif** | | | | |
| Quia-standpunt | 80,6 | 16,1 | 3,2 | 31 |
| Quatenus standpunt | 15,4 | 30,8 | 53,8 | 13 |
| Quia- en Quatenus standpunte | 57,0 | 25,8 | 17,2 | 93 |
| Ander | - | 16,7 | 83,3 | 6 |
| $\chi^2$ = 35,76; gvv = 6; p = 0,0000; C = 0,447 | | | | |

| | PEIL VAN VEREENSELWIGING | | | |
|---|---|---|---|---|
| | Sterk | Matig | Swak | N |
| Watter belydenisskrif is die belangrikste? | | | | |
| Aldrie ewe belangrik | 71,4 | 19,0 | 9,5 | 84 |
| NGB | 37,5 | 0,0 | 62,5 | 8 |
| HK | 32,7 | 34,7 | 32,7 | 49 |
| Dordt | 50,0 | 50,0 | - | 2 |
| $\chi^2$ = 30,50; gvv = 6; p = 0,0000; C = 0,419 | | | | |
| Watter belydenisskrif is die tweede belangrikste? | | | | |
| Al drie ewe belangrik | 70,6 | 18,8 | 10,6 | 85 |
| NGB | 31,7 | 36,6 | 31,7 | 41 |
| HK | 50,0 | - | 50,0 | 8 |
| Dordt | 40,0 | 20,0 | 40,0 | 5 |
| NGB en HK | 33,3 | 33,3 | 33,3 | 3 |
| NGB en Dordt | - | 100,0 | - | 1 |
| $\chi^2$ = 28,34; gvv = 10; p = 0,0016; C = 0,407 | | | | |
| Watter belydenisskrif is die minste belangrikste | | | | |
| Al drie is ewe belangrik | 68,9 | 20,0 | 11,1 | 90 |
| NGB | 50,0 | 25,0 | 25,0 | 4 |
| HK | - | - | 100,0 | 1 |
| Dordt | 33,3 | 31,3 | 35,4 | 48 |
| $\chi^2$ = 21,90; gvv = 6; p = 0,0013; C = 0,364 | | | | |
| Al drie belydenisskrifte is ewe belangrik | | | | |
| Ja | 35,0 | 30,0 | 35,0 | 60 |
| Nee | 71,1 | 19,3 | 9,6 | 83 |
| $\chi^2$ = 20,83; gvv=2; p = 0,0000; C = 0,357 | | | | |

Hierdie afleiding moet egter gekwalifiseerd gestel word omdat slegs 9 predikante wat betrek is, buitelandse studie onderneem het. Dit wil verder voorkom of die persentasie predikante wat hul swak vereenselwig met dié dokumente toeneem namate die peil van teologiese opleiding toeneem. Gediplomeerdes is meer geneig om hulle sterk daarmee te vereenselwig. Dieselfde geld tot 'n groter mate predikante wat slegs 'n B-graad in teologie behaal het. Predikante met nagraadse teologiese opleiding op M- en D-vlak is redelik gepolariseerd hieromtrent met 'n ietwat sterker geneigdheid (46,2%) om hulle swak as sterk (42,3%) daarmee te vereenselwig.

Word die opleidingspeil in nie-teologiese vakke in ag geneem, 'ander' uitgeslote, blyk dit deurgaans dat nie-gegradueerdes die meeste geneig is om hul sterk daarmee te vereenselwig. Dit val egter op dat vir al die opleidingskategorieë tot en met M- en D-graad die helfte en meer predikante hulle sterk daarmee vereenselwig. Die gekombineerde opleidingspeil wil daarop dui dat predikante wat in sowel teologiese as nie-teologiese vakke 'n B-graad behaal het, die meeste geneig is om hulle sterk met die belydenisskrifte te vereenselwig. In die lig van die frekwensieverspreiding is dit egter nie moontlik om sinvolle afleidings in dié verband te maak nie. Dieselfde geld die veranderlikes wat te make het met welke belydenisskrifte die belangrikste, tweede belangrikste en minste belangrik is. Dit kan egter wel op redelik goeie gronde beweer word dat predikante vir wie al drie belydenisskrifte nie ewe belangrik is nie, bykans ewe sterk verteenwoordig is in al drie die groeperings van peile van vereenselwiging met die belydenisskrifte terwyl diegene wat nie tussen die belydenisskrifte diskrimineer nie, meer geneig is om hulle sterk daarmee te vereenselwig.

## 6.5 Die verandering van belydenisskrifte

Dit het reeds telkens na vore getree dat heelwat predikante ten gunste daarvan is dat die NGB verander sou kon word. Die vraag is egter tot welke mate dit verander sou kon word en hoe die ander twee belydenisskrifte geraak word.

Die gedagte dat daar net een enkele belydenisskrif vir alle Christelike kerke moet bestaan vind steun by slegs sowat 'n derde (32,2%) van die predikante (tabel 6.5). Dat slegs een belydenisskrif, opgestel deur teoloë uit kerke met Gereformeerde belydenis, al drie bestaande belydenisskrifte moet vervang, word deur ongeveer drie uit elke tien predikante (30,1%) ondersteun en deur net meer as die helfte (55,3%) afgewys. Selfs so 'n vermeende belydenisskrif wat slegs die NGB vervang, geniet ook net die steun van ongeveer 'n derde (34,3%) van die predikante.

Dat dit nie veel steun sal geniet as elke gereformeerde kerk sy eie belydenisskrif het nie, blyk daaruit dat bykans nege uit elke tien predikante (88,1%) daarteen gekant is. Om welke rede is daar dan tog so 'n wye steun om die NGB te verander?

'n Moontlike antwoord op die vraag is daarin geleë dat sestig persent (59,5%) predikante 'n behoefte het aan 'n nuut geformuleerde belydenisskrif *wat betrekking het op aktuele probleme.* Indien dit saamgelees word met die patrone wat in tabel 6.2 na vore tree, wil dit voorkom of so 'n vermeende belydenisskrif moontlik deur die meeste predikante nie gesien word as 'n

vervanging van bestaande belydenisskrifte nie maar eerder as 'n komplementêre dokument, of selfs moontlik slegs 'n byvoeging tot bestaande artikels, van bestaande belydenisskrifte. Dat dit moontlik 'n korrekte vertolking is van die aandeel van die predikante wat betrek is by die ondersoek, blyk daaruit dat ongeveer sestig persent (58,8%) daarmee saamstem dat die meeste artikels van byvoorbeeld die NGB aanvaarbaar is maar dat heelwat artikels daartoe bygevoeg moet word om lidmate leiding te gee in die lig van talle hedendaagse dwaalleerstellings. Dat slegs enkele artikels van die NGB verander moet word, geniet egter die steun van slegs sowat een vyfde (21%) van die predikante. Dit is dus duidelik dat 'n redelik ingrypende hersiening die gedagte is. Gepaardgaande hiermee oordeel die oorweldigende meerderheid predikante (85,3%) dat die NGB telkens uit die oorspronklike vertaal moet word in die idioom van vandag terwyl net meer as die helfte (56,7%) 'n herformulering van die NGB ondersteun. Dat daar egter blykbaar 'n beperkte aantal predikante (4,9%) is wat sal bedank as daar aan die NGB gepeuter word, is 'n saak wat voor oë gehou sal moet word. Dit is eweneens duidelik dat baie min predikante (2,1%) kerkisties voel oor die vervanging van die NGB en graag sou wou hê dat slegs teoloë van hulle kerk die werk moet verrig. Vir die oorweldigende meerderheid berus so 'n aangeleentheid waarskynlik op ekumeniese vlak binne gereformeerde verband.

TABEL 6.5
DIE VERANDERING VAN GELOOFSBELYDENISSE
(%)

| | Stem beslis saam | Stem saam | Onseker | Verskil | Verskil beslis |
|---|---|---|---|---|---|
| Daar moet slegs een enkele belydenisskrif vir alle Christelike kerke bestaan. | 12,6 | 19,6 | 13,3 | 39,2 | 14,0 |
| Al die bestaande belydenisskrifte moet vervang word met 'n enkele belydenisskrif wat deur teoloë van al die kerke van gereformeerde belydenis opgestel is. ............ | 9,8 | 20,3 | 13,3 | 39,2 | 16,1 |
| Teoloë uit al die kerke van gereformeerde belydenis moet saam werk om 'n belydenisskrif op te stel in die plek van die Nederlandse Geloofsbelydenis. .................... | 7,7 | 26,6 | 14,0 | 35,0 | 14,0 |

| | Stem beslis saam | Stem saam | Onseker | Verskil | Verskil beslis |
|---|---|---|---|---|---|
| Ek het 'n behoefte aan 'n nuut geformuleerde belydenisskrif wat betrekking het op aktuele probleme. | 19,6 | 39,9 | 8,4 | 21,7 | 9,8 |
| Elke kerk van gereformeerde belydenis moet liefs sy eie belydenisskrifte hê. .................... | 1,4 | 5,6 | 4,2 | 53,8 | 34,3 |
| Hoewel ek baie waardering het vir die Nederlandse Geloofsbelydenis, dink ek die einde daarvan het aangebreek. ............. | - | 4,9 | 10,5 | 53,8 | 30,1 |
| Dit is nodig om slegs enkele artikels van die Nederlandse Geloofsbelydenis te verander. Die res moet net so behoue bly. .................... | 1,4 | 19,6 | 25,2 | 44,1 | 7,0 |
| Die meeste artikels van die Nederlandse Geloofsbelydenis is aanvaarbaar maar daar moet heelwat artikels bygevoeg word om lidmate leiding te gee in die lig van die talle dwaalleerstellings wat daar vandag bestaan... | 11,9 | 46,9 | 10,5 | 25,2 | 4,2 |
| Dit is telkens nodig om die Nederlandse Geloofsbelydenis weer te vertaal uit die oorspronklike in die idioom van vandag..... | 23,1 | 62,2 | 7,7 | 5,6 | 0,7 |
| Die Nederlandse Geloofsbelydenis moet in sy geheel vervang word met 'n ander belydenisskrif wat deur teoloë van slegs my kerk opgestel word. ...... | 1,4 | 0,7 | 9,1 | 55,9 | 31,5 |
| Dit is nodig dat die Nederlandse Geloofsbelydenis herformuleer word. .................... | 7,0 | 49,7 | 9,8 | 23,8 | 9,1 |

| | Stem beslis saam | Stem saam | Onseker | Verskil | Verskil beslis |
|---|---|---|---|---|---|
| Die Nederlandse Geloofsbelydenis mag onder geen omstandighede verander word nie. ................ | 3,5 | 10,5 | 4,2 | 60,8 | 19,6 |
| As aan die Nederlandse Geloofsbelydenis gepeuter word, bedank ek uit die kerk. ............ | 2,1 | 2,8 | 4,2 | 49,0 | 39,9 |

Welke kenmerke vertoon predikante wat ten gunste is van die verandering van die NGB en welke kenmerke vertoon dié wat daarteen gekant is?

TABEL 6.6
KENMERKE VAN PREDIKANTE TEN GUNSTE EN NIE TEN GUNSTE NIE VAN DIE VERANDERING VAN DIE NGB
(%)

| | Ten gunste van verandering | Gekant teen verandering | N |
|---|---|---|---|
| Plek van teologiese opleiding | | | |
| Swart/Kleurling opleidingsentra | 66,7 | 33,3 | 12 |
| Slegs U Stellenbosch | 100,0 | - | 27 |
| Slegs U P | 87,8 | 12,2 | 74 |
| Slegs P U vir CHO | 68,8 | 31,3 | 16 |
| Ander sentra | 75,0 | 25,0 | 12 |
| $\chi^2$ = 14,25; gvv = 4; p = 0,014; C = 0,301 | | | |
| Hoogste graad behaal in teologie | | | |
| Diploma in Teologie | 94,3 | 5,7 | 35 |
| B-graad | 78,1 | 21,9 | 73 |
| M-/D-graad | 96,2 | 3,8 | 26 |
| Ander | 66,7 | 33,3 | 9 |
| $\chi^2$ = 9,79; gvv = 3; p = 0,0204; C = 0,253 | | | |

Geen beduidende verskille kan vasgestel word tussen die kategorie predikante wat die NGB verander sou wou hê en diegene wat dit ongewysigd gelaat sou wou hê nie indien hulle vergelyk word ten opsigte van huistaal, of hulle in die buiteland teologie gestudeer het al dan nie, die kerk waartoe hulle behoort, die verskil-

lende peile van die hoogste graad wat hulle in ander vakrigtings as teologie behaal het, die mate waartoe hulle 'n studie van die belydenisskrifte gemaak het, houdings met betrekking tot die gesag van die belydenisskrifte (quia-standpunt versus quatenus-standpunt) of hulle slegs een belydenisskrif verkies al dan nie, die mate waartoe hul hul met die drie Formuliere van Enigheid vereenselwig; en welke tipe voorgraadse opleiding (Geestes- of Natuurwetenskappe) hul ondergaan het.

Hoewel dit in die lig van die frekwensieverdeling omsigtig vertolk moet word, wil dit voorkom of die sterkste steun vir die verandering van die NGB afkomstig is van predikante wat slegs te Stellenbosch of Pretoria gestudeer het én wat slegs 'n diploma óf 'n M- of D-graad in Teologie verwerf het.

### 6.6 Besluit

'n Gekwalifiseerde steun vir die verandering van die NGB het duidelik in die onderhawige afdelings na vore getree. Die noodsaak tot verandering wentel heel waarskynlik rondom 'n behoefte vir 'n konteksrelevante belydenisskrif wat nie as substituut vir byvoorbeeld die NGB bedoel word nie dog komplementêr daarmee sal staan. Dat so 'n oefening op ekumeniese grondslag binne gereformeerde tradisie uitgevoer behoort te word, is blykbaar die motief van die meeste predikante wat by die ondersoek betrek is. In die volgende afdeling word die aandag gevestig op die verband tussen die Skrif en belydenisskrifte.

## 7. SKRIF EN BELYDENISSKRIF

In die voorafgaande hoofstukke is die aandag toegespits op temas rakende die *Skrif*, *apokriewe geskrifte* en die *belydenisskrifte* as sodanig. Hierdie temas is in 'n paar opsigte indringender ontleed om te bepaal hoe persepsies van predikante rondom dié drie temas verband hou met hul professionele en biografiese kenmerke aan die eenkant en hoe dit verband hou met predikante se houding, kennis, en vereenselwiging jeens en met die Drie Formuliere van Enigheid.

In die lig van die navorsingsontwerp en -probleemstelling van hierdie ondersoek is dit egter van belang dat daar ook ingegaan word op die vraagstuk rondom die verband tussen die Skrif en belydenisskrifte as sodanig.

In die hieropvolgende afdeling word veral ingegaan op die gesag van belydenisskrifte in vergelyking met Skrifgesag en hoe die totale aantal predikante hieroor oordeel.

### 7.1 Die totale kategorie predikante se responsies

Belydenisskrifte kan hulle gesag aan 'n paar bronne ontleen. So byvoorbeeld meen sowat 'n kwart (28,0%) van die predikante dat die *kerklike tradisie*, daaraan gesag verleen terwyl 'n driekwart (76,3%) weer meen dit het gesag omdat dit 'n samevatting van die *leer van Christus* is soos in die Skrif gevind. Bykans agt uit elke tien (78,4%) predikante meen weer dit het gesag omdat dit die *toets van die Skrif* kon deurstaan.

TABEL 7.1
WOORD EN BELYDENISSKRIF
(%)

| | Stem beslis saam | Stem saam | Onseker | Verskil | Verskil beslis |
|---|---|---|---|---|---|
| Belydenisskrifte het gesag omdat die kerklike tradisie daaraan gesag toegeken het. | 0,7 | 27,3 | 4,9 | 35,7 | 30,1 |
| 'n Belydenisskrif het gesag omdat dit ooreenstem met die Skrif. ................ | 42,0 | 44,1 | 3,5 | 9,1 | 0,7 |
| 'n Belydenisskrif het gesag in soverre as wat dit met die Woord ooreenstem. ..... | 30,8 | 44,8 | 0,7 | 12,6 | 9,1 |
| 'n Belydenisskrif het gesag omdat dit die toets van die Skrif deurstaan het. ...... | 34,3 | 44,1 | 6,3 | 13,3 | 0,7 |
| 'n Belydenisskrif het gesag omdat dit 'n samevatting is van die leer van Christus soos dit gevind word in die Skrif. .................... | 29,4 | 46,9 | 4,9 | 16,1 | 2,1 |
| Al die gereformeerde belydenisskrifte is onfeilbaar. | 3,5 | 3,5 | 4,9 | 51,7 | 35,0 |
| Elke stelling in die Nederlandse Geloofsbelydenis kan uit die Skrif bewys word... | 23,8 | 35,7 | 16,1 | 18,9 | 4,2 |
| Die Nederlandse Geloofsbelydenis het *méér* gesag as die Skrif. ................ | - | - | - | 14,0 | 85,3 |
| Die Nederlandse Geloofsbelydenis het *minder* gesag as die Skrif. ................ | 56,6 | 33,6 | 0,7 | 4,9 | 3,5 |
| Die Nederlandse Geloofsbelydenis het *dieselfde* gesag as die Skrif. ............ | 3,5 | 3,5 | 2,1 | 36,4 | 53,8 |

| | Stem beslis saam | Stem saam | Onseker | Verskil | Verskil beslis |
|---|---|---|---|---|---|
| Die Nederlandse Geloofsbelydenis is onontbeerlik as mens die Skrif reg wil verstaan. ................ | 4,2 | 18,9 | 6,3 | 55,9 | 14,7 |

Tog meen slegs 'n geringe persentasie predikante (7%) dat dit onfeilbaar is. Terselfdertyd meen sowat ses uit elke tien predikante (59,5%) dat elke stelling van byvoorbeeld die NGB uit die Skrif bewys kan word! Nie een predikant aanvaar dit egter dat die NGB *méér* gesag het as die Skrif nie terwyl slegs 'n geringe aantal (7%) die opvatting onderskryf dat dit *dieselfde* gesag as die Skrif het. Die oorweldigende meerderheid (90,2%) deel die opinie dat dit *minder* gesag het as die Skrif. Die volgende standpunt van Bavinck (1976:401-2) word blykbaar deur die oorweldigende meerderheid predikante onderskryf: 'Met zulk eene belijdenis doet de kerk ook niet aan die volmaaktheid der Heilige Schrift te kort, maar spreekt zij niet anders uit, dan wat in die Schrift is vervat; de belijdenis staat niet naast, veel minder boven, maar diep onder de Heilige Schrift; ......de confessie is en blijft altijd examinabel en revisibel aan de Schrift; zij is geen norma normans, maar hoogstens norma normata, geen norma veritatis, maar norma doctrinae in aliqua ecclesia receptae, ondergeschikt, feilbaar, menschenwerk, onvolkomene uitdrukking van wat de kerk uit de Schrift als Goddelijk waarheid in haar bewustzijn opgenomen heeft en thans op gezag van Gods woord tegenover alle dwaling en leugen belijdt.'

Watter hermeneutiese funksie vervul die NGB? Volgens bykans 'n kwart (23,1%) van die predikante is dit onontbeerlik as 'n mens die Skrif reg wil verstaan terwyl sewe uit elke tien (70,6%) nie die standpunt onderskryf nie.

'n Sentrale strydpunt rondom die verband tussen die Skrif en belydenisskrifte is of die belydenisskrifte gesag het *omdat (quia)* dit ooreenstem met die Skrif óf *in soverre as wat (quatenus)* dit ooreenstem met die Skrif. Eersgenoemde standpunt word amptelik deur byvoorbeeld die Ned Geref Kerk, Gereformeerde Kerk, en Ned Hervormde Kerk onderskryf. Dit val op dat 86,1 persent predikante die *quia*-standpunt onderskryf terwyl sowat 'n driekwart (75,6%) met die *Quatenus*-standpunt instemmig is. 'n Verdere ontleding van die data bring egter aan die lig dat die *uitsluitlik quia-standpunt* deur slegs een-vyfde (21,7%) predikante en die *uitsluitlike quatenus*-standpunt deur slegs een tiende (9,1%) predikante onderskryf word. Die meerderheid predikante (65,0%)

ondersteun albei hierdie standpunte! Hierdie verrassende bevinding rakende die verband tussen Skrif en belydenisskrif vra om verdere ontleding.

## 7.2 Quia en Quatenusstandpunte

TABEL 7.2
QUIA EN QUATENUS ONDERSTEUNERS SE KENMERKE
(%)

| | Die verband tussen belydenisskrif en Skrif | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| | Quia | Quatenus | Quia en Quatenus | Ander | N |
| **Plek van teologiese opleiding** | | | | | |
| Swart/Kleurling opleidingsentra | - | - | 100,0 | - | 12 |
| Slegs Univ Stellenbosch | 25,9 | 14,8 | 55,6 | 3,7 | 27 |
| Slegs U Pretoria | 14,9 | 12,2 | 67,6 | 5,4 | 74 |
| Slegs PU vir CHO | 62,5 | - | 37,5 | - | 16 |
| Ander | 25,0 | - | 66,7 | 8,3 | 12 |

$\chi^2 = 29{,}7$; gvv = 12; p = 0,013; C = 0,415

| | Quia | Quatenus | Quia en Quatenus | Ander | N |
|---|---|---|---|---|---|
| **Buitelandse studieopleiding** | | | | | |
| Geen buitelandse opleiding | 22,4 | 8,2 | 66,4 | 3,0 | 134 |
| Wel buitelandse opleiding | 11,1 | 22,2 | 44,4 | 22,2 | 9 |

$\chi^2 = 10{,}38$; gvv = 3; p = 0,016; C = 0,260

| | Quia | Quatenus | Quia en Quatenus | Ander | N |
|---|---|---|---|---|---|
| **Kerkverband** | | | | | |
| Ned Geref Kerk | 22,4 | 7,9 | 67,1 | 2,6 | 76 |
| Geref Kerk | 45,0 | - | 50,0 | 5,0 | 20 |
| Ned Herv Kerk | 9,5 | 28,6 | 57,1 | 4,8 | 21 |
| Bruin/Swart Kerke | 13,0 | 4,3 | 73,9 | 8,7 | 23 |

$\chi^2 = 22{,}97$; gvv = 9; p = 0,028; C = 0,372

| | Quia | Quatenus | Quia en Quatenus | Ander | N |
|---|---|---|---|---|---|
| **Hoogste peil van teologiese opleiding** | | | | | |
| Diploma | 14,3 | 14,3 | 71,4 | - | 35 |
| B-graad | 28,8 | 4,1 | 64,4 | 2,7 | 73 |
| M-/D-graad | 15,4 | 19,2 | 50,0 | 15,4 | 26 |
| Ander | 11,1 | - | 88,9 | - | 9 |

$\chi^2 = 22{,}19$; gvv = 9; p = 0,0083; C = 0,367

| | Quia | Quatenus | Quia en Quatenus | Ander | N |
|---|---|---|---|---|---|
| Moes tydens teologiese studies NGB bestudeer | | | | | |
| Ja | 22,8 | 9,6 | 65,8 | 1,8 | 114 |
| Nee | 17,9 | 7,1 | 64,3 | 10,7 | 28 |

$\chi^2 = 27,71$; gvv = 3; p = 0,0001; C = 0,4029

| | Quia | Quatenus | Quia en Quatenus | Ander | N |
|---|---|---|---|---|---|
| Moes tydens studie Dortse leerrëls bestudeer | | | | | |
| Ja | 22,6 | 8,5 | 66,0 | 2,8 | 106 |
| Nee | 19,4 | 11,1 | 63,9 | 5,6 | 36 |

$\chi^2 = 23,82$; gvv=3; p = 0,0006; C = 0,378

| | Quia | Quatenus | Quia en Quatenus | Ander | N |
|---|---|---|---|---|---|
| Watter belydenisskrif is die belangrikste | | | | | |
| Almal ewe belangrik | 25,0 | 4,8 | 69,0 | 1,2 | 84 |
| NGB | 25,0 | - | 50,0 | 25,0 | 8 |
| HK | 16,3 | 18,4 | 59,2 | 6,1 | 49 |
| Dordtse Leereëls | - | - | 100,0 | - | 2 |

$\chi^2 = 20,53$; gvv = 9; p = 0,0149; C = 0,354

| | Quia | Quatenus | Quia en Quatenus | Ander | N |
|---|---|---|---|---|---|
| Watter belydenisskrif is die tweede belangrikste | | | | | |
| Almal ewe belangrik | 25,9 | 4,7 | 68,2 | 1,2 | 85 |
| NGB | 14,6 | 19,5 | 63,4 | 2,4 | 41 |
| HK | 25,0 | - | 50,0 | 25,0 | 8 |
| Dordtse Leerreëls | 20,0 | - | 60,0 | 20,0 | 5 |
| NGB en Heidelberger | - | 33,3 | 33,3 | 33,3 | 3 |
| NGB en Dordt | - | - | 100,0 | - | 1 |

$\chi^2 = 33,04$; gvv = 15; p = 0,005; C = 0,433

| | Quia | Quatenus | Quia en Quatenus | Ander | N |
|---|---|---|---|---|---|
| Is al 3 ewe belangrik | | | | | |
| Nee | 16,7 | 15,0 | 60,0 | 8,3 | 60 |
| Ja | 25,3 | 4,8 | 68,7 | 1,2 | 83 |

$\chi^2 = 9,79$; gvv = 3; p = 0,020; C = 0,253

| | Quia | Quatenus | Quia en Quatenus | Ander | N |
|---|---|---|---|---|---|
| Mate van vereenselwiging met die belydenisskrifte | | | | | |
| Sterk | 31,3 | 2,5 | 66,3 | - | 80 |
| Matig | 14,7 | 11,8 | 70,6 | 2,9 | 34 |
| Swak | 3,4 | 24,1 | 55,2 | 17,2 | 29 |

$\chi^2$ = 35,76; gvv = 6; p = 0,0000; C = 0,447

Blykens tabel 7.2 vind die *quia-standpunt* die meeste byval by predikante wat slegs by PU vir CHO gestudeer het (62,5%); wat in die Gereformeerde Kerk gelegitimeer is (45,0%) en hoogstens 'n B-graad in teologie verwerf het (28,8%). Die meeste predikante van die Gereformeerde Kerk (50,0%) en diegene wat hoogstens 'n B-graad in teologie behaal het (64,4%) onderskryf egter blykbaar albei dié standpunte. Dat die uitsluitlike *quatenus-standpunt* momentum en steun verloor het, blyk baie duidelik uit die gegewens.

Albei dié standpunte word die sterkste ondersteun deur predikante wat by 'n Swart- of Kleurlingopleidingsentrum en slegs by UP en by 'ander' sentra teologies geskool is. Predikante wat buitelands gestudeer het, is tot 'n groter mate verdeeld oor dié saak as diegene wat slegs in Suid-Afrika gestudeer het. Dit val verder op dat die grootste steun vir albei dié standpunte afkomstig is van predikante van Bruin- en Sawrt kerke (73,9%) en die Ned Geref Kerk (67,1%) en dat selfs dié van die Hervormde Kerk (57,1%) meer geneig is om albei standpunte te ondersteun terwyl slegs 28,6 persent Hervormde predikante dié *quatenus-standpunt* in dié verband onderskryf. Dit wil egter verder voorkom of hoe laer predikante teologies geskoold is, hoe meer steun hulle albei dié standpunte en hoe beter hul geskoold is, hoe minder steun hulle albei standpunte.

'n Ander belangrike patroon wat vasgestel is, is dat predikante wat die uitsluitlik *quia-standpunt* aanvaar, hulle tot 'n groter mate sterk vereenselwig met die belydenisskrifte. Dieselfde geld tot 'n minder mate predikante wat albei die standpunte onderskryf. Predikante wat die uitsluitlik *quatenus-standpunt* aanhang, is meer geneig om hulle swak met die belydenisskrifte te vereenselwig (tabel 6.4)

### 7.3 'n Gravamen?

Dat slegs meer as die helfte van die predikante (55,9%) hulle tot 'n redelike sterk mate met al drie die belydenisskrifte vereenselwig terwyl een vyfde (20,3%) hulle swak daarmee vereenselwig, is vanselfsprekend 'n kritiese bevinding waarmee kerkvergaderings rekening mee sal moet hòu. Dui dit daarop dat heelwat predikante hiermee 'n ongeskrewe gravamen aanbied? Dit is 'n moeilike vraag om te beantwoord. Soos toegelig in afdeling 6.4 kon geen statisties beduidende verskille aangetref word tussen die verskillende kerke se predikante en die peile van vereenselwiging met die belydenisskrifte nie.

Predikante wat uitsluitlik die *quia-standpunt* óf albei standpunte onderskryf, is ook geneig om hulle 'sterk' te vereenselwig met die drie formuliere terwyl diegene wat die *quatenus-standpunt* onderskryf, die meeste geneig is om hulle 'swak' daarmee te vereenselwig (tabel 6.4). Dit is dus duidelik dat hierdie dogmatiese strydpunt besig is om vir die meeste predikante in die vergetelheid te verdwyn en dat opnuut teologies besin sal moet word rondom die verband tussen Skrif en belydenisskrif. Indien dié patrone saamgelees word met die redelik sterk uiting ten gunste daarvan dat byvoorbeeld die NGB verander mag word (81,8% predikante) en die relatiewe geringe steun daarvoor dat slegs enkele artikels van die NGB verander moet word (21% predikante), is dit duidelik dat, volgens die predikante wat betrek is, *ekklesia reformata semper reformanda* in rat sou kon kom vir 'n breëre verandering van die belydenisskrifte wat oor aktuele vraagstukke handel.

## 8. KONKLUSIES MET BETREKKING TOT PREDIKANTE

Talle pertinente bevindinge en patrone is reeds tot dusver deur die ontledings hierbo blootgelê. Dit is egter van belang dat daar nou weer teruggekeer word na die evaluasie van die aanvanklike proposisies en hipoteses wat gestel is in afdeling 2.3 sodat pertinente bevindinge geformuleer kan word met betrekking tot die tema wat as ondersoek gekies is.

### 8.1 Navorsingsproposisies

(i) *Al die predikante van Gereformeerde belydenis ken die belydenisskrifte grondig, vereenselwig hulle volledig daarmee en maak 'n deeglike studie daarvan en ag dit belangrik vir hulle rol as predikant.*

Dat hierdie proposisie ongeldig bewys is deur die empiriese patrone wat hierbo aangebied is, val nie te betwyfel nie. Volgens predikante se 'eie definisie van die situasie' is daar 'n differensiële kennis van die drie Formuliere van Enigheid. Die Heidelbergse Kategismus word blykbaar deur 77 persent predikante uitstekend of goed geken terwyl slegs 41,3 persent die Nederlandse Geloofsbelydenis en 32,2 persent die Dordtse Leerreëls sodanig ken. Sowat die helfte van die predikante (55,9%) vereenselwig hulle verder relatief 'sterk' met die drie belydenisskrifte en slegs 'n vyfde (20,3%) se vereenselwiging daarmee sou as 'swak' getipeer kon word. Wat die situasie van die dokumente betref, het dit geblyk dat tussen een vyfde (19,6%) en 'n kwart (25,2%) nie verplig was om 'n studie daarvan te maak tydens hul teologiese opleiding nie. Gevra hoeveel keer die verskillende belydenisskrifte oor die afgelope jaar gelees is, het dit geblyk dat sowat een vyfde predikante (18,2%) glad nie die NGB, een tiende (10,5%) glad nie die Heidelbergse Kategismus en net meer as 'n derde (36,4%) glad nie die Dordtse Leerreëls gelees het nie.

Samevattend: hierdie navorsingsproposisie kan slegs sterk gekwalifiseerd aanvaar word en is as sodanig nie geldig nie.

(ii) *Die belydenisskrifte word deur predikante as uiters belangrik beskou vir amptelike kerklike werk, die verstaan van die Skrif, die behoud van die leer van die Kerk en vir hulle alledaagse lewe.*

Soos geblyk het uit tabel 3.6, ag slegs sowat driekwart van die predikante die belydenisskrifte as belangrik of uiters belangrik vir hul prediking en slegs sewe uit die tien dit as sodanig ag vir hulle verstaan van die Skrif. Hoewel verreweg die meeste predikante (86,7%) dit sodanig ag vir die behoud van die kerklike leer, is dit nie 'n opinie wat deur almal gedeel word nie.

Verder ag slegs ongeveer twee derdes (65,8%) dit as belangrik of uiters belangrik vir hulle alledaagse lewe. Ook hierdie navorsingsproposisie kan nie as sodanig die empiriese toets deurstaan nie en kan alleen sterk gekwalifiseerd gestel word.

(iii) *Terwyl predikante die belydenisskrifte se gesag tydens legitimasie moes onderskryf, kan verwag word dat hulle nie daartoe geneig of daarvoor vatbaar sal wees dat dit verander nie.*

Ook hierdie stelling blyk nie geldig te wees in die lig van die empiriese bevindinge wat hierbo aangebied is nie. Meer as agt uit elke tien predikante (81,8%) verwerp byvoorbeeld die gedagte dat die NGB onder geen omstandighede verander mag word nie. Slegs 4,9 persent predikante sal bedank as daaraan gepeuter word. 'n Verdere belangrike bevinding wat gemaak is, is dat slegs 'n

vyfde (21,7%) predikante die uitsluitlike standpunt ondersteun dat die belydenisskrifte gesag het *omdat* dit ooreenstem met die Skrif en slegs sowat een tiende (9,1%) die gesag daarvan erken *in soverre as wat* dit ooreenstem met die Skrif. Verreweg die meerderheid (65,0%) onderskryf albei hierdie standpunte!

(iv) *Predikante van gereformeerde belydenis beskou belydenisskrifte as sou dit minder gesag as die Skrif hê.*

Hoewel geen predikant die opinie gelug het dat belydenisskrifte méér gesag het as die Skrif nie en die oorweldigende meerderheid (90,2%) daaraan minder gesag as die Skrif toedig, twyfel 'n paar (0,7%) of dit minder gesag het as die Skrif en meen sowat 8,4% predikante dat dit nie minder gesag as die Skrif het nie. Streng gesproke is selfs hierdie stelling nie ongekwalifiseerd houdbaar nie.

Om dus saam te vat: hierdie vier navorsingsproposisies kon nie die empiriese toets van geldigheid deurstaan nie en sou slegs gekwalifiseerd gestel kon word.

## 8.2 Navorsingshipoteses

(i) *Hoe ouer 'n predikant is en hoe langer hy in bediening is, hoe meer is hy daarvoor ten gunste dat die belydenisskrifte, meer spesifiek die NGB, verander moet word.*

Geen statisties beduidende verskille kon aangetref word nie toe die ouderdom van predikante en die tydperk sedert legitimasie in verband gebring is met predikante se siening ten opsigte van die verandering van die belydenisskrifte met spesifieke verwysing na die NGB. Hierdie navorsingshipotese kon dus nie binne grense van waarskynlikheid as geldig aanvaar word nie.

(ii) *Daar is geen beduidende verskille tussen predikante van verskillende kerke, taalgroeperings en met verskillende opleidingsentra se vereenselwiging met; beskouing van die gesag van belydenisskrifte én aandrang tot verandering van die NGB nie.*

Hierdie hipotese het drie afhanklike veranderlikes wat afsonderlik bespreek moet word. Wat die peil van *vereenselwiging* met belydenisskrifte betref, blyk dit volgens die ontledings van tabel 6.4 dat hierdie hipotese waarskynlik nie ongeldig bewys kon word nie. Wat beskouings met betrekking tot die *gesag* van die belydenisskrifte betref, blyk dit weer volgens tabel 7.2 dat slegs taalgroeperings nie beduidende verskille kon oplewer nie.

Wat die aandrang tot *verandering* van die NGB betref, het dit weer volgens tabel 6.6 geblyk dat slegs ten opsigte van die plek waar 'n predikant sy teologiese opleiding ondergaan het, beduidende verskille aangetref kon word. Dit is dus duidelik dat hierdie hipotese soos dit geformuleer is, waarskynlik ook nie geldig is nie.

(iii) *Predikante met verskillende biografiese kenmerke en teologiese opleiding verskil nie van houding ten opsigte van die vervanging van belydenisskrifte met een enkele belydenisskrif nie.*

Die ondersoek toon dat bykans een derde (30,1%) predikante ten gunste is van die vervanging van die bestaande belydenisskrifte met slegs een enkele belydenisskrif wat deur teoloë van al die kerke van gereformeerde belydenis opgestel is terwyl 55,3 persent nie hiervoor te vinde is nie. Verdere ontledings het egter aan die lig gebring dat geen statisties beduidende verskille in dié verband na vore tree as predikante met verskillende biografiese en professionele kenmerke vergelyk word nie. Hierdie hipotese sou dus nie geevalueer kon word aan die hand van bestaande inligting nie omdat die nul-hipotese telkens nie verwerp kan word onder die 5-persent peil van beduidendheid nie.

## 8.3 Besluit

Sowat ses uit elke tien (59,5%) predikante is ten gunste daarvan dat 'n nuut geformuleerde belydenisskrif wat betrekking het op aktuele probleme die lig moet sien. Beoordeel in die lig van die funksies wat predikante aan 'n belydenisskrif toedig (tabel 6.3) wil dit voorkom of dit tot 'n baie groot mate beperk word tot 'n kerklik-godsdienstige dokument. Daar bestaan 'n nou verband tussen belydenisskrif en Skrif vir die predikante wat by die ondersoek betrek is. Aan die eenkant is daar sterk aandrang vir die verandering van die NGB sodat dit meer konteksrelevant is. Aan die anderkant is daar ook 'n aantal predikante wat die NGB blykbaar nie oorboord wil werp nie. Dat 'n verandering van belydenisskrifte slegs op ekumeniese grondslag aangepak en suksesvol deurgevoer sou kon word, val nie te betwyfel nie.

In die hoofstuk wat hierop volg, word ingegaan op die patrone wat by lidmate vasgestel is met toespitsing op veral die Nederlandse Geloofsbelydenis. Soos aangetoon sal word, is aanvanklik gepoog om 'n paar identiese stellings te formuleer in albei vraelyste, maar die loodsondersoek het wysigings genoodsaak sodat die resultate streng gesproke nie vergelykbaar is nie.

# BRONNE GERAADPLEEG


Babbie, E 1983. *The practice of social research*. 3rd ed. Belmont: Wadsworth.

Bailey, K D 1983. *Methods of social research*. 2nd ed. New York: Free Press.

Bavinck, H 1976. *Gereformeerde Dogmatiek* IV. Kampen: Kok.

Lin, M 1976. *Foundations of social research*. New York: McGraw-Hill.

Polman, A D R [sa]. *Woord en belijdenis* I en II. Franeker: Wever.

# 7

# Empiriese patrone met betrekking tot die houdings, opinies en standpunte van belydende lidmate rakende die Nederlandse Geloofsbelydenis

## 1. INLEIDING

Die vorige hoofstuk het vanuit die *gesigshoek van predikante* lig gewerp op die sentrale probleemstelling van die ondersoek, naamlik die verband tussen Skrif en belydenisskrif. In hierdie hoofstuk word die *gesigshoek van belydende lidmate* op dieselfde probleemstelling betrek.

Daar is egter in 'n paar opsigte belangrike verskille tussen die twee ondersoeke se resultate waarop gelet moet word. Eerstens is dit twee onafhanklike steekproefondersoeke se resultate wat gerapporteer word. Tweedens is daar verskille in die vlak, omvang en diepte wat gehandhaaf kon word in die twee vraelyste. Vanselfsprekend kon predikante meer indringend uitgevra word oor sake (Skrifbeskouings, apokriewe boeke, ens) waarvan die deursnee lidmaat nouliks kennis dra. Om veral dié rede is besluit om die vrae en stellings waarmee lidmate gekonfronteer is, soveel moontlik te beperk tot die NGB. Derdens is daar aanvanklik besluit om stellings in albei vraelyste in te sluit wat presies dieselfde bewoord was. Die loodsondersoek het egter getoon dat dit verander moes word om die geldigheid van die meetinstrumente nie in die gedrang te bring nie. Vierdens moet in gedagte gehou word dat die twee universums waaruit die respondente gekies moes word, fundamenteel verskil wat homogeniteit, grootte en kwaliteit betref en dat verskillende responsiekoerse verkry is.

Soos weldra sal blyk, moes ander beslissings gefel word met betrekking tot lidmate as predikante tydens die beplanning, navorsingsontwerp en deurvoering van die ondersoek. Wat hier

volg is die resultate wat van lidmate verkry is met dié beperkte ondersoek.

## 2. NAVORSINGSONTWERP: LIDMATE

Daar is reeds in 'n vorige afdeling aandag gegee aan die navorsingsontwerp van die onderhawige ondersoek. Kort gestel, kom dit daarop neer dat die ondersoek in geheel geplaas en beplan is binne die oorkoepelende teologies-teoretiese konstruk te wete die *verband tussen Skrif en belydenisskrif*.

In hierdie hoofstuk word persepsies, houdings en menings van lidmate rondom die sentrale probleemstelling van die ondersoek ontleed. Soos reeds aangedui, is dit egter van belang om weereens te beklemtoon dat in die lig daarvan dat slegs sowat een derde (32,4%) van lidmate in Transvaal se vraelyste terug ontvang en verwerk is, nie sondermeer gekonstateer sou kon word dat die patrone wat hier blootgelê word verteenwoordigend is van die opinies, houdings en menings van alle lidmate van die kerke wat betrek is by die ondersoek nie. Aan die anderkant moet daarop gelet word dat beduidendheidstoetse en parameterskatting regdeur die ontledings gedoen is. Die patrone wat wél geïdentifiseer word, is binne aanvaarbare grense van waarskynlikheid geldig. Dit kan dus nie op goeie wetenskaplike gronde betwis word nie.

### 2.1 Die betekenis van belydenisskrifte vir die lidmaat

Lidmate van byvoorbeeld die Ned Geref Kerk maak reeds op betreklik jeugdige ouderdom (13 jaar) kennis met die belydenisskrifte. Die verband tussen Skrif en belydenisskrif in kategetiese leerstof word as volg getipeer: 'Die uitgangspunt van die leerstof is die Bybel en die belydenisskrifte' (De Villiers, Zeeman, & Viljoen, 1982: voorwoord) terwyl later as volg verduidelik word: 'Onthou baie duidelik dat ons nie in die eerste plek vir jou die belydenisskrif wil leer nie, maar ons leer vir jou die belydenisskrif sodat jy daardeur die Bybel kan leer ken. Die belydenisskrif is dus nie die doel in sigself nie, maar 'n baie belangrike *middel* tot die doel' (De Villiers et al 1982:27).

In die vroeëre Katkisasieboek (Greyling, 1954:121) van die Ned Geref Kerk, wat deur heelwat van die respondente wat hier betrek is bestudeer is, word as volg verduidelik: 'die Formuliere van Enigheid wortel in en stam uit die Bybel. Daarin is beskrywe soos, bogenoemde wetboeke dit uitdruk, die leer wat die kerk in ooreenstemming met die Bybel bely. In die Bybel lê die geloofswaarhede sonder orde versprei in woord en in handeling, in geskiedenis en in lofsang, in profesie en gelykenis. In die

belydenis word hierdie waarhede gesistematiseer en in logiese orde neergeskryf. Geen ding mag in die belydenis verkondig word wat nie volgens die Bybel is nie. Ons neem ook aan dat in ons Belydenisstukke niks is wat nie Bybels is nie'. Volgens dié geskrif het belydenisskrifte drie funksies: (i) dit gee aan die lidmaat 'n kort, duidelike uitleg en samevatting van die geloofswaarhede in die Bybel; (ii) dit help om allerlei dwaling te weerspreek; (iii) dit bewaar die eenheid van geloof in die kerk.

Wat die Nederduitsche Hervormde Kerk betref, bepaal die Kerkorde dat die belydenis van dié kerk vervat is in die Drie Formuliere van Enigheid (artikel 1) en die drie ekumeniese simbole (artikel 2). P S Dreyer (1985:4) stel binne dié kerk se tradisie die saak soos volg: 'Waar die Skrif primêr die bron en die norm vir die inhoud van die belydenis is en daarom korrigerend op die belydenis kan inwerk, daar is die geskrewe belydenis dan sekondêr die bron en norm van die belydenis van die indiwidu en die kerk wat die eenheid van die geloof moontlik maak, uiters bedenklik interpreteer nie, maar ewe min staan die teoloog buite die kerk. 'n Uitleg van die Skrif buite die gemeenskap van die gelowiges is volledig sinloos'.

Dat 'n belydende lidmaat gebind is aan die artikels van die geloofsbelydenisse blyk uit die volgende belofte wat afgelê moet word in byvoorbeeld die Ned Geref Kerk: '*Ten eerste*, glo u die Woord van God soos dit in die Ou en Nuwe Testament opgeteken is, in die artikels van die geloof bely word en in hierdie Christelike gemeente geleer word?'

Die respondente wat by dié ondersoek betrek is, het bykans almal (99,1%) reeds 'n vraag met 'n dergelike strekking beantwoord.

## 2.2 Navorsingsproposisies en -hipoteses

Om aan die ontleding van die empiriese inligting rigting en koers te gee, is besluit om die geldigheid van die volgende proposisies en hipoteses na te gaan:

### 2.2.1 Navorsingsproposisies

(i) Al die belydende lidmate is deeglik op hoogte van die inhoud van die Nederlandse Geloofsbelydenis en vereenselwig hul volledig daarmee.

(ii) Belydende lidmate ag die NGB as 'n belangrike dokument om die Skrif reg te verstaan.

(iii) Omdat belydende lidmate waarskynlik die belydenisskrifte as uitdrukking van die leer van hul kerk beskou, is hulle nie daarvoor te vinde dat die NGB verander word nie.

(iv) Belydende lidmate handhaaf die opinie dat belydenisskrifte *minder* gesag het as die Skrif.

### 2.2.2 Navorsingshipoteses

(i) Hoe meer godsdienstig *meelewend* 'n lidmaat is, hoe minder is hy/sy geneig daartoe dat die NGB verander.

(ii) Lidmate met verskillende biografiese en godsdienstige kenmerke verskil beduidend van mekaar ten opsigte van die *verandering* van, *vereenselwiging* met en *beskouing van die gesag* van die NGB.

(iii) Lidmate en predikante verskil van mekaar ten opsigte van hul houdings met betrekking tot die *verandering* van, *vereenselwiging* met en *beskouing van die gesag* van die NGB.

### 2.3 Besluit

Die steekproeftrekking is uiteengesit in Bylaag B van die verslag terwyl die gestruktureerde posvraelys wat vir lidmate gebruik is, in Bylaag C aangebied word.

## 3. BASIESE KENMERKE VAN LIDMATE

Dit moet voortdurend in gedagte gehou word dat dié ondersoek nie voorgee dat die patrone wat in hierdie verslag blootgelê word ten volle verteenwoordigend is van al die lidmate van die verskillende kerke en gemeentes nie.

Op 'n vraag oor hoe gelukkig lidmate voel oor die vraelys wat hulle moes voltooi, val dit egter op dat 52,5 persent daaroor 'gelukkig' of 'baie gelukkig' gevoel het terwyl bykans een derde (34,7%) 'onseker' gevoel het en 8,5 persent 'ongelukkig' of 'baie ongelukkig' daaroor gevoel het.

'n Mens sou dus nie sonder meer kon beweer dat slegs 'n selektiewe groep lidmate as respondente vir die ondersoek opgetree het nie. Wat meer is: op al die houdingsvrae het dit geblyk dat ongeveer een tiende respondente geneig was om nie die vrae te voltooi nie.

Hierdie responsies is deurgaans buite rekening gelaat om middelwaardes (rekenkundige gemiddeldes) en maatstawwe van sentraliteit (standaard afwykings) te bereken nie.

### 3.1 Sosiologiese kenmerke van lidmate

Dat heelwat meer mans (69,2%) as dames (30,8%) die vraelyste voltooi en ingestuur het, dui egter tog daarop dat dames nie ewe geïnteresseerd as mans was om vraelyste te voltooi en in te stuur nie (tabel 8.1). Die gemiddelde ouderdom van die respondente is op 43,2 jaar bereken. Terwyl die oorweldigende meerderheid lidmate getroud was (83,7%), is relatief min nooit getroude (4,7%) belydende lidmate betrek. Belydende lidmate wat geskei of verlaat is óf in weduskap verkeer, is egter ook betrek by die ondersoek.

TABEL 8.1
SOSIOLOGIESE KENMERKE VAN DIE LIDMATE

| | N | % |
|---|---|---|
| 1. Geslag | | |
| Mans | 379 | 69,2 |
| Vroue | 169 | 30,8 |
| 2. Ouderdom | | |
| -30 | 94 | 17,1 |
| 30-59 | 373 | 67,7 |
| 60+ | 84 | 15,2 |
| Gemiddeld (jare) 43.2 jaar | | |
| 3. Huwelikstaat | | |
| Nooit getroud | 26 | 4,7 |
| Getroud | 461 | 83,7 |
| Ongetroud | 38 | 6,9 |
| Geskei/verlaat | 6 | 1,1 |
| Weduwee/wewenaar | 17 | 3,1 |

| | Respondent % | Hoof van die huis % |
|---|---|---|
| 4. Hoogste onderwyspeil behaal | | |
| Was nooit op skool nie | 0,4 | 0,9 |
| Slegs laerskool | 5,1 | 4,4 |
| Laerskool plus diploma | 0,9 | 0,9 |
| Hoërskool | 45,0 | 41,4 |
| Hoërskool plus diploma | 21,1 | 20,0 |
| B-graad | 18,9 | 18,1 |

| | Respondent<br>% | Hoof van die huis<br>% |
|---|---|---|
| M-graad | 5,1 | 6,7 |
| D-graad | 1,6 | 2,2 |
| Ander (spesifiseer) | 2,0 | 5,5 |
| | | |
| 5. <u>Bruto jaarlikse inkomste</u> | | |
| Minder as R5 000 | 18,1 | 5,6 |
| R5000-R9 999 | 11,4 | 7,8 |
| R10 000-R14 999 | 13,1 | 14,0 |
| R15 000-R19 999 | 12,3 | 15,4 |
| R20 000-R24 999 | 11,3 | 15,2 |
| R25 000-R29 999 | 7,4 | 10,0 |
| R30 000+ | 23,4 | 30,0 |
| Nie vermeld nie | 2,9 | 2,0 |
| Gemiddelde (Rand per jaar) | R14 920 | R18 740 |

| | Respondent<br>% | Hoof van die huis<br>% |
|---|---|---|
| 6. <u>Beroep</u> | | |
| Professioneel, tegnies en verwante werkers (byvoorbeeld prokureur, medikus, apteker, argitek, gekwalifiseerde verpleegster, ens). ...................... | 25,4 | 27,8 |
| Besturend en administratiewe werkers, bv registrateur, bestuurder van 'n organisasie, ens. ........... | 13,4 | 17,2 |
| Klerklike en verwante werkers. | 10,5 | 7,1 |
| Verkoopswerkers. .......... | 2,2 | 2,5 |
| Werkers in die landbou, bosbou en visserye (bv boere, jagters, ens).............. | 6,7 | 8,9 |
| Mynbouwerkers (uitgesonder ambagslui). ............... | 0,7 | 1,5 |
| Vervoer- en kommunikasiewerkers. .................. | 1,8 | 2,4 |
| Ambagslui en vakleerlinge. | 6,4 | 8,2 |
| Gewapende magte en SAP (uitgesonder dienspligtiges). | 2,7 | 3,6 |
| Produksiewerkers, operateurs en ander halfgeskoolde werkers .................. | 2,0 | 2,7 |

| | N | Respondent % | Hoof van die huis % |
|---|---|---|---|
| Dienswerkers, sport- en ontspanning (bv haarkappers, sportafrigters, ens). ...... | | - | 0,2 |
| Arbeiders. ................. | | 0,5 | 0,5 |
| Ongespesifiseerd. .......... | | 1,1 | 1,3 |
| Werkloos (dit is diegene wat nie werk nie maar werk soek). | | 0,4 | 0,2 |
| Nie-ekonomies bedrywig (pensioenarisse, huisvroue, studente, dienspligtiges, medies ongeskiktes). .............. | | 25,8 | 14,9 |
| Nie vermeld nie. ........... | | 0,4 | 1,1 |
| 7. <u>Huistaal</u> | | | |
| Afrikaans | 541 | 98,2 | |
| Ander | 10 | 1,8 | |
| 8. <u>Etniese verband</u> | | | |
| Blank | 508 | 92,2 | |
| Swart | 5 | 0,9 | |
| Kleurling | 30 | 5,4 | |

Sowat 'n kwart (25,6%) van die respondente is gegradueerd terwyl die gemiddelde bruto jaarlikse inkomste van hulle op R14 920 bereken is. Indien dit saamgelees word met die feit dat bykans veertig persent (38,8%) respondente *professioneel-tegniese* óf *besturend-administratiewe* beroepe beoefen, is dit duidelik dat 'n substansiële deel van die respondente uit die hoër sosio-ekonomiese strata afkomstig is.

Die oorweldigende meerderheid respondente (98,2%) is Afrikaanssprekend. Slegs 6,3 persent gekleurde belydende lidmate is by die ondersoek betrek. Dit wil voorkom of sommige Kleurlinge hulleself as 'Swartes' gekategoriseer het. Hierdie patrone maan weereens dat die resultate en patrone omsigtig geïnterpreteer moet word en dat daar nie op grond daarvan veralgemeen sou kon word vir alle lidmate van alle kerke wat hier betrek is nie.

### 3.2 Religieuse kenmerke van lidmate

Hoewel die meeste respondente lidmate van die Ned Geref Kerk (78.0%) is, is sowat een tiende (10,5%) lede van die Gereformeerde Kerk en slegs ses persent lede van die Hervormde Kerk.

Baie min lidmate (5,1%) uit die Kleurling of Swart gereformeerde Kerke is betrek (tabel 8.2).

Sowat een tiende van die lidmate was voorheen aan 'n ander kerk as hulle huidige kerkverband verbonde. Die helfte van hierdie lidmate was egter voorheen verbonde aan een van die drie Afrikaanse Kerke, 'n kwart aan 'ander' kerke en die res is van Engelse kerke afkomstig.

Hoewel beoog is om slegs belydende lidmate te betrek, het sowat 0,9 persent gesê hulle het nie belydenis afgelê nie en het 7,4 persent respondente aangedui dat hulle nie 'n dooplidmaat van hulle huidige kerke is nie. Hulle is waarskynlik in 'n ander kerk gedoop waarna hulle lidmaat van die huidige gereformeerde kerk geword het. Sowat een persent van die respondente oorweeg dit om te bedank as lid van hul huidige kerk terwyl ongeveer vier persent (4,4%) die mening gelug het dat as hulle weer sou kon kies, hul liefs 'n lid van 'n ander kerk wou wees.

Bykans die helfte respondente (48,8%) het voorheen diens gedoen as diaken en slegs 14 persent van hulle is tans diaken. Terwyl net meer as 'n derde (35,2%) tans ouderlinge is, het vier uit elke tien (40,8%) voorheen as ouderling gedien.

Die oorweldigende meerderheid respondente (96,7%) beskou hulleself as 'gelowige' lidmate terwyl nie een aangedui het dat hul nie in Christus glo nie.

Die respondente is ongeveer gemiddeld 47 jaar gelede gedoop (tabel 8.3). Dit klop nie heeltemal met die gemiddelde ouderdom van 43 jaar van die lidmate nie, en dit moet daaraan toegeskryf word dat ietwat meer lidmate versuim het om hulle ouderdomme te rapporteer as wat versuim het om hulle jaar waartydens hul gedoop is, te rapporteer.

Die respondente het gemiddeld 28 jaar gelede belydenis van geloof afgelê en is gemiddeld 25 jaar belydende lidmaat van hul huidige kerk.

Terwyl heelwat lidmate glad nie in die week vóór die ondersoek geluister het na godsdienstige radioprogramme (31,8%) of gekyk het na godsdienstige televisieprogramme (27,0%) nie, het die respondente tog respektiewelik gemiddeld 3,29 keer per week daarna geluister en gemiddeld 2,41 keer per week daarna gekyk. Bykans een tiende (8,0%) het glad nie oor dieselfde week uit die Bybel gelees nie. Tog het die respondente in totaal gemiddeld agt keer gedurende daardie week uit die Bybel gelees.

Sowat 13 persent lidmate is geneig om nie slegs eredienste in hulle eie gemeente by te woon nie. Lidmate het gemiddeld 1,53 keer per maand eredienste van ander gemeentes van hul kerk bygewoon. Sowat 5 persent lidmate woon weer eredienste van ander kerke by: gemiddeld 1,73 keer per maand. Terwyl slegs ses persent lidmate glad nie eredienste van hul eie gemeentes bygewoon het in die maand wat die ondersoek voorafgegaan het nie, het die lidmate in totaal gemiddeld vyf keer per maand dergelike dienste bygewoon.

Wat die lees van die Nederlandse Geloofsbelydenis betref, het 'n vraag aan lidmate aan die lig gebring dat hulle dit reeds gemiddeld 4,22 keer gedurende hul lewe gelees het. Sowat een derde (32,7%) het dit egter nog nooit gelees nie.

TABEL 8.2
RELIGIEUSE KENMERKE VAN LIDMATE

| | | N | % |
|---|---|---|---|
| 1. Kerkverband | | | |
| Ned Geref Kerk | | 430 | 78,0 |
| Herv Kerk | | 33 | 6,0 |
| Geref Kerk | | 58 | 10,5 |
| Swart- of Kleurlingkerk | | 28 | 5,1 |
| 2. Vorige kerkverband | | | |
| Geen/selfde as tans | | 495 | 89,8 |
| Een van die Afrikaanse kerke | | 30 | 5,4 |
| Engelse kerke | | 12 | 2,2 |
| Ander (insluitende seldes) | | 14 | 2,5 |
| 3. Lidmaatskap | | | |
| Dooplidmaat | Ja | 497 | 90,2 |
| | Nee | 41 | 7,4 |
| | Nie geantwoord | 13 | 2,4 |
| Belydenis afgele | | | |
| | Ja | 546 | 99,1 |
| | Nee | 5 | 0,9 |
| 4. Oorweeg bedanking as lid van bestaande kerk? | | | |
| | Ja | 6 | 1,1 |
| | Nee | 528 | 95,8 |
| | Nie geantwoord | 17 | 3,1 |
| 5. Sou hulle selfde kerk as huidige weer kies? | | | |
| | Nee | 24 | 4,4 |
| | Ja | 511 | 92,7 |
| | Nie geantwoord nie | 16 | 2,9 |

| | | N | % |
|---|---|---|---|
| 6. Vorige diens as | | | |
| Ouderling | Ja | 225 | 40,8 |
| | Nee | 324 | 58,8 |
| Diaken | Ja | 269 | 48,8 |
| | Nee | 279 | 50,6 |
| Ander | Ja | 59 | 10,7 |
| | Nee | 484 | 87,8 |
| 7. Huidige diens as... | | | |
| Ouderling | Ja | 194 | 35,2 |
| | Nee | 353 | 64,1 |
| Diaken | Ja | 77 | 14,0 |
| | Nee | 470 | 85,3 |
| Ander | Ja | 44 | 8,0 |
| | Nee | 500 | 90,7 |
| 8. Taksering van hulself | | | |
| As 'n baie gelowige lidmaat | | 160 | 29,0 |
| As 'n gelowige lidmaat | | 373 | 67,7 |
| Onseker | | 14 | 2,5 |
| As nie 'n gelowige lidmaat nie | | 1 | 0,2 |
| As 'n persoon wat nie in Christus glo nie | | - | - |

### 3.3 Samehorigheidsgevoel

Blykens tabel 8.4 is daar 'n ietwat dissonansie by lidmate te bespeur wat betref hul samehorigheidsgevoel met betrekking tot die *gemeente*, die *kerk* en die *gemeenskap* waarvan hul lid is. Terwyl 95 persent 'baie gelukkig' of 'gelukkig' is as lid van die *gemeenskap* waar hulle woon, is ietwat minder (92,4%) sodanig georiënteerd ten opsigte van die *kerk* waarvan hul lid is terwyl nog minder (92%) sodanig georiënteerd is ten opsigte van die *gemeente* waarby hulle ingeskakel is.

### 3.4 Kennis van die NGB

Soos reeds aangetoon, het ongeveer een derde nog nooit die NGB gelees nie. Op 'n kontrolevraag is bykans dieselfde bevind omdat 67,9 persent lidmate aangedui het dat hulle wél al 'n studie daarvan gemaak het (tabel 8.5).

Die vraag is egter hoe goed lidmate dit ken. In stede daarvan om 'n objektiewe toets op te stel aan die hand waarvan die vraag beantwoord sou kon word, is besluit om die respondente se 'selfdefinisie van die situasie' vas te probeer stel. Hiervolgens het dit geblyk dat slegs naastenby die helfte (46,8%) waarskynlik 'n 'uitstekende' of 'redelike' kennis daarvan het terwyl sowat een derde (31,6%) hul kennis as 'swak' of 'baie swak' tipeer.

### 3.5 Identifikasie van belydenisskrifte

Die respondente is gevra om uit 'n lys van nege historiese dokumente aan te dui welke dokumente na hul mening deur hul kerk as belydenisskrifte *erken* en *aanvaar* word (tabel 8.6).

Volgens gereformeerde tradisie word daar onderskei tussen: (a) *drie "ekumeniese" geloofsbelydenisse* (*4e eeu nC*) te wete (i) Die Apostoliese Geloofsbelydenis (12 artikels); (ii) Die Geloofsbelydenis van Nicea; (iii) Die Geloofsbelydenis van Athanasius. (b) *drie belydenisskrifte (Reformasie)*, (i) Die NGB, (ii) Die Heidelbergse Kategismus, (iii) Die Dordtse Leerreëls. Die 'Kort begrip' wat op die Heidelbergse Kategismus gebaseer is, is nooit as belydenisskrif erken of aanvaar nie.

Indien die responsies in tabel 8.6 nagegaan word, blyk dit duidelik dat die Heidelbergse Kategismus (92,4%) en die Nederlandse Geloofsbelydenis (87,3%) deur die oorweldigende meerderheid respondente reg geïdentifiseer is. Wat die Dordtse Leerreëls betref, is sowat veertig persent belydende lidmate nie na behore ingelig nie.

Dit val verder op dat die helfte (47,5%) lidmate nie kon antwoord op die vraag of 'The Westminster Confession' 'n belydenisskrif is nie. Slegs sowat een vyfde (22,1%) het hier korrek geantwoord.

Wat verder verrassend is, is dat net meer as tagtig persent (83,8%) lidmate die 'Twaalf artikels' as belydenisskrif aangedui het en net maar die helfte (51,7%) die Apostoliese geloofsbelydenis sodanig identifiseer terwyl dit twee name vir presies dieselfde dokument is! Wat meer is: vir bykans die helfte (48,8%) belydende lidmate is Die Kort Begrip óók 'n belydenisskrif terwyl slegs een tiende (9,4%) lidmate in dié verband korrek geantwoord het.

Dit is dus duidelik dat daar waarskynlik 'n redelike omvangryke mate van onduidelikheid en selfs onkunde by 'n substansiële aantal belydende lidmate van die gereformeerde Kerke aanwesig is met betrekking tot die belydenisskrifte.

TABEL 8.3
RELIGIEUSE KENMERKE VAN LIDMATE

| | Rekenkundige gemiddelde | % glad nie |
|---|---|---|
| 1. Jare gelede belydenis van geloof afgelê. ........... | 28,37 jaar | |
| 2. Jare gelede gedoop. ...... | 47,35 jaar | |
| 3. Tydperk belydende lidmaat van bestaande kerk. ...... | 24,56 jaar | |
| 4. Kere afgelope <u>week</u> ..... | | |
| geluister na godsdienstige radioprogramme ........... | 3,29 keer | 31,8 |
| gekyk na godsdienstige televisieprogramme ......... | 2,41 keer | 27,0 |
| gelees uit Bybel ......... | 8,03 keer | 8,0 |
| 5. Kere afgelope <u>maand</u> .... | | |
| eredienste bygewoon van eie gemeente ................. | 4,96 keer | 5,8 |
| eredienste bygewoon van ander gemeentes van kerk ....... | 1,53 keer | 86,9 |
| eredienste bygewoon van ander kerke .................... | 1,73 keer | 95,3 |
| 6. Kere die NGB gelees in hul hele lewe. ............... | 4,22 keer | 32,7 |

TABEL 8.4
GELUKKIGHEID AS LIDMAAT (%)

| Gelukkigheid as lid van ... | Baie gelukkig | Gelukkig | Onseker | Ongelukkig | Baie ongelukkig |
|---|---|---|---|---|---|
| bestaande gemeente | 47,9 | 44,1 | 4,9 | 2,0 | 0,5 |
| bestaande kerk | 55,4 | 37,0 | 4,5 | 0,7 | 0,4 |
| gemeenskap | 49,4 | 45,6 | 3,3 | 0,9 | 0,2 |

TABEL 8.5
STUDIE EN KENNIS VAN DIE NGB

| | N | % |
|---|---|---|
| Studie gemaak van NGB | | |
| Ja | 374 | 67,9 |
| Nee | 164 | 29,8 |
| Nie geantwoord | 13 | 2,4 |
| Kennis van NGB | | |
| Nie geantwoord | 33 | 6,0 |
| Uitstekend | 25 | 4,5 |
| Redelik | 233 | 42,3 |
| Onseker | 86 | 15,6 |
| Swak | 103 | 18,7 |
| Baie swak | 71 | 12,9 |

TABEL 8.6
WELKE GESKRIFTE AS BELYDENISSKRIFTE BESKOU WORD VAN LIDMATE SE KERKE

| | Nie geant-woord nie % | Ja % | Nee % | Weet nie % |
|---|---|---|---|---|
| Die belydenis van Nicea | 33,0 | 38,1 | 11,8 | 17,1 |
| The Westminster Confession | 47,5 | 3,6 | 22,1 | 26,7 |
| Die Heidelbergse Kategismus | 5,6 | 92,4 | 1,1 | 0,9 |
| Die Twaalf Artikels | 12,3 | 83,8 | 1,5 | 2,4 |
| Die Nederlandse Geloofs-belydenis | 8,2 | 87,3 | 0,7 | 3,8 |
| Die Dordtse Leerreëls | 22,1 | 62,3 | 2,9 | 12,7 |
| Die belydenis van Athanasius | 38,7 | 26,9 | 12,7 | 21,8 |
| Die Apostoliese geloofs-belydenis | 27,2 | 51,7 | 9,6 | 11,4 |
| Die Kort begrip | 31,4 | 48,8 | 9,4 | 10,3 |
| Ander (noem) | 80,9 | 0,5 | 5,1 | 13,4 |

## 3.6 Besluit

Dit blyk duidelik dat veral manlike lidmate uit die hoër sosio-ekonomiese strata betrek is by hierdie ondersoek. Ander sosiale kategorieë is egter tot 'n redelike mate verteenwoordig in die ondersoekgroep. Dit is nogtans duidelik dat nie daarop aanspraak gemaak sou kon word nie dat die ondersoekgroep die volle spektrum van lidmate van die verskillende kerke wat betrek is,

verteenwoordig nie. Hoewel nie sondermeer veralgemeen sou kon word nie, beteken dit egter nie dat dit nie sinvol is om analises op die data uit te voer nie. Die gegewens wat ingewin is, is in talle opsigte uniek. Patrone wat blootgelê word, is verder onderwerp aan statistiese toetse van beduidendheid sodat gevolgtrekkings waartoe geraak word, binne grense van waarskynlikheid as redelik geldig bestempel sou kon word.

Die ontledings wat in dié afdeling gemaak is, het reeds aan die lig gebring dat daar heelwaarskynlik 'n groot mate van verwarring en onkunde by belydende lidmate met betrekking tot die belydenisskrifte bestaan.

In die afdeling wat hierop volg, sal ingegaan word op lidmate se beskouings met betrekking tot die belangrikheid van belydenisskrifte en die verband tussen belydenisskrif en Skrifverstaan.

## 4. DIE BELANGRIKHEID VAN DIE BELYDENISSKRIFTE

In die lig van die voorafgaande ontleding sou die vraag gestel kon word tot welke mate lidmate hulle hoegenaamd *vereenselwig* met die Nederlandse geloofsbelydenis. 'n Stelling is in dié verband aan lidmate voorgehou waarop hulle 'n antwoord moes aandui en hiervolgens het dit geblyk dat slegs 61,9 persent hulle geheel en al met die inhoud van die NGB vereenselwig terwyl sowat een vyfde (22,5%) hulle nie daarmee vereenselwig nie. 'n Verdere 15,6 persent wou nie hierop antwoord nie.

Indien dit die toedrag van sake is, ontlok dit onmiddellik die vraag of lidmate dan sou wou hê die NGB moet *verander*. Terwyl net meer as die helfte (55,0%) blykbaar so voel, oordeel 'n derde (33,2%) lidmate dat dit onder geen omstandighede mag verander nie, terwyl sowat 'n tiende (11,8%) nie op die vraag wou antwoord nie.

Indien dié reaksies vergelyk word met dié van predikante, blyk dit dat predikante (84,6%) waarskynlik veel meer te vinde daarvoor sou wees dat die NGB verander sou kon word as wat die geval by belydende lidmate (55,0%) is. Hoewel die stelling wat geformuleer is nie presies dieselfde geformuleer is vir predikante en lidmate om die peil van vereenselwiging met die NGB vas te stel nie, blyk dit nogtans dat veel meer predikante (84,6%) hulle waarskynlik redelik sterk met die NGB vereenselwig as wat die geval met belydende lidmate (61,9%) is.

Dit is dus duidelik dat die belangrikheid van die NGB as sulks by heelwat lidmate 'n probleem geword het en waarskynlik in die gedrang is by heelwat lidmate binne die gereformeerde tradisie in Suid-Afrika.

## 4.1 Die belangrikheid van die NGB

Beoordeel aan die responsies op die items wat oor hierdie tema handel (tabel 9.1) blyk dit duidelik dat die meerderheid lidmate die gedagte verwerp dat hul kerk geen belydenisskrifte hoef te hê nie (84,4%) én dat hulle kerk sonder die NGB sou kon klaarkom (63,9%).

Meer as die helfte (58,2%) belydende lidmate stem steeds daarmee saam dat alle voornemende lidmate die NGB moet ken alvorens hulle geloofsbelydenis aflê. Tog oordeel slegs 'n derde (32,3%) dat lidmate wat nie die NGB aanvaar nie, onder tug geplaas moet word. Wat meer is: 15,8 persent lidmate is die mening toegedaan dat hulle nie deur hulle kerk onder tug geplaas kan word nie as hulle die NGB sou verwerp nie terwyl die helfte (52,1%) die teenoorgestelde opinie huldig.

Die gedagte dat die NGB, soos ander belydenisskrifte, 'n handige riglyn teen kettery is, word deur twee derdes (68,2%) van die lidmate ondersteun. Ongeveer net soveel lidmate (66,9%) oordeel ook dat 'n 'goeie predikant' van hulle kerk die belydenisskrifte moet aanvaar terwyl een tiende (12,0%) nie dié opvatting ondersteun nie.

Wat is die praktiese belang van die NGB vir belydende lidmate? Slegs een vyfde (21,4%) verstaan terugslae in hul lewe beter aan die hand van die NGB en tog oordeel net meer as die helfte (57,5%) dat die NGB wél vir hulle van praktiese nut vir hul daaglikse doen en late is.

In die lig hiervan is dit verstaanbaar dat die meerderheid lidmate (58,3%) nie van mening is dat die einde van die NGB aangebreek het nie.

### 4.1.1 Lidmate ten gunste van verandering van die NGB versus diegene nie ten gunste van die NGB nie

Indien hierdie responsies ontleed word vir die twee kategorieë lidmate wat onderskei kon word met betrekking tot die verandering van die NGB, blyk dit dat daar slegs 'n graadverskil te bespeur is ten opsigte van menings tussen dié wat die verandering nie ondersteun nie en dié wat wel die verandering daarvan ondersteun.* Diegene wat gekant is teen die verandering van die NGB stem sterker daarmee saam dat die NGB, soos ander belydenisskrifte, 'n handige riglyn is om kettery te bekamp; dat alle lidmate die NGB

* Eenrigting-variansie ontleding (F-toets) is gebruik om die beduidendheid van verskille in gemiddeldes voor te stel.

TABEL 9.1

DIE BELANGRIKHEID VAN BELYDENISSKRIFTE (persentasies)

| | PERSENTASIES | | | | | | EENRIGTING VARIANSIE-ONTLEDINGS | | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | | Houding tov verandering van NGB | | | | Vereenselwiging met NGB | | | | Standpunte mbt SKRIF- BELYDENISSKRIF | | | | | | |
| | Stem beslis saam | Stem saam | Onseker | Verskil | Verskil beslis | Nie geantwoord nie | mag nie verander word | | mag verander word | | Vereenselwig heeltemal | | Vereenselwig nie heeltemal nie | | Quia | | Quetenus | | Albei | | |
| | (1) | (2) | (3) | (4) | (5) | (6) | X̄ | s | X̄ | s | X̄ | s | X̄ | s | X̄ | s | X̄ | s | X̄ | s | |
| My kerk kan goed klaarkom sonder die Nederlandse Geloofsbelydenis... | 1,3 | 5,6 | 17,8 | 40,3 | 23,6 | 11,4 | 4,15 | 1,03 | 3,63 | 1,02 | 4,14 | 0,89 | 3,15 | 0,96 | 4,41 | 0,70 | 3,14 | 1,08 | 3,37 | 1,71 | |
| Die Nederlandse Geloofsbelydenis dien, soos die ander belydenisskrifte, as handige riglyn (norm) om mense wat kettery verkondig uit my kerk te weer. ................. | 22,1 | 46,1 | 14,5 | 4,5 | 1,1 | 11,6 | 1,62 | 0,76 | 2,24 | 0,89 | 1,81 | 0,82 | 2,57 | 0,87 | 1,89 | 0,92 | 2,30 | 0,87 | 1,58 | 1,04 | |
| Alls voornemende belydende lidmate most die Nederlandse Geloofsbelydenis ken alvorens hulls gsloofsbelydenis mag aflê. ......... | 22,3 | 35,9 | 12,2 | 14,9 | 3,8 | 10,9 | 1,82 | 0,96 | 2,54 | 1,21 | 1,99 | 1,04 | 2,92 | 1,14 | 1,86 | 0,94 | 2,83 | 1,20 | 1,81 | 1,29 | |
| Almal wat die Nederlandse Geloofsbelydenis nie aanvaar nie, behoort onder tug geplaas te word. ........ | 12,3 | 20,0 | 22,1 | 27,9 | 6,2 | 11,4 | 72,40 | 1,27 | 3,07 | 1,17 | 2,59 | 1,24 | 3,55 | 0,91 | 2,49 | 1,22 | 3,40 | 1,06 | 2,29 | 1,52 | |
| Ek kan nie deur my kerk onder tug geplaas word as ek die Nederlandse Geloofsbelydenis sou verwerp nie... | 5,3 | 10,5 | 22,1 | 30,7 | 21,4 | 10,0 | - | - | - | - | 3,69 | 1,29 | 3,18 | 0,94 | 4,08 | 1,27 | 3,08 | 1,12 | 3,10 | 1,68 | |
| My kerk most geen belydenisskrifte hê nie. Ons kan goed klaarkom daarsonder. ......................... | 0,7 | 1,5 | 6,2 | 35,8 | 48,6 | 7,3 | 4,50 | 0,75 | 4,32 | 0,79 | 4,52 | 0,71 | 4,07 | 0,70 | 4,74 | 0,47 | 4,01 | 1,02 | 3,98 | 1,56 | |
| Elke predikant van my kerk most die belydenisskrifte aanvaar as hy 'n goeie predikant wil wees. ........ | 34,8 | 32,1 | 12,3 | 10,0 | 2,0 | 8,7 | 1,54 | 0,81 | 2,25 | 1,11 | 1,68 | 0,89 | 2,75 | 1,02 | 1,51 | 0,85 | 2,58 | 1,16 | 1,63 | 1,13 | |
| Ek verstaan terugslae wat my tref in die lewe beter aan die hand van die Nederlandse Geloofsbelydenis... | 4,0 | 17,4 | 20,1 | 36,7 | 9,3 | 12,5 | 2,95 | 1,32 | 3,33 | 1,11 | 3,09 | 1,22 | 3,44 | 1,12 | 3,37 | 1,14 | 3,67 | 0,88 | 2,53 | 1,60 | |
| Die Nederlandse Geloofsbelydenis het vir my gladnie enige nut in my daaglikse doen en late nie. ....... | 2,2 | 9,3 | 19,2 | 43,0 | 14,5 | 11,8 | 3,94 | 1,03 | 3,36 | 1,12 | 3,90 | 0,94 | 2,91 | 1,04 | 4,05 | 0,76 | 2,98 | 0,96 | 3,17 | 1,70 | |
| Hoewel ek baie waardering het vir die Nederlandse Geloofsbelydenis, dink ek die einde daarvan het aangebreek. ......................... | 1,6 | 6,0 | 22,1 | 39,6 | 18,7 | 12,0 | 14,06 | 1,02 | 3,43 | 1,08 | 4,02 | 0,86 | 2,89 | 1,08 | 4,21 | 0,71 | 2,94 | 0,92 | 3,28 | 1,73 | |

moet ken voordat hulle belydenis van geloof moet aflê; dat 'goeie predikante' die belydenisskrifte moet aanvaar; en dat terugslae in hul lewens beter verstaan word aan die hand van die NGB as wat die geval is met lidmate wat ten gunste is van die verandering van die NGB.

Terwyl diegene wat nie die verandering van die NGB ondersteun nie geneig is om saam te stem dat almal onder tug geplaas behoort te word wat nie die NGB aanvaar nie, is lidmate wat die verandering van die NGB ondersteun weer meer geneig om hieroor te twyfel.

Aan die anderkant blyk dit weer dat lidmate wat die verandering van die NGB teenstaan sterker geneig is om daarvan te verskil dat hulle kerk klaar sou kon kom sonder die NGB en dat die einde van die NGB aangebreek het terwyl lidmate wat die verandering van die NGB ondersteun, meer geneig is om hieroor te twyfel.

Lidmate wat gekant is teen die verandering van die NGB neig verder ietwat meer daarna om daarvan te verskil dat die NGB nie van enige nut vir hulle daaglikse doen en late het nie as wat die geval is by lidmate wat waarskynlik die verandering van die NGB sou onderskryf.

### 4.1.2 Belang van belydenisskrifte ontleed volgens peile van vereenselwiging met die NGB

Belydende lidmate wat hulle heeltemal vereenselwig met die NGB stem tot 'n groter mate saam dat die NGB soos ander belydenisskrifte, 'n handige riglyn is om kettery te bekamp; dat alle voornemende lidmate die NGB moet ken; en dat alle 'goeie predikante' belydenisskrifte moet aanvaar as wat die geval is met belydende lidmate wat nie so sterk gekompromiteerd voel jeens die NGB nie (tabel 9.1). Terwyl lidmate wat hulle volkome vereenselwig met die NGB verskil daarvan dat hul kerk sonder die NGB sou kon klaarkom; dat die NGB vir hul glad nie van nut is in hulle alledaagse lewe nie; én dat die einde van die NGB in sig is, is lidmate wat hul nie só sterk vereenselwig met die NGB nie meer neig om oor dié drie aangeleenthede te twyfel. Albei hierdie kategorieë lidmate is verder geneig om daaroor te twyfel dat lidmate wat nie die NGB aanvaar nie onder tug geplaas moet word; dat hulle terugslae beter begryp aan die hand van die NGB; en dat hulle onder tug geplaas sou kon word as hulle self die NGB sou verwerp. Terselfdertyd neig albei kategorieë sterk daartoe om te verskil dat hul kerk géén belydenisskrifte moet hê nie en daarsonder sou kon klaarkom.

## 4.2 Belydenisskrifte en Skrifverstaan

Die vraag is nou tot welke mate belydenisskrifte vir lidmate verhelderend is om die Skrif te verstaan. Dit val op dat net meer as die helfte (52,2%) lidmate die NGB as 'n baie belangrike dokument in dié verband beskou, dog terselfdertyd is dit vir slegs drie uit elke tien lidmate (30,3) *onontbeerlik* in dié verband (tabel 9.2)! Vir twee derdes (68,1%) lidmate kan die Skrif wél sonder die NGB verstaan word. Dit is dus duidelik dat die NGB wel as 'n belangrike dog nie as onontbeerlike dokument beskou word om die Skrif reg te verstaan nie.

Die oorweldigende meerderheid lidmate is instemmig daarmee dat God Homself in die Skrif (96,0%) en in die natuur (90,6%) openbaar. Dit dui moontlik op die invloed van die NGB in dié verband. Dit val egter op dat sowat vier uit elke tien lidmate (41,0%) ook die mening toegedaan is dat God Homself in die NGB openbaar terwyl slegs ongeveer 'n kwart (23,2%) die gedagte verwerp. Sowat vier uit die tien lidmate (41,5%) sou wou sien dat predikante meer uit die belydenisskrifte moet preek terwyl ongeveer 'n derde (31,5%) nie hiervoor te vinde is nie.

Dit is dus duidelik dat lidmate redelik verdeeld is in hulle opinies rondom sekere aspekte rakende die belydenisskrifte.

### 4.2.1 Die Skrifverstaansmoontlikhede van die belydenisskrifte ontleed volgens houdings ten opsigte van die verandering van die NGB

Lidmate wat oordeel dat die NGB nie verander mag word nie, is ietwat sterker geneig om saam te stem dat die NGB 'n belangrike dokument is vir die verstaan van die Bybel; dat God Homself in die NGB openbaar; en dat predikante meer uit belydenisskrifte moet preek as wat die geval is met lidmate wat oordeel dat die NGB moontlik sou kon verander (tabel 9.2). Terwyl albei kategorieë lidmate oorwegend twyfel daaroor dat die Skrif glad nie sonder die NGB verstaan kan word nie, is lidmate wat ten gunste is van die verandering van die NGB meer geneig om hiervan te verskil.

Aan die anderkant val dit op dat lidmate wat die NGB onveranderd wil hou, meer geneig is om daarmee saam te stem dat die NGB onontbeerlik is as mens die Skrif reg wil verstaan. Diegene wat anders oordeel oor die verandering van die NGB twyfel weer oorwegend oor dié onontbeerlikheid van die NGB in dié verband.

TABEL 9.2

SKRIFVERSTAAN EN BELYDENISSKRIF (persentasies)

| | PERSTENTASIES | | | | | | EENRIGTING VARIANSIE-ONTLEDINGS | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | | Houding tov verandering van NGB | | | | Vereenselwiging met NGB | | | | Standpunte mbt SKRIF- BELYDENISSKRIF | | | |
| | Stem beslis saam | Stem saam | Onseker | Verskil | Verskil beslis | Nie geantwoord nie | mag nie verander word | | mag verander word | | Vereenselwig heeltemal | | Vereenselwig nie heeltemal nie | | Quia | | Quatenus | | Albei | |
| | (1) | (2) | (3) | (4) | (5) | | X | s | X | s | X | s | X | s | X | s | X | s | X | s |
| Die Nederlandse Geloofsbelydenis is ŉ baie belangrike dokument om te bestudeer as ŉ mens die Bybel wil verstaan. .............................. | 16,3 | 35,9 | 18,7 | 14,9 | 3,8 | 10,3 | 2,01 | 1,10 | 2,68 | 1,09 | 2,21 | 1,09 | 2,99 | 1,06 | 2,28 | 1,11 | 2,82 | 1,09 | 1,98 | 1,32 |
| Volgens my is die Nederlandse Geloofsbelydenis onontbeerlik as mens die Skrif reg wil verstaan. ............ | 8,2 | 22,1 | 24,5 | 27,2 | 6,5 | 11,4 | 2,55 | 1,29 | 3,15 | 1,11 | 2,81 | 1,22 | 3,22 | 1,02 | 2,97 | 1,27 | 3,31 | 0,83 | 2,36 | 1,53 |
| Ek kan die Skrif glad nie verstaan sonder die Nederlandse Geloofsbelydenis nie. ......................... | 2,4 | 4,9 | 13,2 | 48,5 | 19,6 | 11,4 | 3,52 | 1,28 | 3,85 | 1,02 | ▬ | ▬ | ▬ | ▬ | 3,90 | 1,00 | 3,89 | 0,95 | 3,18 | 1,70 |
| Volgens my openbaar God homself in die Skrif. ......................... | 64,6 | 31,4 | 0,4 | 0,4 | - | 3,3 | ▬ | ▬ | ▬ | ▬ | 1,30 | 0,48 | 1,48 | 0,59 | ▬ | ▬ | ▬ | ▬ | ▬ | ▬ |
| Volgens my openbaar God Homself in die Natuur. ....................... | 51,0 | 39,6 | 1,3 | 1,3 | 1,8 | 5,1 | ▬ | ▬ | ▬ | ▬ | 1,47 | 0,71 | 1,63 | 0,77 | ▬ | ▬ | ▬ | ▬ | ▬ | ▬ |
| Volgens my openbaar God Homself in die Nederlandse Geloofsbelydenis.... | 14,3 | 26,7 | 23,4 | 15,6 | 7,6 | 12,3 | 2,33 | 1,31 | 2,81 | 1,23 | 2,50 | 1,31 | 2,94 | 1,14 | 2,49 | 1,31 | 2,98 | 0,98 | 2,10 | 1,52 |
| Predikante moet meer uit die belydenisskrifte preek. ................ | 9,4 | 32,1 | 16,2 | 26,1 | 5,4 | 10,7 | 2,43 | 1,22 | 2,95 | 1,21 | 2,66 | 1,17 | 3,05 | 1,21 | 2,58 | 1,19 | 3,11 | 1,15 | 2,29 | 1,45 |

▬ beteken dat geen statisties beduidende verskille op die 5%-peil van beduidenheid aangetref kon word nie. Die F-toets is hier gebruik.

### 4.2.2 Die Skrifverstaansmoontlikhede van belydenisskrifte ontleed volgens peile van vereenselwiging met die NGB

Lidmate wat hulle heeltemal vereenselwig met die inhoud van die NGB is ietwat sterker geneig om daarmee saam te stem dat die NGB 'n belangrike dokument is vir die verstaan van die Bybel; en dat God homself in die Skrif, natuur en die NGB openbaar as wat die geval is met lidmate wat hul nie so sterk vereenselwig met die inhoud van die NGB nie (tabel 9.2).

Terselfdertyd blyk dit dat lidmate wat hulle met die NGB se inhoud vereenselwig oorwegend geneig is om saam te stem daarmee dat die NGB onontbeerlik is as 'n mens die Skrif reg wil verstaan en dat predikante meer uit die belydenisskrifte moet preek terwyl lidmate wat nie so sterk gekompromiteerd is aan die NGB weer meer geneig is om hieroor te twyfel.

Dat lidmate dus oorwegend 'n groot piëteit het vir die NGB en belydenisskrifte met verwysing na die moontlikheid daarvan om die Skrif te ontsluit, is dus duidelik. Terselfdertyd is dit ook duidelik dat dié waardering daarvan nie oordrewe is nie en gekwalifiseerd van aard is.

### 4.3 Besluit

Samevattend is dit dus duidelik dat die oorwig lidmate die NGB as 'n belangrike dokument beskou, maar dat oor die kerklike afdwingbaarheid daarvan (tug toepassing) tot 'n baie groot mate onsekerheid bestaan. Vir heelwat lidmate is dit ook 'n belangrike dokument aan die hand waarvan die Skrif verstaan sou kon word.

## 5. KENNIS VAN EN VEREENSELWIGING MET DIE NGB

Dit het reeds in die voorafgaande afdelings geblyk dat die peil van vereenselwiging met veral die NGB beduidend verband hou met lidmate se houdings met betrekking tot die belangrikheid én Skrifverstaansmoontlikheid van die belydenisskrifte.

Dié patrone noop nou 'n antwoord op die vraag welke kategorieë lidmate hulle sterk vereenselwig met die belydenisskrifte en welke nie. In die volgende afdeling sal gepoog word om meer lig te werp op die uitstaande kenmerke van lidmate wat hulle sterk vereenselwig met die NGB.

## 5.1 Uitstaande kenmerke van lidmate wat hulle vereenselwig met die inhoud van die NGB

Uit die gegewens wat in tabel 10.1 aangebied word, wil dit voorkom of diegene wat hulle geheel en al met die inhoud van die NGB vereenselwig (61,9%) waarskynlik oorwegend nie beplan om as lidmaat van hulle huidige kerk te bedank nie, tot 'n baie groot mate tans dien as ouderling en hoofsaaklik lidmaat is van die Gereformeerde en Ned Geref Kerk. Hoewel slegs net meer as die helfte (54,5%) van Hervormde lidmate hulle ook sterk vereenselwig met die NGB inhoud, val dit op dat meer as 'n kwart (27,3%) nie hulle opinie hieroor wou lug nie. Wat verder opvallend is, is dat minder as die helfte (42,9%) respondente van die Swart- of Kleurlingkerke* hul waarskynlik met die inhoud van die NGB vereenselwig.

Wat lidmate betref wat voorheen aan 'n ander kerk behoort het, wil dit voorkom of meer as die helfte (53,3%) lidmate wat van die drie Afrikaanse kerke lid was hul blykbaar met die inhoud van die NGB vereenselwig. Lidmate wat voorheen aan 'n Engelse (33,3%) of 'n ander (42,9%) kerk verbonde was, vertoon nie 'n duidelik vasstelbare patroon met betrekking tot hulle vereenselwiging met die inhoud van die NGB nie. Dit is in elk geval duidelik dat lidmate wat nie voorheen aan 'n ander kerk verbonde was nie die grootste voedingsbodem vorm van diegene wat hulle volkome met die inhoud van die NGB vereenselwig.

TABEL 10.1

MATE VAN VEREENSELWIGING MET DIE NGB ONTLEEN VOLGENS KENMERKE VAN LIDMATE (%)

| | Vereenselwig geheel en al met NGB | Vereenselwig nie geheel en al met NGB nie | Nie geantwoord nie |
|---|---|---|---|
| TOTAAL | 61,9 | 22,5 | 15,6 |
| Beplan om as kerklikmaat te bedank | | | |
| Ja | 16,7 | 33,3 | 50,0 |
| Nee | 62,5 | 22,0 | 15,5 |

$\chi^2 = 9,23$; gvv = 2; p = 0,05; C = 0,1284

* Dit moet onthou word dat slegs een Swart lidmaat gerespondeer het. Kyk Bylaag B.

| | Vereenselwig geheel en al met NGB | Vereenselwig nie geheel en al met NGB nie | Nie geantwoord nie |
|---|---|---|---|
| **Dien tans as ouderling** | | | |
| Ja | 69,1 | 17,5 | 13,4 |
| Nee | 58,4 | 25,5 | 16,1 |
| $\chi^2$ = 17,36; gvv = 2; p = 0,0016; C = 0,1748 | | | |
| **Kerkverband** | | | |
| Ned Geref Kerk | 61,9 | 23,0 | 15,1 |
| Herv Kerk | 54,5 | 18,2 | 27,3 |
| Geref Kerk | 77,6 | 17,2 | 5,2 |
| Ander | 42,9 | 28,6 | 28,6 |
| $\chi^2$ = 19,16; gvv = 6; p = 0,0140; C = 0,1833 | | | |
| **Vorige kerkverband** | | | |
| Geen/selfde | 63,6 | 22,2 | 14,1 |
| Drie Afrikaanse kerke .......... | 53,3 | 16,7 | 30,0 |
| Engelse kerke | 33,3 | 33,3 | 33,3 |
| Ander | 42,9 | 35,7 | 21,4 |
| $\chi^2$ = 12,57; gvv = 6; p = 0,05; C = 0,1493 | | | |
| **Gelukkigheid as lid van gemeente** | | | |
| Baie gelukkig | 67,8 | 17,8 | 14,4 |
| Gelukkig | 58,8 | 23,9 | 17,3 |
| Onseker | 44,4 | 44,4 | 11,1 |
| Ongelukkig | 54,5 | 27,3 | 18,2 |
| Baie ongelukkig | 0,0 | 100,0 | 0,0 |
| $\chi^2$ = 24,53; gvv = 8; p = 0,0063; C = 0,2064 | | | |
| **Gelukkigheid as kerklidmaat** | | | |
| Baie gelukkig | 69,2 | 19,0 | 11,8 |
| Gelukkig | 55,4 | 24,0 | 20,6 |
| Onseker | 36,0 | 48,0 | 16,0 |
| Ongelukkig | 100,0 | - | - |
| Baie ongelukkig | - | 100, 0 | - |
| $\chi^2$ = 35,52; gvv = 8; p = 0,0001; C = 0,2461 | | | |

| | Vereenselwig geheel en al met NGB | Vereenselwig nie geheel en al met NGB nie | Nie geantwoord nie |
|---|---|---|---|
| Beskouing van Formuliere as BELYDENISSKRIFTE | | | |
| (a) Die NGB | | | |
| Ja | 66,9 | 21,8 | 11,2 |
| Nee | 75,0 | - | 25,0 |
| Onseker | 19,0 | 28,6 | 52,4 |
| $\chi^2$ = 67,81; gvv = 4; p = 0,0000; C= 0,3310 | | | |
| (b) Die Dordtse Leerreëls | | | |
| Ja | 74,1 | 17,5 | 8,5 |
| Nee | 56,3 | 31,3 | 12,5 |
| Onseker | 31,4 | 37,1 | 31,4 |
| $\chi^2$ = 68,77; gvv = 4; p = 0,0000; C = 0,3331 | | | |

Volgens die inligting wat ingewin is, blyk dit verder dat die meer gelukkige lidmate van 'n bepaalde gemeente tot 'n groter mate eerder aangetref sou kon word onder diegene wat hulle met die inhoud van die NGB vereenselwig as onder diegene wat anders georiënteerd is ten opsigte van hul gemeentes. Geen duidelike patroon tree egter na vore met betrekking tot die peile van gelukkigheid van lidmate van 'n bepaalde kerk nie.

Wat egter wél teen die verwagting in is, is dat lidmate wat hulle met die inhoud van die NGB vereenselwig, hoofsaaklik afkomstig is uit kategorieë wat nie die NGB as 'n belydenisskrif beskou nie én diegene wat tog die Dordtse Leerreëls as sodanig beskou.

Dit wil verder voorkom of lidmate wat hulle volledig met die inhoud van die NGB vereenselwig, gemiddeld die meeste kere uit die Bybel gelees ($\bar{X}$ = 7,9 keer) het gedurende die week wat die ondersoek voorafgegaan het, gemiddeld die meeste eredienste in hul eie gemeentes bygewoon het ($\bar{X}$ = 5,2 keer) oor die maand wat die ondersoek voorafgegaan het en bowendien die NGB gemiddeld die meeste kere ($\bar{X}$ = 3,8 keer) in hulle lewens deurgelees het, as lidmate wat hulle nie tot só 'n mate met die NGB vereenselwig nie (tabel 10.2).

TABEL 10.2

EENRIGTING VARIANSIE-ONTLEDINGS VAN FAKTORE WAT VERBAND HOU MET DIE PEIL VAN VEREENSELWIGING MET DIE NGB VAN LIDMATE

| | TOTAAL | | Vereenselwig geheel en al met NGB | | Vereenselwig nie geheel en al met NGB nie | | Nie geantwoord nie | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | $\bar{X}$ | s | $\bar{X}$ | s | $\bar{X}$ | s | $\bar{X}$ | s |
| 1. Jare sedert belydenis-aflegging. | 28,4 | 15,9 | 27,8 | 15,6 | 26,7 | 14,6 | 33,2 | 18,9 |
| F = 4,99; p = 0,0071 | | | | | | | | |
| 2. Kere Bybel gelees afgelope week. | 7,4 | 4,7 | 7,9 | 4,9 | 6,3 | 4,5 | 6,5 | 4,1 |
| F = 6,74; p = 0,0013 | | | | | | | | |
| 3. Eredienste bygewoon afgelope maand in <u>eie</u> gemeente. | 4,9 | 2,4 | 5,2 | 2,5 | 4,6 | 2,3 | 4,3 | 2,2 |
| F = 6,15; p = 0,0023 | | | | | | | | |
| 4. Kere NGB al gelees. | 2,8 | 3,2 | 3,8 | 3,4 | 1,9 | 2,8 | 0,4 | 1,3 |
| F = 53,42; p = 0,0000 | | | | | | | | |

### 5.2 Lidmate se kennis en houding met betrekking tot belydenisskrifte

Die vraag is nou tot watter mate lidmate die belydenisskrifte ken en hoe sterk hulle voel oor die belydenisskrifte. Blykens tabel 10.3 wil dit voorkom of bykans twee derdes lidmate (63,9%) nie sal bedank as lidmaat van hul kerk as daar aan die NGB gepeuter word nie terwyl slegs 6,8 persent dit inderdaad sou wou doen. Terselfdertyd ag sowat twee derdes lidmate (66,2%) die NGB as 'n belangrike dokument vir hul geloof in Christus. Nogtans het slegs sowat een derde (31,6%) dit al deeglik deurgewerk.

Gevra of elke kerk van gereformeerde belydenis liefs hul eie belydenisskrifte moet hê, blyk dit dat slegs 5,4 persent lidmate hiervoor te vinde is terwyl die meerderheid (71,3%) nie hiermee saamstem nie.

### 5.3 Kennis en houding met betrekking tot belydenisskrifte ontleed volgens lidmate se siening van die verandering van die NGB

Hoe vergelyk lidmate wat meen die NGB mag nie verander nie met diegene wat ten opsigte van dié aangeleenthede anders daaroor voel?

Lidmate wat meen die NGB mag nie verander nie vereenselwig hulle waarskynlik tot 'n groter mate met die inhoud van die NGB, het blykbaar tot 'n ietwat groter mate die NGB deeglik deurgewerk en ag die NGB as ietwat meer belangrik vir hulle geloofslewe as lidmate wat meen die NGB sou kon verander (tabel 10.3). Terwyl lidmate wat meen die NGB sou kon verander sterker geneig is om daarvan te verskil dat hulle sou bedank as lidmaat indien daar aan die NGB gepeuter word as lidmate wat meen die NGB moet onveranderd bly, val dit tog op dat laasgenoemde kategorie lidmate sterker gekant daarteen is dat elke kerk sy eie belydenisskrifte moet hê as lidmate wat meen die NGB sou kon verander.

### 5.4 Lidmate se kennis en houding met betrekking tot die belydenisskrifte ontleed volgens peile van vereenselwiging met die NGB

Die patroon wat aan die lig kom as lidmate wat hulle heeltemal met die NGB se inhoud vereenselwig vergelyk word met lidmate wat anders ingestem is teenoor die NGB, is redelik voorspelbaar (tabel 10.3).

Lidmate wat hulle met die inhoud van die NGB vereenselwig ag die NGB ook belangriker vir hul geloof, is meer geneig om te bedank as lidmaat as daar aan die NGB gepeuter word en is tot 'n groter

mate gekant daarteen dat elke kerk sy eie belydenisskrifte moet hê as wat die geval is met lidmate wat hulle nie met die inhoud van die NGB vereenselwig nie.

## 5.5 Besluit

Die patrone wat in dié afdeling na vore getree het, is in talle opsigte verrassend. Dit moet veral beklemtoon word dat in talle opsigte geen statisties beduidende verskille na vore getree het wat die vereenselwiging met die NGB betref nie. Verder moet opgemerk word dat 'n substansiële aantal lidmate hulle nie geheel en al vereenselwig met die inhoud van die NGB nie. Dit is 'n saak waarop nie dieper ingegaan kan word nie weens baie min inligting wat hieroor tot beskikking gestel is met dié ondersoek.

Dit is dus duidelik dat daar in sommige opsigte waarskynlik botsende opinies rondom die NGB en die belydenisskrifte onder lidmate bestaan. Ten spyte daarvan dat daar by 'n substansiële aantal lidmate 'n redelike sentimentele verbondenheid jeens die belydenisskrifte bestaan, is nogtans net meer as die helfte (55,0%) lidmate waarskynlik ten gunste daarvan dat die NGB verander sou kon word. Op hierdie tema word nou verder ingegaan.

# 6. DIE VERANDERING VAN BELYDENISSKRIFTE MET SPESIFIEKE VERWYSING NA DIE NGB

As die vlak van ontleding beperk word tot slegs die NGB as sodanig, moet dit egter in gedagte gehou word dat sowat een derde lidmate (33,2%) waarskynlik nie daarvoor te vinde is dat die NGB verander mag word nie. Die vraag is egter welke kenmerke lidmate vertoon wat vatbaar daarvoor is dat die NGB verander in vergelyking met diegene wat nie die verandering daarvan waarskynlik sou ondersteun nie. In tabel 11.1 word die belangrikste biografiese en sosiologiese kenmerke toegelig wat tot 'n baie groot mate met hierdie twee kategorieë lidmate geassosieer sou kon word.

Van lidmate wat wel skoolonderrig ondergaan het, blyk dit duidelik dat diegene wat ten gunste is van die verandering van die NGB veral afkomstig is vanuit die hoër opvoedkundige strata: hoe hoër 'n lidmaat se onderwyspeil, hoe meer is hy/sy waarskynlik geneig om die verandering van die NGB te ondersteun. Indien inkomste egter as onafhanklike veranderlike gebruik word wil dit voorkom of die heel laagste (minder as R10 000 p j) en die heel hoogste inkomste kategorieë (25 000 p j) die meeste ondersteuners vir die verandering van die NGB oplewer.

Dit wil verder voorkom of lidmate wat nie voorheen aan 'n ander kerk behoort het nie, tot 'n ietwat groter mate geneig is om die verandering van die NGB te ondersteun as lidmate wat wél voorheen aan 'n ander kerk behoort het. Die sterkste steun vir die verandering van die NGB is afkomstig uit lidmate wat tussen 30 en 59 jaar oud is terwyl die bejaarde lidmate die meeste geneig is om nie die verandering daarvan te ondersteun nie. 'n Duidelike patroon tree egter na vore met betrekking tot lidmate wat hulle nie wou uitspreek nie oor die verandering van die NGB en ouderdom: namate 'n lidmaat se ouderdom toeneem, is hulle meer geneig om hulle nie hieroor uit te spreek nie. Wat kerkverband van lidmate betref, is dit duidelik dat lidmate van die Ned Geref Kerk die meeste geneig is om die verandering van die NGB te ondersteun terwyl Gereformeerde lidmate waarskynlik meer geneig is om daarteen gekant te wees. Hervormde lidmate is egter redelik verdeeld hieroor. Hoewel die meeste respondente van die Swart- en Kleurlingkerk (46,4%) blykbaar die verandering van die NGB ondersteun, is een kwart (25,0%) daarteen gekant terwyl die res nie daaroor 'n opinie wou uitspreek nie.

'n Baie interessante patroon (wat weens sydige responsies omsigtig geïnterpreteer moet word) wat na vore tree, is dat dit wil voorkom of hoe gelukkiger 'n lidmaat as lidmaat van sy/haar kerk is, hoe minder is hulle geneig om die verandering van die NGB te onderskryf.

Wat lidmate se beskouing van die Drie Formuliere van Enigheid as erkende en aanvaarde belydenisskrifte van hulle kerke betref, kon geen duidelike patrone aangetref word nie. Dit wil egter voorkom of lidmate wat meen die NGB is 'n belydenisskrif tot 'n ietwat groter mate die verandering daarvan mag ondersteun as lidmate wat daaroor twyfel óf meen dit is nie 'n belydenisskrif nie.

Verdere kenmerke van lidmate bring aan die lig dat diegene wat ten gunste van die verandering van die NGB is, gemiddeld die minste aantal jare ($\bar{X}$ = 27,3 jaar) belydende lidmaat van hulle kerke is en ook gemiddeld minder kere ($\bar{X}$ = 2,6 keer) die NGB deurgelees het as lidmate wat nie die verandering van die NGB ondersteun nie (tabel 11.2). Laasgenoemde lidmate het die NGB al gemiddeld 4,1 keer deurgelees.

Dit bly opvallend dat bovermelde kenmerke van lidmate die enigste opsigte is waarvolgens lidmate wat die verandering van die NGB ondersteun, verskil van lidmate wat nie die verandering daarvan ondersteun nie.

TABEL 11.1

HOUDING T O V DIE VERANDERING VAN DIE NGB ONTLEED VOLGENS KENMERKE VAN LIDMATE (%)

| | HOUDINGS T O V VERANDERING VAN NGB | | |
|---|---|---|---|
| | Mag nie verander word nie | Mag verander word | Nie geantwoord |
| TOTAAL | 33,2 | 55,0 | 11,8 |
| ONDERWYSPEIL (respondent) | | | |
| Nooit op skool nie .. | - | 100,0 | - |
| Slegs laerskool ..... | 53,6 | 25,0 | 21,4 |
| Laerskool plus diploma............ | 40,0 | 40,0 | 20,0 |
| Hoërskool ........... | 40,3 | 46,0 | 13,7 |
| Hoërskool plus diploma ................ | 29,3 | 60,3 | 10,3 |
| B-graad ............. | 19,2 | 71,2 | 9,6 |
| M-graad ............. | 21,4 | 71,4 | 7,1 |
| D-graad ............. | 22,2 | 77,8 | 0,0 |
| Ander ............... | 44,4 | 55,6 | 0,0 |
| $\chi^2$ = 41,85; gvv = 14; p = 0,0012, C = 0,657 | | | |
| INKOMSTE BRUTO/JAAR (respondent) | | | |
| - 5 000 | 37,0 | 52,0 | 11,0 |
| 5 000 - 9 999 | 38,1 | 54,0 | 7,9 |
| 10 000 - 14 999 | 43,1 | 43,1 | 13,9 |
| 15 000 - 19 999 | 33,8 | 52,9 | 13,2 |
| 20 000 - 24 999 | 38,7 | 48,4 | 12,9 |
| 25 000 - 29 999 | 31,7 | 63,4 | 4,9 |
| 30 000 + | 21,5 | 69,2 | 9,3 |
| $\chi^2$ = 28,19; gvv = 12; p = 0,0300; C = 0,2206 | | | |
| Het voorheen aan ander kerke behoort | | | |
| Ja | 35,6 | 42,4 | 22,0 |
| Nee | 33,1 | 56,3 | 10,6 |
| $\chi^2$ = 9,43; gvv = 2: p = 0,05; C = 0,1297 | | | |

| | Mag nie verander word nie | Mag verander word | Nie geantwoord |
|---|---|---|---|
| Ouderdom | | | |
| - 30 | 42,6 | 48,9 | 8,5 |
| 30 - 59 | 28,7 | 60,6 | 10,7 |
| 60 + | 42,9 | 36,9 | 20,2 |
| $\chi^2 = 21,17$; gvv = 4; p = 0,0003; C = 0,1924 | | | |
| Kerkverband | | | |
| Ned Geref Kerk | 31,6 | 57,9 | 10,5 |
| Herv Kerk | 33,3 | 39,4 | 27,3 |
| Geref Kerk | 50,0 | 46,6 | 3,4 |
| Ander | 25,0 | 46,4 | 28,6 |
| $\chi^2 = 29,66$; gvv = 6; p = 0,0002; C = 0,2260 | | | |
| Gelukkigheid as kerklidmaat | | | |
| Baie gelukkig | 39,0 | 53,4 | 7,5 |
| Gelukkig | 26,5 | 56,4 | 17,2 |
| Onseker | 28,0 | 60,0 | 12,0 |
| Ongelukkig | - | 100,0 | - |
| Baie ongelukkig | - | 100,0 | - |
| $\chi^2 = 27,41$; gvv = 8; p = 0,0022; C = 0,2177 | | | |
| Beskouing van Formuliere as BELYDENISSKRIFTE | | | |
| (a) Die NGB | | | |
| Ja | 35,8 | 56,8 | 7,5 |
| Nee | - | 25,0 | 75,0 |
| Onseker | 14,3 | 47,6 | 38,1 |
| (b) Die Dordtse Leerreëls | | | |
| Ja | 36,2 | 58,6 | 5,2 |
| Nee | 25,0 | 56,3 | 18,8 |
| Onseker | 20,0 | 60,0 | 20,0 |
| $\chi^2 = 43,94$; gvv = 4; P = 0,0000; C = 0,2718 | | | |

TABEL 11.2

EENRIGTING VARIANSIE-ONTLEDINGS VAN FAKTORE WAT VERAND HOU MET HOUDINGS VAN LIDMATE M B T DIE VERANDERING VAN DIE NGB

| | TOTAAL | | Houding tov verandring van NGB | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | Mag nie verander word nie | | Mag verander word | | Nie geantwoord nie | |
| | $\bar{X}$ | s | $\bar{X}$ | s | $\bar{X}$ | s | $\bar{X}$ | s |
| 1. Jare sedert belydenisaflegging. | 28,4 | 15,9 | 28,1 | 17,2 | 27,3 | 14,5 | 33,9 | 18,6 |
| F = 4,33; p = 0,0136 | | | | | | | | |
| 2. Eredienste bygewoon afgelope maand in <u>eie</u> gemeente. | 4,9 | 2,4 | 5,0 | 2,8 | 5,0 | 2,2 | 4,1 | 2,3 |
| F = 3,75; p = 0,0241 | | | | | | | | |
| 3. Kere NGB al gelees. | 2,8 | 3,2 | 4,1 | 3,6 | 2,6 | 3,0 | 0,4 | 1,3 |
| F = 38,12; p = 0,0000 | | | | | | | | |

## 6.1 Aspekte rondom die verandering van belydenisskrifte

Die fokus van analise verskuif nou weer na die totale aantal respondente om 'n globale indruk te konstrueer van hul houding met betrekking tot die verandering van die belydenisskrifte as sodanig (tabel 11.3).

Dat belydenisskrifte voortdurend aangepas moet word sodat dit altyd tot lidmate in hulle idioom spreek, is 'n mening wat deur bykans die helfte (45,8%) lidmate gedeel word. Meer as die helfte (57,2%) meen byvoorbeeld die NGB moet in eietydse taal vertaal word. Terselfdertyd meen ongeveer vier uit elke tien lidmate (42,9%) dat daar slegs een enkele belydenisskrif vir alle Christelike kerke moet bestaan. Ongeveer een derde lidmate (31,0%) stem egter nie met hierdie stelling saam nie. Ietwat minder lidmate (25,8%) meen weer dat al die bestaande belydenisskrifte met een enkele belydenisskrif vervang sou kon word wat deur gereformeerde teoloë uit al die gereformeerde kerke opgestel behoort te word. Aan die anderkant is dié gedagte vir vier uit elke tien lidmate (41,8%) nie aanvaarbaar nie. Só 'n vermeende enkele belydenisskrif wat slegs die NGB sou kon vervang, geniet ook die steun van ongeveer 'n kwart (23,4%) lidmate terwyl bykans die helfte (45,2%) dit nie steun nie.

Uit hierdie patrone wil dit reeds voorkom of betreklik min belydende lidmate die ontstaan van 'n nuwe belydenisskrif sou ondersteun. Dit dui daarop dat die meerderheid lidmate eerder ten gunste is van 'n aanpassing van die bestaande belydenisskrifte. Soos reeds gemeld, is slegs 'n derde lidmate (33,2%) daarvan oortuig dat byvoorbeeld die NGB *onder geen omstandighede* verander mag word nie terwyl net meer as die helfte (55,0%) nie só sterk daaroor voel nie.

'n Blote verandering van enkele artikels van die NGB geniet maar weinig steun van lidmate (11,0%). Indien egter bygesê word dat artikels bygevoeg behoort te word om aan lidmate *'leiding te gee in die lig van die talle dwaalleerstellings wat daar vandag bestaan'*, sou op die steun van sowat dertig persent (29,7%) lidmate gereken kon word.

Dit wil dus voorkom of daar twee gedagterigtings by lidmate aanwesig is: (1) Eerstens, sowat dertig persent wat artikels by die NGB bygevoeg sou wou hê om leiding te gee teen talle dwaalleerstellings van vandag; en (2) Tweedens, 'n redelik sterker aandrang op slegs een belydenisskrif vir alle Christelike kerke wat deur sowat veertig persent lidmate gesteun word.

Lidmate handhaaf egter nog steeds 'n redelike piëteit teenoor die NGB. Dit blyk daaruit dat baie min (4,7%) meen die NGB is 'n oud-

TABEL 11.3

DIE VERANDERING VAN DIE NGB (persentasies)

| | PERSENTASIES | | | | | | EENRIGTING VARIANSIE-ONTLEDINGS | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | | Houding tov verandering van NGB | | | | Vereenselwiging met NGB | | | | Standpunte mbt SKRIF-BELYDENISSKRIF | | | | | |
| | Stem beslis saam | Stem saam | Onseker | Verskil | Verskil beslis | Nie geantwoord nie | mag nie verander word | | mag verander word | | Vereenselwig heeltemal | | Vereenselwig nie heeltemal nie | | Quia | | Quatenus | | Albei | |
| | | | | | | | $\bar{X}$ | s | $\bar{X}$ | s | $\bar{X}$ | s | $\bar{X}$ | s | $\bar{X}$ | s | $\bar{X}$ | s | $\bar{X}$ | s |
| Belydenisskrifte moet voortdurend aangepas word sodat dit altyd tot die lidmate spreek in hulle idioom. | 11,1 | 34,7 | 9,8 | 22,9 | 13,4 | 8,2 | 3,52 | 1,34 | 2,48 | 1,16 | 2,99 | 1,37 | 2,64 | 1,11 | 3,35 | 1,39 | 2,41 | 1,12 | 2,64 | 1,59 |
| Dit is hoog tyd dat mykerk sy eie belydenisskrifte opstel en wegdoen met die Nederlandse Geloofsbelydenis. .............................. | 6,4 | 7,6 | 19,4 | 30,3 | 23,8 | 12,5 | 4,33 | 1,23 | 3,82 | 1,28 | 3,85 | 1,22 | 2,94 | 1,19 | 4,05 | 1,31 | 2,74 | 1,23 | 3,19 | 1,77 |
| Die Nederlandse Geloofsbelydenis is vir my moeilik geformuleer. | 3,6 | 26,0 | 21,1 | 25,0 | 9,6 | 14,5 | 3,18 | 1,40 | 2,81 | 1,21 | 3,16 | 1,29 | 2,59 | 1,02 | 3,44 | 1,13 | 2,51 | 1,07 | 2,55 | 1,67 |
| Die Nederlandse Geloofsbelydenis is ʼn oud modiese dokument en het niks meer te sê vir my vandag in die twintigste eeu in Suid-Afrika nie. .............................. | 0,7 | 4,0 | 14,0 | 39,6 | 30,3 | 11,4 | 4,34 | 0,98 | 3,83 | 0,92 | 4,29 | 0,83 | 3,45 | 0,89 | 4,48 | 0,84 | 3,27 | 1,05 | 3,56 | 1,74 |
| Die Nederlandse Geloofsbelydenis mag onder geen omstandighede verander word nie. .................. | 12,3 | 20,9 | 23,2 | 27,9 | 3,8 | 11,8 | 1,62 | 0,48 | 3,65 | 0,61 | 2,67 | 1,24 | 3,23 | 0,93 | 2,63 | 1,12 | 3,23 | 1,04 | 2,24 | 1,52 |
| Dit is nodig om slegs enkele artikels van die Nederlandse Geloofsbelydenis te verander. Die res moet net so behoue bly. ........... | 1,6 | 9,4 | 33,9 | 31,4 | 9,4 | 14,2 | 3,83 | 1,07 | 3,05 | 0,93 | 3,46 | 1,10 | 2,98 | 0,93 | 3,81 | 0,81 | 2,79 | 1,01 | 2,79 | 1,66 |
| Dit is nodig om die Nederlandse Geloofsbelydenis weer te vertaal in die taal van vandag. .......... | 13,8 | 43,4 | 15,2 | 11,3 | 4,9 | 11,4 | 2,77 | 1,32 | 2,22 | 0,85 | = | = | = | = | 2,60 | 1,19 | 2,20 | 0,97 | 2,01 | 1,37 |
| Die meeste artikels van die Nederlandse Geloofsbelydenis is aanvaarbaar maar daar moet heelwat artikels bygevoeg word om aan lidmate leiding te gee in die lig van die talle dwaalleerstellings wat daar vandag bestaan. ......................... | 5,4 | 24,3 | 27,9 | 21,8 | 7,1 | 13,4 | 3,29 | 1,27 | 2,70 | 1,03 | 3,05 | 1,21 | 2,62 | 0,92 | 3,29 | 1,07 | 2,47 | 1,07 | 2,48 | 1,58 |
| Die Nederlandse Geloofsbelydenis moet in sy geheel vervang word met ʼn ander belydenisskrif wat deur teoloë van slegs my kerk opgestel word. ............................ | 1,1 | 4,5 | 16,7 | 43,7 | 20,3 | 13,7 | 4,01 | 1,24 | 3,63 | 0,97 | 4,00 | 1,00 | 3,32 | 1,01 | 4,16 | 0,83 | 3,15 | 1,23 | 3,27 | 1,76 |
| Teoloë uit al die kerke van Gereformeerde belydenis moet saam werk om ʼn belydenisskrif op te stel in die plek van die Nederlandse Geloofsbelydenis. .................. | 6,0 | 17,4 | 20,1 | 31,0 | 14,2 | 11,3 | 3,83 | 1,22 | 2,96 | 1,14 | 3,51 | 1,24 | 2,73 | 1,07 | 3,77 | 1,14 | 2,62 | 1,02 | 2,89 | 1,70 |

TABEL 11.3 (vervolg)

| | PERSENTASIES | | | | | | EENRIGTING VARIANSIE-ONTLEDINGS | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | | Houding tov verandering van NGB | | | | Vereenselwiging met NGB | | | | Standpunte mbt SKRIF- BELYDENISSKRIF | | | | | |
| | Stem beslis saam | Stem saam | Onseker | Verskil | Verskil beslis | Nie geantwoord nie | mag nie verander word | | mag verander word | | Vereenselwig heeltemal | | Vereenselwig nie heeltemal nie | | Quia | | Quatenus | | Albei | |
| | | | | | | | $\bar{X}$ | s | $\bar{X}$ | s | $\bar{X}$ | s | $\bar{X}$ | s | $\bar{X}$ | s | $\bar{X}$ | s | $\bar{X}$ | s |
| Al die bestaande belydenisskrifte moet vervang word met een enkele belydenisskrif wat deur teoloë van al die kerke van Gereformeerde belydenis opgestel is. ....... | 6,2 | 19,6 | 21,8 | 29,6 | 12,2 | 10,7 | 3,68 | 1,29 | 2,87 | 1,13 | 3,37 | 1,25 | 2,77 | 1,07 | 3,68 | 1,09 | 2,64 | 1,03 | 2,80 | 1,64 |
| Daar moet slegs een enkele belydenisskrif vir alle Christelike kerke bestaan. .................. | 12,0 | 30,9 | 16,7 | 22,5 | 8,5 | 9,4 | = | = | = | = | 2,88 | 1,31 | 2,57 | 1,12 | 3,11 | 1,31 | 2,53 | 1,02 | 2,42 | 1,54 |

modiese dokument wat vir hulle niks meer te sê het in die twintigste eeu in Suid-Afrika nie. Dat belydenisskrifte egter vertaal moet word in die eietydse idioom, is 'n saak wat klaarblyklik baie lidmate na aan die hart lê. Vir sowat dertig persent (29,6%) lidmate is die NGB byvoorbeeld te moeilik geformuleer.

Soos aangetoon met betrekking tot die predikante, oordeel lidmate nie kerkisties as dit by die verandering van belydenisskrifte kom nie. Dit is redelik duidelik dat hulle 'n ekumeniese poging binne gereformeerd-Christelike tradisie in gedagte het.

## 6.2 Aspekte met betrekking tot die verandering van belydenisskrifte ontleed volgens lidmate se houding ten opsigte van die verandering van die NGB

Lidmate wat van mening is dat die NGB nie verander mag word nie is vanselfsprekend geneig om daarteen gekant te wees dat belydenisskrifte voortdurend aangepas moet word sodat dit tot lidmate spreek in die idioom van vandag; dat die NGB 'n oudmodiese dokument is wat niks meer vir hulle te sê het in die hedendaagse Suid-Afrikaanse konteks nie; dat selfs slegs enkele artikels van die NGB verander word; dat die NGB met een belydenisskrif vervang moet word opgestel deur teoloë van slegs hul eie kerk óf selfs wat opgestel is deur gereformeerde teoloë uit alle kerke; en dat al die bestaande belydenisskrifte vervang word met één belydenisskrif wat deur gereformeerde teoloë opgestel is van al die gereformeerde kerke (tabel 11.3). Die vertaling van die NGB in die taal van vandag word tot 'n mate deur hierdie kategorie gesteun dog die sterkste steun hiervoor is afkomstig van lidmate wat meen die NGB sou wel kon verander.

Lidmate wat meen die NGB mag nie verander word nie, is egter oorwegend geneig om te twyfel daaroor dat enkele artikels bygevoeg word tot die NGB om leiding te gee aan lidmate in die lig van talle dwaalleerstellings vandag terwyl lidmate wat waarskynlik die verandering van die NGB sou voorstaan, oorwegend geneig is om hiermee saam te stem.

## 6.3 Aspekte met betrekking tot die verandering van belydenisskrifte ontleed volgens peile van vereenselwiging met die NGB

Die kategorie lidmate wat hulle heeltemal vereenselwig met die inhoud van die NGB is oorwegend geneig om te *twyfel* daaroor dat belydenisskrifte voortdurend aangepas moet word sodat dit spreek tot lidmate in hulle idioom; dat die NGB vir hulle te moeilik geformuleer is; dat slegs artikels tot die NGB bygevoeg moet

word om lidmate leiding te gee teen dwaalleeringe van vandag; en dat daar slegs een enkele belydenisskrif vir alle Christelike kerke moet bestaan.

Lidmate wat hulle egter nie sodanig vereenselwig met die NGB nie, is weer oorwegend geneig om met hierdie sake saam te stem, terwyl matige steun vir die stellings dat bestaande belydenisskrifte vervang word met een belydenisskrif in die plek van al die bestaande belydenisskrifte én/of in die plek van die NGB veral van hierdie kategorie lidmate verwag sou kon word. Diegene wat hul nie heeltemal vereenselwig met die NGB se inhoud nie, is verder geneig om te twyfel daaroor dat slegs enkele artikels van die NGB verander maar is, soos aangedui, meer te vinde daarvoor dat artikels tot die NGB bygevoeg word wat lidmate leiding gee in die lig van talle dwaalleeringe vandag.

## 6.4 Besluit

Dit is duidelik dat lidmate oorwegend baie versigtig was om hulle uit te spreek oor die aard en omvang van belydenisskrifte oor die algemeen en die NGB in die besonder.

Indien die vertolking van die houdings van lidmate binne grense van waarskynlik korrek hier weergegee is, wil dit voorkom of die volgende strategie die steun van die meeste lidmate sou geniet:

(i) Begin met 'n eietydse, deeglike vertaling van al die belydenisskrifte uit die oorspronklike taal;

(ii) Só 'n vertaling sou egter gepaard kon gaan met 'n deeglike kommentaar van die artikels asook 'n bevatlike en kursoriese samevatting van die historiese agtergrond, vernaamste leerstellings en belang van die leerstellings vir ons hedendaagse bestel. Die sosiaal-kontekstuele verskilpunte en raakpunte sou 'n handige toevoeging kon wees.

(iii) Dit sou verder van belang kon wees om die dwaalleeringe wat in swang was tydens die opstel van die bestaande belydenisskrifte en waarna implisiet of eksplisiet verwys word in dié dokumente, in eenvoudige nie-teologiese taal toegelig en verduidelik word.

(iv) Die mees kontensieuse taak lê dan nog vir teoloë voor: hedendaagse dwaalleeringe sal dan by die naam genoem moet word. En wie is bereid om dit te doen? Is dit bloot 'n kwessie van tone trap, die pas markeer of 'n nuwe gereformeerde inkwisisie? Hieroor, dit is ten minste duidelik, sal baie deeglik teologies en sosiaal-wetenskaplik besin moet word.

As dit vir die gereformeerde teologie en kerke werklik gaan om die Skrif en as die belang van belydenisskrifte daarin geleë is dat dit wil bely wat in die Skrif staan vir 'n bepaalde tydsgewrig, dan is dit duidelik dat gelowige lidmate die volste reg het om, binne ons unieke plurale samelewingskonteks, aan die kerk en teoloë te vra wat presies ons *nóú* en *hier* moet bely. Is dit wat vier eeue gelede in 'n Europese konteks deur die kerk en teoloë aan lidmate gegee is werklik al wat daar nog steeds te sê is?

Al sou dié vraag negatief beantwoord word, hoef dit hoegenaamd nie noodwendig te beteken dat die gesag van die Skrif óf die gesag van die Drie Formuliere van Enigheid as sodanig aangetas word nie. Hoe oordeel lidmate oor die gesag van die belydenisskrifte? Dit is die tema van die volgende afdeling.

## 7. DIE GESAG VAN BELYDENISSKRIFTE MET SPESIFIEKE VERWYSING NA DIE NGB

In die hoofstuk wat handel oor die menings van predikante is reeds daarop gewys dat predikante die belydenisskrifte onderteken *omdat (quia)* of *in soverre as wat (quatenus)* dit met die Skrif ooreenstem voordat hulle gelegitimeer word. Dat hierdie strydpunt historiese wortels het, is duidelik aangetoon in die hoofstuk wat oor die hermeneutiese sleutels van die NGB handel.

Ontledings wat tot dusver gedoen is, het aan die lig gebring dat, die ondertekeningsplegtigheid ten spyt, slegs een vyfde (21,7%) predikante van gereformeerde belydenis die uitsluitlik *quia-standpunt* onderskryf, slegs een tiende (9,1%) die uitsluitlik *quatenus-standpunt* en dat bykans twee derdes (65,0%) van die predikante in werklikheid albei hierdie standpunte onderskryf.

Belydende lidmate staan egter nie onder dieselfde gewetensdwang as die predikante om spesifiek vir die een of spesifiek vir die ander standpunt in dié verband te kies nie. Nogtans het dit aan die lig gekom dat net meer as een tiende (13,2%) belydende lidmate die uitsluitlik *quia-standpunt* ondersteun en ongeveer een vyfde (21,4%) die uitsluitlik *quatenus-standpunt*, terwyl sowat sestig persent (61,2%) weer albei hierdie standpunte onderskryf indien dit net beperk word tot die NGB. Soos die geval met predikante is dit dus duidelik dat hierdie kerklik-historiese belangrike strydvraag selfs ook vir lidmate in Suid-Afrika nie veel meer relevansie het nie. Die vraag sou tereg gevra kon word hoekom dit die geval is. Dit sou goed moontlik wees dat hierdie bevinding 'n kerklike suiweringsveldtog tot gevolg kan hê.

Terselfdertyd moet gesê word dat dit jammer sou wees as só iets op tou gesit word omdat dit 'n vrye, ope en eerlike menings-wisseling oor die belangrike saak van die verband tussen die Skrif en die bestaande belydenisskrifte in ons twintigste eeuse konteks ernstig mag kniehalter. Die bevindings dui duidelik daarop dat predikante en belydende lidmate tot 'n baie groot mate eerbied en respek vir die Drie Formuliere van Enigheid het. Die gesag daarvan *per se* word nie gedegradeer nie. Dit wil eerder voorkom of predikante en lidmate vra om 'n vars en nuwe besinning rondom wat presies bely moet word in ons konteks.

## 7.1 Kenmerke van lidmate wat verskillende standpunte met betrekking tot die gesag van die belydenisskrifte handhaaf

In tabel 12.1 word die kenmerke van lidmate wat hul met die verskillende standpunte rondom die verband tussen Skrif en NGB vereenselwig, weergegee ten opsigte waarvan beduidende verskille aangetref kan word.

Dit is duidelik dat die *quia-standpunt* die meeste steun by Gereformeerde lidmate (19,0%) geniet terwyl Ned Geref (22,6%) en Hervormde lidmate (18,2%) weer die vernaamste ondersteuners van die *quatenus-standpunt* uitmaak. In geheel gesien, is dit veral respondente van die Swart- en Kleurlingkerke (78,6%) en die Hervormde Kerk (75,8%) wat geneig is om albei die standpunte te onderskryf terwyl Ned Geref respondente die minste hiertoe geneig is.

TABEL 12.1
BESKOUINGS M B T DIE VERBAND TUSSEN SKRIF EN DIE N G B
ONTLEEN VOLGENS KENMERKE VAN LIDMATE
(%)

| | Quia | Quatenus | Quia en Quatenus | Ander |
|---|---|---|---|---|
| TOTAAL | 13,2 | 21,4 | 61,2 | 4,2 |
| Kerkverband | | | | |
| Ned Geref Kerk | 14,2 | 22,6 | 59,1 | 4,2 |
| Herv Kerk | 3,0 | 18,2 | 75,8 | 3,0 |
| Geref Kerk | 19,0 | 17,2 | 60,3 | 3,4 |
| Ander | - | 17,9 | 78,6 | 3,6 |

$\chi^2 = 22,94$; gvv = 9; p = 0,0283; C = 0,1999

| | Quia | Quatenus | Quia en Quatenus | Ander |
|---|---|---|---|---|
| Gelukkigheid as lid van gemeenskap | | | | |
| Baie gelukkig | 11,8 | 21,7 | 62,9 | 3,7 |
| Gelukkig | 15,1 | 20,3 | 60,2 | 4,4 |
| Onseker | 16,7 | 33,3 | 44,4 | 5,6 |
| Ongelukkig | - | 40,0 | 60,0 | - |
| Baie ongelukkig | - | - | - | 100,0 |
| $\chi^2$ = 31,07; gvv = 12; p = 0,0086; C = 0,2310 | | | | |
| Beskouing van Formuliere as Belydenisskrifte | | | | |
| (a) Heidelbergse Kategismus | | | | |
| Ja | 13,2 | 21,0 | 62,3 | 3,5 |
| Nee | 16,7 | 16,7 | 50,0 | 16,7 |
| Onseker | - | 80,0 | - | 20,0 |
| $\chi^2$ = 20,56; gvv = 6; p = 0,0147; C = 0,1897 | | | | |
| (b) Die NGB | | | | |
| Ja | 14,8 | 21,4 | 61,1 | 2,7 |
| Nee | - | 25,0 | 75,0 | - |
| Onseker | - | 33,3 | 52,4 | 14,3 |
| $\chi^2$ = 31,15; gvv = 6; p = 0,0003; C = 0,2313 | | | | |
| (c) Die Dordtse Leerreëls | | | | |
| Ja | 16,3 | 18,1 | 63,0 | 2,6 |
| Nee | 6,3 | 25,0 | 68,8 | - |
| Onseker | 8,6 | 31,4 | 52,9 | 7,1 |
| $\chi^2$ = 20,56; gvv = 6; p = 0,0147; C = 0,1897 | | | | |

Soos blyk uit tabel 7.2, is ietwat ander patrone blootgelê waar die kerkverband van predikante in verband gebring is met hulle standpunte in dié verband.

Geen duidelike patrone tree egter na vore indien die standpunte van lidmate rondom die verband tussen die Skrif en belydenisskrifte ontleed word volgens die gelukkigheid van hulle as lede van hul gemeenskap nie.

Verdere ontledings bring aan die lig dat lidmate wat die Heidelbergse Kategismus as 'n belydenisskrif herken het tot 'n groter mate sowel die *quia-* as *quatenus-standpunte* onderskryf as lidmate wat dit nie as 'n belydenisskrif ag nie. Lidmate wat egter sowel

die NGB as die Dordtse Leerreëls nie as belydenisskrifte herken het nie, neig meer na óf 'n uitsluitlik *quatenus-standpunt* of 'n standpunt wat sowel *quia-* as *quatenuskenmerke* van belydenisskrifte onderskryf.

Dit val verder op dat lidmate wat die *quia-standpunt* onderskryf, die NGB gemiddeld ($\bar{X}$ = 4,1) die meeste kere in hulle lewens gelees het terwyl diegene wat die *quatenus-standpunt* handhaaf dit gemiddeld ($\bar{X}$ = 2,1) die minste kere gelees het (tabel 12.2).

TABEL 12.2
EENRIGTING VARIANSIE-ONTLEDING VAN FAKTORE WAT VERBAND HOU MET SIENINGS VAN LIDMATE MBT DIE VERBAND TUSSEN DIE SKRIF EN DIE NGB

| | TOTAAL | | Quia | | Quatenus | | Quia en Quatenus | | Ander | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | X | s | X | s | X | s | X | s | X | s |
| Kere NGB al gelees | 2,8 | 3,2 | 4,1 | 3,4 | 2,1 | 2,8 | 2,9 | 3,3 | 2,2 | 3,4 |
| | F = 6,57; p = 0,0002 | | | | | | | | | |

Teen hierdie agtergrond kan nou gekyk word na die responsies van die totale aantal lidmate rondom verskillende aspekte rakende die gesag van die belydenisskrifte.

## 7.2 Omlyning van die gesag van belydenisskrifte

Soos te wagte, het die NGB vir die meerderheid lidmate (69,0%) *minder* gesag as die Skrif (tabel 12.3). Dit val egter nogtans op dat vir 1,6 persent lidmate dit *méér* gesag en vir 14,7 persent lidmate dit *dieselfde* gesag het as die Skrif.

Vir meer as sestig persent lidmate (63,2%) kan elke stelling van die NGB uit die Skrif bewys word terwyl slegs twee persent lidmate hiervan verskil. Dit is dus duidelik dat die NGB vir 'n substansiële aantal lidmate besonder gesaghebbend is.

## 7.3 Die gesag van die NGB ontleed volgens die houding van lidmate met betrekking tot die verandering van die NGB

Lidmate wat meen die NGB mag nie verander nie, is ietwat minder geneig om saam te stem dat die NGB minder gesag het as die Skrif as lidmate wat meen die NGB mag verander. Lidmate wat nie die

TABEL 12.3

DIE GESAG VAN DIE NGB

| | PERSENTASIES | | | | | | EENRIGTING VARIANSIE-ONTLEDINGS | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | | Houding tov verandering van NGB | | | | Vereenselwiging met NGB | | | | Standpunte mbt SKRIF- BELYDENISSKRIF | | | | | |
| | Stem beslis saam | Stem saam | Onseker | Verskil | Verskil beslis | Nie geantwoord nie | mag nie verander word | | mag verander word | | Vereenselwig heeltemal | | Vereenselwig nie heeltemal nie | | Quia | | Quatenus | | Albei | |
| | | | | | | | $\bar{X}$ | s | $\bar{X}$ | s | $\bar{X}$ | s | $\bar{X}$ | s | $\bar{X}$ | s | $\bar{X}$ | s | $\bar{X}$ | s |
| Vir my het die Nederlandse Geloofsbelydenis méér gesag as die Skrif. | 0,5 | 1,1 | 4,5 | 37,7 | 44,6 | 11,4 | = | = | = | = | = | = | = | = | 4,46 | 0,69 | 4,35 | 0,84 | 3,62 | 1,82 |
| Vir my het die Nederlandse Geloofsbelydenis minder gesag as die Skrif. | 28,3 | 40,7 | 7,6 | 7,3 | 3,6 | 12,5 | 2,21 | 1,32 | 1,83 | 0,97 | = | = | = | = | 2,09 | 1,18 | 1,80 | 0,78 | 1,70 | 1,31 |
| Vir my het die Nederlandse Geloofsbelydenis dieselfde gesag as die Skrif. ........................... | 4,7 | 10,0 | 9,8 | 39,6 | 23,2 | 12,7 | 3,17 | 1,45 | 3,84 | 1,19 | 3,52 | 1,34 | 3,83 | 1,19 | 3,72 | 1,12 | 4,07 | 0,94 | 2,85 | 1,81 |
| Vir my kan elke stelling in die Nederlandse Geloofsbelydenis uit die Skrif bewys word. .............. | 21,6 | 41,6 | 19,8 | 1,6 | 0,4 | 15,1 | 1,54 | 0,68 | 2,16 | 0,91 | 1,74 | 0,72 | 2,50 | 0,91 | 1,68 | 0,55 | 2,57 | 0,91 | 1,37 | 0,94 |
| Ek stem slegs saam met die Nederlandse Geloofsbelydenis in soverre as wat dit ooreenstem met dit wat in die Skrif staan. ................ | 26,0 | 43,9 | 7,3 | 5,6 | 4,5 | 12,7 | = | = | = | = | = | = | = | = | 4,02 | 0,79 | 0,69 | 0,48 | 1,26 | 0,78 |
| Ek stem saam met die Nederlandse Geloofsbelydenis omdat dit volkome in ooreenstemming is met die Skrif. | 19,4 | 40,8 | 20,3 | 4,4 | 0,9 | 14,2 | 1,69 | 0,73 | 2,24 | 1,03 | 1,79 | 0,78 | 2,70 | 1,04 | 1,57 | 0,52 | 3,22 | 0,50 | 1,31 | 0,82 |

NGB verander sou wou hê nie, is verder geneig om daarmee saam te stem dat elke stelling in die NGB uit die Skrif bewys kan word as wat die geval is met lidmate wat meen die NGB mag verander word.

## 7.4 Die gesag van die NGB ontleed volgens die peile van vereenselwiging met die NGB

In dié verband kon slegs ten opsigte van een stelling 'n duidelike patroon geïdentifiseer word: Lidmate wat hulle heeltemal met die inhoud van die NGB vereenselwig, is veel sterker daarvan oortuig dat elke stelling in die NGB Skriftuurlik bewys kan word as lidmate wat hulle nie heeltemal met die inhoud van die NGB vereenselwig nie.

## 7.5 Besluit

Dit is dus duidelik dat wat die verband tussen die Skrif en die belydenisskrifte betref én wat die gesag van belydenisskrifte as sodanig betref, daar tot 'n groot mate ooreenstemming tussen predikante en belydende lidmate is met betrekking tot 'n belangrike paar opsigte. Die skerp afwyking van sowel predikante as belydende lidmate van die klassieke strydpunte rondom die verband tussen die Skrif en die belydenisskrifte suggereer waarskynlik dat daar opnuut noukeurig gekyk sal moet word na die konteksrelevantheid van bestaande belydenisskrifte vir die Suid-Afrikaanse samelewing.

Tot op dié stadium is die vergelyking van die drie standpunte (*quia*, *quatenus* en gekombineerde *quia-quatenus*) wat verband hou met die verband tussen die Skrif en belydenisskrifte nie pertinent aan die orde gestel nie. In die volgende afdeling word indringend op dié saak ingegaan.

# 8. 'N DIAGNOSE VAN STANDPUNTE MET BETREKKING TOT DIE VERBAND TUSSEN DIE SKRIF EN BELYDENISSKRIFTE

Op hierdie stadium moet teruggekeer word na die sentrale tema van die empiriese ondersoek: *die verband tussen die Skrif en belydenisskrif met spesifieke verwysing na die NGB*, soos dit beskou word deur lidmate. Hierdie verband sou op verskillende wyses gekonseptualiseer kon word. Vir die empiriese gedeelte is dit egter sodanig geoperasionaliseer dat 'n empiriese aanduiding gekry kon word van hoeveel lidmate min-of-meer die *quia-standpunt* onderskryf en hoeveel min-of-meer die *quatenus-standpunt* sou ondersteun. In vorige gedeeltes is reeds verwys na die omvang van die steun wat dié twee standpunte geniet by sowel predikante

(afd. 7) as lidmate (afd. 7). In hierdie afdeling sal ingegaan word op die vraag hoe die drie kategorieë lidmate (diegene wat *uitsluitlik* die *quia-standpunt* ondersteun; diegene wat *uitsluitlik* die *quatenus-standpunt* ondersteun; en diegene wat *albei* standpunte ondersteun) wat in dié verband onderskei sou kon word, gerespondeer het op die temas wat tot dusver bespreek is. Die probleemstelling is, kortliks gestel, of dié drie kategorieë lidmate statisties beduidend verskillend gereageer het op die verskillende stellings wat geformuleer is rondom die temas wat hierbo aan die orde gestel is. Indien wél: in welke opsigte is daar beduidende verskille te bespeur? Welke patrone tree in dié verband na vore?

## 8.1 Die belangrikheid van die belydenisskrifte met spesifieke verwysing na die NGB

Indien weer verwys word na tabel 9.1, waar die ontledings aangebied word, blyk dit dat al drie dié kategorieë lidmate oorwegend geneig is om die stelling te verwerp dat hul kerk(-e) sonder belydenisskrifte klaar kon kom. Vir al drie is belydenisskrifte dus oorwegend belangrik. Lidmate wat uitsluitlik die *quia-standpunt* onderskryf, verskil egter redelik sterk daarvan dat hul kerk(-e) sonder die NGB kon klaarkom terwyl diegene wat die *quatenus-* of *albei -standpunte* onderskryf, oorwegend geneig is om hieroor te twyfel. In slegs een opsig is daar redelik eenstemmigheid tussen die lidmate wat die *quia-* en dié wat die *quatenus-standpunt* ondersteun: albei kategorieë is oorwegend geneig om te verskil daarvan dat hulle terugslae in hul lewens beter verstaan aan die hand van die NGB. Lidmate wat albei dié standpunte ondersteun, is skynbaar meer oorwegend geneig om tot 'n mate saam te stem, selfs te twyfel, dat die NGB dié nut vir hulle vervul.

Lidmate wat albei standpunte ondersteun, het in 'n paar opsigte tot 'n redelike mate dieselfde gereageer as lidmate wat die *quia-standpunt* onderskryf. Albei die kategorieë is oorwegend geneig om instemmig te wees dat die NGB, soos ander belydenisskrifte, dien as handige norm om kettery te bekamp; dat voornemende belydende lidmate eers die NGB moet ken voordat hulle geloofsbelydenis mag aflê; dat diegene wat nie die NGB aanvaar nie, onder tug geplaas behoort te word; en dat 'n *goeie* predikant die belydenisskrifte moet aanvaar.

In 'n paar opsigte stem lidmate wat albei die standpunte ondersteun egter ook oorwegend saam met diegene wat die *quatenus-standpunt* aanhang. Hierdie twee kategorieë is oorwegend geneig om te twyfel daaroor dat hul deur hul kerk onder tug geplaas kan

word as hulle die NGB sou verwerp; dat die NGB vir hulle geen nut in hulle daaglikse lewe het nie; en dat die einde van die NGB aangebreek het.

## 8.2 Skrifverstaan en belydenisskrifte

Dat mens met dié drie kategorieë lidmate dus nie te make het met drie aparte, afgeslote kompartemente nie, blyk verder uit tabel 9.2 se gegewens.

Lidmate wat uitsluitlik die *quia-standpunt* handhaaf, het tot 'n groot mate oorwegend dieselfde gereageer as diegene wat die *quatenus-standpunt* handhaaf in 'n paar opsigte rondom die nut van belydenisskrifte vir die verstaan van die Skrif. Albei dié kategorieë was redelik geneig om te twyfel of die NGB onontbeerlik vir 'n mens is om die Skrif reg te verstaan en albei het weer oorwegend geneig om te verskil daarvan dat hulle die Skrif glad nie sonder die NGB kon verstaan nie.

Lidmate wat albei standpunte onderskryf, was weer aan die ander kant oorwegend geneig om rondom dié tema tot 'n redelike mate dieselfde te reageer as diegene wat die *quia-standpunt* ondersteun maar het, opmerklik genoeg, in nie een opsig min-of-meer dieselfde responsies gegee as lidmate wat die *quatenus-standpunt* onderskryf nie. Albei dié kategorieë was tot 'n redelike mate oorwegend geneig om daarmee saam te stem dat die NGB 'n belangrike dokument is om te bestudeer as mens die Skrif wil verstaan; dat God Homself in die NGB openbaar; en dat predikante meer uit die NGB moet preek.

## 8.3 Kennis en houding met betrekking tot belydenisskrifte

Opmerklik is die feit dat albei die drié kategorieë lidmate oorwegend daaroor eens is dat die NGB belangrik vir hulle geloof in Christus is (tabel 10.3). Verder blyk dit dat al drie kategorieë oorwegend geneig is om hulle heeltemal met die inhoud van die NGB te vereenselwig. Dit val egter op dat lidmate wat die *quatenus-standpunt* onderskryf, in albei dié opsigte ietwat minder sterk instemmig is as die ander twee kategorieë. Dit blyk verder dat hulle, soos lidmate wat albei standpunte onderskryf, oorwegend geneig is om daaroor te twyfel dat elke kerk sy eie belydenisskrif moet hê terwyl lidmate wat die *quia-standpunt* ondersteun redelik sterk hiervan verskil. Aan die anderkant blyk dit tog dat lidmate wat die *quatenus-standpunt* onderskryf in twee opsigte oorwegend dieselfde gereageer het as lidmate wat die *quia-standpunt* onderskryf. Albei kategorieë het oorwegend

getwyfel of hulle sou kon sê dat hulle die NGB al deeglik deurgewerk het (lidmate wat albei standpunte onderskryf, het gemeen hulle sou dit kon sê) en albei het oorwegend die gedagte verwerp dat hulle sal bedank uit hul kerk as daar aan die NGB gepeuter sou word. Hieroor het lidmate oorwegend getwyfel wat albei standpunte onderskryf.

## 8.4 Aspekte rondom die verandering van die NGB

Indien aspekte rondom die verandering van die NGB onder die vergrootglas geplaas word en gekyk word hoe hierdie drie kategorieë lidmate gereageer het op die stellings wat in dié verband geformuleer is (tabel 11.3), tree die interessante patroon na vore dat lidmate wat albei die standpunte onderskryf het, in die meeste opsigte oorwegend geneig was om so te gereageer soos lidmate wat die *quatenus-standpunt* ondersteun. Albei hierdie kategorieë lidmate was oorwegend geneig om saam te stem daarmee dat dit nodig is om die NGB weer te vertaal in die taal van vandag; en dat artikels tot die NGB bygevoeg moet word om aan lidmate leiding te gee in die lig van die talle hedendaagse dwaalleerstellings. Aan die anderkant was albei kategorieë weer oorwegend geneig om daaroor te twyfel of dit slegs nodig is om enkele artikels van die NGB te verander terwyl die res dieselfde bly; ('n ander belydenisskrif wat deur teoloë van slegs hulle eie kerk opgestel is die plek van die NGB moet inneem); teoloë van al die gereformeerde kerke saam moet werk aan 'n belydenisskrif in die plek van die NGB; al die bestaande belydenisskrifte met een enkele belydenisskrif vervang moet word wat opgestel is deur teoloë van al die kerke van gereformeerde belydenis; en of dit hoog tyd is dat hul kerk sy eie belydenisskrif moet opstel en weg moet doen met die NGB. Dit val op dat lidmate wat die *quia-standpunt* onderskryf het, deurgaans geneig was om hiervan te verskil.

In 'n paar opsigte het lidmate wat albei standpunte onderskryf egter ook oorwegend só gereageer as diegene wat die *quia-standpunt* ondersteun. Albei was oorwegend geneig om daaroor te twyfel of belydenisskrifte voortdurend aangepas moet word sodat dit altyd tot lidmate spreek in hul idioom; en te verskil dat die NGB 'n oud-modiese dokument is wat niks meer te sê het vir hul in die twintigste eeu in Suid-Afrika nie.

Lidmate wat die *quia-standpunt* onderskryf, het egter ook in dié verband in twee opsigte oorwegend dieselfde gereageer as lidmate wat die *quatenus-standpunt* steun. Albei het oorwegend getwyfel daaroor dat die NGB onder geen omstandighede verander mag word nie en dat daar slegs een enkele belydenisskrif vir alle Chris-

telike kerke moet bestaan. Hierteenoor was lidmate wat albei standpunte ondersteun oorwegend geneig om in dié twee opsigte saam te stem.

In 'n enkele opsig het al drie kategorieë oorwegend dieselfde gereageer: al drie was oorwegend twyfelagtig daaroor of die NGB te moeilik geformuleer is vir hulle.

### 8.5 Die gesag van die NGB

Die laaste tema wat in dié verband aan die orde gestel word, is menings rondom aspekte van die gesag van die NGB.

Blykens tabel 12.3 was al drie kategorieë lidmate oorwegend geneig gewees om daarvan te verskil dat die NGB *méér* gesag het as die Skrif en daarmee saam te stem dat dit *minder* gesag het as die Skrif. Tog het dit geblyk dat lidmate wat uitsluitlik die *quia-* en *quatenus-standpunte* onderskryf, meer oortuig daarvan was dat die NGB nie *dieselfde* gesag as die Skrif het nie terwyl lidmate wat albei standpunte onderskryf, oorwegend geneig was om hieroor te twyfel!

Verder blyk dit dat lidmate wat albei standpunte onderskryf in twee opsigte oorwegend dieselfde gereageer het as lidmate wat die *quia-standpunt* onderskryf. Albei dié kategorieë was geneig gewees om daarmee saam te stem dat elke stelling van die NGB uit die Skrif bewys kan word en dat hulle saam met die NGB stem *omdat* dit in ooreenstemming is met die Skrif. Lidmate wat die *quatenus-standpunt* onderskryf, het hieroor twyfel uitgespreek.

### 8.6 Besluit

Dat lidmate wat die *quia-standpunt*, *quatenus-standpunt* en *albei* hierdie standpunte handhaaf nie as drie waterdigte komparte-mentele kategorieë beskou kan word nie, het duidelik geblyk uit die kompleksiteit van die responsies wat hierbo aangetoon is. In talle opsigte is daar oorvleueling te bespeur tussen die stand-punte deurdat lidmate wat blykbaar die drie standpunte onderskryf soms oor bepaalde sake oorwegend geneig was om dieselfde te reageer.

## 9. KONKLUSIES MET BETREKKING TOT LIDMATE

Die kompleksiteit van die patrone wat in die afdelings van hierdie hoofstuk blootgelê is, sou op verskillende wyse en vanuit verskillende gesigshoeke saamgevat en gesistematiseer kon word.

In hierdie afdeling sal 'n poging aangewend word om die bevindings te sistematiseer deur die navorsingsproposisies en -hipoteses, wat ten aanvang van die ontleding van lidmate se gegewens gestel is (afd. 2.2) se geldigheid te ondersoek.

## 9.1 Navorsingsproposisies

(i) *Al die belydende lidmate is deeglik op hoogte van die inhoud van die Nederlandse Geloofsbelydenis en vereenselwig hul volledig daarmee.*

Die inligting wat ingewin is by lidmate het egter aan die lig gebring dat sowat 30 persent belydende lidmate nog nooit 'n studie van die NGB gemaak het nie (tabel 8.5) terwyl sowat 'n derde lidmate dit nog nooit in hul lewe gelees het nie (tabel 8.3).

Toe aan belydende lidmate gevra is om self hul kennis van die NGB te evalueer, was 15,6 persent'onseker' oor hulle kennis terwyl 'n vyfde (18,7%) gesê het hul kennis is 'swak' en sowat 'n tiende (12,9%) dat dit 'baie swak' is (tabel 8.5). Ook toe aan lidmate gevra is om uit 'n lys die belydenisskrifte te identifiseer wat deur hul kerk (almal uit die gereformeerde tradisie) *erken* en *aanvaar* word te identifiseer, het dit geblyk dat wat 'The Westminster Confession' betref, bykans die helfte nie kon antwoord nie terwyl slegs 'n vyfde (22,1%) korrek aangedui het dat dit nie 'n erkende en aanvaarde belydenisskrif is nie (tabel 8.6). Sowat 'n kwart (26,7%) belydende lidmate het nie geweet nie. Wat die NGB betref, het sowat 'n tiende (12,7%) nie korrek aangedui dat dit wél 'n erkende en aanvaarde belydenisskrif is nie. Selfs al word aanvaar dat al die Kleurlingrespondente (5,4%) die NGB nie sou aanvaar nie in die lig van die *status confesionis* wat die NG Sendingkerk afgekondig het, moet in gedagte gehou word dat slegs 0,7 persent lidmate gemeen het dat die NGB nie erken en aanvaar word nie. Wat die Dordtse Leerreëls betref, val dit op dat slegs ses uit die tien lidmate (62,3%) korrek kon reageer.

Die tweede gedeelte van die navorsingsproposisie raak die vereenselwiging met die NGB. Die inligting wat by belydende lidmate ingewin is, dui daarop dat slegs ses uit elke tien belydende lidmate (61,9%) hulle heeltemal met die inhoud van die NGB vereenselwig.

Dit is dus duidelik dat, blykens die inligting wat ingewin is, hierdie navorsingsproposisie heel waarskynlik nie as geldig aanvaar kan word nie.

(ii) *Belydende lidmate ag die NGB as 'n belangrike dokument om die Skrif reg te verstaan.*

Die inligting wat ingewin is, dui daarop dat slegs sowat die helfte (52,2%) belydende lidmate die mening toegedaan is dat die NGB 'n baie belangrike dokument is om te bestudeer as mens die Bybel wil verstaan terwyl slegs sowat 'n derde (30,3%) meen dit is onontbeerlik om die Skrif reg te verstaan (tabel 9.2). As mens verder in gedagte hou dat baie min belydende lidmate (7,3%) die opinie huldig dat hul die Skrif glad nie sonder die NGB kan verstaan nie, dan wil dit sterk voorkom of hierdie navorsings-proposisie nie op wetenskaplik gefundeerde gronde aan die hand van hierdie ondersoek bevestig kan word nie.

(iii) *Omdat belydende lidmate waarskynlik die belydenisskrifte as uitdrukking van die leer van hulle kerk beskou, is hulle nie daarvoor te vinde dat die NGB verander word nie.*

Soos reeds geblyk het, beskou heelwat lidmate (87,3%) inderdaad die NGB as 'n erkende en aanvaarde belydenisskrif van hul kerk, terwyl slegs 0,7 persent dit beslis nie as sodanig beskou nie. Ten spyte hiervan het die inligting aan die lig gebring dat slegs sowat 'n derde belydende lidmate (33,2%) meen dat die NGB onder geen omstandighede verander mag word nie. Dit is dus duidelik dat hierdie navorsingsproposisies ook nie as geldig bewys kan word met die inligting wat ingewin is nie.

(iv) *Belydende lidmate handhaaf die opinie dat belydenisskrifte minder gesag het as die Skrif.*

Blykens die inligting (tabel 12.3) is hierdie navorsingspropo-sisie slegs vir sowat twee derdes (69,0%) van die belydende lidmate geldig en empiries verdedigbaar. Dit dien verder daarop gelet te word dat volgens 14,7 persent belydende lidmate die NGB *dieselfde* gesag as die Skrif het en dat vir selfs 1,6 persent die NGB *méér* gesag het as die Skrif! Ook hierdie navorsingspro-posisie kon dus nie as sodanig sondermeer as geldig beskou word indien die inligting wat ingewin is as basis van evaluasie gebruik word nie.

## 9.2 Navorsingshipoteses

(i) *Hoe meer godsdienstig meelewend 'n lidmaat is, hoe minder is hy/sy geneig daartoe dat die NGB verander.*

'*Godsdienstige meelewendheid*' is vir die doel van die ondersoek gekwantifiseer aan die hand van 'n hele paar veranderlikes (gelukkigheid as lid van die kerk én gemeente; erediensbywoning; deelname aan ampte in die gemeente/kerk; selftaksering van gelowigheid; benutting van godsdienstige radio en televisieprogramme; Bybelstudie; of bedanking as lidmaat oorweeg word; of 'n lidmaat weer dieselfde kerk sou kies indien hy/sy weer sou kon kies; en studie van die NGB). Beduidende verskille met betrekking tot die houding ten opsigte van die verandering van die NGB het egter nie na vore getree vir al dié veranderlikes nie. Slegs ten opsigte van die volgende kon beduidende verskille aangetref word wat aanleiding gegee het tot die volgende patrone:

(a) Hoewel dit versigtig geïnterpreteer moet word weens sydige responsies, wil dit voorkom of moontlik beweer sou kon word dat hoe gelukkiger lidmate as lidmaat van hul *kerk* is, hoe minder geneig is hulle daartoe dat die NGB verander (tabel 11.1). Dit geld egter nie die gelukkigheid as lidmaat van hul *gemeentes* nie omdat geen beduidende verskille in dié verband aangetref kan word nie;

(b) Lidmate wat die verandering van die NGB steun, is gemiddeld die kortste tydperk belydende lidmaat van hul kerk; en het die NGB gemiddeld minder kere in hul lewens gelees. Ten opsigte van al die ander veranderlikes waarmee 'godsdienstige meelewendheid' gemeet is, kon géén beduidende verskille aangetref word nie.

Die gevolgtrekking waartoe geraak word, is dat daar heel waarskynlik nie genoeg empiriese steun op dié stadium vir hierdie hipotese is om dit as geldig te aanvaar nie. Vanselfsprekend sou ander ondersoeke die hipotese wel moontlik kan bevestig. Aan die hand van die huidige ondersoek kan die hipotese egter nie as geldig bewys word nie.

(ii) *Lidmate met verskillende biografiese en godsdienstige kenmerke verskil beduidend van mekaar ten opsigte van die verandering van, vereenselwiging met en beskouing van die gesag van die NGB.*

Die godsdienstige kenmerke van lidmate wat naas wat reeds hierbo genoem is, gemeet is in dié ondersoek is die *kerkverband* van lidmate. Die konvensionele biografiese kenmerke (geslag, huwelikstaat, ouderdom, indekse van sosio-ekonomiese status, ens) is ook geoperasionaliseer. Dié hipotese se geldigheid moet op drie vlakke ondersoek word:

(a) *ten opsigte van houdings van lidmate met betrekking tot die verandering van die NGB.*

Naas wat reeds gesê is by die ondersoek van hipotese (i) hierbo, is daar ook beduidende verskille met betrekking tot kerkverband in dié opsig by lidmate aangetref. Belydende respondente van die Ned Geref kerk en die Swart- en Kleurlingkerke is waarskynlik meeste ten gunste van die verandering van die NGB. Gereformeerde lidmate is weer waarskynlik geneig om oorwegend daarteen gekant te wees terwyl Hervormde lidmate redelik verdeeld hieroor is (tabel 11.1).

Wat die biografiese kenmerke van lidmate betref, kon beduidende verskille met betrekking tot die verandering van die NGB slegs ten opsigte van *onderwyspeil*, *inkomste* en *ouderdom* aangetref word (tabel 11.1). Dit wil voorkom of gesê sou kon word dat hoe hoër die *onderwyspeil* van lidmate is, hoe meer is hul geneig om die verandering van die NGB te ondersteun. Wat *inkomste* betref, blyk dit egter dat die heel laagste én heel hoogste inkomste kategorieë die meeste ondersteuners vir die verandering van die NGB opgelewer terwyl die middelste inkomste kategorieë oorwegend redelik verdeeld is oor die verandering van die NGB. Twee patrone tree met betrekking tot *ouderdom* na vore: hoe ouer lidmate is, hoe meer is hul geneig om hul nie uit te spreek oor die verandering van die NGB nie; en middeljarige lidmate is meer geneig om die verandering van die NGB te ondersteun as bejaarde (60+) en jeugdiger (onder 30) lidmate.

Hoewel dit die enigste biografiese en godsdienstige kenmerke is ten opsigte waarvan beduidende verskille aangetref kon word aan die hand van die inligting van hierdie ondersoek, wil dit dus voorkom of dié gedeelte van die navorsingshipotese dus wel gekwalifiseerd as geldig aanvaar sou kon word. Dit dien egter daarop gelet te word dat beduidende verskille nie aangetref kon word ten opsigte van heelwat ander biografiese en godsdienstige kenmerke van lidmate nie.

(b) *ten opsigte van vereenselwiging met die NGB.*

Indien die godsdienstige kenmerke van lidmate in verband gebring word met die mate waartoe lidmate hul vereenselwig met die inhoud van die NGB, is beduidende verskille in 'n aantal opsigte aangetref, maar weereens nie in alle opsigte nie (tabelle 10.1 en 10.2).

Dit het geblyk dat veral lidmate wat beplan om as lid van hul onderskeie kerke te bedank (slegs sowat 1,1 persent van die totale ondersoekgroep) op die oog af meer geneig was om nie hulle mate van vereenselwiging met die NGB bekend te maak nie. Veral die volgende kategorieë neig blykbaar *meeste* (mèèr as 60 persent telkens) om hul geheel en al met die NGB se inhoud te vereenselwig: dienende ouderlinge (69,1%); lidmate van die Gereformeerde (77,6%) en Ned Geref (61,9%) kerke; lidmate met geen *ander* vorige kerkverband as die huidige (63,6%); lidmate wat 'baie gelukkig' is as lid van hul gemeente (67,8%) en as lid van hul kerk* (69,2%); en diegene wat die Dordtse Leerreëls herken het as erkende en aanvaarde belydenisskrif (74,1%). Eienaardig genoeg, het twee derdes (66,9%) wat die NGB as sodanig herken het en driekwart (75,0%) wat dit nie as sodanig herken het nie hul geheel en al met die NGB vereenselwig (tabel 10.1).

Die ontledings het verder aangetoon dat lidmate wat hul geheel en al met die NGB vereenselwig, meer kere die voorafgaande week van die ondersoek uit die Bybel gelees het ($\overline{X}$ = 7,9); meer keer die NGB gelees het in hul lewens ($\overline{X}$ = 3,8); en meer kere eredienste in hul eie gemeentes bygewoon het gedurende die voorafgaande maand van die ondersoek ($\overline{X}$ = 5,2).

Dit is opvallend dat geen beduidende verskille aangetref kon word nie toe die biografiese kenmerke van lidmate in verband gebring is met die twee kategorieë van vereenselwiging met die inhoud van die NGB: diegene wat hul wél en diegene wat hul nie geheel en al met die inhoud van die NGB vereenselwig nie.

(c) *ten opsigte van die gesag van die NGB.*

Indien die drie basiese standpunte (*quia; quatenus* en gekombineerde *quia-quatenus*) met betrekking tot die gesag van die NGB nagegaan word, word geen beduidende verskille tussen verskillende biografiese kenmerke aangetref nie behalwe met betrekking tot *kerkverband* en gelukkigheid as lid van hul *gemeenskap* (tabel 12.1). Die gekombineerde *quia-quatenus*-standpunt geniet bykans deurgaans die steun van meer as 60 persent van die belydende lidmate terwyl Ned Geref lidmate die minste (59,1%) hiertoe geneig is. Met betrekking tot die gelukkigheid as lid van hul gemeenskap kon egter geen duidelike patroon aangetref word nie. Dit het verder geblyk dat lidmate wat die Heidelbergse Kategismus

---

* Al die lidmate wat aangedui het hul is 'ongelukkig' as lidmaat van hul *kerk*, vereenselwig hul met die inhoud van die NGB. Dit behels egter maar 0,4 persent van die totale ondersoekgroep.

as belydenisskrif erken het, die *gekombineerde* standpunt tot 'n groter mate onderskryf as diegene wat dit nie as sodanig herken het nie. Lidmate wat egter nie die NGB en Dordtse Leerreëls as belydenisskrifte erken het nie, neig meer na òf die uitsluitlik *quatenus-* of *gekombineerde* standpunt. Lidmate wat die *quia-*standpunt onderskryf, het die NGB gemiddeld meeste kere ($X = 4,1$) deurgelees.

In geen ander opsigte kon beduidende verskille aangetref word nie.

Samevattend: dit wil dus voorkom of hierdie hipotese nie geldig is soos wat dit geformuleer is nie. Geen beduidende verskille kon aangetref word toe biografiese kenmerke in verband gebring is met die mate van vereenselwiging met die inhoud van die NGB en met betrekking tot die standpunte rondom die gesag daarvan nie. Wat godsdienstige kenmerke betref, kon net in sekere opsigte beduidende verskille aangetref word.

(iii) *Lidmate en predikante verskil van mekaar ten opsigte van hul houdings met betrekking tot die verandering van, vereenselwiging met en beskouing van die gesag van die NGB.*

In dié verband stuit mens voor 'n navorsingstegniese probleem. In die aanvanklike vraelys is stellings geformuleer wat identies in albei vraelyste (dié van lidmate en dié van predikante) bewoord was. Die loodsondersoek het egter aan die lig gebring dat vir die verskillende vraelyste stellings ietwat gewysig moes word om geldiger metings op te lewer met die gevolg dat stellings verander moes word. Die gevolg was dat stellings nie meer presies dieselfde daaruit gesien het in die finale ondersoek se vraelyste nie.

Dit in ag geneme, sal nogtans 'n poging aangewend word om 'n aanduiding te probeer kry vir toekomstige ondersoeke wat verwag sou kon word indien derglike ondersoeke herhaal sou word. In dié poging word die hipotese weereens op drie vlakke ondersoek.

(a) *Met betrekking tot die verandering van die NGB.*

In die opsig kon daarin geslaag word om die stelling presies dieselfde te hou vir predikante en vir lidmate.

Terwyl 'n derde (33,2%) lidmate daarmee saamgestem het dat die NGB onder geen omstandighede verander mag word nie, het slegs 15,4 persent predikante só daaroor geoordeel. Die gemiddelde wat bereken is vir die twee onafhanklike steekproewe was respektiewelik 2,55 (lidmate) en 3,85 (predikante). Volgens die t-toets

(t = 12,34; gvv = 692; p $\leqq$ 0,0005) is hierdie verskille beduidend met die gevolg dat gesê sou kon word dat predikante meer geneig daartoe is dat die NGB sou kon verander as wat die geval met belydende lidmate is.

(b) *Met betrekking tot die vereenselwiging met die NGB.*

In hierdie verband tree die gemelde navorsingstegniese probleem na vore waarop reeds gewys is. Die peile van vereenselwiging is by predikante aan die hand van die meer elegante *semantiese differensiaalskaal* gemeet (7-puntskaal) dog in die geval van lidmate is besluit om liefs deurgaans die 5-punt *Likertskaal* te gebruik.

Vir predikante is gevra tot welke mate hul hul met *alles* vereenselwig wat in onder andere die NGB opgeteken is. Indien die teoretiese middelpunt as 4 op die 7-punt skaal geneem word, sou moontlik gesê kon word dat 95,1 persent predikante (X = 1,53) hul in die een-of-ander mate daarmee vereenselwig.

In die geval van lidmate is egter bevind dat slegs 61,9 persent hul 'geheel-en-al met die inhoud van die Nederlandse Geloofsbelydenis' vereenselwig ($\overline{X}$ = 1,77).

Dit maak nie eintlik sin om 'n toets op dié twee stelle data uit te voer om vas te stel of die verskille inderdaad statisties beduidend is nie. Indien die verskillende metingstrategieë egter in gedagte gehou word, sou moontlik gesê kon word dat dit wil voor kom of lidmate *waarskynlik* hul tot 'n minder mate vereenselwig met die NGB as predikante. Dit is en bly egter nog steeds 'n tentatiewe aanduiding van 'n patroon wat moontlik in latere ondersoeke grondig geevalueer sou kon word.

(c) *Met betrekking tot die gesag van die NGB.*

In dié verband is daar twee navorsingstegniese probleme ten spyte daarvan dat die metings aan die hand van die 5-punt Likertskaal gedoen is. Eerstens is die *quia-* en *quatenus-standpunte* by predikante ten opsigte van die Drie Formuliere van Enigheid getoets terwyl dit vir lidmate beperk is tot die NGB. Op sigself is dit, beoordeel in terme van die meta-teoretiese grondslag van die ondersoek (gereformeerd-teologies), moontlik nie 'n fundamentele probleem nie. Tweedens moes die bewoording van die stellings in die twee vraelyste ná die loodsondersoek gewysig word om geldiger metings te verseker. Dit is waarskynlik van groter belang om in gedagte te hou. Hierby moet 'n derde probleem bygevoeg word wat onverwags na vore getree het tydens die ondersoek te wete dat daar lidmate en, verbasend genoeg, predikante is wat sowel die *quia-* as *quatenus-standpunte gelyktydig* onderskryf!

Om hierdie redes is dit slegs sinvol om op die breë patrone wat uit die frekwensieverdelings na vore tree, te let.

TABEL 13.1
VERGELYKING VAN PREDIKANTE EN LIDMATE MBT DIE GESAG VAN BELYDENISSKRIFTE EN DIE NGB RESPEKTIEWELIK

| Standpunte | Predikante<br>% | Lidmate*<br>% |
|---|---|---|
| Uitsluitlik *quia* | 21,7 | 13,2 |
| Uitsluitlik *quatenus* | 9,1 | 21,4 |
| Gekombineerde *quia-quatenus* | 65,0 | 61,2 |
| Ander | 4,2 | 4,2 |

* Slegs met betrekking tot die NGB

Hoewel albei steekproewe se resultate toon dat naastenby eweveel predikante en lidmate die gekombineerde standpunte ondersteun het, het dit geblyk dat, vir die oorblywende respondente, die uitsluitlik *quia-standpunt* gewilder is by predikante as die *quatenus-standpunt* terwyl die omgekeerde die geval is by lidmate.

Dit moet egter weereens beklemtoon word dat dit hoogstens aanduidings is van moontlike patrone wat in dié verband aangetref sou kon word in toekomstige ondersoeke. Soos in die vorige gedeelte van die hipotese, maak dit hier weereens nie veel sin om statistiese toetse op die twee onafhanklike steekproewe uit te voer nie vanweë die navorsingstegniese probleme wat hierbo aangedui is.

Samevattend: hierdie hipotese kon slegs met betrekking tot die *verandering* van die NGB vir die twee onafhanklike steekproewe geevalueer en bevestig word. Ten opsigte van die *vereenselwiging* met die NGB en die *gesag* van die NGB het navorsingstegniese beslissings wat tydens die beplanning van die ondersoek gefel moes word dit nie moontlik gemaak om dié hipotese volledig te evalueer nie.

## 9.3 Besluit

In hierdie afdeling is aangetoon watter navorsingsproposisies en -hipoteses, of gedeeltes daarvan, wat geantisipeer is tydens die ontwerp van die ondersoek geldig, ongeldig, gekwalifiseerd geldig of nie volledig evalueerbaar blyk te wees na aanleiding van die

inligting wat ingewin is by belydende lidmate. Die skopus is ietwat wyer getrek deurdat gepoog is om 'n hipotese te evalueer waarin die resultate van die twee onafhanklike steekproewe met mekaar in verband gestel is.

Verrassende patrone is blootgelê wat nie geantisipeer is nie en wat in opvolgondersoeke noukeurig nagegaan sou kon word. Dit moet egter steeds in gedagte gehou word dat wat blootgelê is, patrone is wat slegs binne grense van waarskynlikheid verwag sou kon word en dat absolute uitsprake nouliks moontlik is op grond van die empiriese bevindinge. Aan die anderkant kon hierdie kwalifisering van die bevindings en gevolgtrekkings waartoe geraak is nie die deur open vir 'kenners' en 'deskundiges' wat meen hul sou (uit die duim uit?) sonder sô 'n empiriese ondersoek in elk geval kon sê wat hier bevind is. Dit mag so wees dat dergelike aansprake geldigheidswaarde het. Dit mag egter ook wees dat dit geen geldigheidswaarde het nie. Op sigself beskou, is spekulatiewe duimsuiery oor die werklikheid nie nutteloos nie omdat dit nogal handige gedagtes mag genereer wat aan empiries-analitiese geldigheidstoetse onderwerp sou kon word om te bepaal of dit inderdaad gedagtes is wat binne aanvaarbare wetenskaplike grense van waarskynlikheid houdbaar is al dan nie. Empiries-analitiese uitsprake het geen absolute waarheidskrag nie. Dit is nooit finaal nie. Maar dit kan ten minste 'n beskeie bydrae lewer dat op 'n versigtiger, omsigtiger en meer beskeie manier *intelligente* debat gevoer en besluitneming gemaak word.

## BRONNE GERAADPLEEG


De Villiers, D W, Zeeman, MTS & Viljoen, DJ 1982. *Leer uit die Woord*. Bloemfontein: NG Sendingpers.

Dreyer, P S, 1981. Skrif en belydenis. *Die Hervormer*. Mei, p 4.

Greyling, G C, 1954. *Die Katkisasieboek*. Bloemfontein: Sentrale pers.

Van Aarde, A G, 1985. Hervormde Teologie, hermeneutiek en die belydenisskrifte. *Die Hervormer*. Junie, p 16.

Van Wyk, D J C, 1985. Wat is die kerk se belydenis? *Die Hervormer*. Mei, pp 14-16.

# SLOTWOORD

Daar is van die moontlikheid afgesien om 'n samevattende gevolgtrekking aan die einde te gee omdat dit die indruk van 'n waardeoordeel kan skep. Tog bestaan daar die behoefte om ten minste enkele van die belangrikste tendense in die ondersoek na die Skrifgebruik in die NGB weer te gee. Hierdie tendense moet egter steeds teen die agtergrond van die onderskeie hoofstukke gelees en verstaan word.

In die eerste hoofstuk word aangetoon hoe die kerklike en maatskaplike konteks van die sestiende eeu aanleiding gegee het dat die NGB van 'n 'verweerskrif' teenoor Rooms-Katolieke en Wederdopers ontwikkel het tot 'n 'formulier van enigheid' te midde van leerstellige verskille met onder andere die Remonstrante.

Hoofstuk twee voer aan dat die hermeneutiese sleutel van die NGB geleë is in die grondliggende teenstelling tussen minder heilig en heilig of te wel tussen algemeen en besondere genade. Dit is opvallend dat die algemene (minder heilige) altyd in diens van die besondere (meer heilige) staan.

Die historiese wortels van die Skrifgebruik in die NGB word in hoofstuk drie tot in die vroeë Joodse en Christelike tydvak nagespeur en word gekwalifiseerd as voorkritiese Skrifuitleg bestempel. Met die historiese oorsig is daar aangetoon hoe die voorkritiese Skrifuitleg met die letterlike interpretasie die Bybel as spieëlbeeld van sy ontstaanswerklikheid gesien het en met die figuurlike interpretasie die teologiese veronderstellings van die eksegeet in die Bybel laat weerkaats.

Hoofstuk vier tipeer die gebruik van die Ou Testament in die NGB as voorkrities van aard en let veral op die verskynsel dat die NGB weinig aandag vir die Ou Testament se oorspronklike literêre en historiese konteks vertoon. Die stelling word verder gemaak dat die sestiende-eeuse gereformeerde teologie 'n bepalende invloed op die NGB se interpretasie van die Ou Testament gehad het en dat daar ook vroeg-Ortodokse trekke bespeur kan word.

Volgens hoofstuk vyf openbaar die NGB se gebruik van die Nuwe Testament 'n voorliefde vir die briefliteratuur en veral vir die brief aan die Hebreërs. Die NGB se polemiese gebruik van die Nuwe Testament dien telkens ter bevestiging van sy leerstellige posisie en word met die kerklike konflikte van die sestiende eeu in verband gebring. Soos in die vorige hoofstuk word daar uitgewys hoe die oorspronklike historiese konteks van die Nuwe-Testamentiese tekste deur die NGB oor die hoof gesien is.

Naas die navorsingshipoteses het daar in hoofstuk ses belangrike empiriese patrone met betrekking tot die houdings, opinies en standpunte van predikante rakende belydenisskrifte na vore getree:

(i) daar bestaan moontlik ernstige leemtes in die teologiese opleiding van predikante rakende belydenisskrifte;

(ii) predikante differensieer klaarblyklik tussen die drie Formuliere van Enigheid met betrekking tot die belangrikheid, praktiese betekenis en vereenselwiging met die betrokke dokumente;

(iii) predikante se houding teenoor die belydenisskrifte word veral deur hulle eie inspirasieleer beïnvloed;

(iv) apokriewe boeke word tot 'n groot mate met omsigtigheid bejeën;

(v) gekwalifiseerde steun vir die NGB se verandering bestaan en spruit waarskynlik voort uit die behoefte na 'n konteksrelevante belydenisskrif;

(vi) 'n vyfde van die predikante ondersteun die standpunt dat belydenisskrifte gesag het *omdat* dit met die Skrif ooreenstem, een tiende erken die gesag van belydenisskrifte *in soverre as wat* dit met die Skrif ooreenstem en bykans twee derdes van die predikante onderskryf *albei* hierdie standpunte.

In hoofstuk sewe is die opvallendste empiriese patrone met betrekking tot die houdings, opinies en standpunte van belydende lidmate rakende die NGB die volgende:

(i) daar bestaan heelwaarskynlik 'n groot mate van verwarring en onkunde by lidmate ten opsigte van die NGB;

(ii) lidmate is onseker oor die kerklike afdwingbaarheid van die NGB se leerstellinge;

(iii) die helfte van die lidmate beskou die NGB as 'n belangrike dokument aan die hand waarvan die Skrif verstaan kan word;

(iv) 'n substansiële aantal lidmate vereenselwig hulle nie geheel en al met die inhoud van die NGB nie;

(v) meer as die helfte van die lidmate is waarskynlik ten gunste daarvan dat die NGB verander kan word;

(vi) respondente van die Ned Geref familie van kerke is waarskynlik die meeste ten gunste van die verandering van die NGB, terwyl Gereformeerde respondente oorwegend teen verandering gekant is;

(vii) beduidende verskille onder belydende lidmate met betrekking tot die verandering van die NGB word onder andere deur onderwyspeil, inkomste en ouderdom beïnvloed;

(viii) vereenselwiging met die NGB hou met bepaalde godsdienstige kenmerke van die lidmate verband;

(ix) naastenby eweveel predikante en lidmate ondersteun die gekombineerde *quia-* en *quatenus-standpunt*, terwyl die uitsluitlik *quia-standpunt* gewilder is by predikante en die *quatenus-standpunt* meer aanklank by lidmate vind.

Hierdie ondersoek is 'n poging om binne die raamwerk van verskillende dissiplines na die status, plek en rol van belydenisskrifte te kyk. Die basiese motivering was nie om die NGB as oud en afgeleefd buite spel te plaas en daarmee 'n teologiese hou na kerke uit te deel nie. So 'n werkwyse is nie net onproduktief nie maar dit skep ook nie die nodige ruimte vir 'n kerklike gesprek oor belydenisskrifte nie. Juis om die teologiese en kerklike gesprek verder rondom die NGB te stimuleer, is dié navorsing aanvanklik aangepak. Daarin is bewustelik kennis geneem van 'n kerk se taak om relevant te wees en voortdurende terugvoering vanuit die uiters verwikkelde geloofsbelewenisse van lidmate en predikante te kry. Hierdie stuk teologiese navorsing poog om 'n bydrae te wees tot die gesprek wat in die Suid-Afrikaanse konteks nog nie onder die aandag van die kerklike publiek gebring is nie. Dit is dus 'n opregte poging om ekumenies-teologies die saak waaroor dit gaan onder woorde te bring.

Hoewel verskillende kerke en kerkkantore hartlik saamgewerk het, bly die standpunte wat ingeneem word in die boek die verantwoordelikheid van die verskillende outeurs.

# BYLAAG A

# VRAELYS: PREDIKANTE

UNIVERSITEIT VAN SUID-AFRIKA

INSTITUUT VIR TEOLOGIESE NAVORSING

Ondersoek na Beskouings, Houdings en Gebruik van Belydenisskrifte met Spesifieke Verwysing na die Nederlandse Geloofsbelydenis

Geagte Dominee/Doktor

Hierby aangeheg vind u 'n vraelys wat opgestel is om die beskouings, houdings en gebruik van belydenisskrifte onder predikante te peil as deel van 'n omvattende projek oor dié kerklike dokumente. 'n Ietwat gewysigde vraelys word ook vir lidmate opgestel.

Ons sal dit baie waardeer as u so vriendelik sal wees om die vraelys deeglik in te vul (dit sal u ongeveer 30 minute neem), dit in die ingeslote koevert te plaas en dit dan terug te stuur aan:

INSTITUUT VIR TEOLOGIESE NAVORSING
Universiteit van Suid-Afrika
Posbus 392
PRETORIA
0001

MOET ASSEBLIEF ONDER GEEN OMSTANDIGHEDE U NAAM OF ADRES ERENS OP DIE VRAELYS AANBRING NIE. Die inligting word per rekenaar verwerk en individuele besonderhede sal onder geen omstandighede bekend gemaak word.

Ons vertrou dat u saam sal werk en die vraelys vóór 31 Januarie 1985 aan ons terug sal besorg.

Baie dankie vir u vriendelike samewerking.

Vriendelike groete

PROF. WILLEM S. VORSTER
Hoof: Instituut

WENKE BY DIE INVUL VAN DIE VRAELYS

1. Ignoreer asseblief dië gedeeltes wat gemerk is "VIR KANTOORGEBRUIK".
2. U hoef deurgaans slegs 'n kruis (x) oor die nommer te trek wat in elke betrokke geval die antwoord sal aandui. BYVOORBEELD:

   INDIEN U 'N VROU IS

| | |
|---|---|
| Manlik | 1 |
| Vroulik | ~~2~~ (x) |

3. Soms moet u 'n getal inskryf. Doen dit asseblief soos volg:

   AS U [2] wil inskryf en daar is twee blokkies, skryf dan soos volg: [0][2]

   AS U [20] wil inskryf en daar is drie blokkies, skryf dan soos volg: [0][2][0]

---

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| VRAELYS NR | | | | | 1-4 |
| KAART NR | | | 0 | 1 | 5-6 |

A. BIOGRAFIESE INLIGTING

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| 1. | Wat is u huidige ouderdom? | Jare | | | 7-8 |
| 2. | Wat is u huistaal? ......................... | | | | 9-10 |
| 3. | Hoeveel jaar is u al in die bediening? | Jare | | | 11-12 |
| 4. | Wanneer ... | | | | |
| | (a) is u gedoop? | 19 | | | 13-14 |
| | (b) het u belydenis van geloof afgelê? | 19 | | | 15-16 |
| | (c) is u gelegitimeer? | 19 | | | 17-18 |
| | (d) is u georden? | 19 | | | 19-20 |

5. In watter studierigting het u

Voorgraads gestudeer?

| | Ja | Nee | |
|---|---|---|---|
| Geesteswetenskappe | 1 | 2 | 21 |
| Natuurwetenskappe | 1 | 2 | 22 |
| Ander (noem) ..... .................. | 1 | 2 | 23 |

6. Hoeveel jaar het u teologiese opleiding gehad?

Jare [ ][ ] 24-25

7. Waar het u u teologiese opleiding gehad?

| | | |
|---|---|---|
| BINNELANDS | Universiteit van Wes-Kaapland | 1 |
| | Stofberg Teologiese Skool | 2 |
| | Teologiese Skool Dingaanstat | 3 |
| | Teologiese Skool Witsieshoek | 4 |
| | Universiteit van Suid-Afrika | 5 |
| | Universiteit van Pretoria | 6 |
| | Universiteit van Stellenbosch | 7 |
| | Universiteit Potchefstroom | 8 |
| | Wellington Sendinginstituut | 9 |
| | Universiteit van die O.V.S. | 10 |
| | Hammanskraal Teologiese Skool | 11 |
| | Universiteit van Fort Hare | 12 |
| | Universiteit van Zululand | 13 |
| | De Coligny / Witsieshoek | 14 |
| | Universiteit van die Noorde | 15 |
| | Universiteit van Durban-Westville | 16 |
| | Ander ................................ | 17 |

BUITELANDS (Spesifiseer) ........................... [ ][ ] 26-27

..................................................................

| | |
|---|---|
| Nederland (noem) ...................... | 1 |
| Engeland (noem) ........................ | 2 |
| V.S.A. (noem) ......................... | 3 |
| Duitsland (noem) ...................... | 4 |
| Switzerland (noem) .................... | 5 |
| Ander (noem)........................... | 6 |

[ ][ ] 28-29

8. Wat is u kerkverband?

............................................

............................................ 30-31

9. (a) Wat is die hoogste kwalifikasie wat u in teologie gehaal het.

| | | |
|---|---|---|
| Lisensiaat | 1 | |
| Drie-jarige diploma in Teologie | 2 | |
| BD/BTh/ThB | 3 | |
| M-graad | 4 | |
| Doktorandus | 5 | |
| D-graad | 6 | |
| Ander (noem) .................................. | 7 | 32 |

(b) Wat is die hoogste kwalifikasie wat u in ander wetenskappe behaal het?

| | | |
|---|---|---|
| Slegs Hoërskool opleiding | 1 | |
| Diploma | 2 | |
| B-graad | 3 | |
| M-graad | 4 | |
| D-graad | 5 | |
| Ander (noem) .................................. | 6 | 33 |

(c)(i) Watter hoofvakke het u gevolg in u voorgraadse studie? (spesifiseer)

............................................

............................................ 34-35

(ii) In watter vak/ke het u 'n -
Honneurs
M.A.
D-graad

............................................

............................................

............................................ 36-37

10. Moes u in u teologiese studie 'n studie maak van -

| | Ja | Nee | |
|---|---|---|---|
| Die Nederlandse Geloofsbelydenis | 1 | 2 | 38 |
| Die Dordtse leerreëls | 1 | 2 | 39 |
| Die Heidelbergse Kategismus | 1 | 2 | 40 |

11. Watter van hierdie belydenisskrifte is na u mening -

| | Vul in, asseblief | |
|---|---|---|
| (i) die belangrikste? | | 41 |
| (ii) die tweede belangrikste? | | 42 |
| (iii) die minste belangrik? | | 43 |
| (iv) al drie is vir my ewe belangrik | | 44 |

12. Hoeveel keer het u die afgelope jaar

| | | Kere | | |
|---|---|---|---|---|
| a) in die Nederlandse Geloofsbelydenis gelees? | kere | | | 45-46 |
| b) n.a.v. die Nederlandse Geloofsbelydenis gepreek | kere | | | 47-48 |
| c) in die Heidelbergse Kategismus gelees? | kere | | | 49-50 |
| d) n.a.v. die Heidelbergse Kategismus gepreek? | kere | | | 51-52 |
| e) in die Dordtse leerreëls gelees? | kere | | | 53-54 |
| f) n.a.v. die Dordtse leerreëls gepreek? | kere | | | 55-56 |

(B) PRAKTIESE BETEKENIS

13. Hoe belangrik ag u die belydenisskrifte vir die volgende take en werksterreine van u? Merk asseblief op die volgende skaal u antwoord. ( 1 as dit uiters belangrik is, 2 as dit belangrik is, 3 as dit tot 'n mate belangrik is, 4 as u twyfel, 5 as dit in 'n mate onbelangrik is, 6 as dit onbelangrik is en 7 as dit heeltemal onbelangrik is.)

U PREDIKING

Uiters belangrik 1 2 3 4 5 6 7 Heeltemal onbelangrik 57

U PASTORAAT

Uiters belangrik 1 2 3 4 5 6 7 Heeltemal onbelangrik 58

DOOPKATEGESE

Uiters belangrik 1 2 3 4 5 6 7 Heeltemal onbelangrik 59

KINDERKATEGESE

Uiters belangrik 1 2 3 4 5 6 7 Heeltemal onbelangrik 60

VIR OUDERLINGE

Uiters belangrik 1 2 3 4 5 6 7 Heeltemal onbelangrik 61

VIR DIAKENS

| | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Uiters belangrik | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 | Heeltemal onbelangrik | 62 |

U VERSTAAN VAN DIE SKRIF

| | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Uiters belangrik | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 | Heeltemal onbelangrik | 63 |

U ALLEDAAGSE LEWE

| | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Uiters belangrik | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 | Heeltemal onbelangrik | 64 |

VIR BEHOUD VAN DIE KERK SE LEER

| | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Uiters belangrik | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 | Heeltemal onbelangrik | 65 |

14. Hoe sou u u huidige kennis van hierdie drie belydenisskrifte takseer? Plooi u antwoord op die skaal wat hieronder aangedui is.

(a) DIE NEDERLANDSE GELOOFSBELYDENIS

| | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Uitstekend | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 | Baie Swak | 66 |

(b) DIE DORDTSE LEERSTELLINGS

| | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Uitstekend | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 | Baie swak | 67 |

(c) DIE HEIDELBERGSE KATEGISMUS

| | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Uitstekend | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 | Baie swak | 68 |

15. Hoe vereenselwig u uself met alles wat in die drie belydenisskrifte opgeteken is?

(a) DIE NEDERLANDSE GELOOFSBELYDENIS

| | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Ek vereenselwig my geheel en al daarmee | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 | Ek vereenselwig my glad nie daarmee nie | 69 |

(b) DIE DORDTSE LEERSTELLINGS

| | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Ek vereenselwig my geheel en al daarmee | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 | Ek vereenselwig my glad nie daarmee nie | 70 |

(c) DIE HEIDELBERGSE KATEGISMUS

| | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Ek vereenselwig my geheel en al daarmee | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 6 | 7 | Ek vereenselwig my glad nie daarmee nie | 71 |

(C) HOUDINGS

In die hieropvolgende afdelings maak ons stellings wat soms negatief geformuleer is. Lees die stellings noukeurig deur en merk asseblief u heel eerste reaksie daarop sonder dat u daaroor besin.

1. Die Heilige Skrif

16. Die Skrif is die Heilige Goddelike Woord waardeur ons God ken.

| Stem beslis saam | Stem saam | Onseker | Verskil | Verskil beslis | |
|---|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 72 |

17. Die Skrif is die Woord van God wat op sy bevel op skrif gestel is.

| Stem beslis saam | Stem saam | Onseker | Verskil | Verskil beslis | |
|---|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 73 |

18. Die Skrif verklaar homself en ek het geen teologiese kennis nodig om dit te verstaan nie.

| Stem beslis saam | Stem saam | Onseker | Verskil | Verskil beslis | |
|---|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 74 |

19. Ek kan God slegs deur die Skrif ken en nie in die Natuur ook nie.

| Stem beslis saam | Stem saam | Onseker | Verskil | Verskil beslis | |
|---|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 75 |

20. Daar bestaan geen teenstrydighede in die Skrif nie.

| Stem beslis saam | Stem saam | Onseker | Verskil | Verskil beslis | |
|---|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 76 |

21. Die Skrif is bloot 'n boek soos enige ander boek.

| Stem beslis saam | Stem saam | Onseker | Verskil | Verskil beslis | |
|---|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 77 |

22. Die Skrif IS nie die Woord van God nie, maar kan dit WORD deur die werking van die Heilige Gees.

| Stem beslis saam | Stem saam | Onseker | Verskil | Verskil beslis | |
|---|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 78 |

| | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| Vraelys no. | | | | | 1-4 |
| Kaart no. | | | 0 | 2 | 5-6 |

23. Die Skrif is nie afgeslote en uitsluitlik kanoniek nie. Daar lê heel moontlik nog verborgenhede onder die sand van die Midde-Ooste wat moontlik bygevoeg kan word tot die Bybel.

| Stem beslis saam | Stem saam | Onseker | Verskil | Verskil beslis | |
|---|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 7 |

2. <u>Die gesag van die Skrif</u>

24. Die Bybel is slegs deur gewone mense geskrywe.

| Stem beslis saam | Stem saam | Onseker | Verskil | Verskil beslis | |
|---|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 8 |

25. God het die gawes en talente van die Bybelskrywers gebruik om Sy Wil aan die mens bekend te maak.

| Stem beslis saam | Stem saam | Onseker | Verskil | Verskil beslis | |
|---|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 9 |

26. Daar is tekskritiese foute in die Skrif.

| Stem beslis saam | Stem saam | Onseker | Verskil | Verskil beslis | |
|---|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 10 |

27. Daar is nie leerstellige teenstrydighede in die Skrif nie.

| Stem beslis saam | Stem saam | Onseker | Verskil | Verskil beslis | |
|---|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 11 |

28. Die Skrif het gesag omdat dit God se Woord is.

| Stem beslis saam | Stem saam | Onseker | Verskil | Verskil beslis | |
|---|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 12 |

29. 'n Gelowige kan sonder enige twyfel aan die Skrif <u>glo</u>.

| Stem beslis Saam | Stem saam | Onseker | Verskil | Verskil beslis | |
|---|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 13 |

30. Die Heilige Gees oortuig my van die gesag van die Skrif.

| Stem beslis saam | Stem saam | Onseker | Verskil | Verskil beslis | |
|---|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 14 |

31. Die Skrif het gesag omdat die kerk dit deur alle eeue as gesaghebbende aanvaar het.

| Stem beslis saam | Stem saam | Onseker | Verskil | Verskil beslis | |
|---|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 15 |

32. Die bewyse van die gesag van die Skrif vind ek in die Skrif self.

| Stem beslis saam | Stem saam | Onseker | Verskil | Verskil beslis | |
|---|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 16 |

33. Die Skrif het gesag omdat die lidmate dit as gesaghebbend erken.

| Stem beslis saam | Stem saam | Onseker | Verskil | Verskil beslis | |
|---|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 17 |

3. Die Bybelskrywers

34. Moses is die skrywer van die eerste vyf Bybelboeke.

| Stem beslis saam | Stem saam | Onseker | Verskil | Verskil beslis | |
|---|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 18 |

35. Dawid is die skrywer van al die Psalms.

| Stem beslis saam | Stem saam | Onseker | Verskil | Verskil beslis | |
|---|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 19 |

36. Salomo is die skrywer van Hooglied, Spreuke en Prediker.

| Stem beslis saam | Stem saam | Onseker | Verskil | Verskil beslis | |
|---|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 20 |

37. Paulus is die skrywer van die Hebreërbrief.

| Stem beslis saam | Stem saam | Onseker | Verskil | Verskil beslis | |
|---|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 21 |

38. Paulus is die skrywer van die Pastorale briewe.

| Stem beslis saam | Stem saam | Onseker | Verskil | Verskil beslis | |
|---|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 22 |

4. Skrifgenoegsaamheid

39. Die Skrif bevat alles wat vir my saligheid nodig is.

| Stem beslis saam | Stem saam | Onseker | Verskil | Verskil beslis |
|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |

40. Ek is nie seker of die Skrif bevat nie alles oor die wyse waarop ek God moet dien nie.

| Stem beslis saam | Stem saam | Onseker | Verskil | Verskil beslis |
|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |

41. Die Skrif omsluit die volle leer van die Christendom.

| Stem beslis saam | Stem saam | Onseker | Verskil | Verskil beslis |
|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |

42. Daar hoef niks bygevoeg te word tot die Skrif nie.

| Stem beslis saam | Stem saam | Onseker | Verskil | Verskil beslis |
|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |

43. Die Skrif help my nie om 'n ware kerk van 'n valse kerk te onderskei nie.

| Stem beslis saam | Stem saam | Onseker | Verskil | Verskil beslis |
|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |

44. Die Skrif is nie heeltemal duidelik oor wat 'n mens se houding teenoor die landsowerheid moet wees nie.

| Stem beslis saam | Stem saam | Onseker | Verskil | Verskil beslis |
|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |

5. Skrifverstaan

45. Ek verstaan die Skrif alleen as dit deur die bril van die geloof gelees word.

| Stem beslis saam | Stem saam | Onseker | Verskil | Verskil beslis |
|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |

46. Die leiding van die Heilige Gees is nie nodig as 'n mens die Skrif wil verstaan nie.

| Stem beslis saam | Stem saam | Onseker | Verskil | Verskil beslis |
|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |

47. 'n Mens kan slegs die Skrif verstaan as jy die Goddelike gesag daarvan erken.

| Stem beslis saam | Stem saam | Onseker | Verskil | Verskil beslis | |
|---|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 31 |

48. Ten einde die Skrif te verstaan, hoef 'n mens nie te erken dat die Skrif deur God geïnspireer is nie.

| Stem beslis saam | Stem saam | Onseker | Verskil | Verskil beslis | |
|---|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 32 |

49. Die Skrif kan slegs in die lig van die Skrif self verstaan word.

| Stem beslis saam | Stem saam | Onseker | Verskil | Verskil beslis | |
|---|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 33 |

50. Die Ou Testament kan slegs verstaan word as ek dit letterlik vertolk.

| Stem beslis saam | Stem saam | Onseker | Verskil | Verskil beslis | |
|---|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 34 |

51. Die Ou Testament kan nie simbolies verstaan word nie.

| Stem beslis saam | Stem saam | Onseker | Verskil | Verskil beslis | |
|---|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 35 |

52. 'n Mens kan alleen die Ou Testament verstaan as jy aanvaar dat Christus die middelpunt daarvan is.

| Stem beslis saam | Stem saam | Onseker | Verskil | Verskil beslis | |
|---|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 36 |

53. 'n Skrifgedeelte moet altyd binne sy kultuur-historiese konteks verstaan word.

| Stem beslis saam | Stem saam | Onseker | Verskil | Verskil beslis | |
|---|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 37 |

54. Die Ou Testament is nie vir my 'n belangrike deel van die Skrif nie.

| Stem beslis saam | Stem saam | Onseker | Verskil | Verskil beslis | |
|---|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 38 |

55. Ek kan die Ou Testament slegs analogies verstaan.

| Stem beslis saam | Stem saam | Onseker | Verskil | Verskil beslis | |
|---|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 39 |

56. Dit is nie nodig om 'n gedeelte van die Ou Testament vanuit die historiese omstandighede daarvan te verstaan nie.

| Stem beslis saam | Stem saam | Onseker | Verskil | Verskil beslis | |
|---|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 40 |

57. Die Ou Testament kan alleen vanuit die oogpunt van die Nuwe Testament verstaan word.

| Stem beslis saam | Stem saam | Onseker | Verskil | Verskil beslis | |
|---|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 41 |

58. Die Ou Testament kan nie verstaan word in die lig van die Nuwe Testamentiese vervulling van die beloftes daarin nie.

| Stem beslis saam | Stem saam | Onseker | Verskil | Verskil beslis | |
|---|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 42 |

6. Geïnspireerdheid

59. Die Heilige Gees het die Skrif gedikteer.

| Stem beslis saam | Stem saam | Onseker | Verskil | Verskil beslis | |
|---|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 43 |

60. Die Heilige Gees het die Bybelskrywers gelei om 'n betroubare gestalte aan die Woord van God te gee.

| Stem beslis saam | Stem saam | Onseker | Verskil | Verskil beslis | |
|---|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 44 |

61. Die menslike skrywers van die Bybelboeke het glad nie die teks van die Skrif beïnvloed nie.

| Stem beslis saam | Stem saam | Onseker | Verskil | Verskil beslis | |
|---|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 45 |

62. Die menslike skrywers van die Skrif kon nie selfstandig daaroor skryf nie.

| Stem beslis saam | Stem saam | Onseker | Verskil | Verskil beslis | |
|---|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 46 |

7. Apokriewe boeke

63. Die apokriewe boeke is deur die Heilige Gees geïnspireer.

| Stem beslis saam | Stem saam | Onseker | Verskil | Verskil beslis | |
|---|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 47 |

64. Die apokriewe boeke mag nie in 'n erediens gelees word nie.

| Stem beslis saam | Stem saam | Onseker | Verskil | Verskil beslis | |
|---|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 48 |

65. Slegs as 'n gedeelte van die apokriewe boeke ooreenstem met die Heilige Skrif mag dit gebruik word vir die leer van die kerk.

| Stem beslis saam | Stem saam | Onseker | Verskil | Verskil beslis | |
|---|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 49 |

66. Niks wat die Christelike geloof of godsdiens aangaan mag slegs aan die hand van die apokriewe boeke bewys word nie.

| Stem beslis saam | Stem saam | Onseker | Verskil | Verskil beslis | |
|---|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 50 |

67. 'n Mens kan die apokriewe boeke alleen gebruik as dit nie die gesag van die Skrif aantas nie.

| Stem beslis saam | Stem saam | Onseker | Verskil | Verskil beslis | |
|---|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 51 |

8. Belydenisskrifte

68. 'n Belydenisskrif is 'n formulering van die waarheid soos die kerk dit uit die Woord van God hoor en verstaan.

| Stem beslis saam | Stem saam | Onseker | Verskil | Verskil beslis | |
|---|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 52 |

69. 'm Belydenisskrif is 'n samevatting van die suiwere leer van die kerk wat aan die Skrif ontleen is en daarmee ooreenstem.

| Stem beslis saam | Stem saam | Onseker | Verskil | Verskil beslis | |
|---|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 53 |

70. 'n Belydenisskrif is die gesaghebbende formulering van die kerk se leer.

| Stem beslis saam | Stem saam | Onseker | Verskil | Verskil beslis | |
|---|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 54 |

71. 'n Belydenisskrif is nie 'n dokument met bindende gesag nie.

| Stem beslis saam | Stem saam | Onseker | Verskil | Verskil beslis | |
|---|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 55 |

72. 'n Belydenisskrif bepaal die korrekte leer van die kerk.

| Stem beslis saam | Stem saam | Onseker | Verskil | Verskil beslis | |
|---|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 56 |

## 9. Invloed van ontstaansomstandighede

73. Die omstandighede wat geheers het tydens die opstelling van die Nederlandse Geloofsbelydenis word daarin weerspieël.

| Stem beslis saam | Stem saam | Onseker | Verskil | Verskil beslis | |
|---|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 57 |

74. Die Nederlandse Geloofsbelydenis het vir my geen praktiese nut in my daaglikse doen en late nie.

| Stem beslis saam | Stem saam | Onseker | Verskil | Verskil beslis | |
|---|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 58 |

75. Belydenisskrifte moet voortdurend hersien en aangepas word sodat dit altyd tot die lidmate spreek in hulle idioom virhulle tydsgewrig.

| Stem beslis saam | Stem saam | Onseker | Verskil | Verskil beslis | |
|---|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 59 |

76. Die Nederlandse Geloofsbelydenis is 'n oud-modiese dokument en het niks meer te sê vir my in die twintigste eeu in Suid-Afrika nie.

| Stem beslis saam | Stem saam | Onseker | Verskil | Verskil beslis | |
|---|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 60 |

77. Die Nederlandse Geloofsbelydenis mag onder geen omstandighede verander word nie.

| Stem beslis saam | Stem saam | Onseker | Verskil | Verskil beslis | |
|---|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 61 |

10. Funksie

78. Die Nederlandse Geloofsbelydenis is 'n samevatting van die leer van die Skrif.

| Stem beslis saam | Stem saam | Onseker | Verskil | Verskil beslis |
|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |

62

79. Die Belydenisskrifte is 'n uitdrukking van geloofseenheid.

| Stem beslis saam | Stem saam | Onseker | Verskil | Verskil beslis |
|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |

63

80. 'n Belydenisskrif is 'n bepaling vir lidmate van wat reg of verkeerd, waar of vals, ortodoks of ketters is in hul daaglikse lewe.

| Stem beslis saam | Stem saam | Onseker | Verskil | Verskil beslis |
|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |

64

81. 'n Belydenisskrif is 'n maatstaf vir my standpuntbepaling met betrekking tot ekumeniese verhoudings.

| Stem beslis saam | Stem saam | Onseker | Verskil | Verskil beslis |
|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |

65

82. 'n Belydenisskrif is die bekendmaking van die kerk se leer.

| Stem beslis saam | Stem saam | Onseker | Verskil | Verskil beslis |
|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |

66

83. 'n Belydenisskrif is die samebinding van die kerk se getuienis.

| Stem beslis saam | Stem saam | Onseker | Verskil | Verskil beslis |
|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |

67

84. 'n Belydenisskrif is 'n aanduiding van die kerk se leerstellige grense.

| Stem beslis saam | Stem saam | Onseker | Verskil | Verskil beslis |
|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |

68

11. Belydenisskrif en Woord

85. 'n Belydenisskrif het gesag omdat dit ooreenstem met die Woord.

| Stem beslis saam | Stem saam | Onseker | Verskil | Verskil beslis |
|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |

69

86. 'n Belydenisskrif het gesag omdat dit 'n samevatting is van die leer van Christus soos dit gevind word in die Skrif.

| Stem beslis saam | Stem saam | Onseker | Verskil | Verskil beslis | |
|---|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 70 |

87. 'n Belydenisskrif het gesag in soverre as wat dit met die Woord ooreenstem.

| Stem beslis saam | Stem saam | Onseker | Verskil | Verskil beslis | |
|---|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 71 |

88. 'n Belydenisskrif het gesag omdat dit die toets van die Skrif deurstaan het.

| Stem beslis saam | Stem saam | Onseker | Verskil | Verskil beslis | |
|---|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 72 |

89. Elke stelling in die Nederlandse Geloofsbelydenis kan uit die Skrif bewys word.

| Stem beslis saam | Stem saam | Onseker | Verskil | Verskil beslis | |
|---|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 73 |

90. Al die Gereformeerde belydenisskrifte is onfeilbaar.

| Stem beslis saam | Stem saam | Onseker | Verskil | Verskil beslis | |
|---|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 74 |

91. Die Nederlandse Geloofsbelydenis het méér gesag as die Skrif.

| Stem beslis saam | Stem saam | Onseker | Verskil | Verskil beslis | |
|---|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 75 |

92. Die Nederlandse Geloofsbelydenis het minder gesag as die Skrif.

| Stem beslis saam | Stem saam | Onseker | Verskil | Verskil beslis | |
|---|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 76 |

93. Die Nederlandse Geloofsbelydenis het dieselfde gesag as die Skrif.

| Stem beslis saam | Stem saam | Onseker | Verskil | Verskil beslis | |
|---|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 77 |

94. Belydenisskrifte het gesag omdat die kerklike tradisie daaraan gesag toegeken het.

| Stem beslis saam | Stem saam | Onseker | Verskil | Verskil beslis |
|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |

78

12. Algemeen

Vraelys ☐☐☐☐ 1-4
Kaart 0 3 5-6

95. Die Nederlandse Geloofsbelydenis is onontbeerlik as mens die Skrif reg wil verstaan.

| Stem beslis saam | Stem saam | Onseker | Verskil | Verskil beslis |
|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |

7

96. Predikante moet meer uit die Nederlandse Geloofsbelydenis preek.

| Stem beslis saam | Stem saam | Onseker | Verskil | Verskil beslis |
|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |

8

97. Hoewel ek baie waardering het vir die Nederlandse Geloofsbelydenis, dink ek die einde daarvan het aangebreek.

| Stem beslis saam | Stem saam | Onseker | Verskil | Verskil beslis |
|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |

9

98. Daar moet slegs een enkele belydenisskrif vir alle Christelike kerke bestaan.

| Stem beslis saam | Stem saam | Onseker | Verskil | Verskil beslis |
|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |

10

99. Al die bestaande belydenisskrifte moet vervang word met 'n enkele belydenisskrif wat deur teoloë van al die kerke van Gereformeerde belydenis opgestel is. *(Vgl. 108)*

| Stem beslis saam | Stem saam | Onseker | Verskil | Verskil beslis |
|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |

11

100. Die Nederlandse Geloofsbelydenis mag onder geen omstandighede verander word nie.

| Stem beslis saam | Stem saam | Onseker | Verskil | Verskil beslis |
|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |

12

101. Dit is nodig om slegs enkele artikels van die Nederlandse Geloofsbelydenis te verander. Die res moet net so behoue bly.

| Stem beslis saam | Stem saam | Onseker | Verskil | Verskil beslis | |
|---|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 13 |

102. Dit is telkens nodig om die Nederlandse Geloofsbelydenis weer te vertaal uit die oorspronklike in die idioom van vandag.

| Stem beslis saam | Stem saam | Onseker | Verskil | Verskil beslis | |
|---|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 14 |

103. Die meeste artikels van die Nederlandse Geloofsbelydenis is aanvaarbaar maar daar moet heelwat artikels bygevoeg word om lidmate leiding te gee in die lig van die talle dwaalleerstellings wat daar vandag bestaan.

| Stem beslis saam | Stem saam | Onseker | Verskil | Verskil beslis | |
|---|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 15 |

104. Die Nederlandse Geloofsbelydenis moet in sy geheel vervang word met 'n ander belydenisskrif wat deur teoloë van slegs my kerk opgestel word.

| Stem beslis saam | Stem saam | Onseker | Verskil | Verskil beslis | |
|---|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 16 |

105. Ek het 'n behoefte aan 'n nuut geformuleerde belydenisskrif wat betrekking het op aktuele probleme.

| Stem beslis saam | Stem saam | Onseker | Verskil | Verskil beslis | |
|---|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 17 |

106. Dit is nodig dat die Nederlandse Geloofsbelydenis herformuleer word.

| Stem beslis saam | Stem saam | Onseker | Verskil | Verskil beslis | |
|---|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 18 |

107. Elke kerk van Gereformeerde belydenis moet liefs sy eie belydenisskrifte hê.

| Stem beslis saam | Stem saam | Onseker | Verskil | Verskil beslis | |
|---|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 19 |

108. Teoloë uit al die kerke van Gereformeerde belydenis moet saam werk om 'n belydenisskrif op te stel in die plek van die Nederlandse Geloofsbelydenis. *(Vgl. 99)*

| Stem beslis saam | Stem saam | Onseker | Verskil | Verskil beslis | |
|---|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 20 |

109. As daar aan die Nederlandse Geloofbelydenis gepeuter word, bedank ek uit die kerk.

| Stem beslis saam | Stem saam | Onseker | Verskil | Verskil beslis |
|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |

21

110. Die Nederlandse Geloofsbelydenis het slegs 'n boodskap vir sy eie tyd gehad.

| Stem beslis saam | Stem saam | Onseker | Verskil | Verskil beslis |
|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |

22

'N BELANGRIKE LAASTE VRAGIE

111. Hoe voel u oor hierdie vraelys?

| Baie gelukkig | Gelukkig | Twyfel | Ongelukkig | Baie ongelukkig |
|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |

23

Dit spyt ons as u ongelukkig of baie ongelukkig voel. Wil u nie asseblief aan ons wenke gee waaroor u ongelukkig voel nie?

.................................................................

.................................................................

.................................................................

.................................................................

.................................................................

## BYLAAG B

## TREK VAN STEEKPROEF VIR DIE EMPIRIESE ONDERSOEK

### 1. ALGEMEEN

Gedurende Oktober 1984 is die jongste gegewens en statistiek in verband met gemeentes en predikante van kerke met 'n gereformeerde belydenis in Transvaal en Zimbabwe ingewin. Dank word aan die onderskeie kerkkantore uitgespreek vir hulle goeie samewerking met die beskikbaarstelling van die jongste gegewens en statistiek.

Daar is aanvanklik besluit om 100 gemeentes by die ondersoek te betrek. Die verhouding tussen die kerke se totale aantal gemeentes in Transvaal en Zimbabwe het die volgende proporsionele verdeling van gemeentes tot gevolg gehad:

| | | |
|---|---|---|
| Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika | : | 18 |
| Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika | : | 19 |
| Nederduitse Gereformeerde Kerk | : | 42 |
| NG Kerk in Afrika | : | 17 |
| NG Sendingkerk | : | 3 |
| Reformed Church | : | 1 |
| | | 100 |

In die familie van Nederduitse Gereformeerde Kerke word die gemeentes volgens streeksinode alfabeties gerangskik. Die Hervormde Kerk rangskik sy gemeentes chronologies volgens stigtingsdatum in ringsverband. Die Gereformeerde Kerke word op hulle beurt volgens klassis verdeel.

Elke twaalfde gemeente in Transvaal en Zimbabwe is by die steekproef betrek. Waar die twaalfde gemeente vakant was, is die gemeente net daarvoor of net daarna in aanmerking geneem.

Die gemeentes het vir elke veertig lidmate 'n vraelys ontvang en die getal vraelyste is tot die naaste veelvoud van vyf afgerond (bv 'n gemeente met 545 lidmate ontvang 15 ipv 13.6 vraelyste).

Daar is 1610 vraelyste aan Afrikaanssprekende lidmate uitgestuur waarvan 552 terug ontvang is. Die persentasie terugvoer was dus 34.3%. Aangesien die Reformed Church nie hulle weg oopgesien het om saam te werk nie en daar net een lidmaat van die NG Kerk in Afrika gereageer het, is die 510 vraelyste wat aan Engelssprekende lidmate (NGKA en RC) uitgestuur is, buite rekening

gelaat. Volgens talle leraars in die NGKA het die onrus in swart woongebiede dit vir hulle haas onmoontlik gemaak om die vraelyste onder lidmate te versprei.

Aan elke vierde gemeente is 'n vraelys vir die predikante gestuur om ingevul te word. Van die sowat 350 vraelyste wat uitgestuur is, is 143 vraelyste (41%) van predikante terug ontvang en verwerk. Predikante van al die kerke op gereformeerde grondslag in Transvaal en Zimbabwe, behalwe die Reformed Church, het gereageer.

## 2. LYS VAN GEMEENTES WAT BY STEEKPROEF BETREK WAS.

### 2.1 Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika

| Kerk | Lidmate | Vraelyste |
|---|---|---|
| Derdepoort | 427 | 10 |
| Pretoria Brooklyn | 677 | 20 |
| Phalaborwa | 356 | 10 |
| Vaalwater | 80 | 5 |
| Suid-Zimbabwe | 88 | 5 |
| Klerksdorp | 292 | 10 |
| Nigel | 318 | 10 |
| Kempton Park - Mooifontein | 746 | 20 |
| Witrivier | 207 | 5 |
| Secunda | 420 | 10 |
| Vanderbijlpark | 643 | 15 |
| Carletonville | 472 | 10 |
| Brits | 538 | 15 |
| Cachet | 630 | 15 |
| Linden | 542 | 15 |
| Reiger Park | Onbekend | 10 |
| Eldorado Park | Onbekend | 10 |

### 2.2 CCAP (Zimbabwe)

| Kerk | Lidmate | Vraelyste |
|---|---|---|
| Chinhoyi | 835 | 20 |

### 2.3 Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika

| Gemeente | Lidmate | Vraelyste |
|---|---|---|
| Potchefstroom | 552 | 15 |
| Koster | 438 | 10 |
| Messina | 228 | 5 |

| Gemeente | Lidmate | Vraelyste |
|---|---|---|
| Pretoria-Oos | 777 | 20 |
| Belfast | 227 | 5 |
| Heidelberg | 1006 | 25 |
| Sannieshof | 279 | 5 |
| Kensington | 211 | 5 |
| Germiston | 414 | 10 |
| Bulawayo | 56 | 5 |
| Randpoort | 479 | 15 |
| Vanderbijlpark-Suid | 656 | 15 |
| Pierneef | 602 | 15 |
| Premiermyn | 666 | 15 |
| Pongola | 89 | 5 |
| Naboomspruit | 561 | 15 |
| Witfontein | 598 | 15 |
| Zesfontein | 450 | 10 |
| Voortrekkerhoogte | 380 | 10 |

## 2.4 Nederduitse Gereformeerde Kerk

### 2.4.1 Suid-Transvaal

| Gemeente | Lidmate | Vraelyste |
|---|---|---|
| Aasvoëlkop | 1268 | 30 |
| Benoni-Noord | 440 | 15 |
| Boksburg-Wes | 799 | 20 |
| Cachet | 1158 | 30 |
| Doornkop | 534 | 15 |
| Fairland | 1029 | 25 |
| Jeppestown | 383 | 10 |
| Kemptonpark-Wes | 104 | 20 |
| Randburg-Suid | 921 | 25 |
| Springs | 1024 | 25 |
| Sunwardpark | 911 | 25 |
| Witfield-Wes | 1394 | 35 |

### 2.4.2 Oos-Transvaal

| Gemeente | Lidmate | Vraelyste |
|---|---|---|
| Carolina | 816 | 20 |
| Graskop | 500 | 15 |
| Laeveld | 542 | 15 |
| Meyerspark | 1669 | 40 |
| Ogies | 787 | 20 |
| Pretoria-Oosterlig | 1950 | 50 |
| Tzaneen | 1173 | 30 |
| Witrivier | 1194 | 30 |

2.4.3 Zimbabwe

| Gemeente | Lidmate | Vraelyste |
|---|---|---|
| Bulawayo | 310 | 10 |
| Kadoma/Kwe Kwe | 207 | 5 |

2.4.4 Wes-Transvaal

| Gemeente | Lidmate | Vraelyste |
|---|---|---|
| Arconpark | 850 | 20 |
| Constantiakruin | 935 | 25 |
| Elkana | 870 | 25 |
| Horison-Noord | 1192 | 30 |
| Losberg | 735 | 20 |
| Nietverdiend | 127 | 5 |
| Ottosdal | 483 | 15 |
| Potchefstroom-Vyfhoek | 687 | 20 |
| Roodepoort | 1090 | 30 |
| Stilfontein-Sentraal | 1728 | 45 |
| Wolmaransstad | 906 | 25 |

2.4.5 Noord-Transvaal

| Gemeente | Lidmate | Vraelyste |
|---|---|---|
| Bronberg | 4060 | 100 |
| Ellisras-Wes | 537 | 15 |
| Magalieskruin | 1241 | 30 |
| Onderstepoort | 1262 | 35 |
| Potgietersrus-Oos | 914 | 25 |
| Renosterpoort | 858 | 20 |
| Rustenburg-Wes | 1315 | 35 |
| Valhalla | 1125 | 30 |
| Waterberg | 941 | 25 |

2.5 NG Sendingkerk

| Gemeente | Lidmate | Vraelyste |
|---|---|---|
| Ennerdale | 270 | 20 |
| Wesrand | 453 | 10 |
| Pretoria | 893 | 40 |

2.6 Reformed Church

| Gemeente | Lidmate | Vraelyste |
|---|---|---|
| Charisma | 152 | 10 |

2.7 NG Kerk in Afrika

2.7.1 Noord-Transvaal

| Gemeente | Lidmate | Vraelyste |
|---|---|---|
| Burger | 1164 | 30 |
| Garankuwa-Wes | 1956 | 50 |
| Kranspoort | 527 | 15 |
| Mamelodi | 1418 | 35 |
| Naboomspruit | 530 | 15 |
| Pietersburg | 1345 | 35 |
| Saulspoort-Noord | 2774 | 70 |
| Tshilidzini | 1420 | 40 |
| Zeerust | 730 | 30 |

2.7.2 Suid-Transvaal

| Gemeente | Lidmate | Vraelyste |
|---|---|---|
| Brakpan | 395 | 15 |
| Duduza | 590 | 20 |
| Kgotsong | 659 | 30 |
| Losberg | 320 | 15 |
| Potchefstroom-Ikageng | 450 | 20 |
| Stilfontein | 525 | 20 |
| Ventersdorp | 1491 | 40 |
| Zola | 474 | 20 |

BYLAAG C

VRAELYS: LIDMATE

## UNIVERSITEIT VAN SUID-AFRIKA

## INSTITUUT VIR TEOLOGIESE NAVORSING

## ONDERSOEK NA BESKOUINGS, HOUDINGS EN GEBRUIK VAN DIE NEDERLANDSE GELOOFSBELYDENIS

Geagte Lidmaat

Hierby aangeheg vind u 'n vraelys wat opgestel is om die beskouings, houdings en gebruik van die Nederlandse Geloofsbelydenis by belydende lidmate te peil as deel van 'n omvattende teologiese projek oor die kerklike dokument.

Ons vra u vriendelik om die vraelys deeglik in te vul (dit sal u nie langer as 30 minute neem nie), dit in 'n koevert te plaas (as u wil) en dit aan u plaaslike Saakgelastigde/Skriba te oorhandig wat dit sal terugstuur aan:

Die Direkteur
Instituut vir Teologiese Navorsing
Universiteit van Suid-Afrika
Posbus 392
PRETORIA
0001

U is welkom om dit self direk na bogenoemde adres te pos as u dit so verkies.

MOET EGTER ASSEBLIEF ONDER GEEN OMSTANDIGHEDE U NAAM OF ADRES ERENS OP DIE VRAELYS AANBRING NIE. Die inligting word per rekenaar verwerk en u besonderhede sal onder geen omstandighede individueel bekend gemaak word nie.

Ons vertrou dat u saam sal werk en die vraelys vóór 30 NOVEMBER 1984 aan ons sal terug besorg.

Baie dankie vir u vriendelike samewerking.

Vriendelike groete

WENKE BY DIE INVUL VAN DIE VRAELYS

1. Ignoreer asseblief dië gedeeltes wat gemerk is "VIR KANTOORGEBRUIK".
2. U hoef deurgaans slegs 'n kruis (x) oor die nommer te trek wat in elke betrokke geval die antwoord sal aandui. BYVOORBEELD:

   INDIEN U 'N VROU IS

   | | |
   |---|---|
   | Manlik | 1 |
   | Vroulik | X |

3. Soms moet u 'n getal inskryf. Doen dit asseblief soos volg:

   AS U [2] wil inskryf en daar is twee blokkies, skryf dan soos volg: [0][2]

   AS U [20] wil inskryf en daar is drie blokkies, skryf dan soos volg: [0][2][0]

---

| | | |
|---|---|---|
| VRAELYS NR. | [ ][ ][ ][ ] | 1-4 |
| KAART NR. | 0 1 | 5-6 |

A) BIOGRAFIESE INLIGTING

1. Wat is u geslag?

| | | |
|---|---|---|
| Manlik | 1 | 7 |
| Vroulik | 2 | |

2. Wat is u huidige ouderdom? Jare [ ][ ] 8-9

3. Van watter kerk is u 'n lidmaat? (Spesifiseer)

..................................................

..................................................

..................................................

.................................................. [ ][ ] 10-11

4.1 Is u 'n dooplidmaat?

| | | |
|---|---|---|
| Ja | 1 | 12 |
| Nee | 2 | |

4.2 INDIEN WEL

Wanneer is u gedoop? 19 [ ][ ] 13-14

4.3 Het u al belydenis van geloof afgelê?

| | | |
|---|---|---|
| Ja | 1 | 15 |
| Nee | 2 | |

4.4 INDIEN WEL

Wanneer het u belydenis van geloof afgelê? 19 [ ][ ] 16-17

5.1 Wat is u hoogste onderwyspeil wat u behaal het EN wat is dié van die HOOF VAN DIE HUISHOUDING WAARVAN U LID IS?

| | USELF | HOOF |
|---|---|---|
| Was nooit op skool nie | 0 | 0 |
| Slegs laerskool | 1 | 1 |
| Laerskool plus diploma | 2 | 2 |
| Hoërskool | 3 | 3 |
| Hoërskool plus diploma | 4 | 4 |
| B-graad | 5 | 5 |
| M-graad | 6 | 6 |
| D-graad | 7 | 7 |
| Ander (spesifiseer) | 8 | 8 |

| | | |
|---|---|---|
| Self | | 18 |
| Hoof | | 19 |

5.2 Watter beroep beklee u en die HOOF VAN DIE HUISHOUDING waarvan U lid is?

| | USELF | HOOF |
|---|---|---|
| Professioneel, tegnies en verwante werkers (byvoorbeeld prokureur, medikus, apteker, argitek, gekwalifiseerde verpleegster, ensovoorts) | 01 | 01 |
| Besturend en administratiewe werkers, bv. registrateur, bestuurder van 'n organisasie, ens. | 02 | 02 |
| Klerklike en verwante werkers | 03 | 03 |
| Verkoopswerkers | 04 | 04 |
| Werkers in die Landbou, bosbou en visserye (bv. boere, jagters, ens.) | 05 | 05 |
| Mynbouwerkers (uitgesonder ambagslui) | 06 | 06 |
| Vervoer- en kommunikasiewerkers | 07 | 07 |
| Ambagslui en vakleerlinge | 08 | 08 |
| Gewapende magte en SAP (uitgesonder dienspligtiges) | 09 | 09 |
| Produksiewerkers, operateurs en ander halfgeskoolde werkers | 10 | 10 |

| | | |
|---|---|---|
| Dienswerkers, sport- en ontspanning (bv. haarkappers, sportafrigters, ens.) | 11 | 11 |
| Arbeiders | 12 | 12 |
| Ongespesifiseerd | 13 | 13 |
| Werkloos (dit is diegene wat nie werk nie maar werk soek) | 14 | 14 |
| Nie-ekonomies bedrywig (pensioenarisse, huisvroue, studente, dienspligtiges, medies ongeskiktes) | 15 | 15 |

As u twyfel, omskryf u beroep hier: ............

.................................................. ☐☐ 20-21

..................................................

As u twyfel, omskryf die hoof se beroep hier:

..................................................

.................................................. ☐☐ 22-23

..................................................

5.3 Wat is by benadering u eie <u>jaarlikse bruto inkomste</u> en dié van die <u>HOOF VAN DIE HUISHOUDING</u> waarvan u lid is?

| | USELF | HOOF |
|---|---|---|
| Minder as R5 000 | 1 | 1 |
| R5 000 - R9 999 | 2 | 2 |
| R10 000 - R14 999 | 3 | 3 |
| R15 000 - R19 999 | 4 | 4 |
| R20000 - R24 999 | 5 | 5 |
| R25 000 - R29 999 | 6 | 6 |
| R30 000 + | 7 | 7 |

| | | |
|---|---|---|
| USELF | | 24 |
| HOOF | | 25 |

6. Wat is u huistaal?

.............................................. ☐ 26-27

7. Wat is u huwelikstaat?

| | |
|---|---|
| Nooit getrou | 1 |
| Getroud | 2 |
| Ongetroud | 3 |
| Geskei/Verlaat | 4 |
| Weduwee/Wewenaar | 5 |

28

8.1 Het u voorheen aan 'n ander kerk of godsdienstige groep behoort as u huidige kerk?

| | |
|---|---|
| Ja | 1 |
| Nee | 2 |

29

8.2 INDIEN WEL

Aan watter kerk of godsdienstige groep?

.................................................................. 30-31

8.3 Hoe lank is u belydende lidmaat van u huidige kerk?

Jare 32-33

8.4 Is u van plan om een-of-ander tyd te bedank as lidmaat van hierdie kerk?

| | |
|---|---|
| Ja | 1 |
| Nee | 2 |

34

8.5 As u nou weer kon kies; sal u kies om lid van 'n ander kerk te wees as waaraan u nou behoort?

| | |
|---|---|
| Ja | 1 |
| Nee | 2 |

35

9. Van watter volksgroep of etniese groep is u lid?

........................................................ 36-37

10.1 Het u voorheen al in u kerk gedien as ...

| | Ja | Nee | |
|---|---|---|---|
| Ouderling | 1 | 2 | 38 |
| Diaken | 1 | 2 | 39 |
| Ander besondere amp (noem) .......................... | 1 | 2 | 40 |

10.2 Dien u tans in u kerk as ...

| | Ja | Nee | |
|---|---|---|---|
| Ouderling | 1 | 2 | 41 |
| Diaken | 1 | 2 | 42 |
| Ander (noem) ............. | 1 | 2 | 43 |

10.3 Hoeveel keer het u die afgelope week ...

| | Kere | |
|---|---|---|
| (a) Geluister na godsdienstige programme oor die radio? | | | 44-45
| (b) Gekyk na godsdienstige programme oor die televisie? | | | 46-47
| (c) Uit die Bybel gelees? | | | 48-49
| Totaal | | | 50-51

10.4 Hoeveel keer het u die afgelope maand ...

| | Kere | |
|---|---|---|
| (a) die eredienste van u gemeente bygewoon? | | | 52-53
| (b) eredienste van ander gemeentes van u kerk bygewoon? | | | 54-55
| (c) eredienste van 'n ander kerk as u s'n bygewoon? | | | 56-57
| Totaal | | | 58-59

10.5 Hoeveel keer het u die afgelope jaar uit die Nederlandse geloofsbelydenis gelees? 60-61

10.6 Hoe sou u uself takseer? 62

| | |
|---|---|
| As 'n baie gelowige lidmaat | 1 |
| As 'n gelowige lidmaat | 2 |
| Onseker | 3 |
| As nie 'n gelowige lidmaat nie | 4 |
| As 'n persoon wat gladnie glo in Christus nie. | 5 |

(B) GELUKKIGHEID

Merk die heel eerste reaksie wat by u opkom op die volgende drie vrae (11.1 tot 11.3) sonder om te dink.

11.1 Hoe gelukkig is u as lid van die gemeente waarvan u nou lid is? 63

| Baie gelukkig | Gelukkig | Twyfel | Ongelukkig | Baie ongelukkig |
|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |

11.2 Hoe gelukkig is u as lid van die kerk waarby u tans ingeskakel is? 64

| Baie gelukkig | Gelukkig | Twyfel | Ongelukkig | Baie ongelukkig |
|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |

11.3 Hoe gelukkig is u as lid van die gemeenskap waar u tans woon?

| Baie gelukkig | Gelukkig | Twyfel | Ongelukkig | Baie ongelukkig | |
|---|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 65 |

(C) BELYDENISSKRIFTE

12.1 Watter van die volgende kerklike geskrifte is na u mening BELYDENISSKRIFTE wat deur u kerk erken en aanvaar word?

| | Ja | Nee | Weet nie | |
|---|---|---|---|---|
| Die belydenis van Nicea | 1 | 2 | 3 | 66 |
| The Westminster Confession | 1 | 2 | 3 | 67 |
| Die Heidelbergse Kategismus | 1 | 2 | 3 | 68 |
| Die Twaalf Artikels | 1 | 2 | 3 | 69 |
| Die Nederlandse Geloofsbelydenis | 1 | 2 | 3 | 70 |
| Die Dordtse Leerreëls | 1 | 2 | 3 | 71 |
| Die belydenis van Athanasius | 1 | 2 | 3 | 72 |
| Die Apostoliese geloofsbelydenis | 1 | 2 | 3 | 73 |
| Die Kort begrip | 1 | 2 | 3 | 74 |
| Ander (noem) | 1 | 2 | 3 | 75 |

12.2 Het u al in u lewe die Nederlandse Geloofsbelydenis gelees?

| | | |
|---|---|---|
| Ja | 1 | 76 |
| Nee | 2 | |

12.3 Hoeveel keer het u dit al in u lewe gelees?

| | |
|---|---|
| | 77 |

12.4 Hoe sou u u eie kennis van die Nederlandse Geloofsbelydenis takseer?

| Uitstekend | Redelik | Onseker | Swak | Baie swak | |
|---|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 78 |

(D) HOUDING

ONS GAAN NOU 'N PAAR STELLINGS FORMULEER. LEES DIT ASSEBLIEF AANDAGTIG DEUR EN MERK DIE ANTWOORD DADELIK WAT DIE BESTE PAS BY U EIE HOUDING SONDER DAT U DAAROOR DINK, REDENEER OF OPLEES. AS U NIE DIE NED. GELOOFSBELYDENIS NOG OOIT GELEES HET NIE, HOEF U NIE BY AL DIE DIE STELLINGS 'N MERK TE MAAK NIE

13. Hoe belangrik ag u die Nederlandse Geloofsbelydenis vir u geloof in Christus?

| Baie belangrik | Belangrik | Onseker | Onbelangrik | Baie onbelangrik | |
|---|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 3 | 3 | 79 |

| VRAELYS NR. | | | 1-4 |
|---|---|---|---|
| KAART NO. | 0 | 2 | 5-6 |

14.1 Die Nederlandse Geloofsbelydenis is 'n baie belangrike dokument om te bestudeer as 'n mens die Bybel wil verstaan

| Stem beslis saam | Stem saam | Onseker | Verskil | Verskil beslis | |
|---|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 7 |

14.2 Die Nederlandse Geloofsbelydenis is vir my moeilik geformuleer.

| Stem beslis saam | Stem saam | Onseker | Verskil | Verskil beslis | |
|---|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 8 |

14.3 Alle voornemende belydende lidmate moet die Nederlandse Geloofsbelydenis ken alvorens hulle geloofsbelydenis mag aflê.

| Stem beslis saam | Stem saam | Onseker | Verskil | Verskil beslis | |
|---|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 9 |

14.4 Dit is hoog tyd dat my kerk sy eie belydenisskrifte opstel en wegdoen met die Nederlandse Geloofsbelydenis.

| Stem beslis saam | Stem saam | Onseker | Verskil | Verskil beslis | |
|---|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 10 |

14.5 Elke predikant van my kerk moet die belydenisskrifte aanvaar as hy 'n goeie predikant wil wees.

| Stem beslis saam | Stem saam | Onseker | Verskil | Verskil beslis | |
|---|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 11 |

14.6 Ek kan nie deur my kerk onder tug geplaas word as ek die Nederlandse Geloofsbelydenis sou verwerp nie.

| Stem beslis saam | Stem saam | Onseker | Verskil | Verskil beslis | |
|---|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 12 |

14.7 Almal wat die Nederlandse Geloofsbelydenis nie aanvaar nie, behoort onder tug geplaas te word.

| Stem beslis saam | Stem saam | Onseker | Verskil | Verskil beslis | |
|---|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 13 |

14.8 Die Nederlandse Gelöofsbelydenis dien, soos die ander belydenisskrifte, as handige riglyn (norm) om mense wat kettery verkondig uit my kerk te weer.

| Stem beslis saam | Stem saam | Onseker | Verskil | Verskil beslis | |
|---|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 14 |

14.9 My kerk kan goed klaarkom sonder die Nederlandse Geloofsbelydenis.

| Stem beslis saam | Stem saam | Onseker | Verskil | Verskil beslis | |
|---|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 15 |

14.10 Ek het die Nederlandse Geloofsbelydenis al deeglik deurgewerk.

| Stem beslis saam | Stem saam | Onseker | Verskil | Verskil beslis | |
|---|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 16 |

14.11 Ek vereenselwig my geheel en al met die inhoud van die Nederlandse Geloofsbelydenis.

| Stem beslis saam | Stem saam | Onseker | Verskil | Verskil beslis | |
|---|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 17 |

14.12 My kerk moet geen belydenisskrifte hê nie. Ons kan goed klaarkom daarsonder.

| Stem beslis saam | Stem saam | Onseker | Verskil | Verskil beslis | |
|---|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 18 |

14.13 Belydenisskrifte moet voortdurend aangepas word sodat dit altyd tot die lidmate spreek in hulle idioom.

| Stem beslis saam | Stem saam | Onseker | Verskil | Verskil beslis | |
|---|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 19 |

14.14 Die Nederlandse Geloofsbelydenis is 'n oud modiese dokument en het niks meer te sê vir my vandag in die twintigste eeu in Suid-Afrika nie.

| Stem beslis saam | Stem saam | Onseker | Verskil | Verskil beslis | |
|---|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 20 |

14.15 Die Nederlandse Geloofsbelydenis mag onder geen omstandighede verander word nie.

| Stem beslis saam | Stem saam | Onseker | Verskil | Verskil beslis | |
|---|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 21 |

14.16 Dit is nodig om slegs enkele artikels van die Nederlandse Beloofsbelydenis te verander. Die res moet net so behoue bly.

| Stem beslis saam | Stem saam | Onseker | Verskil | Verskil beslis | |
|---|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 22 |

14.17 Dit is nodig om die Nederlandse Geloofsbelydenis weer te vertaal in die taal van vandag.

| Stem beslis saam | Stem saam | Onseker | Verskil | Verskil beslis | |
|---|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 23 |

14.18 Die meeste artikels van die Nederlandse Geloofsbelydenis is aanvaarbaar maar daar moet heelwat artikels bygevoeg word om aan lidmate leiding te gee in die lig van die talle dwaalleerstellings wat daar vandag bestaan.

| Stem beslis saam | Stem saam | Onseker | Verskil | Verskil beslis | |
|---|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 24 |

14.19 Die Nederlandse Geloofsbelydenis moet in sy geheel vervang word met 'n ander belydenisskrif wat deur teoloë van slegs my kerk opgestel word.

| Stem beslis saam | Stem saam | Onseker | Verskil | Verskil beslis | |
|---|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 25 |

14.20 Elke kerk van Gereformeerde belydenis moet liefs sy eie belydenisskrifte hê.

| Stem beslis saam | Stem saam | Onseker | Verskil | Verskil beslis | |
|---|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 26 |

14.21 Teoloë uit al die kerke van Gereformeerde belydenis moet saam werk om 'n belydenisskrif op te stel in die plek van die Nederlandse Geloofsbelydenis.

| Stem beslis saam | Stem saam | Onseker | Verskil | Verskil beslis | |
|---|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 27 |

14.22 Al die bestaande belydenisskrifte moet vervang word met een enkele belydenisskrif wat deur teoloë van al die kerke van Gereformeerde gelydenis opgestel is.

| Stem beslis saam | Stem saam | Onseker | Verskil | Verskil beslis | |
|---|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 28 |

14.23 Daar moet slegs een enkele belydenisskrif vir alle Christelike kerke bestaan.

| Stem beslis saam | Stem saam | Onseker | Verskil | Verskil beslis | |
|---|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 29 |

## (E) GESAG

14.24 Vir my kan elke stelling in die Nederlandse Geloofsbelydenis uit die Skrif bewys word.

| Stem beslis saam | Stem saam | Onseker | Verskil | Verskil beslis | |
|---|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 30 |

14.25 Vir my het die Nederlandse Geloofsbelydenis méér gesag as die Skrif.

| Stem beslis saam | Stem saam | Onseker | Verskil | Verskil beslis | |
|---|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 31 |

14.26 Vir my het die Nederlandse Geloofsbelydenis minder gesag as die Skrif.

| Stem beslis saam | Stem saam | Onseker | Verskil | Verskil beslis | |
|---|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 32 |

14.27 Vir my het die Nederlandse Geloofsbelydenis dieselfde gesag as die Skrif.

| Stem beslis saam | Stem saam | Onseker | Verskil | Verskil beslis | |
|---|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 33 |

14.28 Ek stem slegs saam met die Nederlandse Geloofsbelydenis in soverre as wat dit ooreenstem met dit wat in die Skrif staan.

| Stem beslis saam | Stem saam | Onseker | Verskil | Verskil beslis | |
|---|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 34 |

14.29 Ek stem saam met die Nederlandse Geloofsbelydenis <u>omdat</u> dit volkome in ooreenstemming is met die Skrif.

| Stem beslis saam | Stem saam | Onseker | Verskil | Verskil beslis | |
|---|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 35 |

(F) KENNIS EN GEBRUIK

14.30 Volgens my openbaar God Homself in die Natuur.

| Stem beslis saam | Stem saam | Onseker | Verskil | Verskil beslis | |
|---|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 36 |

14.31 Volgens my openbaar God Homself in die Skrif.

| Stem beslis saam | Stem saam | Onseker | Verskil | Verskil beslis | |
|---|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 37 |

14.32 Volgens my openbaar God Homself in die Nederlandse Geloofsbelydenis.

| Stem beslis saam | Stem saam | Onseker | Verskil | Verskil beslis | |
|---|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 38 |

14.33 Volgens my is die Nederlandse Geloofsbelydenis onontbeerlik as mens die Skrif reg wil verstaan.

| Stem beslis saam | Stem saam | Onseker | Verskil | Verskil beslis | |
|---|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 39 |

14.34 Ek kan die Skrif gladnie verstaan sonder die Nederlandse Geloofsbelydenis nie.

| Stem beslis saam | Stem saam | Onseker | Verskil | Verskil beslis | |
|---|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 40 |

14.35 Ek verstaan terugslae wat my tref in die lewe beter aan die hand van die Nederlandse Geloofsbelydenis.

| Stem beslis saam | Stem saam | Onseker | Verskil | Verskil beslis | |
|---|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 41 |

14.36 Die Nederlandse Geloofsbelydenis het vir my gladnie enige nut in my daaglikse doen en late nie.

| Stem beslis saam | Stem saam | Onseker | Verskil | Verskil beslis | |
|---|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | 42 |

14.37 Hoewel ek baie waardering het vir die Nederlandse Geloofsbelydenis, dink ek die einde daarvan het aangebreek.

| Stem beslis saam | Stem saam | Onseker | Verskil | Verskil beslis |
|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |

43

14.38 As daar aan die Nederlandse Geloofsbelydenis gepeuter word, bedank ek uit die kerk.

| Stem beslis saam | Stem saam | Onseker | Verskil | Verskil beslis |
|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |

44

14.39 Predikante moet meer uit die belydenisskrifte preek.

| Stem beslis saam | Stem saam | Onseker | Verskil | Verskil beslis |
|---|---|---|---|---|
| 1 | 2 | 3 | 4 | 5 |

45

<u>Twee belangrike laaste vrae</u>.

15. Hoe voel u oor hierdie vraelys?

| Baie gelukkig | Gelukkig | Onseker | Ongelukkig | Baie ongelukkig |
|---|---|---|---|---|
| | | | | |

46

16. Wat is u gemeente se naam? ............. 47-50

.......................................................

Dit spyt ons as u ongelukkig of baie ongelukkig voel. Wil u nie asseblief aan ons wenke gee waaroor u ongelukkig is nie.

..................................................................

..................................................................

..................................................................

..................................................................

..................................................................

..................................................................